HOOKLINE



Mikro

B. I. S. Beukman,
Brill-Huis,
Grey-Kollegeskool.

R60

HUURLINGE

DEUR

MIKRO

Drukkers en Uitgewers:
NASIONALE PERS BPK.
Bloemfontein, Kaapstad en Port Elizabeth
1940

NASIONALE PERS BPK.
Bus 267
Bloemfontein

Die persone in hierdie boek is almal denkbeeldig en geen werklike persoon word bedoel nie. Die omstandighede is eweneens denkbeeldig, sonder enige betrekking op bepaalde gebeurtenisse.

I

'N STERK, frisgeboude jongman van ongeveer twee-en-twintig jaar staan met sy rug na sy medepassasiers en pak sy reissakke op die rak reg. Toe hulle oor 'n brug gaan, sak hy effens en loer by die venster uit om sy geboortedorp nog vir laas te sien. Nie tevrede met die regpak van die reissakke nie, haal hy party weer af en begin van voor af, maar doen dit dié slag metodies, doelbewus. Sy medereisigers duld hom. Die kompartement is vol en dis warm. Waarskynlik het hy al baie gereis, want hy steur hom nie veel aan die ander nie. Hy lyk baie tuis en op sy gemak.

Hy draai hom om en gaan met sy rug na die lokomotief sit.

„Is die trein dan werklik so vol of is dit net by ons?" vra hy.

Hulle is vyf in die kompartement. 'n Engelsman sit reg teenoor hom. Hy raai maar dis 'n Engelsman, want hy praat nie 'n dooie woord nie, skyn onbewus van die ander reisigers te wees en rook een sigaret na die ander.

By die oorkantse venster sit 'n boer met sy pyp. Dis nie swaar om dit te raai nie. Hy het self al 'n gesprek met die Engelsman probeer

aanknoop, maar dit het op 'n mislukking uitgeloop. Dis ook hy wat antwoord gee.

Langs Stefaan Collin, want dis die jong man se naam, sit twee seuns wat aan almal wat mag belangstel verkondig dat hulle by die Diensbataljon aangesluit het en nou op pad na die kamp is. Hulle is waarskynlik maats, miskien van dieselfde plaas, gesels oor ou bekendes en skoolmaters.

„Neef, en waarheen is jou reis?" vra die boer.

Die twee seuns hou op met gesels en kyk na Stefaan. Die Engelsman slaan die as van die sigaret af en maak of hy nie gehoor het nie.

„Meneer, ek gaan na Meronne."

„Meronne! Dis baie uit die koers uit. En wat gaan jy daar maak?"

„Skoolhou, meneer."

„O, jy is 'n onderwyser! En wat voer jy die van?"

„Collin."

„Ek het vanmelewe Collins in hierdie distrik geken. . . ." gaan die boer voort.

Stefaan gee nie veel aandag aan die gesprek nie. Hy gaan vol vertroue na Meronne. Hy is seker daarvan dat hy sy vak ken. B.A. cum laude en H.S.O.D. insgelyks, met die Sielkunde van die Onderwys as sy uitgelese vak. Wat hy op universiteit geleer het, gaan hy nou net op Meronne beoefen. By hom is daar nie 'n sweem van 'n gedagte dat hy moontlik 'n mislukking kan wees nie. Hy verstaan 'n kind, ken sy vak; die Sielkunde van die Onderwys is sy spesiale

rigting. Die professore verwag baie van hom. Hy is hulle nommer een-student, die produk van hul teorie, 'n teorie wat net mooi inpas by sy opvatting. Op sy vingers kan hy die geheime van die onderwys aftel, vol vertroue het hy voor die oefenklas gestaan en net so vol vertroue reis hy af na Meronne.

Hy staan weer op, maak 'n klein reissak oop en haal Terman se „The Intelligence of School Children" uit, skuif hom reg en gaan nou lekker lees.

Hy lees: „. . . . that the parents of our superior children were themselves superiors is further indicated by the extent of their education. . . . "

Sy gedagtes dwaal. Meronne en sy mense. . . . Die onderwysers. . . . 'n Mens moet reg begin. . . . Onderwys is nie moeilik nie as jy net reg begin. Waarom neem sy selfvertroue net so vinnig af as wat die eerste dag van die kwartaal nader? B.A. cum laude. . . . . H.S.O.D. . . . die Sielkunde van die Onderwys met onderskeiding.

„Neef, het jy al van tevore onderwys gegee, as ek mag vra?"

„Nee, meneer."

„Ek het 'n seun wat op Kantroos skoolhou. Frikkie Celliers. Miskien ken jy hom."

„Nee, meneer."

Stefaan lees weer, maar nou asof hy nie heeltemal seker is of die cum laude hom op Meronne gaan help nie.

„Exceptional brightness in children is often regarded as merely a matter of precocious development. . . .”

Langs hom sit twee seuns wat ook deur die hande van onderwysers gegaan het. Op hierdie oomblik is hy bewus daarvan. Oorkant hom sit iemand wie se seun ook onderwys gee. Die Engelsman kan moontlik self ene wees.

Weer trag hy om al die wenke wat prof. Dirk Redelinghuys aan hulle gegee het, in logiese volgorde te stel.

Hy kan van die gedagte nie ontslae raak dat sy reisgenote hom as iets aparts beskou vanaf die oomblik toe hy gesê het dat hy 'n onderwyser is nie. Die Engelsman het hy op 'n begrypende, siniese glimlag betrap, die oubaas oorkant hom voel ongemaklik nou, en die twee seuns, op reis na die oefenkamp, gesels nie meer vry-uit nie. Skielik kry hy groot teësin aan die boek „The Intelligence of School Children” en vind die kompartement te vol.

„My seun vertel vir my dat hulle daar op Kantroos. . . .”

Stefaan staan op, verlaat die kompartement sonder meer en gaan reguit na die eetsalon. Daar neem hy plek agter twee mans by 'n klein tafeltjie en kan nie help om 'n deel van hul gesprek te hoor nie. Hulle is waarskynlik ou bekendes, noem mekaar op die voornaam. Stefaan kyk verbaas op toe hy die naam Meronne hoor. Hulle gesels jou waarlikwaar van mnr. Castell, die hoofonderwyser.

Hy staan op, onderbreek hul gesprek en stel homself bekend.

„Collin!" roep die kêrel met die bleek gesig en donker hare uit. „Laat ek julle bekend stel. Dis Dirk Uys, nog 'n fool van 'n onderwyser, en dis die jongste rekruut op ons staf, meneer Collin. Jammer, maar ek het die voornaam nie reg gehoor nie?"

„Stefaan."

„Kom, kêrels, laat ons iets drink. Hier is die drie grootste sotte bymekaar wat 'n mens ooit weer sal kry. Drie blinking onderwysers! Steward!"

Stefaan gaan verslae sit. Wat hy eintlik verwag het, weet hy nie, maar werklik nie dat die kêrel so prontuit met hom sou gesels nie. In sy eenvoud het hy gedink dat as hy homself sou bekend stel, dit darem as mnr. Collin sou wees.

„Nou weet jy nog nie my naam nie. Jy sal nog baie van my hoor. Niks goeds nie, hoor! In elk geval, my naam is Tewes Opperman. Matthéus eintlik. Wat my oukêrel se bedoeling daarmee was, weet ek nie. Maar so het hy my laat doop. . . . Tewes Opperman. Ons dominee sal jou eerste teen my waarsku. . . . Steward! Waar bly die vent dan! Bring vir ons 'n John Haig en soda. Dirk, wat sal jy drink? Nog 'n John Haig, witbaadjie. En joue, Stefaan?"

Stefaan is nog van stryk. Eers kon hy nie verstaan hoe 'n opgevoede man Afrikaans so

kan verbrou nie. Ook is dit vir hom vreemd dat Tewes Opperman so te kere gaan in 'n byna vol eetsalon. Stefaan ken nie die name van die verskillende drankies nie, maar het buitendien daar op die plaas besluit om nie sy mond aan drank te sit nie. Hy het sy moeder ook so beloof.

Daardie belofte wil hy nie breek nie.

„Hy kan vir my lemos en gortwater bring."

„Wat!" skreeu Tewes. „Lemos en watter soort water?"

Stefaan het lus om op te staan. Dis heeltemal duidelik dat Tewes en sy maat, Dirk Uys, al heelwat gedrink het. Die mense naaste aan hulle begin ook al omkyk. Hy gaan na 'n vreemde plek en tien teen een is hier mense van dieselfde dorp ook op die trein.

„Gortwater," herhaal hy kortaf.

„Witbaadjie," sê hy aan die kelner, „jy het self gehoor wat hy vra."

Die kelner knik vir Stefaan. Hy kan hom goed begryp. Die twee, maar veral Uys, is al net plesierig. 'n Mens, dit kon die onkundige Stefaan self sien, sal hulle nie dronk noem nie, net plesierig. 'n Koddige vent, die Dirk Uys, besluit hy. Die man praat niks nie, die drankies maak sy tong nie eens los nie. Nu en dan los hy darem 'n ja.

„Dirkie," sê Tewes vertroulik, „hou op Rondefontein, die dorpie net anderkant Meronne, skool. Ek wil die kêrel baie graag op ons staf hê. Dirkie en ek het saam opgegroei. Dirkie,

ou kêrel, smaak die drankie darem goed? Môre is jy mos op Rondefontein en dan is dit good-bye wat hierdie goedjies betref. Speel jy brug?" vra hy skielik vir Stefaan.

„Nie so dat ek dit saam met goeie spelers sal waag nie."

„Ons sal jou moet leer. As jy op Meronne nie brug speel nie, kan hulle jou net so lief gaan begrawe. Hoe kry jy jou tyd dan om?"

„Ek werk maar," sê Stefaan soos 'n skuldige.

„Dirkie, 'n mens kan sien hy begin nou eers skoolhou. Ou kêrel, Tewes sal jou moet leer. Was jy van tevore al op Meronne?"

„Nee, nog nooit nie. Hoe is die plek? Is dit 'n groot dorp en is daar baie kinders in die skool? Ek sien in die Gaset dis 'n Hoër C-skool."

„Dirkie, sal ons hom vertel hoe Meronne is?"

Dirk Uys — die man het 'n lelike gesig, vol puisies soos dié van 'n skoolseun — glimlag net en bring die kelkie na sy mond.

„Dirkie het besluit. Ons sal jou maar liewers in onkunde laat. Dirkie, van nôiens gepraat. . . ."

Stefaan Collin voel skielik eensaam. Almal sal darem seker nie soos Tewes Opperman wees nie. Hy druk op sy binnesak, waar die brief van mnr. Castell ingesteek is en probeer nie verder luister nie. Dis vir hom of die gesig van Dirk Uys daar ver uit sy kinderjare soos 'n nare droom opgeroep word.

Dan fluister hy: „Dit sal goed gaan. Dit sál goed gaan."

II

Vieruur daardie Saterdagnamiddag sukkel die trein in die verlate stasie in. Stefaan merk twee motors agter die bome op, hier op die perron die voorman en 'n groepie van vier persone 'n endjie verderaan. Die naam Meronne lyk vir hom vreemd op die bord. Dit lyk so anders in groot, swart letters. Waar is die dorp dan? Daar in die verte merk hy 'n klompie sinkdakke, maar hy het hom tog 'n groter dorp voorgestel. Daar is heuwels in die verte, blou, dynsige berge nog verderaan.

Die grond voel warm onder sy voete. Hy hoor Tewes vloek omdat dit so ondraaglik warm is, en dan hoor hy iemand nader kom.

„U is seker meneer Collin, nè?"

Voordat Stefaan omdraai, weet hy dat hy van die persoon gaan hou, weet hy ook instinkmatig dat dit dieselfde persoon is wat die vriendelike brief aan hom geskryf het.

„En u is seker meneer Castell, die skoolhoof?"

„Ja. Baie, baie welkom. U moet nou nie te veel verwag nie, maar wat ons in ons vermoë vir u kan doen, sal ons met graagte doen. My vrou en ek hou van jongmense. U sal altyd daar welkom wees."

„Dankie, mnr. Castell. Baie dankie ook vir u brief en die losies wat u vir my gekry het."

„Is dit u bagasie? Wag, u hoef dit nie te dra nie. Ek het my jong saamgebring. Filand," roep hy, „kom haal die baas se goed kar-toe!"

So, dan is dit sy hoofonderwyser, die man met die mooi netjiese handskrif. Seker al vyf-en-vyftig jaar. Hy het hom mnr. Castell as 'n gesette man voorgestel en kry hier 'n klein, skraal, regop persoon met yl, sagte hare wat tot laag in sy nek hang.

„Ek sien mnr. Opperman was ook op die trein. Kom, dan stel ek jou bekend by hom. Hy is een van ons onderwysers."

„Ek het hom op die trein al ontmoet, mnr. Castell," sê Stefaan half onthuts, want hy wil mnr. Castell van Tewes Opperman af weghou. Die man ruik so geweldig na drank.

„Gaan dan maar kar-toe, mnr. Collin. Ek wil mnr. Opperman net eers groet. Sy vader is in die vakansie oorlede en ek het nog nie 'n kans gehad om met hom te simpatiseer nie."

Stefaan begin die ou jong uitvra. Hy is maar baie bly en vertel dat 'n mens die dorp, nie die hele dorp nie, van die stasie af kan sien. Dit lê so effens in 'n kom. Die basie is seker die nuwe meneer van wie hy gehoor het? Ja, hy werk by baas Castell. Dit sê hy met trots. Baas Castell sal goed wees vir die nuwe baas. Die nuwe baas is somaar nog baie jonk om nou al 'n skoolbaas te wees!

Mnr. Castell kom terug met Tewes Opperman by hom.

„Mnr. Opperman het nie laat weet wanneer

hy kom nie," sê hy vir Stefaan en stel hulle bekend, maar laat met 'n glimlag volg: „O ja, dis waar, julle het mekaar mos al op die trein ontmoet. Klim maar in, mnr. Opperman. Jou bagasie kan hulle maar later kom haal. Ons gaan eers 'n koppie koffie drink. Mev. Castell verwag ons."

„Was jou vader lank siek?" vra hy toe hulle wegtrek.

Stefaan merk nou dat dit 'n ander Tewes is wat agter langs Filand sit. Hy leun glad nie vorentoe nie, waarskynlik bang dat mnr. Castell agterdogtig sal word. Stefaan moes glimlag toe hy merk dat Tewes in die een hoekie sit, glad weg van Filand af.

Toe hulle op die bultjie, nog naby die stasie, uitry, sê Karl Castell: „Mnr. Collin, dis nou Meronne. Ek hoop jy sal baie gelukkige dae hier hê."

Filand sê: „Baas Cassell, ons het die kissie eiers van die nôi op die stasie vergeet."

III

Mnr. Castell hou voor 'n sinkdak-woonhuis, met reguit stoep en groen yster-verandapale, stil. In een hoek, op 'n stellasie opgestel, is 'n verskeidenheid van blomplante in groen geverfde blikke. Van die sink-veranda hang op 'n paar plekke varings in draadmandjies. Dit het Stefaan eers later opgemerk, want terwyl hy afklim, hou hy sy oë op die dame op die stoep. Dis waarskynlik mev. Castell.

Louise Castell is tingerig, bleek en het twee groot, lewendige oë. Sy glimlag altyd en het die gawe om nooit ontuis in vreemdelinge se geselskap te voel nie.

Stefaan moes weer 'n keer na haar kyk. Daar is iets in die oë wat hy nie kan begryp nie. Nou lag sy vriendelik, plooie trek om die oë saam en tog laat die oë hom aan iemand dink wat al baie gely het. Maar sy is rustig. Stadig klim sy van die stoep af en kom na Tewes met uitgestrekte hand. Hoe buitengewoon skraal is sy nie! Rustelose hande, smal en sag. Rustige oë wat jou vriendelik aankyk.

Mnr. Castell vergeet soos gewoonlik om die vreemde mense bekend te stel. Mev. Castell groet eers vir Tewes en sê vriendelik dat sy die hele vakansie net aan hom gedink het, want hulle moet hul vader seker baie mis.

„En dit is natuurlik ons nuwe onderwyser, mnr. Collin? Karl, jy stel ons nie eens bekend nie! Mnr. Collin, jy sal uitvind dat my man baie ingedagte is. Ek is bly dat ek een van die eerste is wat jou kan verwelkom."

Sy sê die gewone woorde van welkom, maar uit haar mond klink dit vir Stefaan baie hartlik. Hy wou ook nog iets terug antwoord, hulle bedank, maar sy gesels al weer met Tewes. Sy nooi hulle binne. Filand onderbreek hul gesprek.

„Nooi, baas Cassell het die eiers weer op die stasie vergeet," sê hy en lag dat jy 'n ry wit tande kan sien.

„Ag, Karl, ons het ook nie melk in die huis nie. Gaan eers gou oor na mev. Oelof en kry vir ons 'n bietjie. Die kinders is nie hier om te stuur nie. Die eiers kan ons later gaan haal. Dominee is ook hier," besluit sy asof dit die hele saak van die melk en die eiers verander.

Stefaan merk dat Tewes glimlag. Hy verstaan nou nie, maar Louise Castell se volgende woorde laat hom begryp.

„Kom ons gaan binne. Welkom in ons huis, mnr. Collin. Jy sal ons gou leer ken. Almal is hier welkom op voorwaarde dat hulle alles vat soos hulle dit kry. Ons vriende raak later gewoond daaraan. Mnr. Opperman sal jou kan sê dat elkeen vir homself moet sorg. As 'n mens eers die dag kinders in die huis het. . . ."

Toe hulle die voorkamer ingaan, begryp Stefaan alles. Die klavier staan oop en op die

vloer lê 'n klompie musiekboeke. Iemand het hulle waarskynlik deurgesnuffel. In een hoek lê 'n stoelkussing op die vloer en rondom dié lê weer leesboeke, 'n paar Afrikaanse romans en 'n aantal Engelse kinderboeke. Mev. Castell maak weer verskoning en begin die boeke optel. Dis Tewes Opperman wat dadelik nader gaan en sê dat hy dit sal doen.

En in die half donker, deurmekaar voorkamer sit ds. Haldemar Visser, die leraar van die gemeente Meronne. Hy is groot en buikig, blas van gelaat, met 'n ruigte van donker hare wat al vinnig grys word, veral bokant die ore.

Hy ken die familie Castell waarskynlik goed, want sonder om aanstoot te neem dat hulle hom nie voorstel nie, staan hy op uit die leunstoel, kom nader met uitgestrekte hand en sê:

„U is seker mnr. Collin, ons nuwe onderwyser?"

„Ekskuus tog, Dominee!" sê mev. Castell en stel hulle bekend. „Ds. Visser is die voorsitter van die skoolkomitee. Hou maar vriende met hom."

„Welkom, welkom, welkom!" sê die dominee.

Stefaan sou in die jare wat volg uitvind dat ds. Haldemar Visser nie alleen swaar van lyf nie, maar ook swaar van begrip is, dat hy nooit kwaad bedoel nie, maar gedurig op een of ander wyse in die pad is.

„Ek hoop dat ons baie lekker sal saamwerk, en dat jy ons met die Sondagskool sal help."

Tewes maak 'n eienaardige geluid, dit klink soos 'n kruising tussen 'n snork en 'n nies, maar Stefaan merk geen onraad nie en sê dadelik: „Ek sal maar te bly wees om daarmee te help, Dominee."

„Ek dink mnr. Collin sal genoeg te doen hê, Dominee," sê Louise Castell. „Ek kry ons onderwysers baie jammer. Dominee weet, dis teen die begeerte van my man dat die onderwysers nog met die Sondagskool ook moet help."

„Maar ek sal bly wees om te help," hou Stefaan vol.

Ds. Visser slaan hom skoon dronk met sy antwoord.

„Dis waar wat mev. Castell sê. Julle moet ook 'n rusdag hê. Kom partykeer oor na die pastorie. Ons is maar eenvoudige mense, mnr. Collin, maar jy is altyd welkom. Daar is jongmense in die huis ook," besluit hy soos een wat 'n been voor 'n hond se neus swaai.

„Dankie, Dominee. Ek moet sê, dit kom my voor asof die mense hier baie gasvry is."

„Ons is, ons is," sê ds. Visser. „Ek is jammer dat Piet een van die dae al weer na die Universiteit moet teruggaan. Hy is op die Kaapse Universiteit. Om die waarheid te sê, hy is nou nie eens tuis nie, — doen navorsingswerk in Transvaal. Julle sou groot maats geword het. Net jou ouderdom ook."

„Ag, mnr. Opperman, sal jy nie asseblief gaan kyk waar my ou man dan bly nie? Hy het seker aan gesels geraak en skoon vergeet

dat ek vir die melk wag. Sal jy asseblief?" vra mev. Castell en staan op om agter-toe te gaan, waar 'n deur aanhoudend klap.

Tewes Opperman verlaat die kamer saam met haar en byna onmiddellik daarna hoor Stefaan die hekkie klap. Hy wens mev. Castell moet gou terugkom, want hy is alleen met die dominee. Die respek wat sy moeder hom vir alle dominees ingeboesem het, ontneem hom alle vrymoedigheid.

Ds. Visser vergemaklik die hele saak deur te sê:

„Dinge lyk maar sleg in Europa, nie waar nie, mnr. Collin?"

So draal die gesprek ruim vyf minute en nie een van die ander daag op nie. Stefaan probeer aanvoor na die skool toe, maar dit lyk amper of die dominee nie lus het om daaroor te gesels nie.

Uiteindelik hoor Stefaan mnr. Castell en Tewes voor die deur. Mnr. Castell kom met die melk en al binne en word weer deur mev. Castell, wat toe sy hulle hoor, binne-toe kom, aangemaan.

„Louise, die Berend Oelof is 'n man wat jou nie los nie. As mnr. Opperman my nie kom verlos het nie, was ek seker nou nog daar. Hulle bly aan uitvra omtrent die nuwe meester," sê hy laggend vir Stefaan.

Mev. Castell het intussen die bottel melk geneem en op die kant van 'n stoel gaan sit. Ds. Visser gaap 'n paar keer, haal later sy

horlosie uit, maar Karl Castell vertel van die „lelike ongeluk" net voor Oelof se huis en Louise Castell luister.

Stefaan wonder nou al die soveelste keer wanneer hulle vandag by die losieshuis gaan kom. Hy sou nog lank moes wag. Dit was sy eerste ondervinding van die gasvryheid van die familie Castell.

IV

Presies om twintig minute voor sewe het mnr. Castell hulle voor die losieshuis van mev. De Wet afgelaai. Tewes Opperman is ook daar tuis, en al die onderwyseresse, het hy van mnr. Castell verneem. Dit is 'n eienaardige, hoë staandak-gebou met twee stoepkamers voor aan die sye. Op die stoep, onder een van die vensters, staan 'n stoepbank en hierop sit 'n vermaaklike swart brak ewe filosofies. Stefaan sou later verneem dat dit niemand anders as die veelbesproke Tjix is nie.

Mnr. Castell het 'n paar woorde met hom gesels en sy ore getrek. Tewes het sy jas en reissak op die stoep neergesit en Tjix beveel om hand te gee. Dit het hy met 'n komieklik-ernstige gesig gedoen. Weer 'n paar woorde gesels, meer trek aan die ore . . . tot mev. De Wet op die stoep verskyn.

Mev. De Wet lyk nie ouer as veertig nie. Daar is nog 'n blos op haar wange, die natuurlike een; sy het 'n lewendige voorkoms, lank en amper militêr in haar houding. 'n Mens kan 'n bietjie te veel van die vals tande sien, maar dit vergeet jy sodra sy praat. Die stem is grof en dit neem die hartlikheid daaruit weg.

Stefaan kon nie help om aan die uithangbord hier voor die deur te dink nie. Die naam

„Good Hope Boarding House" pas nie bra by die gasvrou nie.

„Ek hoop jy sal tevrede wees met jou kamer, mnr. Collin. Julle is met jul sewe onderwysers hier en sover het die ander nog nie klagte gehad nie. Bring maar jou goed."

Die kamer waarin Filand die bagasie besorg het, is baie netjies. Die twee handdoeke by die wastafel is spierwit. Stefaan kry die ruik van die politoer op die vloer. Daar is 'n wit deken oor die yster-enkelbedjie en 'n kraffie water op sy tafel, 'n asbakkie voor sy bed en een op die tafel.

Stefaan voel dat die huislikheid ontbreek. Skielik kry hy gedagte dat dit lekker sou wees om in die deurmekaar huis van mnr. Castell te woon.

„Die ander sal seker almal vanaand hier wees, mnr. Collin. Maak jou maar tuis," en met dié woorde verdwyn mev. De Wet in die gang.

Hy hoor Tewes langsaan woel. Mnr. Castell staan nog onseker rond en sê weer dat hy moet kom kuier. Toe is hy alleen, vir die eerste keer alleen.

V

Stefaan het daardie aand al die kosgangers behalwe een ontmoet. Mev. De Wet het hom gesê dat hulle in die somer presies om half-ag eet en om half-sewe in die winter. Sy maak dit maar laat in die somermaande, want dan speel die kosgangers gewoonlik tennis, en sy kom hulle liewer tegemoet, daar sy nie graag wil hê hulle moet laat kom nie. Stefaan is reg as hy dit as 'n waarskuwing beskou. Mev. De Wet is nooit laat nie en dit verwag sy van haar kosgangers ook.

Die eerste een wat hy ontmoet, is Willem Viljoen, of Junie soos almal hom noem. 'n Lang gespierde man met 'n gesig soos 'n gebakte kweper, dié Junie Viljoen. Stefaan raai dat hy in 'n garage werk, maar hierin is hy verkeerd, want Junie is smid van beroep. Hoe hy 'n bestaan maak, weet nugter, maar weeksdae bly hy in sy smidswinkel besig en Saterdagmiddag na die ete stap hy na die kroeg en dan hoor jy hom eers na tienuur tuiskom. Soms is dit later, sonder om hom te beskuldig. By tye het hy dronk tuisgekom. Sy gesig is dan net rooier, soos 'n kweper wat in die oond vergeet is. Tewes verseker Stefaan dat hy hul beste vriend is, want hy is die enigste een wat nie bang is vir mev. De Wet nie. Tewes waarsku

hom vooraf dat hy ander Saterdagaande vir Junie nie sal sien nie, maar wanneer 'n nuwe kosganger sy intrek neem, is hy daar om hom te verwelkom.

Junie ken net een manier om jou te verwelkom. Jy moet 'n bottel bier in sy kamer, agter in die agterplaas, kom drink. Dit is Stefaan se voorreg ook.

Tewes het hom nog 'n waarskuwing gegee. Die man word vreeslik kwaad as jy hom as mnr. Viljoen aanspreek. Dit moet Junie wees, afkomstig van Viljoen.

„Ek is Junie Viljoen," is sy eerste woorde. „Tewes, sit daar. Collin, wat is jou voornaam? Stefaan! Stefaan. . . . Stefaan. . . ." sê hy die naam oor en oor asof hy dit wil proe. „Ek hou nie van die naam nie. Collin is beter."

En Collin het Stefaan gebly. As Junie vir jou 'n naam gee, dan kleef dit jou aan soos 'n arm familielid.

„Jy sal dit hier nie te sleg hê nie, want die ou vrou kan lekker kos maak as sy wil. Dis net die vroumense hier wat ons lewe so vergal, die slegte. . . ."

Junie Viljoen hou nie van die vroumense nie. Die paradys is vir hom die plek waar mans vergader en Tewes kan hom nie herinner dat hy al 'n vriendelike woord vir die damekosgangers gehad het nie.

„Ja, Collin, dis nie te sleg hier nie. As jy die klomp vrouens vir ons hier uitskop, sal dit nou 'n lekker plekkie wees."

„Tewes," sê hy skielik, „vertel hom van Mary May Olive. As ek moet vertel, gaan ek vloek!"

Tewes lag. Junie Viljoen is al 'n instelling in die losieshuis. Hy kan sê en maak wat hy wil en niemand neem aanstoot nie. Vanmiddag op die trein wou Collin nie saam met hom drink nie en hier sit hy in Junie se kamer met 'n glas bier voor hom. Dis maar Junie se manier met jou.

„Mary May Olive is mev. De Wet se dogtertjie. . . ."

„Wat se dogtertjie! Sê dis haar telg. Ek word somaar. . . . Nee, ek sal niks sê nie. Junie gaan niks sê nie. Waarom drink jy nie jou bier nie, Collin? Smaak die goed nie lekker nie? Ek kan 'n ander bottel vir jou oopmaak. . . ."

Tewes weet nou dat Junie Viljoen van Stefaan Collin hou, en Junie maak nooit 'n fout nie. Hy moet sê dat hy ook van Stefaan hou.

Aan tafel ontmoet hy die dames. Toe hulle inkom, staan die onderwyseresse op en peil reg op Tewes af. Junie hier agter hom brom iets en stap reguit na sy tafel sonder om een van hulle te groet.

Die onderwyseresse gee verbaasde uitroepe omdat hy daar so goed in die warmte uitsien en wil weet wat hy in die vakansie gedoen het. Party maak naïewe uitroepe wat belaglik by hul ouderdom klink. Tewes is bly om hulle bekend te stel. Toe hy dit aankondig, is daar 'n skooldogterlike stilte en een van hulle, 'n

skraal meisie met swart krulle, giggel soos 'n dogter van vyftien jaar.

„Laat ek julle bekend stel: dis die nuwe byvoeging tot die leër van swape, mnr. Collin. Hoe sal ek nou met julle begin? Sal ons by die jongste een begin?"

Hulle giggel weer, die oudstes die hardste. Mev. De Wet het intussen ingekom, gevolg deur haar telg, Mary May Olive. Sy lag saam en Stefaan is weer bewus van die kunstande. Mary peil reguit na Junie se tafel en kry 'n oorveeg vir haar snipperigheid.

„Ek sal maar by jou begin, Babs. Stefaan, dis mej. Babs le Roux. . . ."

„Mnr. Collin, ek is glad nie familie van die Le Rouxs hier nie. Jy sal hulle wel later ontmoet. Dis goed om sulke dinge in gedagte te hou."

„Babs, jou beurt is verby. Die een hier wat lyk of sy met 'n lat in die hand staan, is mej. Sophy Lessing, ook onderwyseres, en nog vol hoop. . . ."

Dit laat 'n gestoei ontstaan waarin Sophy glad nie die nederlaag ly nie. Toe dit oor is, is sy baie besorg oor haar bloese, wat na haar mening nou vol kreukels moet wees.

„Dit sal nie die eerste kreukels wees wat ek jou gee nie."

Sophy kyk na Stefaan en laat haar kop naïef-skaam sak. Dit lyk of Babs nie alte ingenome met die gestoei van Tewes en Sophy is nie.

„Stefaan, en hierdie skaam nôientjie is Rina

du Toit. Rina, moenie skaam wees nie en groet die omie," spot Tewes.

Stefaan kyk met meer belangstelling na haar. Sy is die enigste werklike jonge onder die klompie, mooi en glad nie skaam, soos Tewes beweer nie. 'n Platjie seker ook, besluit Stefaan. Sy lag ondeund, kom naby by hom staan, so naby dat dit vir hom is of hy die lewe en jeug in haar kan voel en van die warmte van haar lyf bewus word. Daar is 'n uitdaging in haar oë en hoewel hy dit nie begryp nie, word sy nuuskierigheid geprikkel.

„En dit is Sarie Oberholzer. . . ."

Stefaan hoor nie. Rina het naas hom kom staan en hy kyk weer 'n slag af in haar oë en voel 'n vreemde tinteling deur sy are gaan. Hy is bly dat sy ook hier loseer.

„Haai!" sê Tewes, „play the game, old man. Die nooi is al verkoop! Maar jy kan later jou kans waarneem. Dit is Sarie Oberholzer hierdie."

Stefaan bloos geweldig. Hy het hoegenaamd geen kennis van die skone geslag nie en dit bring hom van stryk dat Tewes sy gedagte so lees en dit aan die ander openbaar. Hy voel sy oë brand, die gloed in sy gesig opstyg.

Sarie Oberholzer, het Tewes nou net gesê. Hierdie tingerige meisie met die verbysterde gesig pas nie by die ander nie. Hoe onkundig hy ook al omtrent die lewe mag wees, dit weet hy darem, dat sy die lewe nie begryp nie, en hierin voel hy hom verwant aan haar. Mnr. Cas-

tell het gesê dat hulle almal hier loseer. Toe het hy hulle nog nie geken nie. Mev. Castell het hom met die vyf nôiens gespot en hy het hom vyf wesens van die teenoorgestelde geslag voorgestel, net vyf dames. Maar hier is die lewe skielik anders as op die universiteit, waar hy meisies nooit leer ken het nie.

Maar mev. Castell het van vyf jong dames gepraat en hier is net vier: Babs le Roux, Sophy Lessing, Rina du Toit en Sarie Oberholzer, as hy hul name reg onthou. Van die vier is daar net twee wat hom om verskillende redes interesseer, Rina du Toit en Sarie Oberholzer.

Skielik vergeet hy sy skuheid en toe hulle almal aan dieselfde tafel sit, hy langs Rina du Toit, sê hy: „Wie is die ander dame dan?"

Dit laat Tewes skreeu soos hy lag. Rina glimlag en kyk lank in sy oë asof sy trag om sy siel te ontmoet. Sophy Lessing sê: „Dis nou weer 'n grap!" en steek 'n groot stuk brood in haar mond.

„Ons moet dit tog vir Lottie vertel," lag Babs en kyk tevrede na Stefaan en Rina. Sy is bly dat Rina 'n nuwe speelding ontdek het. Sy sal Tewes nou seker met rus laat.

„Collin, jy het die interessantste dame van die vyf nog nie ontmoet nie. Sy kom eers vanaand. Môre sal jy die buitengewone voorreg hê. . . . Rina, ou kind, het jy hierdie vakansie baie applikasies gemaak?" vra Tewes.

„Te besig gewees," sê sy onder gelag. „As

ek dink aan die klas wat ek vanjaar gaan kry, dan voel ek lus om weg te loop. Lottie Wessels het die hele spul verlede jaar net bederwe."

Onderwyl Stefaan stoei met 'n taai ribstuk en 'n gebakte eier, verneem hy veel interessants omtrent sy kollegas. Hy verneem dat Rina du Toit aaneen aansoek doen om nuwe betrekkings. Sy wil veral graag in die Boland wees of miskien in die Oostelike Provinsie. Vir hom, as nuweling in die onderwys, is dit alles interessant, want hy beskou hulle ander as professionele mense, persone van wie hy baie kan leer. Hy luister veral met aandag wanneer hulle die kinders bespreek en moet hoor hoe hierdie of daardie kind „vir hulle 'n pyn gee." Wat Oom Taalwag sou sê as hy hulle kon hoor praat, weet hy nie, maar vir hom is dit hinderlik. Hy probeer sy Afrikaans suiwer hou, maar dis of die meeste van hulle slordig met hul taal is.

Hy kry nog meer ontnugterings.

„Om te dink dat die skool Maandag weer begin en ek met ander mense se welpe moet sit!" sê Babs le Roux. „En die bloedjies is tog so skrander! Ek wens die ouers kon net één dag my klas kom vat, dan sal hulle nooit weer sê dat hulle bloedjies so skrander is nie. Bloedjies! A lot of snivelling brats — veral in die winter."

Toe hulle uiteindelik van die tafel opstaan, het Stefaan baie van sy vorige menings omtrent onderwysers verander. Hy wonder wat prof. Dirk Redelinghuys, Oupa Redelinghuys, sou sê as hy vanaand hier kon wees. Te oordeel

na hul gesprekke is onderwys gee net 'n „nuisance." Hy sou sy mening weer moes verander, want in die loop van die volgende weke sou hy uitvind dat dié van hulle wat die krasste in hul uitdrukkings was, die beste onderwysers is, pligsgetrou, ywerig en opofferend. Vanaand is hulle net 'n klompie jong, gesonde mense wat die juk voor hulle sien lê, en soos die beste trekos soms die lastigste is om onder die juk te kry, so is hulle ook maar net 'n bietjie kopsku.

Maar Stefaan het dit nie vermoed nie. Terwyl hy saam met hulle opstaan, is hy vas van mening dat Sarie Oberholzer die enigste een is wat die naam onderwyseres werd is. Van Tewes het hy vanmiddag op die trein al 'n swak opinie gekry, van Tewes en sy vriend Dirk Uys.

„Het jy nie lus om vanaand 'n bietjie brug te speel nie, Collin?" vra Tewes voordat hulle uitstap.

„Nee, dankie, mnr. Opperman. Ek wil vanaand huis-toe skrywe en my goed uitpak."

Die dames, behalwe Sarie Oberholzer, het vol verwagting bly staan. Hulle het verlede jaar al gewonder of mnr. Collin brug, tennis, voetbal en gholf speel.

Dit word alles nou gevra — dis Rina wat wil weet of hy gholf speel en sy vra dit op 'n wyse wat jou laat dink dat daar baie meer in die spel is as wat jy ooit sou droom, veral as sy ook speel — en hulle verneem toe dat hy net

tennis speel en dit ook maar baie swak. Tewes sit toe die tafel reg. Hy, Babs, Rina en Sophy sal dan maar brug speel. Laggend maak hy die opmerking dat Rina se brug beroerd is, maar hulle kan nou nie anders nie.

Junie Viljoen het al weer in die rigting van die kroeg verdwyn.

VI

Toe Stefaan sy lamp in die kamer aansteek, is dit met gemengde gevoelens. Hy sou graag by hulle wou bly om meer van die skool en die kinders te verneem. Daarenteen is hy weer iemand wat van die eensaamheid hou — hy het gevrees dat hy 'n kamer saam met iemand sou moet bewoon. Die portret van sy oorlede vader en een van sy moeder haal hy met eerbied uit en sit dit op die spieëltafel reg. Dan neem hy die skryfblok, gaan by die tafel sit, skryf sy adres bo-aan en begin met: ‚Liefste Moeder!' Maar verder kom hy nie. Wat kan hy haar vertel? Van die reis? Van Tewes Opperman, Rina du Toit en die ander? Sy ken hulle nie. Skielik is hy bly dat sy hulle nie ken nie. Sy sal bang wees vir hulle moontlike invloed op hom. Maar sy hoef nie bang te wees nie. Hulle sal hom nie sleg beïnvloed nie. Sy moeder sal nie verstaan nie.

Binne lag Tewes en die ander rumoerig.

Hy staan weer op, haal die Afrikaanse Bybel uit die reissak, kom by die lig sit en slaan dit by die voorblad oop. Daar staan in sy moeder se handskrif geskrywe: „Aan my liewe seun Stefaan Collin. Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou? Deur dit te hou na U woord. Psalm 119 vers 9."

Sy oë bly op die woorde gerig, maar hy sien hulle nie meer nie. Die stem van sy moeder is in die lug en hy luister daarna. Wonderlike dinge verneem sy siel en hy luister graag daarna.

Iewers hoor hy Mary May Olive huil. 'n Stoel skuif binne en dan die uitbundige lag van Tewes en een van die ander. Hulle is seker weer aan stoei.

Hy glimlag. Teerheid vul sy siel. Die lewe begin oormôre vir hom en hy het sulke grootse planne. Hy sal nooit soos Tewes word nie. Daar sal baie geleenthede vir hom wees om met sy leerlinge om te gaan en hy het sulke goeie voornemens daaromtrent.

Hy wil word soos mnr. Castell. Ja, hy sal haar skrywe van mnr. Castell. Sy sal so bly wees om te verneem dat hy 'n goeie skoolhoof het.

Voordat hy die eerste vel vol geskrywe het, kom daar 'n onderbreking. Iemand klop aan die voordeur, draai dit onmiddellik daarna self oop en praat met Mary May Olive, wat deur-toe gehardloop het. Dis 'n harde stem, hoor Stefaan. Hy hoor die ander opstaan en gang-toe storm. Baie uitroepe volg, meer gelag en toe sê iemand sy naam.

Toe Tewes aan sy deur klop, maak hy die skryfblok toe en wou net deur-toe gaan, toe Tewes binnekom.

„Ou kêrel, een van die onderwysers is hier

om jou te ontmoet. Kom 'n slaggie binne-toe. Ek wil graag hê jy moet hom ontmoet."

„Seker," sê Stefaan en trek sy deur agter hom toe.

Die ander staan nog in die voorkamer. Vier hopies kaarte lê op die tafel. Oorkant die tafel staan drie vreemdelinge, maar dis die man wat veral sy aandag trek. 'n Frisgeboude kêrel, dink Stefaan. Sy kop is al amper kaal. Die hoed het hy nog in sy hand, die hand wat op die tafel rus. Maande later was dit feitlik al wat hy van hierdie eerste indruk kon onthou, behalwe die vriendelikheid en hartlikheid van die man. Die vrou het weer geen indruk op hom gemaak nie. Sy is mooi, besonder mooi, sonder dat dit jou opval. Die dogter by haar het sy aandag meer getrek. Sy is nie ouer as vyftien nie, maar die vermetelheid van die oorrype jeug hinder 'n mens. Haar pa bekyk sy met 'n veragtende blik.

„Stefaan, laat ek jou bekend stel by 'n goeie ou vriend van my, Vorster Geldenhuys. Niemand noem hom mnr. Geldenhuys nie. Ek dink die kinders sê ook somaar Vorster. In ons skool staan ons nie op seremonie nie. Hy is Vorster, ek Tewes en jy sal Stefaan wees. En dit is mev. Geldenhuys en haar dogter, Fransie van der Westhuizen."

„Ja," lag Vorster, „jy kan dit nie verstaan nie, nè? Man, ek het die moed bymekaar geskraap en met 'n weduwee getrou. Nou het ek somaar 'n groot dogter ook."

Nòg sy vrou, nòg Fransie geniet die grap. Stefaan kan sien dat die ander versigtig is om saam te lag. Net Vorster lag uitbundig en gee sy vrou nog 'n stamp teen die skouer.

Sy vra Rina du Toit of sy die vakansie geniet het en dié antwoord sonder geesdrif.

Tewes nooi hulle om te sit — dis net Fransie wat reeds langs die tafel sit en haar oë op Stefaan hou, sodat hy senuweeagtig rondstaan— maar Vorster sê hulle is glad te haastig daarvoor.

„Man, ek het nie minder as vyftien steenbokke en een-en-twintig springbokke hierdie vakansie geskiet nie. Daardie nuwe mauser van my skiet darem suiwer!"

„Vorster," sê sy vrou — en Stefaan dink hoe plat haar stem en woorde klink — „as jy eers weer daarmee begin, kom ons vanaand nooit weg nie."

„My vrou is haastig vanaand. Mnr. Collin, jy moet baie na my huis toe kom. Ek woon in dieselfde straat. Dis die eerste huis anderkant ou Junie — jy ken hom mos — se werkwinkel. Jy kan dit nie mis nie. Daar staan twee ou skraal bloekomboompies voor die huis. Tewes, jy moet hom oorbring. Nee, wag, kom liewers Maandagmiddag na skool oor. Jy kan somaar saam met my na die skool stap. Vrou, gaan jy Maandagmiddag uit?"

„Ek gaan die agtermiddag na Lilla le Roux," sê sy kortaf en praat dan weer met Rina du Toit.

„Dis ook niks nie," sê Vorster asof hy niks merk nie. „Ons twee sal ons wel kan vermaak.

Tewes, jy moet seker saamkom, dan gesels ons 'n bietjie. Man, ek is jammer dat jy die vakansie nie saam met my was nie. Ek het jou mos gesê daar is nog baie bokke. Mnr. Collin, ken jy Namakwaland? Daar woon 'n ou vriend van my, 'n baie gawe man, Gert du Pisani. 'n Mens het baie grappe as jy by Gert kuier. . . ."

„Vorster, ons moet loop," sê mev. Geldenhuys weer 'n slag.

„Vrou, wag, ek wil Tewes net eers die grap vertel."

Die dames gaan nou sit. Die mans bly staan. Vorster vertel hulle van die jag, die baie wild, sy goeie mauser. Twee keer het mev. Geldenhuys opgestaan en dan maar weer gaan sit. Tjix het ingekom om hom te groet, het Vorster gesê. Sy ore word getrek, hy word op die grond rondgerol en hy moet kort-kort handgee. Mary May het weer ingekom om hom nag te sê en Stefaan merk dat Vorster alleen 'n soen kry en 'n druksoen ook.

En in die tussentyd geniet Stefaan Fransie se onverdeelde aandag. Die rokkie is kort en dan sit sy nog met opset so dat sy die grootste voordeel daaruit kan trek sonder om haarself die berisping van haar moeder op die hals te haal. As Stefaan na haar kant toe kyk — en hy het dit dikwels gedoen om dié skooldogter te probeer begryp — het sy haar oë gerol, die been vorentoe en terug geswaai en hard probeer om grootmens te wees. Sy is 'n klein bietjie

mensliker toe Stefaan haar vra watter geskiedenis-handboek en Afrikaanse grammatika-boek hulle in die skool gebruik.

Stefaan luister weer met meer aandag toe hulle oor die eksamenuitslae gesels. Vorster meen dat die std. X-klas onbegryplik goed gedoen het en dat st. VIII teleurgestel het. Hy en Tewes is nuuskierig om die simbole te sien en Stefaan kom onder die indruk dat hulle tevrede sal wees as die simbole in hul vakke bevredigend is. Nie 'n woord van die onderskeie leerlinge nie.

Dis halftien toe hulle uiteindelik nagsê. Stefaan het skielik geen begeerte meer om vir sy moeder te skrywe nie.

VII

Ds. Haldemar Visser is al twintig jaar op Meronne. As leraar het hy hier op Meronne 'n maklike bestaan, as 'n mens dit so mag sê. Hy is nie moeilik om mee klaar te kom en is nie so hardnekkig as wat hy lyk nie. Meronne het hom in die twintig jaar leer ken. Hulle weet dat hy graag gesels as dit net nie tussen twee- en vieruur in die middag is nie — dan slaap hy. Die paar botsings wat in die twintig jaar plaasgevind het, was werklik nie sy skuld nie, want hy hou van rus en vrede. As hulle hom in vrede wou laat, sou hulle hom nooit, behalwe Sondae en met kerkgeleenthede, gesien het nie.

Aan die begin van sy bediening, nou dertig jaar gelede, het hy dikwels beroepe gekry. Toe was hy ook anders as nou. Haldemar Visser het eers vanaf sy veertigste jaar van rustigheid gehou. Die lewe het hom toe al gebrei. 'n Mens kan dit nie bekostig om hoë ideale daarop na te hou as jy van 'n rustige lewe hou nie. Soos 'n vulkaan wat uitgewerk raak, het sy vroeëre uitbarstings al minder en minder geword en toe hy vyf-en-veertig bereik, het hy besluit dat die dinge net jou lewe verkort en hoë bloeddruk afgee. Dit was tien jaar gelede.

Moenie dink dat ds. Haldemar Visser sonder sy groot oomblikke is nie! Maar hulle is min en sporadies. So kan hy soms sonder die geringste waarskuwing vooraf 'n preek lewer soos maar min gehoor word, maar dan tree hy weer 'n periode in wat bepaald onvrugbaar is.

Die mense op Meronne het hom baie dinge vergewe. Daar is darem 'n goeie rede voor. Hy is die man van mev. Visser, 'n liewe vroutjie, klein van persoon, vol lewe en lus, altyd vriendelik. Sy dink nooit kwaad nie, maar in haar huishouding is sy net so onbeholpe as haar vriendin Louise Castell. Maar sy het hierin 'n voorsprong bo mev. Castell. Haldemar Visser kan sake goed bestuur. Die Jode is bang vir hom, want hy het 'n manier om elke item noukeurig na te gaan en dan moet hulle verslag doen. Karl Castell droom weer nooit dat iemand so laag sal wees om hom te kul nie.

In hierdie huis het Antoinette, Piet, Marie en Conrad opgegroei. Piet, die drie-en-twintigjarige seun, is op universiteit. Hy is glad nie 'n deurbringer nie. Daarin aard hy na sy vader. Gee hom 'n pond sakgeld en hy sal liewer daarmee woeker as om dit uit te gee. Meronne se mense noem hom skrander, maar hy het alles deur vlyt gekry. Sy B.A. het hy op een-en-twintigjare leeftyd cum laude afgelê en hy is nou besig met sy tesis vir die Ph.D.-graad. Hy word aan die ander voorgehou as die ideale jong man.

En Antoinette! Sy het elke oomblik van haar

neëntien jaar tot dusver geniet. Sy het mev. Visser se liewe geaardheid met 'n klompie van Haldemar se vleeslike neigings — maar nie dat Haldemar 'n slegte man is nie. Ongekunsteld, opgewek is sy die gunsteling van oud en jonk. En so menslik, sê die mense. Sy draai geen doekies om en gee darem niemand aanstoot nie.

Sy is op die uitkyk na iemand soos haar broer Piet, dink Marie, en Conrad is glad te ongesout, altyd laf oor haar besoekers. Op hierdie Saterdagaand sit hulle almal, behalwe Piet, aan tafel. „Vader", soos almal Haldemar noem, het net gebid. Dis sy werk om die kos uit te deel en hy verstaan dit baie goed, al vrees Conrad, sy vyftienjarige seun, partykeer dat daar nie iets vir hom sal oorskiet nie.

„Marie, sit mooi reg, my kind," sê mev. Visser.

Almal kyk na Marie. Haldemar bederf haar so dat sy humeurig teenoor die ander is, dikwels in trane wanneer hulle haar berispe.

„Ek gaan nie môre kerk-toe nie!" kondig Conrad, wat twee jaar ouer as Marie is, aan.

„Jongie, jy sal maar net mooi moet gaan. Die predikant se kinders kan nie uit die kerk uit bly nie," terg Antoinette hom.

Hy kan Antoinette nie verdra nie. Sy het een dag uitgevind dat hy al rook, daar agter die kweperlaning, en hou dit bo sy hoof. Vroumense is vir hom 'n ergernis. Op die oomblik is dit by hom net Vorster Geldenhuys en Tewes Opperman, voetbal en bergklim.

„Ons vleisrekening was verlede maand baie hoog. Ek hoop Koos le Roux bring die speenvark wat hy beloof het," sê die praktiese Haldemar Visser.

„Marie, moenie met jou arms op die tafel leun nie!" sê Antoinette ongeduldig en ruk hulle van die tafel af.

Marie is dadelik in trane. Mev. Visser stuur haar kamer-toe, waarop sy nog harder skreeu.

„Ek wens julle wil die kind in vrede laat," sê Haldemar.

„Vader bederf Marie skoon. Die onderwysers hou al juis nie een van haar nie. Sy is 'n klein snip," meen Antoinette.

Dadelik hou Marie op met huil en sê: „Is nie! Mnr. Greyling sê ek is die soetste leerling in sy klas en die ander kan almal my voorbeeld volg."

Hierdie woorde laat Conrad uitskater van die lag, want in sy oë is Greyling 'n droë pruim wat nie eens kan voetbal speel nie.

„Kinders, gedra julle aan tafel," is Haldemar se bydrae tot die gesprek. „Moeder, is die vleis nie 'n bietjie sout nie?"

„Lena sal ook nooit weet hoeveel sout om in die kos te gooi nie," is Hilda Visser se verskoning.

„'n Mens moet glo maar self die sout ingooi," antwoord Haldemar en besluit dat hy self met Lena sal praat.

„Ek wonder of die nuwe onderwyser voetbal speel?" praat Conrad by sy kos verby.

„Ek het hom vandag by die Castells ontmoet.

Hy laat my aan Piet dink. Somaar nog 'n seun en weet van die wêreld niks nie. Ek het hom gesê om eendag oor te kom."

„Ek hoop hy is 'n beter geskiedenis-onderwyser as ou mnr. Van Tonder. Ek is bly dat die ou afgetree het."

„Marie, Marie!" berispe mev. Visser haar.

„Ek hoop maar net dat sy koms 'n verandering op Meronne sal bring," sê Haldemar. „Karl Castell is al oud. Ek sê niks teen die man nie, hy is 'n vriend van my, maar die man is nie meer in sy beste jare nie.

„Vader. . . ." sê Hilda Visser. Daarmee bedoel sy dat Vader tog moet oppas wat hy voor die kinders sê.

„Ja, maar hulle moet leer wat in hierdie huis gepraat word, vertel 'n mens nie weer oor nie. Ek het maar net bedoel dat die onderwysers op Meronne nie volmaak is nie."

„Ek is bly dat ek nie 'n onderwyseres is nie," sê Antoinette.

„Wat bedoel jy daarmee, Antoinette? Dis die hoogste roeping wat 'n mens op aarde kan volg, behalwe miskien dié van Evangeliedienaar," antwoord Haldemar skerp.

Hy en Antoinette dink nie naasteby dieselfde oor sake nie. „Wat bedoel jy daarmee?" herhaal hy.

„'n Onderwyser! Die stomme mense word deur almal bespreek. Ek is seker dat mnr. Collin vanmore in elke huis op Meronne bespreek word. Die onderwysers is publieke eiendom."

„En dit wys vir my hoe min jy van die dinge verstaan. Die mense word geroep vir 'n goddelike taak, maar dis nie almal wat dit besef nie."

„Dank maar asseblief, Vader," sê Hilda en vat Conrad se hand in hare. Sy vrees dat Haldemar en Antoinette weer rusie sal maak hieroor.

„Driehonderd jong siele word aan hul sorg toevertrou en dis 'n groot verantwoordelikheid. Ek wonder of Vorster Geldenhuys en Tewes Opperman al so daaraan gedink het?"

Marie sê snipperig:

„Die kinders sê mnr. Geldenhuys kan party dae somaar sulke lelike woorde sê."

„As ek vir jou moet leer, Marie, sal my taal ook nie aldag voorbeeldig wees nie," is Antoinette se antwoord.

'n Mens sê nie sulke dinge voor die kinders nie," berispe Haldemar haar.

„Vader, kom ons dank maar," sê mev. Visser die tweede keer.

„Vandag se kinders is meer ouderwets as die grootmense. 'n Mens moet met die onderwysers gesels as jy wil weet hoeveel die bloedjies vandag weet. Ek kry die onderwysers jammer, ek kry hulle werklik jammer."

„Antoinette, daar is 'n ergerlike gees onder die jongmense van vandag. 'n Ou mens se opinie word nie meer gerespekteer nie. En jy is een van die ergste. Ek sal jou aanraai om die vriendskap met Babs le Roux en Rina du Toit

te breek. Hulle het nie 'n goeie invloed op jou nie. Ek sien hulle nooit in die kerk nie. Ek het al gewonder of ek nie met Karl Castell sal praat nie."

„En hulle is nog beter as Lilla en Susie le Roux wat elke diens in die kerk bywoon!" waag Antoinette om te antwoord.

„Ek wonder onder wie se verderflike invloed jy so verander het. . . ." trek Haldemar los.

Hilda sug. Haldemar sal nie gou ophou nie. Netnou sal hy harde woorde sê en Antoinette nog verder van hom vervreemd. Dit is ook so.

'n Ronde tien minute hou hy aan. Marie geniet dit erg. Conrad sit op die punt van die stoel met sy platgepleisterde hare, haastig om die dorp in te trek sodra sy pa amen sê.

Maar sy preek het nie die minste uitwerking op Antoinette nie.

„Kom, laat ons dank," sê Haldemar.

Antoinette en Conrad hou hulle oë oop en Marie loer vir hulle net om hulle netnou te verklik.

VIII

Meronne, soos baie van die Karoodorpies, het van die kerkgebou af begin uitbrei. Van die oudste inwoners herinner hulle nog goed hoe die eerste ou kerkie daar op die kerkplein gebou is, en dat daar behalwe die pastorie van daardie dae net een ordentlike groot gebou was, Dutsenski se winkel. Dutsenski se nageslag is vandag nog op Meronne. Twee boer op plase in die distrik en die ander drie broers is die vennootskap Dutsenski Bros. Hulle gebou staan op die hoek van Kerk- en Dorpstraat, nou 'n endjie van die plek waar hul vader die eerste winkel gehad het.

Almal handel maar by Dutsenski Bros. Hulle dink Abe Dutsenski is 'n skelm, maar die ander twee broers, Morris en David, sê hulle, is twee liewe Jode. 'n Lang kêrel dié Morris. Die boere spot hom en sê dat hulle hom in die konsistorie omgeruil het. Wellig is hy nog 'n Du Plooi, want hulle is sulke lang mense. Hy lag maar. Hy hou die firma se boeke, bestel die voorrade, merk die ware en kyk na die werkvolk. Abe, sê die boere, is die een wat al die knoeiwerk doen. Hy is baie, baie vriendelik, maar as jy wegstap, het jy die gevoel dat jy aan die kortste end getrek het. Kyk jy skielik om, dan staan hy nog met die glimlag op sy

gladde gesig, sy hande in sy broeksakke. Maar as jy raadop is met jou buurman se vee, of daar is 'n kwessie oor 'n baken, of die polisie val jou lastig oor wild wat jy geskiet het, dan stap jy reguit na Abe Dutsenski. Hy het altyd raad.

David is weer die een wat die mense in die huis innooi vir 'n koppie koffie. Hy woon al die begrafnisse by en dit vind die boere so mooi. As die boere 'n afslaggie op die prys van goedere wil hê, soek hulle na David; wil hulle uitstel op hul rekening hê, kan hy dit altyd bewerkstellig.

Die broers Dutsenski, of Doesensie soos die boere hulle noem, het 'n flinke besigheid. Abe, Morris en David is die regte drie bymekaar om die boere se vertroue te wen sonder dat hulle juis skade ly. Hul vader was een van die staatmakers van Meronne tydens sy afstigting, en vandag probeer hulle waardige nasate wees.

Die Dutsenskis is deel van Meronne.

Daar is nog twee winkels, maar hulle het 'n wankelende bestaan, een na die lokasie se kant van die dorp en die ander een in 'n bouvallige rooi gebou, die winkel van Lewies Gerber, waar, soos die boere sê, jy sulke mooi skoon rys kan kry.

Dit is die verdienstelikheid van Gerber se winkel, die mooi skoon rys. Kort jy nog gare, en jy kan dit nie by Dutsenski kry nie, kan jy altyd daar stilhou wanneer jy Maandagmôre huis-toe ry.

Die poskantoor is 'n klipgebou, 'n endjie van die pad af, en hier kan jy die boere Saterdae bymekaar kry. Ulrich de Witt—jy skryf die van met 'n dubbele t — is 'n oujongkêrel, gesteld op sy etes en baie lief vir dames. Hy ken almal in die dorp en distrik. Dit word vertel dat 'n terggees een dag 'n brief in die Kaap gepos het en net die naam Meronne op die koevert was op 'n manier leesbaar, maar Ulrich de Witt het dit reg afgelewer. Sewe jaar gelede was daar sprake dat hulle hom sou verplaas, maar nadat die petisie weggestuur was, het die hoofkantoor nie weer daaraan geroer nie. Daar op Meronne noem hulle hom 'n baie knap posmeester.

Laer af, na die suidekant toe, is die magistraatskantoor, 'n plek wat ook druk besoek word, veral op 'n Maandagmore. As jy op die stoep staan en so tussen die boere rondstap, kan jy die woorde recondi, weg-belasting, liksens en jakkalsterte dikwels hoor.

Mnr. White, die magistraat, het die onderskeiding te beurt geval dat die boere en die inwoners van Meronne hom een keer wou „uitpetisie," soos hulle dit genoem het. Hul grootste grief is dat hy nie simpatiek teenoor die boeregemeenskap staan nie. Van die versoekskrif het niks geword nie en dis nou al sy sesde jaar op Meronne.

Haas almal is familie van mekaar. Daar is die Le Roux-familie. Jy kan by Willem le Roux begin en dan die verwantskap van huis tot huis

uitpluis. Gysbert is 'n broer, ten spyte van die armoedige huisie wat aan die bo-end van die dorp staan, naby die skool — Gysbert en Mita met hul groot klomp kinders. Die man met die groot ou adamsvyeboom in die agterplaas, waar vadoeke en luiers oor die wit takke hang, is familie van hom. Ja, Berend Oelof wat die skool skoonmaak en so vernuftig met sy hande is, is 'n kleinneef. Willem Nel is 'n swaer van hom, Koos Bester 'n susterskind, Piet van Vuuren, Sarel du Plooy, ja die hele klomp is familie van mekaar.

Dit het gelei tot die rusies wat die nuwe onderwysers eers nie kon verstaan nie, maar net totdat hulle Meronne leer ken het. Vat aan Koos Bester se kind en jy het aan Willem le Roux ook gevat. Koop by Dutsenski se winkel en 'n hele klomp van Meronne se mense groet jou nie meer nie, want Willem le Roux het 'n winkel. Daarom maak Lewies Gerber so moeilik 'n bestaan uit sy winkeltjie. Hy het geen familie op Meronne nie.

Willem le Roux se familie is sterk verteenwoordig in die kerkraad. 'n Verkiesing van kerkraadslede het 'n kwaaier geveg laat ontstaan as een vir die Volksraad. „My man is in," is dikwels gesê. Basjan de Klerk beheer weer die dorpsbestuur. Hulle stoei al jare om sy invloed daar te breek, maar dis net verniet.

Karl Castell, skoolhoof, veel hulle nog, nes jy verdraagsaam is teenoor 'n maer kafferhond omdat hy tog nooit kwaad doen nie. Hulle is

eintlik nie bewus dat hy hul kinders leer nie. Nee, die skool en hy is twee aparte dinge. Elkeen behou die reg voor om hom te kritiseer, want almal meen dat hulle iets van die onderwys weet.

Stefaan Collin het die groot, groendak-gebou al Saterdag teen die aand se kant vanaf die stoep van die losieshuis gesien. Dit lê aan die westekant van die dorp, effens hoër as die huise daar naby hom. Toe die son so agter die gebou wegsink, het hy aan Maandagmore gedink, Maandag wanneer die son opkom, die gebou van voor vang en hy met sy werk sal begin.

IX

Stefaan is vanmore nie lus om kerk-toe te gaan nie. Dit is nie omdat hy lui daarvoor is of geen sinnigheid vir die oggenddiens het nie, maar hy het vanmore by Tewes verneem — Tewes was nog in die bed — dat die ander nie kerk-toe sal gaan nie. Die skole het in werklikheid nog nie begin, gevolglik voel hulle nog geen verpligting om te gaan nie. Hy is 'n vreemdeling en terughoudend genoeg om terug te deins vir al die oë wat op hom gerig sal wees.

Maar hy sou tog daardie môre na die kerk toe gaan.

Aan die ontbyttafel ontmoet hy die onderwyseres wat gisteraand laat eers gekom het.

Lottie Wessels is die eenling van die personeel. Dis nie haar wens nie, maar in die twee jaar wat sy op Meronne is, het sy die ander al meer en meer van haar verwyder. Sy is altyd besig met die stigting van Bybelstudiekringe onder die skooldogters, hou Woensdae en Vrydae biduur saam met hulle en arbei die res van die week aan hul siele. Sy dink glad nie dat sy 'n goeie mens is nie. Inteendeel verfoei sy haarself, bring lang tye in die gebed deur en het altyd een of ander sonde wat sy aan haar medemens bely. Haar gesprekke met die ander is deurspek van woorde soos „quiet time",

„share" en „communion". Sy voel dat al die kinders van die skool haar verantwoordelikheid is en dat die siel van die personeel-lede eendag van haar geëis sal word.

Mnr. Castell is baie geduldig met haar, vergewe haar baie dinge, dinge waarvan sy nie eens bewus is nie, en berispe soms die ander wanneer hulle ligsinnig oor haar praat.

Lottie Wessels, die dertigjarige onderwyseres, het haar in die vakansie voorgeneem dat haar verpligting hierdie jaar besonder groot sal wees. Sy het haar voorgeneem om Rina du Toit te bekeer nog voordat sy 'n nuwe betrekking kry en om die nuwe onderwyser, Stefaan Collin, te bearbei. Sy het die „message" vroeg in die vakansie na ure in die binnekamer gekry.

Vanmôre is sy om half-ag in Rina se kamer — 'n mens kan so iets nie uitstel nie. Haar besoldiging is 'n kussing teen die kop, maar dit laat haar soveel lekkerder voel.

Aan tafel vra sy dan vir Stefaan — daar is niemand om hulle bekend te stel nie — of hy voornemens is om kerk-toe te gaan.

Hy het die dame vroeër in die môre al opgemerk; die swart kouse en swart skoene, 'n taamlik lang rok met lang moue, lang hare opgedraai in 'n bolla, verbleik soos iemand wat aan bloedarmoede ly. Hy dag dadelik dat sy 'n bediende is, uitgetooi in haar Sondagsrok. Nou stel sy haarself bekend as een van die onderwyseresse en hy kon verstaan waarom Tewes en die ander gisteraand gelag het.

„Ek probeer dit 'n beginsel in my lewe maak om elke Sondag kerk-toe te gaan. Ek weet ek is ouderwets in dié opsig, maar gee ook nie om wat die ander van my sê nie. Ek het net aan jou gedink — jy is vreemd — en toe gewonder of jy nie graag kerk-toe wil gaan nie."

„Dit was my plan, maar mnr. Opperman sê hy gaan nie vanmôre nie."

„Mnr. Collin, ek wonder of ek dit vir jou sal sê? Ja, ek dink ek sal. Ek het in die vakansie gewonder of jy my nie sal help nie. Mnr. Opperman en die ander is tog so onverskillig en ek het nie meer invloed oor hulle nie. As jy nou ook nu en dan met hulle sou praat, sal dit baie help. 'n Mens kry maar stampe en stote, maar dis 'n heerlike werk. O, mnr. Collin, ek kan ure met jou hieroor gesels en nooit moeg word nie!"

Dit is Stefaan se eerste kennismaking met iemand met dié neigings en hy luister aandagtig. Dit moet ook maar swaar wees om deur ander bespot te word en hy kry haar innig jammer. Hy kan hom voorstel hoe sy hier moet voel. Omdat hy een is wat swaar vriende maak, wat dikwels misverstaan word, is daar op die oomblik eenstemmigheid tussen hulle.

„Mej. Wessels, ek sal graag saam met jou na die kerk wil gaan. Hoe laat begin dit?"

„Om half-elf, mnr. Collin. Ek is regtig bly. Jy kan nie dink hoe benoud ek gevoel het nie — ek bedoel ná jou aanstelling — dat jy miskien 'n onverskillige persoon sou wees. Ons het waarlik meer Christene hier nodig. . . ."

Hulle het om kwart-voor-nege van die ontbyttafel af opgestaan en Lottie Wessels het weer gesê hoe sy die gesprek geniet het. Sy het so lank laas 'n kans gehad om met iemand te „share".

Twaalf minute voor die diens begin, sit hulle al. Stefaan het sy Bybel, Gesangboek en aantekeningboek saamgebring. Sy moeder het hom geleer om nooit sonder sy Bybel na 'n diens te gaan nie en hy het self in die gewoonte geraak om 'n aantekeningboekie saam te neem en die vernaamste gedagtes neer te skryf. Die laaste aantekeninge wat hy hierin gemaak het, was oor die preek: „Seun, wees welgemoed." Terwyl hulle wag, slaan hy die boekie oop en lees dit weer deur.

Lottie laat haar kop sak en sluit haar oë.

Iemand giggel agter hulle en toe hy omkyk, merk hy 'n paar seuns in die bank agter hulle. Seker skoolseuns, want hulle is nie ouer as so sestien jaar nie. Dit hinder hom. Sou hulle vir hom, 'n vreemdeling, lag of sou hulle weet dat hy die nuwe onderwyser is?

Sy aandag dwaal van die boekie af en hy beskou die hoë regop mure, die hoë, breë vensters met die loodkleurige gordyne voor hulle. Die orreliste skuif haar reg voor die orrel, leun vorentoe om iets in die spieël voor haar te sien en toe piep die eerste note van die aria uit die pype, sag en onseker. 'n Gesin, die moeder, skraal en donker gekleed, twee dogters en 'n seun, kom by die oorkantse

deur in en loop tot reg voor om in die bank agter dié van die ouderlinge in te skuif. Sonder om eers rond te kyk, laat al vier hul kop in gebed sak. Iets in die stemming, die plek waar hulle sit, sê vir Stefaan dat dit die mense van die pastorie is. Die seun en die dogter kyk eerste op, skuif reg en sit hul pennies met 'n geluid voor hulle neer. Die Bybel en Gesangboek volg. Die oudste dogter kyk op en merk hom en Lottie Wessels dadelik op. Dis of daar verbasing op haar gesig is en na 'n oomblik vertrek haar gesig in 'n glimlag.

Die dogtertjie naas haar fluister iets en kyk na hom. Stefaan laat sy oë sak en voel dat hy bloos. Ander oë is ook op hom gerig. Die kerk adem 'n gevoel van verstoorde rus uit, dis of fluisterstemme hoog deur die koepel trek. Dan die derde gelui.

Dit was bepaald nie een van ds. Haldemar Visser se wonderpreke nie. Die geskiedenis van die verlore seun klink so oud uit sy mond. Getrou aan sy gewoonte skryf Stefaan die gedagtes neer sonder dat hulle hom juis tref.

Teen die end van die preek merk hy die oë van die jong dame uit die pastoriebank weer op hom en hy kan nie verstaan wat dit is wat haar laat glimlag toe sy wegkyk nie.

X

Sondagmiddag na die ete hou mnr. Castell se groen Dodge voor die losieshuis stil. Filand en twee jong seuns sit agter in die motor, mev. Castell voor langs haar man. In die maande wat volg, sou Stefaan die motor goed leer ken: oud en verslete, roeswater-strepe voor teen die watertenk af, 'n enjin wat raas en 'n geklop het soos dié van 'n voorhamer.

Tewes is voor op die stoep by Stefaan en hom net aan vertel dat mnr. Castell hom vanmiddag sal kom haal, soos sy gebruik is met elke nuwe onderwyser of onderwyseres. Dan ry hy 'n end in die veld in en kampeer daar onder 'n groot bos. Dit is die manier waarop hy almal inlyf. Laggend vertel Tewes dat Filand ook by sal wees. Waar mnr. Castell ook al ry, Filand is altyd saam met hom. Maar Stefaan kon onderdeur merk dat Tewes tog groot agting vir mnr. Castell koester. Hy is nog aan vertel van die Sondagmiddag toe hy saamgegaan het, toe mnr. Castell se motor gevaarlik vinnig om die hoek kom.

Toe hulle stilhou, leun Filand by die venster uit en lag dat sy tande wit wys. Die enjin dreun ongenadig hard. Mnr. Castell het waarskynlik die voet nog op die versneller. Mev. Castell leun by hom verby en groet vriendelik.

„Ons het jou kom haal, mnr. Collin. Dis so 'n lekker middag dat ons 'n bietjie wil uitry veld-toe. Ek het gewonder of jy nie wil saamgaan nie?" sê Karl.

Niemand klim uit nie. Almal kyk vol verwagting na Stefaan, ook die twee kinders. Tjix, die swarthaar-brak, spring opgewonde voor by Karl in en lek in sy gesig rond.

„Tjix kan ook maar saamgaan," sê Karl en toe begin die twee seuns lol dat Tjix agter by hulle moet sit.

„Ek sal graag wil saamgaan, mnr. Castell," en Stefaan wonder waar hy veronderstel word om te sit.

„Wil jy nie ook saamgaan nie, mnr. Opperman?" vra mev. Castell.

„Hartjie," sê Karl, „ons het net nie plek nie. Ek moet vir my regtig 'n groter motor koop."

„Pa moet vir ons 'n Chrysler koop," sê Willeman, sy veertienjarige seun.

Filand lag. Tjix spring opgewonde agter-toe. Mnr. Castell sit die enjin aan, wat Tjix weer 'n vreeslike keel laat opsit.

„Klim maar in!" skreeu Karl tussen die lawaai deur, maar sê nie waar Stefaan moet sit nie.

Tewes help hom uit die verleentheid deur die voorste deur oop te maak. Hulle sit erg gedruk, maar Karl is ewe lydsaam daaronder, groet Tewes vriendelik, en daar trek hulle. Tjix spring opgewonde rond, blaf of hy betaal word en Filand skreeu: „Die enjin kook al weer, Baas!"

Vyf minute later vra mev. Castell haar man om asseblief terug te ry, want sy het die koffie en suiker vergeet.

Ten spyte van die feit dat Louise Castell nog baie meer vergeet het — hulle het in die veld eers van die wors en die koue bier verneem wat tuis vergeet is — het Stefaan die agtermiddag baie geniet. Hy het vir mnr. en mev. Castell lief geword, maar nie aangetrokke gevoel tot die twee seuns, Willeman en Ferdinand, nie. Ferdinand, die jongste seun, is te veel soos 'n meisie en het hulle sit en aangaap. Louise vertel voor hom dat hy baie skrander is, maar tog so sieklik. Stefaan hou meer van Willeman, wat met Tjix rondhardloop, maar mev. Castell kla dat hy al rook en glad nie so fluks in die skool is nie.

Louise sê later vir Ferdinand om te gaan speel en toe het Karl weer begin gesels.

„Ek gee my onderwysers baie vryheid om hulle eie heil uit te werk. Jy is self opgelei as onderwyser, mnr. Collin, en sal weet hoe om te handel. Kom na my toe as jy 'n moeilikheid het en ek sal kyk of ek jou kan help. Die werk van 'n onderwyser is soms swaar en dis 'n ondankbare werk. . . ."

„Die mense is darem baie goed vir julle hier," val Louise hom in die rede.

„Dis waar," sê Karl. „Ons mag waarlik nie kla nie. Maar waarom sal ons hieroor gesels! Vertel ons liewer van jou huis. Leef jou vader en moeder nog al twee?"

„Nee, mnr. Castell, my vader is lankal al dood."

„Ek is jammer om dit te hoor. Mnr. Opperman het sy vader in die vakansie ook verloor. Ek is bly dat jy saam met hom loseer. Hy is 'n baie goeie onderwyser en 'n liewe man. Maar dan ook ek is baie gelukkig met my personeel. Hulle is almal so gaaf en werk baie hard. . . ."

„Is Lottie Wessels nie 'n gawe dame nie?" val Louise hom weer in die rede.

Sy wil blykbaar nie 'n antwoord hê nie, want sy vervolg: „Sy beteken regtig baie vir die dogters van ons skool. As jy kon hoor hoe mooi sy met hulle gesels! Ek woon dikwels die bidure Vrydagmiddae by en dan kan ek nie help om te dink hoe min ek vir die kinders doen nie. 'n Mens voel so ontevrede met jou eie lewe as jy sien hoe goed ander mense is."

Karl val háár weer in die rede.

„Hier op Meronne sal jy gelukkig wees, mnr. Collin. Ons is een groot familie. Weet jy, mnr. Collin, dat die mense hier baie goed vir die onderwysers is? Daarom werk ek so lekker hier. Jy het nog nie vir mnr. Greyling, een van die onderwysers, ontmoet nie?"

Voordat hy nog kon antwoord, begin mev. Castell weer.

„Karl, jy weet mos hoe stil mnr. Greyling en sy vrou is. Met die ou klein dogtertjie wat hulle nou het, kan hulle nie rondloop nie. Mnr. Collin sal hom môre by die skool ontmoet. Mnr. Collin, jy sal baie van mnr. Greyling hou.

Hy is 'n baie stil, maar 'n baie liewe man. Ek hou so baie van sy vroutjie."

„Jy sal sommer tuis onder ons voel. Soos my vrou sê, mnr. Greyling is baie stil, maar hy is 'n baie gawe man. . . ."

Stefaan kry geen kans om deel te neem aan die gesprek nie. As een asemhaal, val die ander een weer in. Al wat hy kan doen, is om sy kop van die een na die ander te draai. Oorkant hom, onder 'n bos, sit Filand met sy beker koffie en as hy na sy kant toe kyk, dan lag Filand net.

Toe mnr. Castell besluit dat hulle moet ry, ontdek hulle dat die een agterband pap is. Die reserweband, vind hulle, is ook pap. Stefaan stel voor dat hulle die lek regmaak, maar Filand sê, en lag nog daarby: „Baas, ons souloesen is op!"

Hulle besluit toe om die wiel op te pomp, haastig aan te ry, weer op te pomp en so die dorp te probeer haal. Dit vind baie byval by die twee seuns, maar nie by Stefaan en Filand nie, want hulle moet kort-kort pomp, later so dikwels dat selfs Filand nie meer lag nie.

Twee myl buitekant die dorp en die pomp help ook nie meer nie!

„Dan ry ons net so op die band," besluit Karl filosofies. „Die ou band en binneband is tog al gaar. 'n Mens moet net stadig ry."

„Baas," sê Filand, „kan 'n mens nie kougoed binne in die taaier sit nie?"

Die wenk word tot Filand se teleurstelling nie aanvaar nie.

Kwart-oor-sewe hou hulle voor die losieshuis stil.

Mary May Olive wag Stefaan op die stoep in en kondig snipperig aan dat die ander al klaar geëet het. Mev. De Wet kom uit en sê toegewend dat hulle hom vanáánd nog sal verskoon, want dis die eerste maal. Stefaan bedank egter, want hy is werklik nie honger nie. Hy het Lottie Wessels belowe om vanaand saam met haar kerk-toe te gaan en hy wil hom liewers gaan regmaak.

Voordat hulle stap, kom Tewes in sy kamer in en gaan op die bed sit. Hy het 'n wit broek en wit hemp aan.

„Ek wil jou nie ophou nie, ou kêrel, maar ek is baie nuuskierig hoe jy die middag geniet het. Maar waarom is jy so vol teer?"

Stefaan vertel hom.

„Dis net soos mnr. Castell is!" lag Tewes. „Hy vergeet gewoonlik alles."

Ernstiger vervolg hy: „Ek wil jou nog om verskoning vra oor gister. Ek het jou miskien baie teleurgestel met my ligsinnige praatjies oor die onderwys."

„Om die waarheid te sê, ek was 'n bietjie teleurgesteld."

„Ja, sien, ek het vergeet dat dit jou eerste ondervinding is en dat jy nog vol ywer en hoë ideale is. Dis maar ons manier van gesels en ons bedoel daar niks by nie. As jy eers 'n tydjie

skoolhou, sal jy verstaan. Maar wat ek eintlik wou sê, is dit. Is mnr. en mev. Castell nie twee gawe mense nie? Hulle is nou my idee van gocie mense, maar al soek jy ook die wêreld deur, sal jy nie weer twee sulke mense kry nie. Ek sê die dinge net om vir jou te help. Hulle het jou seker van almal vertel, maar net dat dit sulke liewe mense is. Almal is by hulle liewe mense, tot ek ook. Maar hulle het hul moeilikhede ook. Ek wil jou iets vertel, nie om te skinder nie, maar om jou 'n latere teleurstelling te spaar. Miskien mag jy jou verspreek. Ons ander weet daarvan en sê nooit iets nie, want ons wil mnr. Castell nie seermaak nie. Jy het mos vanmiddag vir Willeman gesien?"

„Ja, mnr. Opperman."

„Sê maar Tewes. Nou ja, hy ly aan 'n baie bekende kwaal. Vreeslik baie dinge raak in die skool weg, soms geld van die onderwysers. Boeke soms. Jy moet jou klaskamer maar gedurig sluit. Jy verstaan, nè?"

„Ek dink ek verstaan. En Willeman is die persoon?"

„Ja, maar ons sê mnr. Castell nie dat dinge wegraak nie. Ons bewaar die geheim al jare."

„Maar kom hy die dinge by die huis nie agter nie?"

„Ons weet nie. As hy dit al agtergekom het, sê hy nie iets nie. Willeman is darem baie geslepe en het seker vir elke ding in sy besit 'n verklaring."

„Maar is dit nie beter dat ons dit vir hom sê

en hom help om die seun reg te kry nie? As ons almal saam help. . . .”

„Dit sal sy hart breek. Ek sien ek moet jou maar alles sê. Ons kan hom nie sê nie. Ons kan nie. Sien, mev. Castell ly aan dieselfde kwaal. Arme mnr. Castell dink ons weet nog nie daarvan nie en hy probeer om dit vir ons weg te steek. Hy dra dit maar alleen. Kan jy nou sien waarom ons hom nie van Willeman kan vertel nie?”

„Ek kan dit nie van mev. Castell glo nie!”

„Ek is jammer, ou kêrel, om jou so te ontnugter, maar ons doen dit met al die nuwe onderwysers. Hulle het besluit dat ek dit vir jou moet sê. En moet nooit ’n aanmerking oor Filand maak nie. Hy moet die artikels altyd weer terugbesorg. ’n Troue hond. . . .”

Tewes praat nie verder nie, maar stap haastig uit en trek die deur agter hom toe.

Stefaan staan lank ingedagte. Hy kan nie waag om uit te gaan nie. Nie nou nie. Toe Tewes, Tewes die hardvogtige, so skielik by die deur uitgaan, het hy sy gesig gesien en wis van die knop in sy keel.

XI

Stefaan staan die volgende môre om half-ses op. Die skool begin eers om agtuur, maar hy lê al van vieruur af en rondrol. Dit gaan vir hom 'n nuwe ondervinding wees. Vir die eerste keer gaan hy voor sy eie klas staan, die oë van die leerlinge gretig op hom gerig. In die gees is hy werklik voor hulle. Gisteraand het hy die gesigte van die koshuiskinders goed deurgekyk. Dit lyk vir hom almal goeie kinders. Hulle is voor hom en hy is werk aan duidelik maak. Dan gaan hy weer na 'n nuwe klas toe. Weer praat hy met hulle, vertel hulle hoe hulle hul moet gedra. Die oë is nog gretig op hom. Dan vertel hy hulle *sy* planne. Hy gaan baie, baie hard werk. Het hy dan nie die hele vakansie aantekeninge gemaak, die Geskiedenis-leerplan al deurgewerk nie!

Hy is terug in die stafkamer saam met al die ander. Dis net mnr. Greyling wat hy nog nie ontmoet het nie. Hy stel die man voor as lank, middeljarig. Die ouers is daar met die opening. Hy ontmoet hulle. Hy vlug in sy verbeelding vir die oë van die baie vreemde kinders. Die skoolkomitee is daar.

Hy is weer voor sy klas, in die stafkamer, weer in die klas, ontmoet die ouers, terug in sy klaskamer. . . .

Sy kop is warm toe hy om half-ses opstaan en badkamer-toe gaan. Hy skeer hom. Die meid bring koffie. Hy trek sy beste pak klere aan, versorg sy naels, maak sy skoene skoon. Dit val hom by dat hy nog die brief aan sy moeder moet klaarmaak.

Dis vir hom of dit 'n jaar is dat die brief al hier lê. Hy lees weer gedeeltes.

„Ek het al amper al die onderwysers en onderwyseresse ontmoet. Hulle is almal baie gaaf vir my. Mnr. Castell, moeder weet mos hy is die hoof, en sy vrou is twee baie liewe mense. Ek hou so baie van mev. Castell en dink sy is nes moeder. . . ."

Wanneer het hy dit geskryf? 'n Maand gelede? Haastig skryf hy die slot, plak die koevert toe en wag vir die eteklok.

Hy merk dat sy hande bewe.

Die laaste paar jaar was vir hom net 'n voorbereiding vir wat vandag 'n aanvang neem. Hoe beny hy mnr. Castell, Tewes, Vorster Geldenhuys en die ander nie! Hulle kan met soveel gemak oor hul jare van ondervinding gesels, lag oor hul eerste jaar van onderwys.

Die eteklok lui.

Tewes en die ander is amper vreemdelinge vir hom vanmôre. Hulle merk hom skaars. Hulle eet met 'n ongewone haas, die name van leerlinge word genoem, gissinge oor hul nuwe klas word gemaak.

Rina du Toit is ingedagte. Sy vra weer vir Tewes om haar die nuwe Gaset te laat kry.

Lottie Wessels bid voordat sy begin eet en die ander bly nie eens daardie oomblikkie stil nie. Stefaan is een wat nie graag die aandag op hom wil trek nie en soek nou 'n kansie om sy oë te sluit voordat hy begin eet.

Babs le Roux hou vol dat mev. Geldenhuys self aan haar gesê het dat sy en Vorster vanjaar gaan tennis speel.

„Dit sal nou weer elke môre 'n d—— eier wees," sê Sophy Lessing en Stefaan verbaas hom oor die krasse uitdrukking. Alle vroue is vir hom fyn en wonderlik, nes sy moeder.

Tewes begin toe bereken hoeveel eiers hy op dié manier in 'n jaar eet en kom tot die reusegetal van vyfhonderd-en-twaalf.

Klein Mary May sit alleen aan 'n tafel. Tewes wys na haar en uit die verwensing dat sy mag wurg aan die drooggebakte eier.

Sarie Oberholzer sit klein en verdruk langs Babs le Roux, sê nie 'n woord nie, maar kyk net kort-kort na Stefaan. Al wat sy geëet het, is 'n flentertjie brood en sy is nou besig met haar swart tee.

Stefaan skuif die suiker na haar toe, maar sy bloos net en sê: „Dankie, nie suiker vir my nie."

Toe Vorster Geldenhuys binnekom, is die atmosfeer dadelik opgewekter. Stefaan glimlag. Dis vir hom al of Vorster sy mauser by hom moes gehad het. Die man het 'n aansteeklike manier van lag en Stefaan merk dat Lottie Wessels meer menslik teenoor hom is, en hy is die enigste een wat haar insluit in sy gesprekke.

Spottend verklaar hy dat hulle 'n sterk wag om Stefaan moet vorm, want as hy party van die kinders sien, sit hy dalk op loop.

Op pad skool-toe — hulle is nou met hul sewe stuks — wys Vorster hom 'n skraal man van middelmatige lengte wat baie vooroor loop en sê dat dit Louis Greyling, die ander onderwyser, is.

„Die las van die opgroeiende jeug druk vanmôre swaar op die skouers van ons ou maat. Die man sal nog voor sy tyd doodgaan," besluit Vorster.

„Ek wens ek kan ons ou maat 'n slag in die Kalahari bring. . . ."

Stefaan gee nie aandag nie. Hy is meer geïnteresseerd in die kinders wat skool-toe gaan. Hy geniet baie aandag van hulle en voor die skool merk hy weer 'n slag hoe hulle begin fluister wanneer hy naderkom. Hy merk Willeman Castell en die seun uit die pastoriebank onder hulle op. 'n Klompie ouers staan met mnr. Castell op die voorstoep en gesels. Almal groet.

'n Oomblik stilte. Dis 'n vrugbare oomblik, een waarin hy opgesom word, gemeet met die maatstaf waarmee eenvoudige, nougesette mense iemand meet wat hulle meen hul meerdere is. Hy is onderwyser, Meronne se onderwyser. Hy kom in die plek van ou mnr. Servaas van Tonder, gepensioeneerde onderwyser. Hulle het almal 'n seggenskap oor hom, maar meer nog die lede van die skoolkomitee, want hulle het

hom uit drie-en-twintig applikante uitgesoek. Die leraar van sy vorige gemeente het hom geweeg en aanbeveel, sy professore het hom goeie getuigskrifte gegee; maar hy is nou hul eiendom.

Stefaan voel ongemaklik onder al die soekende oë. Sy kollegas het hom in hierdie oomblik almal verlaat. Net mnr. Castell staan nog hier. 'n Klompie seuns het nuuskierig nadergekom, wetende dat die onderwysers hulle nie sal verjaag wanneer hul ouers naby is nie.

„Dit is nou ons nuwe onderwyser," sê mnr. Castell en dis of die woorde hom moed gee.

„Dit is mnr. Le Roux, mnr. Collin."

'n Man van ses voet, stewig gebou, staan nader en neem sy hand.

„Ek is een van die skoolkomiteelede," sê hy.

Daar is 'n sekere manier waarop 'n mens dit moet sê. Dit kom later met oefening. Dit klink vir Stefaan of die man hier voor hom homself voorstel as die President van die Verenigde State.

„Ja," vervolg hy, „ons het drie aande gesit om te besluit. Ek is bly om te sê dat ek jou naam voorgestel het, mnr. Collin. Ons wil iemand uit 'n Christelike huis hê. Ek voel altyd dat jy baie, baie versigtig moet wees aan wie jy jou kinders toevertrou. Nou wil ek graag een van die eerstes wees om jou te verwelkom hier. Welkom, mnr. Collin!"

Miskien het Willem le Roux, skoolkomiteelid, slagter en handelaar, gevoel dat daar nog ander

persone is wat die nuwe onderwyser wil ontmoet. Hy het skielik afgebreek, sy hoed weer opgesit, onder die groepie uitgemaal en vir Wynand van Dyk gesê: „Ek hou regtig van die kêrel."

Die manier waarop hy dit sê, laat jou dink aan die tevredenheid van iemand wat 'n goeie kopie met 'n perd gemaak het terwyl hy eers gemeen dat hy sy geld in die water gesmyt het.

„Ds. Visser ken jy reeds, mnr. Collin. Hy is voorsitter van ons skoolkomitee."

„Ek het jou Sondag in die kerk ook opgemerk. 'n Goeie begin, mnr. Collin. Het jy al besluit oor die Sondagskool?"

„Dis ook een van ons skoolkomiteelede, mnr. Van Dyk," sê Karl Castell haastig. Hy wil Haldemar Visser van die Sondagskool-onderwerp afkry.

Iets hinder Stefaan nou. Van kleins af is hy een wat met die eerste kennismaking òf aangetrokke voel tot 'n persoon òf 'n afkeer van hom kry. Toe Wynand van Dyk sy sagte, klam hand in syne sit — jy kan dit nie anders noem nie — het hy dadelik 'n afkeer van die man gekry. Haastig kyk hy op in die man se gesig en word getrek deur die nou, vonkelende oë wat joue altyd vermy. Net 'n oomblik soek hy Stefaan se oë en die blik sak weer. Hy los Stefaan se hand en sê toe in 'n preektoon soos een wat iets tuis by die vrou geleer het:

„Wat almal skyn te vergeet, is dat u hier kinders moet leer. Ek het geen kinders in die skool nie — hulle wóu my glo op die skool-

komitee hê — maar ek let ander kinders op. Ek wonder of die onderwysers altyd weet wat hier op Meronne onder die kinders aangaan. Mnr. Collin, doen u plig. Die skoolkomitee is u vriende. My huis staan vir u oop."

Stefaan sou die gemeenskap later baie goed ken. Elke persoon wat hy vanmôre ontmoet, sou hy later intiem ken, ja met al hul voortreflikhede en gebreke. Nou kon hy egter nie eens hul name onthou nie. Hy het meer mense ontmoet. Party name onthou hy. Daar is Coller, Watermeyer, Dutsenski en Marais.

Daar is een wie se naam hy nie kan onthou nie, maar die kêrel gesels kort-kort met hom en dan spreek Stefaan hom maar as meneer aan. 'n Senuweeagtige kêrel. Twee-drie keer herhaal hy die grap dat hy maar net „standard five gefail" het, maar dat hy van plan is dat sy kinders enduit moet leer. Stefaan kon sien dat hy die ander met sy senuweeagtige gepraat verveel.

Die gesprekke verflou later. Mnr. Castell kyk weer 'n slag op sy horlosie, vee die glas met sy duim ingedagte af en steek die horlosie weer in sy sak sonder dat hy weet hoe laat dit is. Abe Dutsenski hou die gesprek aan die gang. Dit lyk vir Stefaan of hy die enigste een is wat heeltemal op sy gemak voel. Ds. Haldemar Visser is 'n paar man aan vertel wat 'n wynboer hom nou in die vakansie in die Strand vertel het.

„Dit lyk of hulle maar sukkel om werkvolk

te kry. Die probleem neem vinnig toe. Hy vertel my. . . .”

„Hier kom mnr. De Klerk nou,” sê die senuweeagtige kêrel op so ’n toon dat Stefaan hom moet omdraai om ook te kyk.

Die kinders gee dadelik pad voor die skool.

Basjan de Klerk sukkel swaar uit sy blink motor. Basjan sukkel altyd, of hy nou opstaan, loop of gaan sit. Stefaan het nog nie van die man gehoor nie, maar weet dadelik dat hy in Meronne iemand van belang is.

Basjan de Klerk het twintig jaar gelede na Meronne gekom as die skaapinspekteur, in daardie dae nog die skaapinspector, en van daardie dag af was sy vooruitgang net so fenomenaal as dié van ou Dutsenski, die vader van Abe Dutsenski. Seker net so gewetenloos as die Dutsenski van ouds het hy gou iets bymekaar gehad, al meer en meer vergader, erwe gekoop en verkoop tot hy vandag mnr. Basjan de Klerk is. Gou het hy die luissoekery laat staan vir ’n meer winsgewende bedryf, naamlik dié van geldrowery van diegene wat nie agterdogtig is nie. Hy het eers ’n handelshuis opgerig en na twee jaar het dit een nag afgebrand. Toe het hy ’n eksekuteurskamer opgerig en homself as sekretaris, bestuurslid en notaris van die liggaam uitgeroep. Dit kon nie afbrand nie, maar die penning van die weduwee het so vinnig verdwyn dat hy hom teruggetrek het net voor die ineenstorting. Toe het hy veekoper geword en nou rus hy van al sy arbeid.

Nog nie. Meronne kan sonder hom nie klaarkom nie. Daarom is hy hul lid van die skoolraad, ouderling, kassier — die geld raak nou nie meer weg nie — voorsitter van die dorpsbestuur, lid van die skoolkomitee, lid van die Afdelingsraad — die mense kla soms dat dit net die pad na sy plaas is wat in goeie orde is — en nog lid van baie ander liggame.

Basjan de Klerk, ons moet dit maar reguit sê, vertrou niemand nie. As sy buurman op die dorp saans sy kers doodknyp, dan wonder hy watter kwaad hy nou weer in die donkerte wil aanvang. In sy oë is die wêreld boos en vol ongeregtigheid en hy roep baie dae saam met David uit dat daar niemand is wat goed doen nie behalwe, behalwe Basjan de Klerk.

Vanmôre voel hy oor baie dinge ontevrede. Hy hoor mnr. Collin het Saterdag al aangekom en mnr. Castell het die man nog nie na hom oorgebring nie. Vir Haldemar Visser het hy uitdruklik laat weet om vanmôre by hom langs te kom en Haldemar het dit nie gedoen nie. Hy hoor vanmôre vroeg dat die kinders van ou Giel Pieterse al weer in die koshuis is. Die kinders verpes net die ander daar. Hy dag hulle het die saak verlede jaar al afgehandel.

Basjan het benewens al hierdie goeie en swak eienskappe die voorreg om die vader te wees van drie dogters, Laetitia, Toets en Millie. Toets, die tweede oudste, is sy regterhand. Dis sy wat die motor vanmôre bestuur en sy geniet met die stilhou dadelik Stefaan se aandag.

Hulle kyk mekaar in die oë en dadelik weet elkeen dat die waarneming aangenaam vir die ander is. Sy bly egter agter die stuurwiel sit terwyl Basjan soos gewoonlik sukkel om uit te klim.

Mnr. Castell stap hom tegemoet.

Basjan sê hardop: „Ons moet maar dadelik begin. Dis mos al laat, mnr. Castell. Ek het nog baie dinge om vanmôre te doen. Giel Pieterse wag vir my by die huis. Waarom almal altyd met hulle moeilikhede na my toe kom, weet ek nie. En is dit nou die nuwe onderwyser hierdie? Ek is die skoolraadslid, mnr. Collin. Kom maar na my toe as jy die dag moeilikhede het. Almal kom maar na my toe. Ek sien ou Berend Oelof het die skool maar vrot reggemaak. Ek het al weer nie agter hom gestaan nie! Lui maar die klok, mnr. Castell."

Abe Dutsenski, die enigste man wat nie vir Basjan bang is nie, sê spottend:

„Mnr. De Klerk het mos vanmôre weer met die verkeerde voet uit die bed opgestaan!"

„Ek wil graag vir jou hoor as jy soveel as ek te doen het!" antwoord Basjan, vat Stefaan se arm met die verskoning dat hy nie meer so jonk is nie en sê vertroulik:

„Die Jode het nog so baie hier te sê. Vader tog! wanneer sal die mense se oë oopgaan. Jy weet, mnr. Collin, Dutsenski se broer het al twee plase in die distrik, en op 'n skelmagtige manier in die hande gekry."

Hy spreek die woord as skelmmátig uit.

„Foei tog" en „Vader tog" is twee van sy geliefkoosde uitdrukkings.

Stefaan voel verleë met die man hier aan sy arm. Die oë van die skoolkinders is op hom gerig en vir sy sensitiewe natuur is dit 'n pyniging. Die man se houding hinder hom ook. Hy merk dat Tewes baie vol lag is. Sophy Lessing fluister iets in Rina se oor en dan kyk hulle na hom.

„Ja," sê Basjan, „ons Afrikaners is darem maar sleg. Foei tog! wanneer sal ons oë dan eendag oopgaan."

Onder die drukte van die eerste môre, die eerste dag van 'n skooljaar, word Stefaan aan die ander onderwyser. Louis Greyling, voorgestel. Die man het nie veel erg aan hom nie, groet hom half bedruk en knyp die boeke net vaster onder sy linkerarm. Vir Louis Greyling is die manewales van die eerste môre tydrowende dinge, belaglik selfs, maar hy is nie een wat dit sal sê nie. Hy sê nooit iets wat hy voel nie. Op Meronne noem hulle hom 'n swak onderwyser, baie swak. Ander noem hom weer „'n droë pruim", die kinders speel dikwels die gek met hom en sy kollegas het agting vir hierdie stil, toegewyde onderwyser.

Louis Greyling sê niks toe hy Stefaan ontmoet nie. Geduldig wag hy dat die verrigtinge moet begin. Hulle staan almal op die verhoog voor in die saal. Mnr. Castell sê hom om maar

sy boeke op die tafel neer te sit, maar hy sê net „nee dankie" en kyk by die venster uit asof iets baie interessants buite gebeur.

Stefaan het nie veel erg aan die sing en die gebruiklike Skriflesing nie. Die kinders vra sy aandag. Wat hom die meeste opval, is dat daar baie kinders is wat armoedig gekleed is, ander weer — soos seuns gewoonlik is — met onversorgde hare. Maar almal is stil en luister na die sagte stem van mnr. Castell. Daar is stoele reggesit vir die ouers en skoolkomiteelede, maar die oë van die kinders is meer op die onderwysers, veral Stefaan, gerig.

Ds. Haldemar Visser word gevra om 'n gebed te doen. Dis of Haldemar eers nie op stryk kan kom nie, of hy soek na gedagtes anders as die gewone. Stefaan kan nie begryp waarom dit is dat daar nie veel gees in sy gebed is nie. Maar na 'n paar minute se gesukkel vat hy koers en Stefaan kan nou luister na 'n ander ds. Visser. Hier is lewens wat gevorm moet word, hier is klei in die hande van pottebakkers, en mag die pottebakkers hulle oë gerig hou op die Groot Meester, die ware onderwyser, en hulle sal die klei vorm tot eer van God.

Iemand sug langs Stefaan en hy herinner hom toe dat Louis Greyling langs hom staan, met die boeke nog onder sy arm vasgeknyp.

Drie toesprake volg nou na die paar woorde van verwelkoming deur mnr. Castell. Eers

het Basjan de Klerk gepraat, toe Willem le Roux en daarna die man wat net „standard five gefail" het. Tot Stefaan se grootste verbasing vind die kinders die toespraak luimig.

Toe volg die groetery in die rondte. Die skool het begin.

XII

Daardie eerste dag al wou Stefaan in alle erns met sy werk begin. Toe mnr. Castell hom na die st. VII-klaskamer neem, was hy reg om met 'n geskiedenisles te begin, maar tot sy teleurstelling sê die hoof dat hy die name van die kinders moet afskryf en as daar nuwe leerlinge is, moet hy hulle na sy kantoor toe stuur. Daarna moet hy asseblief uitvind watter boeke die leerlinge nodig het — hier is die lys van die voorgeskrewe boeke en 'n lys van die handboeke vir die ander vakke. Hy moet uitvind watter kinders vry boeke ontvang — „uit die skoolfonds" sê mnr. Castell laggend — en dan kan daardie kinders na sy kantoor toe kom. Die leerlinge vir die keusevakke moet vasgestel word. Hulle kan kies tussen Wiskunde of Naaldwerk, Geskiedenis of Latyn. Hy moet nou maar eers al die dinge vasstel en dan kennis maak met die leerlinge.

Stefaan reken dat hy maar met 'n praatjie sal begin. Hy wil die leerlinge graag aan die begin van die jaar laat verstaan dat hy baie ernstig met die werk is en dat hy ywerige leerlinge wil hê.

Die seuns en dogters, vyf-en-dertig in getal, luister gretig. Dis 'n nuwe onderwyser en hulle is die bevoorregte klas omdat hy eerste by

hulle is. Vanmôre was daar al gissings na watter klas mnr. Collin sou kom. Die Senior Sertifikaat-leerlinge wou hom graag hê, want Fransie van der Westhuizen, mnr. Geldenhuys se stiefdogter, het die dogters Sondag by die kerk vertel dat hy so 'n mooi man is. Sy kon haarfyn beskryf watter klere hy aangehad het, die kleur van sy hemp en das, die skoene en „hy het die wonderlikste lag wat ek al gesien het."

„Ek voel somaar," sê sy daardie Maandagmôre, „dat ek verlief gaan raak. Dis die moeite werd om op so 'n man verlief te raak. Hy gesels ook nie so uit die hoogte met jou nie. Die ander onderwysers was by. Ek wonder as ons twee nou alleen was! Ou Sophy Lessing en ou Rina du Toit het my met nét sulke oë aangekyk. Haai, jong, daar is hy nou."

Dit was nie juis nie. Om mee te begin het Sophy en Rina haar glad nie met sulke oë aangekyk nie en dan is dit ook Louis Greyling wat nou na hulle klas kom en glad nie Stefaan Collin nie.

Toe Louis binnekom, sê Fransie hardop: „O, help!" Ten minste, dit het so geklink.

Die spanning onder die meisies duur tot elfuur voort. Louis Greyling voel vanmôre dat sy werk nie vrugbaar is nie. Daar voor die swartbord bly hy staan en probeer om die wiskundeprobleem aan die kinders duidelik te maak, maar vorder nie juis nie. Hy het weer sy wit pak aan en dan, sê die kinders, is hy nooit streng nie. Vanmôre voel hulle nie lus

vir enige inspanning nie en op sy goedige manier skryf hy later die hele probleem uit en vra hulle om dit in hul oefeningboeke af te skrywe.

Intussen het Stefaan sy preek onder goeie aandag van die klas gelewer en weet dat hy nou nie moeite van hulle sal ondervind nie. Die name van die kinders het hy afgeskryf. Hy wonder hoe hy hulle ooit gaan ken. Sy oog val weer op die lys. Antonise, Gerrit Maritz; Bosman, Sarel Johannes Christiaan; Bruwer, Johanna Magdalena; Bushet, Kathleen; Conradie, Elizabeth Maria. . . . Ja, hoe gaan hy die vyf-en-dertig leerlinge ooit ken?

Nou die boeke.

„Gerrit Antonise, gaan jy vir jou boeke self betaal?"

„Meneer, ek weet nie. Ek sal eers vir my ma vra, maar ek glo nie, Meneer."

Dit alles sonder asemskep.

'n Merkie agter sy naam.

„En jy, Sarel Bosman?"

„Pa het gesê hy kom Meneer self sien."

„Johanna Bruwer?"

„Ons betaal altyd vir ons boeke, Meneer."

'n Strepie agter hierdie naam.

„Kathleen Bushet?"

„Yes, Sir."

„Are you English-speaking, Kathleen?"

„Yes, Sir."

„Of course you want English copies?"

„Please, Sir."

„Elizabeth Conradie?"

„No, Sir, we can't pay for our books."

„Are you English-speaking, or are you trying to play the fool?"

„No, Sir! We speak English at home."

„Are there any more English-speaking children?"

Vyf leerlinge staan op behalwe Kathleen Bushet en Elizabeth Conradie. Hulle gee hul vanne op as Du Toit, Marcus, Lotriet, Visser en Wentzel.

„Are you sure it's Visser and not Fischer, Andries?"

„Yes, Sir. We never speak anything else at home."

„Sit dan maar," sê Stefaan.

Stefaan voel teleurgesteld. Aan sommige leerlinge se uitspraak kan hy hoor dat Engels hul tweede taal is — miskien 'n vooroordeel teen hul moedertaal omdat die liefde daarvoor by hulle nooit aangekweek is nie. Stefaan besluit daar en dan om 'n paar dae te wag en dan 'n praatjie met die leerlinge te hou oor die woorde: „Wees uself."

Toe die klok elfuur lui, is hy nog besig om uit die skrale gegewens vir mnr. Castell die gevraagde lys op te stel.

Die skoolhoof wag vir hom op die stoep voor die stafkamer. Vandat hulle vanmôre hier by die skool gekom het, merk Stefaan 'n verandering aan mnr. Castell. Die man is nog net so vriendelik, maar hy is 'n onderwyser in stem

en gebare, amper of hy 'n bevel vir jou gee en verwag dat dit uitgevoer moet word, selfs wanneer hy so 'n eenvoudige ding doen as om jou in die stafkamer in te nooi.

Binne is dit amper so erg soos 'n Jodebasaar. Die onderwyseresse lag onnodig hard, baie opgewonde op hierdie eerste môre. Lottie Wessels sorg vir die tee omdat sy duidelike leiding gekry het dat sy dit op haar moet neem. Sy doen dit ook amper onder biddend opsien, is nogal verdraagsaam teenoor die baie tee wat Vorster Geldenhuys drink en die ergerlike rookgewoonte van Tewes en Louis Greyling. Dis die enigste euwel wat Louis homself veroorloof.

Die gesprekke gaan oor die verskillende klasse. Tewes kan die st. IX nie onder sy oë verdra nie. Babs le Roux bly naby hom staan en vertel aan die ander hoe 'n swak klas sy vanjaar het.

„Dis tog nie my skuld nie," sê Rina du Toit. „Julle weet almal hoe ek verlede jaar oor hulle gekla het. Daar is net een of twee wat leer en hulle ouers is weer heeldag hier met klagte oor die skool. Babs, jy moet maar stadig met hulle. Wag, jy sal ook vanjaar uitvind hoe 'n kruis hulle is. . . ."

„Louis, wat het jy in die vakansie gemaak?" wil Vorster weet.

„Ek het maar by die huis gebly," antwoord hy nadat hy eers 'n lang ruk gewag het voordat hy antwoord.

„Kind opgepas?" wil Tewes weet.

Louis antwoord nie. Vorster vertel vir die

wat wil luister hoe 'n vakansie hy gehad het. Dit gaan later baie luidrugtig. Almal praat tegelyk behalwe mnr. Castell, Stefaan en Louis. Ongemerk stap laasgenoemde terug na sy klaskamer.

Dis vir Stefaan opvallend dat Sarie Oberholzer daar eenkant staan. Sy is glad nie tuis tussen die ander nie. Hy stap na haar en begin oor die leerlinge te gesels, maar sy sê net dat sy die sekondêre kinders nie ken nie. Sy lyk ongemaklik en haar oë dwaal in die stafkamer rond nes of sy wil wegvlug. Toe hy 'n oomblik in haar oë kyk, dink hy aan 'n wildsbokkie wat jy swaar gekwes het.

Sophy Lessing, Babs le Roux, Tewes en Vorster is seker bekwame onderwysers. Die gemak waarmee hulle met die ander omgaan, gee hom die gedagte. Mnr. Castell, Louis Greyling en Sarie Oberholzer vind hy baie meer interessant, en natuurlik Vorster Geldenhuys. Laasgenoemde het 'n aansteeklike manier van lag en Stefaan merk dat hy die enigste een is wat Sarie aan die praat kry. Hy is Lottie Wessels se gunsteling ook. Wat is die geheim van sy krag oor hierdie twee?

Dit skyn of almal hom heeltemal vergeet het.

XIII

Antoinette Visser is bly dat die skool vanmôre begin het. Meronne is tog so stil gedurende die somervakansie. Dan is die meeste van haar vriende ook met vakansie en haar werk nie meer so plesierig nie, want sy is een wat van baie geselskap hou.

Sy is een wat mense baie goed begryp en daarom kan sy hulle baie gebreke vergewe. Sy vergewe net haar familie nie graag nie en is ook nie so verdraagsaam teenoor hul foute nie. Marie en Conrad is tog weer in die skool, die vernaamste rede waarom sy bly is dat die vakansie verby is.

Nou dat Babs le Roux, Sophy Lessing, Tewes en Vorster weer hier is, sal dit ook plesieriger op die tennisbaan wees. Tot almal se verbasing — want sy is 'n baie opgewekte persoon — is sy groot maats met die stil Sarie Oberholzer. Hulle kuier gedurig oor en weer.

Sarie wag net tot vyfuur wanneer Antoinette uit haar kantoor kom — sy werk by mnr. Herman Carstens, die prokureur — en dan stap sy oor na die pastorie, gesels daar of stap saam met Antoinette na die tennisbane. Dikwels stap Antoinette weer na die losieshuis, gesels daar en speel brug in die aand. Dis wat baie mense ook nie kan verstaan nie, want Sarie kan nie brug speel nie. Maar dit hinder haar nie.

Sy sit maar langs Antoinette tot hulle daar opstaan. Gewoonlik het sy 'n stapel opstelboeke op haar skoot en sien dié onder al die lawaai na.

Antoinette is vriende met almal. Dit maak haar baie gewild op Meronne, maar hierdeur het sy ook 'n paar vyande gekry, want die dogters van Basjan de Klerk en Willem le Roux kan haar hieroor nie verdra nie. As sy hul vriendin wil wees, kan sy nie met enigeen omgaan nie.

Antoinette is eintlik 'n teleurstelling vir haar vader, ds. Haldemar Visser. As kind was sy tog nie buitengewoon skrander nie. Hy het altyd gesê dat sy sy skranderste kind is. Maar sy wou nooit leer nie. Mev. Visser het mooi gepraat, later mnr. Castell se hulp ingeroep, maar die kind wou nie leer nie. Karl Castell, wat 'n goeie mensekenner is, het tereg gedink dat sy nooit in 'n pastorie moes opgroei nie.

Ja, Antoinette is vir Haldemar 'n teleurstelling. Hy is een wat verwag dat sy kinders skrander moet wees, want is Haldemar dan nie skrander nie? As sy nie skrander is nie, dan is dit 'n aantyging teen sy vrou se verstand en vernuf, maar nie teen syne nie. Hy het haar nooit probeer verstaan nie, nie een oomblik gedink dat sy 'n groter vlug wil neem, dat die onderwysmoontlikhede wat hy haar wil aanbied, haar nie trek nie. Van kleins af het hy haar vertel dat sy eendag onderwyseres moet word, want die ander professies is nie vir meisies

bedoel nie. Toe sy hom een dag sê — sy was nog maar vyftien en het dit glad nie so bedoel nie — dat sy by mnr. Willem le Roux in die winkel wil gaan werk, het hy die uitdrukking gebruik dat sy 'n basilisk is. Sy het hom met groot oë en nukkerige krulle aangekyk soos hy daar langbeen in een van sy gemakstoele sit en net gewonder wie van hulle twee die basilisk is. Wat sy ook nie kon verstaan nie, is hoe haar liewe moeder in so 'n swaarlywige man sin gekry het. Sy het natuurlik nie vermoed dat Haldemaar nie altyd so swaarlywig was nie, dat hy in sy jong dae 'n groot sportman was.

Om die waarheid te sê, sy het nie geweet wat sy eendag wil word nie. Onderwyseres in elk geval nie. Op agtienjarige ouderdom wou sy met mag en geweld aansluit by een van die reisende toneelgeselskappe. Dit het Haldemar so ontstem dat hy die volgende Sondag weer een van sy hoogtepunte bereik het. Hy weet vandag nog nie dat haar reissakke ingepak was, alles klaar, maar dat haar moeder haar oorgehaal het nie. Daardie dag het sy haar hart uitgepraat en 'n mens wens dat Haldemar net om die hoek kon gestaan het. 'n Mens wonder wat hy sou gesê het as hy daardie sekure ontleding van sy karakter kon aanhoor.

Mev. Visser het van haar die belofte verkry dat sy eers die Senior Sertifikaat-eksamen sou aflê en dan kon hulle saam oorweeg of sy nog sinnigheid vir 'n toneelgeselskap het.

Mev. Visser was reg. Die lus was skoon weg,

maar 'n nuwe gril het by haar posgevat. Sy en Susie le Roux, Willem le Roux se dogter, wou deelneem aan 'n groot betroubaarheids-motorrit van die Kaap na Beira. Haar moeder het Haldemar hiervan niks gesê nie. Miskien sou hy hierdeur so 'n glanspunt bereik dat sy daaronder sou ly, want sulke tye was hy baie humeurig.

Dan gaan sy na die Vliegskool by Wynberg. Hiervan het Haldemar terloops gehoor, haar in sy studeerkamer geneem, aan die sonkant van die huis, en wat daar voorgeval het, weet sy vrou nie eens nie, maar Antoinette se oë was rooi gehuil en Haldemar het 'n reeks preke vir die jeug gehou. Drie maande lank, tot mev. Visser se ontsteltenis, het sy nie met haar vader gepraat nie.

'n Rukkie later het sy net een môre vir haar moeder gesê dat sy by mnr. Herman Carstens in die kantoor gaan werk. Daar dit toe ten minste op vaste grond was, het Haldemar geen beswaar ingebring nie. Mev. Visser het weer 'n slag voorgestel dat sy eers haar musiek-eksamens aflê en dan besluit, maar Antoinette wou hiervan nie hoor nie. Sy het 'n natuurlike aanleg vir musiek, speel dikwels van haar eie komposisies, maar haar vader het dit ook vir haar bederf deur te sê dat sy musiekonder-wyseres moet word.

Hierdie familietwis het Haldemar baie uit-geput en Antoinette vir goed van hom verwyder.

Die eintlike fout is dat Antoinette so baie

van haar vader in haar het, die swak, voos plekkies, dat Haldemar aaneen daarteen vaskyk en die goed in haar nie raaksien nie. Sy weer het 'n selfstandige opinie, kan sake gou opsom, het baie mensekennis en glo vas dat die ouer geslag die jeug van vandag nie begryp nie.

Nou werk sy by Herman Carstens in die kantoor, is hoegenaamd nie gelukkig nie, maar laat Haldemar verstaan dat sy uiteindelik haar lewensideaal bereik het.

Agtuur daardie Maandagmôre sit sy aan die ontbyttafel, erg uit haar humeur. Reg teenoor haar sit Conrad met papnat hare, wat darem nog nie wil lê nie en slurp sy pap onnodig haastig in, want hy wil vroeg by die skool wees. Hy verstaan daar is baie nuwe outjies in die koshuis en hulle moet gedoop word. 'n Mens kan daardie verrigting nie misloop nie. Hy kan sy pa se stem so goed namaak dat hulle hom vir die seremonie gebruik, ten minste by die laaste stertjie, wanneer die kind se kop onder die vuil inkwater gedruk word.

Langs sy vader lê die Bybel en die dagboekie. Vroeg vanmôre al het hy gekyk of dit 'n kort stukkie is. Toe hy ontdek dat dit buitengewoon lank is, byna twee bladsye, het hy die tweede bladsy netjies uitgeskeur. Na die ete word gelees, want Haldemar lees nie graag voor ete nie. Conrad hoop maar net dat alles goed sal afloop. Marie sit langs haar vader. Sy lyk mooi in haar skooldrag. Dis net die sproete wat so erg volop is, meer opvallend in die

warm weer. Haldemar help eers vir haar, dan vir homself en daarna sorg Hilda, sy vrou, dat die ander ook iets kry.

Hilda Visser moet weer die vrede vanmôre bewaar. Haar man is nou aan praat en sy weet presies wanneer om in te tree. Sy kan nie help om na sy swart onderbaadjie te kyk nie. Haldemar lyk vir haar so verspot as hy die môre vererg is. Dis of die paar vuil plekkies op die onderbaadjie dan meer merkbaar is. Waarom moet hy altyd daardie onderbaadjie aantrek terwyl hy so baie skones het?

„Antoinette, ek het al van tevore vir jou gesê dat ek nie van hierdie verspotte drag van jou hou nie: hare soos 'n seun, klere wat 'n mens nie weet of dit 'n rok of 'n broek is nie. Conrad, 'n mens stamp nie jou bord weg nie. Nou wil ek maar sê, Antoinette, dat ek nie daarvan hou nie, want nou dat die onderwysers terug is, sal jy seker weer daarmee begin. Hilda, jy kan hulle gerus een aand oorvra, dan het ons ons plig teenoor mnr. Collin ook gedoen. Dit bly ook maar net 'n gewoel en 'n mens kom nooit tot rus nie. Vra maar die Castells ook oor. Conrad, kom sit op jou plek! Jy kan nie alweer skool-toe hardloop nie. Ek weet nie wat julle so vroeg by die skool wil gaan soek nie. Nou ja, Antoinette, ek hoop dit sal nie weer nodig vir my wees om hieroor te praat nie."

Haldemar is gewoond dat Antoinette altyd 'n teenantwoord het, en hy kan nie verstaan

waarom sy niks sê nie. Is die kind nog boonop nukkerig ook?

Antoinette het vanmôre met 'n nuwe besluit opgestaan. Sy wil werklik probeer om haar vader te verstaan. Sy is nog jonk en as sy sy vertroue eers gewen het, kan sy hom later oorhaal om haar na 'n kunsskool te stuur. Sy het 'n natuurlike aanleg vir skilder, dit weet sy, en 'n kursus van 'n jaar of twee kan nie te veel kos nie. Sy verdien nou maar min en is nie gelukkig in haar werk nie. Haar vader sal haar moet help. Toe sy dit eers besef, is sy ook bereid om haar vader beter te probeer verstaan. Die skole begin vanmôre. Dis 'n goeie mylpaal in die lewe. Sy sal van vandag af anders te werk gaan. Daarom antwoord sy nie.

Hilda Visser kyk ook verbaas op. Is daar weer 'n woordetwis aan kom? Sy hoop tog nie.

Haldemar Visser sit sy klein messie neer en besluit dat dit tyd is om streng op te tree.

„Waarom lyk dit vir my of jy nog boonop nukkerig ook is, Antoinette? Ek het net gesê wat enige welmenende vader sou sê."

Antoinette is lus om vir hom te sê dat dit juis is wat hy nog nooit was nie. Sal sy hom verder sê dat hy 'n regverdige, opgeblase man in haar oë is, regverdig soos hy dink en opgeblase in haar oë? Waarom mag jy vir jou vader nie so iets sê as dit tog die waarheid is nie? Waarom kan jou vader jou oordeel en jy nooit sê wat jy van hom dink nie? Dit sal tienmaal beter wees as om op te krop, dag na dag, tot jy later moet

uitbars. Sy wil hom toesnou dat hy 'n outokraat is, 'n oorheerser. Kyk hoe lyk haar moeder al! Sy het haar siel verpag vir die voorreg om die vrou van die pastorie te wees. Wat hy op die gemeente nie kan uithaal nie, haal hy op haar uit, op haar en Antoinette.

„Antoinette, ek praat."

„Ja, Vader."

„Ek wil nie hê jy moet nukkerig wees voor Conrad en Marie nie. Daar is geen rede waarom 'n mens ooit nukkerig hoef te wees nie. Ek hoop jy neem ter harte wat ek gesê het?"

„Ja, Vader."

Doodtevrede tel Haldemar weer sy mes op en eet verder. Hy begin dink dat Antoinette ook al die stryd gewonne gee. Hy voel nogal bly oor die maklike oorwinning, want vanmôre, na die Sondag, is hy nie in 'n stemming om hom baie uit te put nie.

Hilda is ook bly. Antoinette is nie heeltemal reg as sy dink dat Hilda maar net 'n willose slaaf van haar man is nie. Sy is die jongste van twaalf kinders en toe sy haar verstand gekry het, is haar vader al dood. Haar moeder het met soveel verlange van hom gesels, soveel agting vir hom gehad, dat sy in die mening dat alle mans goed is, ingegroei het. Die sorg van haar huis, maar veral Marie, eis so baie van haar dat sy nog nooit gaan stilsit het om Haldemar te ontleed nie. Sy was twintig toe sy met Haldemar, die Springbok-voorspeler, getrou het. Hy was toe al agt-en-twintig, en wat

Haldemar doen, is goed in haar oë. Maar sy besit meer mensekennis as hy en weet dat hoewel Antoinette so gedwee is, alles tog nie pluis is nie.

„Lees Vader vanmôre?" wil Conrad weet of liewer sy vrees bevestig hoor.

Op so iets antwoord Haldemar nie.

Sy moeder fluister: „Natuurlik, Conrad! Vader is nog besig."

„Mammie," sê Marie snipperig, „Conrad wil net weer die nuwe kinders gaan doop. Dit is so, Conrad. Jy het die nuwes verlede jaar ook gedoop en dan praat jy net soos Pappie."

Sy is die enigste een in die huis wat hom Pappie noem. Vir die ander, selfs vir Hilda, is hy Vader.

„Wat hoor ek, Conrad! ?" sê Haldemar met die Bybel voor hom oop.

„Julle moet tog nooit stout wees nie, kinders," sê Hilda haastig.

'n Ou gewoonte van haar. Wees eerste met jou bestraffing en Haldemar se aanval verloor baie van sy woede.

„Ek sal mnr. Castell daarvan moet sê. Gebruik jy tog nie ook die woorde wat ek met die doop sê nie, Conrad?"

„Ja, Pappie. Hy sê altyd: Ek doop jou in die naam. . . ."

„Sjt!" sê Hilda Visser, verskrik deur die goddeloosheid van haar seun.

„Kom na my studeerkamer net na die lees, Conrad," sê Haldemar, nie so seer om die

woorde wat hy gebruik het nie, maar die gedagte dat Conrad hom napraat, is pynlik.

Vanmôre lees hy besonder lank. Hy weet Antoinette en Conrad is haastig en hy wil hulle nie nog verder sterk in hul kwaad nie. Hierin is hy dood-opreg. Hy mag miskien al laks in die uitvoering van sy pligte teenoor die gemeente geword het, maar sy huisgodsdiens probeer hy nie verwaarloos nie.

Die dagstukkie volg. Toe hy aan die end van die bladsy kom en op die ander een daarteenoor wil lees, merk hy onraad en so ook mev. Visser.

„Conrad," sê hy, „wie het hierdie bladsy uitgeskeur?"

„Ek weet nie, Vader."

„Moenie 'n leuen vertel nie, my seun."

„Ek weet nie, Vader."

„Conrad," sê hy tot die seun se ontsteltenis, „ek het die stukkie vanmôre gelees en toe was die blad nog in. Sal jy nou vir my sê wie dit uitgeskeur het?"

„Pappie, ek het vanmôre gesien hy staan met die boek," gee Marie antwoord.

„Bid maar vir ons, Haldemar," sê mev. Visser.

„Dit help nie dat jy die kinders so voorgaan nie, Hilda. Conrad moet eers sê *hy* het dit gedoen. Conrad, Marie sê jy het vanmôre met die boek gestaan."

„Ek wou die boeke tafel-toe bring, Vader, toe die boek val en ek die blad per ongeluk uitskeur," huil Conrad.

„Per ongeluk, Conrad, as dit net vanmôre se stukkie is wat uitgeskeur is!"

„Bid maar vir ons, Vader, dis al laat."

„Jy sal jou straf nog kry, Conrad, maar ek moet jou 'n les ook leer. Die les is dat jy nooit haastig moet wees nie. Nie een van julle nie. Ons sal nou môre se stukkie ook lees en dan moet jy ons vertel wat daarin staan."

Antoinette kyk na Conrad, skud haar kop om hom te beduie dat hy sy pa genoeg probeer het en laat haar kop op haar bors sak. Dis die beste houding, het sy uitgevind. Die mense dink jy luister mooi en al die tyd kan jy aan ander dinge dink.

XV

Nie een van prof. Dirk Redelinghuys se studente was seker so ernstig gestem in die lewe as Stefaan Collin nie. As Stefaan 'n medemens onbillik behandel het, het hy hom daaroor baie verknies totdat 'n nietige dingetjie later soos 'n groot oortreding vir hom gelyk het. Ou prof. Redelinghuys was nie daarvan bewus nie, maar Stefaan het elke wenk van hom onthou en probeer toepas. Die meeste van hulle was onprakties, soos jy maar gewoonlik op 'n opleidingskool ontvang. Maar prof. Redelinghuys het die lewe nooit begryp nie, 'n kind gebly vol vertroue in sy medemens, al kon hy van baie teleurstellings getuig. Wanneer hy voor sy klas staan, het hy hulle vergeet en verkondig dat elke kind goed is. Daar is nie so iets as 'n probleem-kind nie, het hy met 'n glimlag gesê. „Ons sou almal probleem-kinders wees as die mense ons nie begryp het nie. Nou is die meeste van ons welgesteld op skool, eet genoeg, trek beskaaf aan, praat op 'n beskaafde manier en gevolglik val ons onder een en dieselfde norm. Iets gebeur en ons reageer so. Môre en oormôre sal ons weer so daarop reageer. Hou die moeilike kind dop. Hy kom gewoonlik uit 'n minder gegoede huis, het een of ander

gebrek en weet dat sy ouers nie soos die gewone gemiddelde persoon is nie."

Prof. Dirk Redelinghuys, konservatief, streng godsdienstig, intellektueel, onprakties. Stefaan Collin kon sy invloed nie afgooi nie, miskien omdat hy in 'n huis grootgeword het waar hulle 'n paar eenvoudige Bybelwaarhede as uitgangspunt vir die lewe geneem het. Later sou hierdie opvoeding en karaktervorming hom lastige probleme besorg, maar op die oomblik het hy die waarde daarvan besef en dieselfde stempel op sy leerlinge probeer afdruk.

Een van die wenke wat prof. Redelinghuys baie beklemtoon het, was dat 'n onderwyser al die ouers van sy skool moet ken. Stefaan het die belangrikheid hiervan ingesien en op die plaas al besluit dat hy elke ouer, arm of ryk, sou besoek.

Die Maandagmiddag is hy nie saam met Vorster Geldenhuys na sy huis toe nie. Vorster het nie weer daarvan gepraat nie, en toe Stefaan sy verbasing hieroor uitspreek, het Tewes laggend gesê dat hy Vorster nog nie ken nie. Stellig sal hy vanmiddag in die veld inry om te gaan jag, ja, hy sal die polisie ook saamneem, maar tuis sal hy nie wees nie.

Stefaan besluit om somaar daardie middag al met die huisbesoek te begin. Toe mnr. Castell daarvan hoor, het hy hom nog aangemoedig en gesê dat dit 'n goeie beginsel is. Die ander het verskillende aanmerkings gemaak; net Louis Greyling het niks gesê nie.

Stefaan het 'n lys van die name van die sekondêre leerlinge, ses-en-neëntig in getal, by hom. Hy merk dat sekere name baie voorkom. Dit lyk of die algemeenste een Van Vuuren is, dan volg Bester en dan Reyneke. Die Conradies lyk ook volop. Daar is nie minder as drie in die st. VIII-klas nie.

Baie van die leerlinge, primêr sowel as sekondêr, loseer by die skoolhostel, wat die naam Armkoshuis dra. Stefaan dink dadelik dat so 'n benaming nie opvoedkundig reg is nie. Prof. Redelinghuys sou sê dat as 'n mens 'n koshuis so 'n naam gee, jy net probleem-kinders daar moet verwag.

Stefaan nooi Tewes saam, maar dié verbaas hom weer met sy antwoord: „Ek maak 'n ouer nie aan so iets gewoond nie. Hulle moet so min as moontlik van jou sien. Hulle weet reeds te veel van die onderwyser af. Nee, ou maat, gaan jy maar alleen. Dis net Lottie Wessels wat sal saamstap en sy het 'n biduur saam met die kinders in die Armkoshuis vanmiddag. Jammer."

Maar hy het Stefaan darem goeie raad gegee, altans so het Stefaan gedink.

„Jong, begin somaar by die bodorp en dan gaan jy onder uit. Dit sal jou 'n week neem. Sê jy is ds. Visser. Die ou kêrel sal dit waardeer. O ja, gaan na die pastorie so teen vyfuur se stryk en jy sal 'n mooi nôi daar raakloop. Maar nie later of vroeër nie. Dit vaar jou wel," en met hierdie woorde in sy ore het Stefaan

die sandstraat na die bo-end van die dorp geneem.

'n Vaal huisie staan op die bopunt. Toe Stefaan aankom, merk hy niemand daar nie. Die deur en vensters is styf toe. 'n Lendelam hekkie, vasgehaak met 'n bruin sooltjie, is tussen die twee houtpale en dié dreig om vooroor te val. Waar hy blomme verwag het, skop die hoenders tussen 'n klompie beet. Met gekekkel vlieg hulle oor die draad en dit lok 'n meisie van ongeveer twintig jaar om die hoek. Sy verdwyn gouer as wat sy gekom het. Stefaan hoor haar net 'n vloekwoord gee en 'n paar velskoene en swart kouse verdwyn om die hoek. Hy klop. Binne fluister mense. Hulle giggel ook. Dan sê iemand: „Moenie vir jou verspot hou nie, Silvia. Gaan maak die deur oop!"

'n Doodse stilte volg. Daar kraak die vloer, die voordeur gaan oop en Silvia staan voor hom. Stefaan se oë val eerste op die bruin harmonium, die graspluime in die blompot en die hanslam wat agter Silvia staan.

„Ja?" sê Silvia.

Twee kindertjies loer agter 'n groot gordyn uit, die gesiggies vuil, en elkeen met 'n stuk brood in die hand.

„Ek is Collin," sê Stefaan ongemaklik, want hy sien sy is nie van plan om hom in te nooi nie. Dis vir hom of prof. Redelinghuys die resep nie heeltemal uitgeskryf het nie. Hy het nie gesê wat 'n mens in so 'n geval moet doen nie.

Die naam het blykbaar vir haar geen betekenis nie.

„Ja?" sê sy weer.

Iemand skreeu nou:

„Dis die nuwe meester. Sê hy moet inkom."

Dit laat Silvia senuweeagtig lag, waarom weet Stefaan nie, maar nou maak sy die deur heeltemal oop en nooi hom in.

„Ma het gedag dis weer 'n traveller," sê Silvia en Stefaan voel dat 'n onderwyser in haar oë 'n rapsie beter as 'n handelsreisiger is.

Silvia sit en hy sit.

„Dis warm, nè?" sê Stefaan.

„Ja," sê Silvia.

Die twee kinders is nou al binne die vertrek. Hulle eet nog, maar die oë bly op Stefaan. Dan stamp die oudste die ander een van die stoel af en dié sit 'n keel op.

„Gaan kombuis-toe," sê Silvia, maar hulle retireer net tot by die gordyn.

„Is julle al in die skool?" vra Stefaan by gebrek aan beter gesels.

Die twee kyk mekaar aan, lag en begin mekaar rondstamp.

„Stewie! Floors! ek slaan vir julle!" is Silvia se bydrae tot die gesprek.

„Ek het net kom kennis maak. Is jou pa miskien hier?"

„Pa werk by die butcher, maar ma is darem hier. Sy sal nou kom."

„Dankie."

Stefaan gee die stryd maar op en wag liewer

vir die ma. Hy lag maar vir elke nuwe frats van Stewie en Floors en dit moedig hulle so aan dat hulle nou al op die vloer lê en stoei. Hy weet dat Silvia se oë hongerig op hom gerig bly en daarom kyk hy nie na haar kant toe nie. As hy orals so opgehou word, sal hy nie baie huisgesinne kan besoek nie.

Die twee op die vloer speel nou nie meer nie. Stefaan was bang daarvoor en instede van lag vir hulle fratse het hy nou net tande gewys as hulle na hom kyk. Stewie kry Floors aan die hare beet en laasgenoemde is aan die huil.

„Sie julle, loop speel!" dreig Silvia en Stefaan merk nou eers dat sy nie meer die velskoene aan het nie.

„Stewie is in standard one", sê Silvia vir Stefaan soos een wat groots is dat haar hoenders al begin lê.

„So?" antwoord Stefaan al amper bedruk.

„Ma sal nou kom," vervolg die meisie, staan op en stap uit.

Stefaan het die genot om ongestoord aan al die onderwysprobleme te dink.

'n Gesette vrou kom binne. Haar gesig lyk nog jonk, maar die kort geknipte hare by die gesette lyf laat haar potsierlik daar uitsien. Sy groet Stefaan manhaftig, krap haar arms op en af — seker 'n gewoonte — en vra wat hy wil hê.

„Mevrou, my naam is Collin. Ek is die nuwe onderwyser. Ek wil baie graag met die ouers

kennis maak. Ek weet darem nog nie u naam nie."

„Sit, mnr. Collins."

Van daardie dag af het sy hom mnr. Collins genoem, al help die ander haar ook hoeveel keer reg. Sy het ook, soos sy vir die ander vrouens gesê het, dadelik van die mnr. Collins gehou.

„My van is Le Roux. My man is 'n broer van Willem le Roux wat die groot winkel hier op die dorp het."

„O ja, mevrou, ek het die winkel al gesien. Dit is net regoor die hotel, nè?"

„Dis die winkel. Willem is net ouer as my man."

'n Dogtertjie van ongeveer nege jaar bring nou 'n baba onhandig na mev. Le Roux. Sy neem dit en sit die kindjie op haar skoot en beveel Bekka om te gaan speel.

„Nou, mnr. Collins, wat is die moeilikheid al weer by die skool?"

„Nee, mevrou, sover ek weet is daar nie moeilikheid nie. Ek is so pas maar hier aangestel en wil net kennis maak."

„O, ek dag daar is al weer moeilikheid!" laat sy volg en begin die baba sus.

Stefaan probeer weer. Hy vra haar of sy kinders in die sekondêre klasse het.

„Ja," sê sy haastig, „Lulu is in standard five, Gysie in standard four, Dirk in standard three, Stewie in one en Floors in Sub. A. Ek wil somaar vir meneer vra om tog te kyk dat die

ander kinders nie my kinders se klere so skeur nie. Ek het 'n verkeerde man en ek wil liewers nie weet wat hy sal maak as ek hom daarvan sê nie."

Stefaan weet nie bra wat hy hierop moet sê nie en mompel maar iets van „hy sal daarna kyk".

„En nog 'n ding," vervolg mev. Le Roux, „die miss Lessing het 'n mode om die kinners se ore te trek. Ek weet nie wat foeter hulle al by die kinners se kop nie. My man sê altyd elke kind het 'n groot plek gekry waar jy hom kan slaan. . . ."

Nou moes sy asem skep en Stefaan maak gebruik van die kostelike geleentheid.

„Mev. Le Roux, ek het eintlik net kom kennis maak. Ek dink as ouers en onderwysers mekaar ken, sal ons die kind baie beter kan opvoed."

Intussen het Mita le Roux kans gekry om asem te skep.

„Dis wat my man altyd sê. In nog 'n ding. Darie Sally van Rooyen is mos 'n kind wat sê my kinners steel haar goed by die skool. Ek wil hê Meneer moet met haar praat, want ek is so bang my man stap eendag skool-toe en dan wil ek liewers nie naby wees nie. Ek het 'n vreeslike man," besluit sy.

„In watter klas is Sally van Rooyen, mev. Le Roux?" vra Stefaan, gewillig om te help.

„Nee, dit weet ek nie. Meneer sal gou genoeg uitvind. Dis ou Giel van Rooyen se dogter en hy dink hy is die enigste ordentlike mens op

Meronne. My kinners vat g'n mens se goed nie. My man het hulle so grootgemaak. In nog 'n ding. . . ."

Maar Stefaan het al opgestaan en sê nou hy is haastig, want hy wil nog 'n hele paar huisgesinne besoek.

„En ek het nie eens vir mnr. Collins 'n koppie koffie geskink nie! Silvia! Sil...via!! roep sy kombuis-toe maar Stefaan bedank.

„Ek is bly dat Meneer gekom het. Ek sal vir my man sê lat Meneer hier gewees het. O ja, in nog 'n ding. . . ."

Uiteindelik is hy darem daar weg.

Net 'n endjie daarvandaan staan 'n hoë, regop, langwerpige huis met 'n rooi staandak en rooi en wit veranda met ysterpale. Op die stoep sit 'n ou man van ongeveer tagtig jaar. Langs hom op die stoep staan die leë koppie. Sy aandag is by 'n seun van so twaalf jaar wat voor die deur in die tuintjie aan spit is.

Toe die oubaas opkyk, kon Stefaan nie help om sy oë op die bril te hou nie. Dit sit ver na vore, heeltemal skeef en is by die neus met wit gare vasgedraai. Hy het 'n interessante gesig, skraal, benerig, die gesig van iemand wat seker 'n platjie is.

„Tjt, tjt, tjt! kêrel, man!" sê Oupa Nel toe sy kleinseun die graaf geweldig hard teen 'n klip stamp. „Kêrel, kêrel tog!" sê hy met 'n snaakse stembuiging, „ou Dutsenski se grawe is ook nie veel werd nie."

„Goeiemiddag," sê Stefaan.

„Oupa is 'n bietjie doof. Meneer moet maar skreeu," sê die seun met die graaf.

„Wie woon hier, seun?" vra Stefaan.

„Nel, Meneer. Meneer moet maar klop, Meneer sal nie met Oupa kan gesels nie."

Stefaan hou van die seun. Sy ouers het hom seker 'n goeie opvoeding gegee. Oupa Nel steur hom nie aan Stefaan nie en praat speels-tergend met die seun.

Die vroutjie — want sy is klein en skraal — wat die deur oopmaak, herken hom dadelik.

„Goeiemiddag, mnr. Collin. Jy het seker kom kennis maak. My man sal baie bly wees. Kom binne. Ek roep hom gou. Hy werk hier agter in die tuin."

Netjies geoliede vloere, merk Stefaan op. Blomme in die gang, blomme in die voorhuis. Dit laat hom half aan sy eie huis dink, maar die huis front net na die verkeerde kant. Hy kyk na die familie-portrette aan die mure. Hy glimlag vir die nousluitende baadjies en die bakbaarde van die mans en die musse van die vrouens.

Hy is 'n bietjie teleurgesteld toe die man binnekom. Dis die humoris van die more, die man „wat net standard five gefail" het en van wie hy nie die naam gehoor het nie. Maar dit het gelyk of die ander van sy toespraak gehou het. Hulle ken hom natuurlik beter.

„Wederom, mnr. Collin."

„Goeiemiddag, mnr. Nel. Die van is mos Nel, nie waar nie?"

„Ja, maar ek is nie van die kwaai Nels nie. Ons is twee soorte hier, die kwaai Nels en my familie. Hulle is die bokkom-Nels en ons die Droëvlei-Nels."

Wynand Nel lag. Hy het die naam van 'n grapmaker en wil dit te alle tye handhaaf. Stefaan hou net die kriewelrige snorbaardjie, wat so woes staan, dop.

„Die Droëvlei-Nels — ons is twaalf broers, van een vader en een moeder — is nie mense wat doodgaan nie. Hulle het die eerste ou Nel doodgeslaan om 'n kerkhof aan te lê en die ou lê vandag nog alleen. Jy het my vader seker hier voor die deur gesien, nè? Ek gee jou nou te raai hoe oud hy is. Vrou, bring vir ons 'n bietjie koffie. Mnr. Collin en ek gaan nou lekker gesels. Hoe oud dink jy is my pa?"

„Ek sou sê tagtig."

„Ouma!" skreeu Wynand kombuis-toe, „mnr. Collin dink pa is nog maar tagtig! Nee, mnr. Collin, pa sal baie beledig voel as hy hoor jy sê hy is tagtig. Die oubaas is aanstaande maand drié-en-néëntig. Drie-en-neëntig, mnr. Collin, drié-en-néëntig! Maar dis nog niks nie. . . ."

Wynand Nel hou hom nou meer as 'n halfuur besig met verhale van oupa Nel, hoe sterk hy nog is — „hy kan die Bybel nog sonder bril lees", — en verhale van oupa Nel se vader, „wat hy hom nog herinner soos die dag van gister."

Maar Stefaan het gekom om kennis te maak,

om uit te vind of Wynand Nel kinders hier op skool het, kinders in sy klas.

„Troppe, mnr. Collin, troppe. Ek hou die rekord dat ek die meeste kinders op skool het en ek is nog betreklik 'n jong man. Hoe oud skat jy my, mnr. Collin?"

„Ek sou sê so neën-en-veertig, mnr. Nel," antwoord Stefaan. Hy maak die skatting so hoog moontlik, want dit lyk of Nel 'n man is wat graag oud wil wees.

Hieroor lag Wynand baie lekker. Hy maak verskoning en gaan eers die oubaas op die stoep haal, stel hulle bekend — hy moes somaar baie hard skreeu — en sê toe weer binne in oupa Nel se oor:

„Weet pa, mnr. Collin dink ek is nog maar neën-en-veertig. Sê Pa nou vir hom hoe oud ek is."

„Een-en-sestig, kêrel, een-en-sestig. Hy is die vyfde seun van twaalf en hulle leef nog almal."

Stefaan is somaar lief vir hierdie mense. Oupa Nel het 'n snaakse stem, miskien omdat hy sy lippe so styf op mekaar hou as hy praat, en dan trek hy die woorde nog. Die een-en-sestig klink uit sy mond soos ieen-'n-sistig.

Maar hy het gekom om oor die kinders te gesels, oor sy werk, oor sy ideale in verband met hul opvoeding. Hy probeer weer aanvoor soheentoe. Al wat hy uitlok, is:

„Mnr. Collin, ek gee my kinders oor aan julle. Julle het almal baie letters geëet en sal weet hoe om hulle te leer. Ek neem nooit g'n storie

van hulle aan nie. Slaan hulle as hulle ongehoorsaam is . . . maar ons gaan nou gesels. 'n Kind se naam hoort nie tuis in geselskap nie."

En dit is al wat hy oor skoolsake te sê gehad het.

Stefaan het daarna 'n Bester-gesin besoek, die kinders tuis gekry, maar nie die ouers nie.

Toe is hy terug na sy losiesplek. Op die hoek, naby sy losieshuis, snork 'n motor raas-raas by hom verby. Hy moes opkyk. Dis die ou Dodge van mnr. Karl Castell, Filand en die seuns agter in en mnr. Castell voor. Mnr. Castell groet so vriendelik dat hy byna teen 'n boom vasjaag, maar Filand waarsku betyds en 'n treurspel word afgeweer. Stefaan Collin glimlag. Daar is nou g'n twyfel meer nie. Hy is op Meronne.

XVI

Die huisbesoek van die Maandagmiddag het Stefaan een voordeel besorg. Hy kon nou saam met die ander oor die ouers en kinders gesels. Dit het hom verder 'n gevoel gegee dat hy nou werklik onderwyser op Meronne is. Hy wou natuurlik baie meer mense daardie eerste middag besoek het, maar hy was tog darem by drie gesinne.

Saans sal hy die lesse voorberei. Dan sal hy nie besoek aflê nie. Hy neem dit hom nou voor. Wat ook al gebeur, maar saans sal hy met sy werk besig bly.

Aan tafel spot Tewes hom weer oor sy huisbesoek. Rina du Toit sê dat Stefaan reg gehandel het en toe sy dit sê en in sy oë kyk, gewaar hy weer die vreemde gevoel in hom. Dis of duisend woestaards in hom ontketen word, nog in toom gehou, onseker van hul vryheid. Wat is hierdie vreemde gewaarwordings wat hy vroeër nie geken het nie?

Lottie Wessels, naas hom aan die onderpunt van die tafel, vertel hom van die biduur saam met die kinders, dat dit „hemels" was om weer saam met hulle te wees, en dat 'n klomp van hulle ná die biduur so vrymoedig met haar „geshare" het.

Babs le Roux en Tewes hinder hom met

hul lawwe grappe. Tewes wou hulle „'n goeie een" vertel wat hy in die vakansie gehoor het van 'n Jood en 'n rolprent-aktrise. Babs word amper histeries en verklaar dat dit nie so goed kan wees as die een wat *sy* gehoor het nie.

Sophy Lessing sê nie veel nie. Babs moes later vra of Herman Carstens dan nie by die tennisbane was nie.

„Om die waarheid te sê," antwoord Sophy, „ek het die ding in die vakansie oordink. Ek het tot die gevolgtrekking gekom dat ek vinnig op pad is om 'n old maid te word."

„Het Herman dan nie planne nie?" vra Tewes onder gelag.

„Dis die ander vraag wat my besig gehou het," antwoord sy.

Stefaan verbaas hom oor die vrymoedige manier waarop hulle intieme sake bespreek. Dit lyk of Lottie Wessels al gewoond geraak het aan die luidrugtigheid en intieme manier van gesels. Hy merk dat wanneer dit 'n bietjie te kras gaan, sy net haar oë 'n oomblik sluit. Dan gaan sy oë na Sarie Oberholzer oorkant hom. Wat sou daar in haar omgaan?

Hulle sit nog aan tafel toe daar geklop word en Herman Carstens binnekom. Stefaan kyk haastig na Sophy Lessing. Sy is nou glad 'n ander mens, staan haastig op en lag vir die eerste keer daardie aand.

Herman Carstens, prokureur, wewenaar en lid van die skoolkomitee, gaan onder langs Lottie Wessels sit, vra haar hoe dit met die

bidure aangaan, maar verwag blykbaar nie 'n antwoord nie. Stefaan kan dadelik voel dat hy nie bemind is nie, wat nogal vreemd is, want hy is die enigste lid van die skoolkomitee wat dit nie geadverteer het nie. Stefaan meen dat hy tog 'n intellektuele man is, 'n baat vir die gemeenskap behoort te wees. Hy sou spoedig uitvind dat Herman Carstens geen belang in onderwyssake stel nie en alleen gekies is omdat hulle 'n man kort was.

Baie mense noem hom 'n buffel. Hy respekteer niemand se opinie nie en is selfsugtig tot in die ergste graad. Hy is elke slag verbaas wanneer hy verneem dat jy ook 'n mening oor 'n saak het. 'n Mens sou verwag dat hy hom in die voorgestoelte sou indring, maar dit is juis nie die geval nie. Sy self- en gemaksug belet hom om enige liggaam met sy talente te dien. Sy belangstelling in sake en mense is sporadies. Op die oomblik is dit nog Sophy Lessing, en niemand is meer verbaas as sy self nie.

„Speel jy voetbal, mnr. Collin?" is sy eerste vraag aan Stefaan.

„So 'n bietjie."

„Gaan ons vanjaar weer intervarsity toe, Tewes?" vra hy tot Stefaan se verbasing. Vierhonderd myl van Kaapstad en dan praat hy van intervarsity of dit hier agter die bult gespeel word.

Sy belangstelling in Stefaan is heeltemal weg.

'n Nuwe Sophy Lessing maak haar verskyning.

Sy het 'n ligte rok aan, lig in alle opsigte; die lippe is skarlaken en dit lag nog altyd. Tewes wil weet waarheen hulle gaan, maar Herman sê net: „Ask no questions."

Tewes Opperman bly vir Stefaan 'n raaisel. Hy kondig nou aan — jy kan dit niks anders noem nie — dat hy vanaand aan sy verslagboek gaan werk. Mnr. Castell het Stefaan vandag in die geheime van die verslagboek probeer inlei, maar hy kan hom nie vereenselwig met die gedagte dat Tewes hom veel aan 'n verslagboek sal steur nie.

Sarie Oberholzer en Lottie Wessels is al in hul kamer. Sarie het verdwyn toe Herman binnekom en Lottie 'n rukkie later.

Toe hy hom kom kry, is hy en Rina du Toit alleen. Nie een praat nie. Hy hoor Tewes staan in sy kamer van sy stoel af op en gaan weer sit. Hy is skielik vreemd hier in die losieshuis.

„En wat dink jy van die onderwys?"

„Hoe bedoel jy, mej. Du Toit?"

„Jy moet jou die gewoonte aanleer om jou kollegas op hul voornaam te noem. Is jy baie thrilled met die eerste dag, Stefaan?"

Sy aarsel net so 'n oomblikkie voordat sy sy naam sê en hy vind dit baie oulik.

„O ja. Dis darem 'n bietjie anders as wat ek my dit voorgestel het."

„Vertel vir my, Stefaan."

Dis 'n oulike manier waarop sy sy naam uitspreek, amper soos Stefahn. Sy sit altwee

haar vuiste onder haar ken en kyk in sy oë. Dit bring hom 'n bietjie van stryk af.

Tewes se deur gaan oop.

„Tussen hakies, ek kan alles hoor wat julle gesels. Gaan liewers op die stoep sit," sê hy.

Rina staan dadelik op, maar hy bly sit.

„Ek het nog so baie werk vanaand. Julle het seker geen voorbereiding om te doen nie, maar ek is 'n nuweling. Die geskiedenis van môre. . . ."

Tewes val hom in die rede.

„Rina kan jou baie van Meronne vertel. Daar is iets wat ek ook nog wou gesê het. Jy sê vanaand dat jy by die Nels was. Dit het my aan iets laat dink. 'n Vriendelike waarskuwing, ou maat. Hou jou hande van die Nel-kinders af. Ek bedoel die kwaai Nels. Dit sal jou anders berou."

„Maar hoe bedoel jy? Ek moet hulle tog straf as hulle verbrou. Wat maak julle dan?"

„Kyk, ons gee al lank onderwys en het al geleer. Kyk weg as hulle iets doen, maak of jy nie merk nie. . . ."

Stefaan val hom weer in die rede.

„Maar . . . maar dis onbillik teenoor die ander kinders. As jy die Nel-kinders oorsien, moet jy almal oorsien, en ek is nie van plan om dit te doen nie. Dan moet ek my maar gerus vasloop. . . ."

„Ou maat, dit sal jou berou. In die onderwys het ek geleer dat jy billikheid en regverdigheid en alles moet laat vaar om der sjielings en

pennies wille," en met hierdie wysheid trek Tewes sy kop in die kamer in en maak die deur agter hom toe.

Rina lag heerlik.

„Stefaan, so 'n gesig soos jy nou getrek het, het ek nog nooit gesien nie. Jy is te ernstig en nog te veel van 'n seun. Ek sal jou moet leer. Kom ons stap buite-toe."

Maar Stefaan is nie meer lus vir gesels nie en maak verskoning.

Soos 'n vreemdeling maak hy sy kamerdeur oop — hoe lank is dit wat hy laaste in die kamer was? — en steek die lamp op.

Sy werkvoornemens is verby vir daardie aand. Skaars het hy sy lamp opgesteek of iemand klop liggies aan sy kamerdeur.

„Kom binne!" skreeu hy.

Stilte. Weer word daar geklop. Hy staan op en gaan die deur oopmaak. Tot sy verbasing is dit niemand anders as Lottie Wessels wat voor die deur staan nie.

„Ja, mej. Wessels?" sê hy in weerwil van Rina se bevel dat hy almal op hul voornaam moet noem.

„Is jy báie besig? Ek het gewonder of jy my nie sal help nie. Jy is die enigste een hier na wie ek kan gaan. Ek voel ek moet met jou share."

„Seker."

Lottie Wessels stap na die stoep sonder om verder te praat, skuif die eetkamervenster eers toe en gaan dan op die rusbank sit. Tjix,

die brakkie, spring plesierig voor haar rond, maar sy verjaag hom met 'n onvriendelike woord.

„Ek gaan jou vanaand in my vertroue neem, mnr. Collin. Ek weet nie waarom ek so baie vertroue in jou het nie, ek het dit nog nooit in 'n vreemdeling gehad nie. Ek is in 'n moeilikheid, mnr. Collin, 'n groot moeilikheid."

Stefaan staan nog altyd, want hy wil teruggaan na sy kamer toe.

„As ek maar net kan help, mej. Wessels."

„Jy kan my help deur my vertroue te respekteer en aan my te dink. Hier op Meronne is 'n getroude man wat op my verlief is."

Nou sit Stefaan ook. Wat praat sy nou? Is dit waar of is dit maar net haar verbeelding? Hy kry amper lag. Wie sal dan op haar verlief raak?

„Ek voel ek moet dit met iemand hier share. Jy is die enigste een. As jy my ken, sal jy verstaan hoe seer dit my maak om te dink daar is iemand wat so min respek vir my het dat hy so aan my dink. Wat moet ek doen?"

„Het hy dit dan vir jou gesê, mej. Wessels?"

„Nee, nog nie, maar ek sien aan hom dat hy dit een van die dae gaan sê. 'n Meisie voel sulke dinge gou."

„Maar, mej. Wessels, verskoon my dat ek so reguit praat, is jy seker? Is jy baie seker?"

„Heeltemal seker. Wat gaan ek aanvang as die man met my praat, en dit nogal 'n getroude man!" en Lottie steek haar gesig in haar hande weg.

„Dit hang alles van die persoon af," sê Stefaan verleë.

In die laaste paar dae het hy skielik midde in die lewe te staan gekom. Hy is een wat die raad van sy moeder in elke klein sakie gesoek het en nou moet hy vir homself en ook vir ander besluit. Hy kom ook in aanraking met dinge wat vroeër vir hom nie bestaan het nie. Hy is bly dat Lottie haar gesig wegsteek, dat dit donker op die stoep is.

„Juis. Maar hierdie persoon! Hy is anders as die ander mans. Hoe moet ek maak?"

„Wie is die persoon, mej. Wessels? Miskien kan ek werklik help."

„Mnr. Louis Greyling. . . ."

„Wat!" roep Stefaan verbaas uit. „Verskoon my, mej. Wessels, maar ek glo dit nie."

„Ek het geweet jy sal dit nie glo nie. Niemand sal dit glo nie en daarom voel ek so magteloos. Wat moet ek doen!" roep sy wanhopig uit.

„Ek het gedink ek lewe so 'n reine lewe dat so iets *my* nie sou oorkom nie!" vervolg sy onder trane. „Jy kan my nie help nie, niemand kan my help nie, maar ek moes dit aan iemand sê. . . ."

In die agterplaas breek daar 'n vreeslike lawaai los. Tjix word byna mal, storm agter die huis om en toe volg 'n klomp vloeke, woorde wat Stefaan verskrik laat rondkyk.

Lottie spring ontsteld op, vlug die huis in en Tewes storm buite-toe.

„Kom saam, Stefaan. Dis ou Junie wat so te kere gaan. Die man het al weer die horries. Kom gou, ou maat, of ou Junie slaan alles flenters."

Laat daardie nag is Tewes, Stefaan en Vorster Geldenhuys, wat hulle laat roep het, nog besig om Junie Viljoen te probeer oortuig dat niemand hom kwaad wil doen nie en dat Tjix 'n ou vriend en nie 'n Deense dog is nie.

XVII

Ds. Haldemar Visser stap vanaand huiwerig na die vergadering van die skoolkomitee. As daar moeilikheid is, is hy altyd huiwerig. Dis nie aangenaam om alles in jou vermoë te doen om die arm mense te help, en dan is hulle die eerste wat moeilikheid veroorsaak nie. En Haldemar hou nie van moeilikheid nie. Toe die sekretaris hom vanmôre na die opening van die skool daarmee in kennis stel, was sy eerste woorde:

„Broer, kan jy nie maar met die man praat nie? Ek voel altyd dat 'n mens iets baie makliker kan skik as jy hom nie voor 'n komitee sleep nie. Dis maar net 'n gedagte, broer."

„Dominee, en hoeveel keer het ek al met die man gepraat, maar hy steur hom nie daaraan nie. Nou kan ek nie meer nie," het Wynand van Dyk, die sekretaris van die skoolkomitee, haastig gesê.

Vergaderings is vir Wynand 'n genot. As veertien dae verby is en daar is geen dringende besigheid nie, dan soek hy een of ander rede, maar sy vergadering hou hy. Vanaand hoef hy nie na so 'n rede te soek nie, want die moeilikheid met Giel Pieterse se kinders maak dit in sy oë gebiedend noodsaaklik dat hulle 'n vergadering hou.

Die skoolkomiteevergadering is gewoonlik in die kantoor van die dorpsbestuur en hierheen is Haldemar nou aan stap. Op pad soheentoe moet hy by die koshuis vir die behoeftige kinders verbygaan. Vir Meronne is dit 'n yslike gebou met ruime gronde, waar ongeveer honderd seuns en dogters inwoon.

Dis al sterk skemer, die vergadering begin om kwart-oor-ag, en hy het Basjan de Klerk nie dadelik onder die bome opgemerk nie. Hy is al skuins by hom verby toe Basjan sê:

„Tjt, tjt, tjt! Foei tog! ! Dominee, die sonde en ongeregtigheid wat darem in die koshuis aangaan, is vreeslik. Ek staan nou al 'n rukkie hier. Eers kom 'n paar dogtertjies uit en hou na die bome se kant en 'n rukkie later glip 'n paar seuns uit en stap ook soheentoe. Wat hulle daar maak, kan ek nie sê nie, maar dis seker een of ander ongeregtigheid. Jurgens Lategan hou nie 'n goeie oog oor die kinders nie."

Basjan de Klerk het so onder die gesels langs ds. Visser ingeval en maan hom kort-kort aan om 'n bietjie stadiger te loop. Hoewel dit 'n lekker aand is, het Basjan 'n ligte jas aan en hou sy hande in die sakke. Haldemar loop onbewus vinnig, die neiging van iemand wat met lastige gedagtes besig is. Op die oomblik wonder hy of alles waar is. Die man hou nou al lankal aan met die stories en as hulle waar is, sal dit beteken dat hy een van die dae gevra sal word om in te gryp.

„Praat met mnr. Lategan daaroor. . . "

„Foei tog, Dominee, wat sal dit help? Ou Lategan is nie in staat om sy eie kinders op te voed nie."

„Dis dinge wat by die koshuiskomitee tuishoort," sê Haldemar verlig.

„En hulle bak en brou saam met ou Lategan," antwoord Basjan.

In Basjan de Klerk se oë bak en brou almal.

Ds. Haldemar Visser weet nou dat vanaand se vergadering weer baie van hom sal eis.

Toe die twee binnekom, sê Wynand van Dyk:

„Hier is Dominee en mnr. De Klerk nou. Fanie van Ellewee sal nie kom, want daar was geen kans om hom kennis te gee nie. Ek het Herman Carstens kennis gegee, maar die lede weet self dat hy byna nooit kom nie. Ons is darem nou 'n kworum."

„Is ons?" sê die Willem le Roux van ses voet, wat nog nooit verstaan het wat 'n kworum is nie.

„Ja, ons is mos vyf."

„Dis reg," sê Willem, wat meen dat hy uiteindelik tog die woord verstaan.

„Dis twintig minute-oor-ag, Dominee. Ons moet maar begin," maan Wynand hulle.

„Kom ons bid," sê Haldemar.

„Ons sal nou die notule eers lees," sê hy na die gebed.

Dis of hy uitstel vra, die lastige oomblik so 'n bietjie wil verskuiwe.

Karl Castell, die hoofonderwyser, sit langs Willem le Roux en peuter met 'n potlood en 'n stukkie papier. Basjan de Klerk se oë rus

op hom en dit laat hom ongemaklik voel. Skielik mis hy Louise Castell se stille invloed en steun hier. Hy wens die wêreld het so min venyn as sy.

„Geagte lede," sê Haldemar, „uit die notule vloei 'n hele paar dinge. Ons sal hulle maar in volgorde behandel. Die eerste is die vyftien losiesbeurse. . . ."

„Op 'n punt van orde, mnr. voorsitter," onderbreek Basjan hom, „ek stel voor dat ons vanaand nie die notule behandel nie, maar mnr. Van Dyk geleentheid gee om die doel van hierdie vergadering aan ons te verduidelik."

„Ek sekondeer," sê Willem le Roux.

„Meneer die voorsitter en lede, die hele moeilikheid het verlede jaar begin. Die komitee het besluit, soos u almal sal weet, dat Giel Pieterse iets vir die losies van sy kinders moet betaal. Kyk, hy is 'n man met eiendom en lewende hawe. Die komitee het in Augustus besluit dat hy twee pond per kind per kwartaal moet betaal. Dis maar ses pond vir sy drie kinders. Die man het botweg geweier. Na regte is dit 'n oortreding van die wet, soos die lede almal weet. Die Armkoshuis is net vir behoeftige kinders, maar ons het tog gemeen dat ons hulle kan inneem, maar dan moet hy iets betaal. Dis ook teen die wet. Ons mag nie kinders wat betaal in die Armkoshuis opneem nie. Toe hy nou weier — en julle ken hom almal — het ons in September van verlede jaar besluit dat hy drie slaggoed en 'n vrag hout

per kwartaal moet gee. Hy het ingestem, maar niks gelewer nie. In Desember het die lede toe besluit om sy kinders vanjaar te weier, maar wat doen die man? Hy het sy kinders Saterdag by die koshuis kom aflaai, 'n hewige lawaai met mnr. Lategan opgeskop en ons almal met die hof gedreig. . . ."

„Tjt, tjt, tjt! Foei tog! Vertel die lede nou hoe hul gedrag in die koshuis is," onderbreek Basjan hom.

„Maar dis almal kwessies vir die koshuiskomitee en die skoolkomitee het daar niks mee te maak nie," sê Haldemar, bly dat hy 'n uitweg sien.

„Dit is 'n kwessie vir die skoolkomitee, meneer die voorsitter, soos u nou-nou sal sien. Die man se aansoek om vry boeke is ook ontvang en dis 'n saak wat ons moet behandel. Hier is twee briewe van beswaar wat aan die skoolkomitee gerig is. Die ouers kla dat ou Pieterse se kinders die verderf van hulle kinders is en dat hulle hul nie weer gaan stuur solank *sy* kinders in die koshuis is nie. Sy kinders gebruik die vreeslikste taal en het allerhande vuil gewoontes. Maar, en dit raak die skoolkomitee direk, die ouers van die skool begin kla en hulle praat ook van die vuil gewoontes van die kinders. Die lede kan nou nie meer stilsit nie. Ek sal die twee briewe nou voorlees."

Ds. Visser en Karl Castell sit kop onderstebo en op die gesig van die ander lede sien jy verontwaardiging.

„Vader tog" en „foei tog" word kort-kort van Basjan se kant gehoor. Toe die twee briewe klaar gelees is, sê hy:

„Ek besluit elke keer om die mense te laat vaar en hulle nie meer te help nie, maar dan kom hulle met sulke aanneemlike verskonings na jou dat jy jou maar weer laat ompraat. Maar nou is ek klaar met ou Giel Pieterse."

Basjan de Klerk raak skielik baie opgewonde. Hy spring uit sy stoel op en vertel die lede wat hy al saans by die Armkoshuis gesien het. Haldemar antwoord dat dit by die koshuis-komitee tuishoort en Basjan vererg hom net verder. Hy doen 'n voorstel. Die mense moet 'n les geleer word. Daar is ander nog wat net so maak. Hy stel voor dat hulle die kinders toegang tot die skool weier en kyk of hulle hulle nie na 'n verbeteringskool kan stuur nie.

„Ek sekondeer," sê Willem le Roux.

„Broers, laat ons tog nie oorhaastig te werk gaan nie. Sal ons nie eers hoor wat mnr. Castell te sê het nie?"

Karl Castell kyk op. Andermaal is sy vertroue in sy medemens geskok. Hy lewe eenvoudig, is eenvoudig in al sy begeertes. Ander het in sy oë 'n groter reg op bestaan as hy. Hy het 'n diepgaande vertroue in die goed wat daar in elke mens skuil en het Basjan de Klerk, Wynand van Dyk en Willem le Roux nog nooit verstaan nie. Vanaand mis hy vir Fanie van Ellewee, Fanie, die nugtere, heldere denker. Sy hart is vol en hy sou baie kon sê, maar hy het nie veel

sinnigheid daartoe nie. Maar die oë van die lede is op hom gerig en hulle verwag dat hy iets sal sê.

„Geagte Dominee en lede, mnr. Pieterse se kinders het my persoonlik nog nooit las gegee nie. Hulle is gehoorsaam in die skool en wat in die koshuis aangaan, weet ek nie."

Hy begin moeisaam, want hy is 'n swak spreker en daarby is hy diep geskok oor die voorstel. Hy vertel die lede iets van die werk by die skool en wat sy ideale vir die kinders se opvoeding is. Later eers kry hy koers en toe is hy ernstig en stig selfs vir Basjan.

„Ons moet nie 'n uitsondering maak nie. Giel Pieterse se drie kinders is nie slegter as baie ander kinders nie. Stuur hulle na 'n verbetergestig en hul kanse in die lewe is vir goed verlore. Moet hulle nie breek nie. Ons is opvoeders en nie afbrekers nie. Moet hulle nie uit die skool sit nie," so pleit hy en dis vir Haldemar of die man vir sy eie kinders aan pleit is.

„Gee ons nog 'n kans met die kinders. As hulle stout was, sal ek hulle persoonlik onder hande neem en kyk wat ek kan uitrig. Dis drie menselewens. Ons is partykeer geskok wanneer twee of drie mense gelyktydig hul lewe in 'n ongeluk verloor. Dis drie kinders, nie grootmense nie, drie kinders wat nog die lewe moet ingaan. Hulle . . . ek sal met Giel Pieterse self praat . . . dan sal ons. . . ."

Karl word skielik bewus dat dit hy is wat

praat, dat almal aandag aan hom skenk, en dit bring hom skoon van stryk. Hy het ook 'n ander gedagte gekry, een wat 'n moontlike oplossing mag blyk en dit het sy gedagtes verstrooi.

Niemand praat nie. Wynand van Dyk is vererg dat Willem le Roux en Basjan de Klerk hulle so aan die neus laat lei. Hy ken vir Basjan en weet dat die man maklik beïnvloed raak en net môre weer spyt kry dat hy hom laat lei het. Maar Willem le Roux behoort beter te weet.

Sarel du Toit, die ander lid van die skoolkomitee, 'n man wat byna nooit in die vergaderinge praat nie, staan nou op. Hy het die agting van al die ander lede. 'n Stil, godsdienstige, ingetoë man, vriend van Haldemar en Karl — en hy wil vanaand ook praat.

Hy is teleurgesteld, sê hy, baie teleurgesteld dat dit vir mnr. Castell nog nodig is om vir so 'n saak te pleit. Die lede moes dieselfde insig gehad het, dit moes nie nodig gewees het dat die skoolhoof by hulle moes pleit nie.

Sonder om iets verder te sê, sonder om 'n voorstel te doen, gaan Sarel du Toit sit.

Basjan sug: „Ag, ja!", Willem fluister in Karl se oor en Wynand, met sy kraaloë, sê dat die koshuiskomitee die saak nie so sal laat nie. Daar kan hulle seker van wees en hy steun hulle daarin. Hy gaan dit ook notuleer dat hy teen so 'n voorstel gestem het.

„Maar," sê Haldemar, „daar is nog geen

voorstel gedoen behalwe dié van mnr. De Klerk nie."

„Dan stel ek nou voor, in die lig van die belofte van mnr. Castell dat hy aan die kinders sal arbei, dat ons hulle nog 'n kans gee, hul laaste kans. As daar darem weer van die ouers van die skool klagte teen hulle kom, moet mnr. Castell ons nie kwalik neem nie, maar dan gaan ons straf handel," sê Willem le Roux.

„Stel jy dit dan voor?" vra Haldemar verbaas en ook verlig.

„Ja, Dominee."

„En ek sal dit sekondeer," sê Basjan en voeg nog 'n „foei tog" by.

Op pad huis-toe is Karl Castell so verdiep in sy eie gedagtes dat hy skoon vergeet om mev. Castell se boodskap te doen. Hy verwonder hom elke keer dat daar so min ware opbouers van die jeug op Meronne is. Selfs Haldemar begryp kinders nie.

XVIII

Toe Wynand by die deur intrap, is Beatrix se eerste woorde:

„Ek kan somaar sien jy het jou alweer laat ompraat van Karl Castell."

Beatrix van Dyk, Wynand se vrou, is 'n nooi Fick, van dié Ficks. Beatrix trek graag mooi aan — dis nie 'n sonde nie —, kuier graag — dit gee baie sonde — en weet van almal iets. Dis nie alleen iets nie, maar gewoonlik juis daardie dingetjie wat jy so graag verborge wil hou. Daardie uitstaande rekening wat jou al self hinder, daardie familielid vir wie jy jou skaam, terwyl jy darem in die hoop lewe dat niemand hom hier op Meronne ken nie. Sy dien in al die liggame van die Werkgeselskap tot by die Vroue-Sendingbond. Eintlik is sy lid van die skoolkomitee, want Wynand word vooraf gesê elke voorstel wat hy moet doen en hoe hy moet stem.

Sy het twee dogters; nie sy en Wynand nie, maar sy, want sy praat altyd van haar dogters net asof hy glad nie seggenskap het nie. Tewes Opperman praat van „Queen Beatrix en haar telge". Hulle is altyd by haar, nes die armes by ons.

Queen Beatrix meen dat hulle eendag 'n baie

goeie huwelik kan doen, „maar dan tog nie met een van Meronne se mense nie."

Soms praat Tewes van „die kropduiwe," en dan bedoel hy ook maar queen Beatrix en haar telge.

Silvia is die oudste en lyk die meeste na haar moeder. Sy is pas drie-en-twintig jaar en het nog geen vryer nie. Sy is mooi, intelligent, aantreklik, stil. Maar die mense hou nie van haar nie, miskien omdat sy haar ma se rok nooit los nie. Sy is klei in die hande van Beatrix.

Beatrix is die jongste en op die ouderdom wat sy nie omgee om aan ander te sê nie. Aanstaande maand is sy twintig. Sy is so pas van die Handelskool, maar word nie veronderstel om te werk nie. Sy kon Antoinette Visser se verdienste by Herman Carstens gehad het — dit volgens Beatrix-Muti, maar mev. Van Dyk het gesê „volstrek nie". Onder die bekwame hand van Beatrix-Muti het sy 'n volslae modepop geword. Haar grief teen die lewe is dat haar vader 'n kleremaker is. Beatrix en Beatrix-Muti gee te kenne dat 'n professor op haar verlief is, een van Stellenbosch se jong professore, sê hulle.

Beatrix en Silvia noem hul moeder „Muti" of soms ook „Beatrix-Muti," en Beatrix dink dis baie geleerd. Sy verkeer onder die indruk dat Muti die Spaans vir moeder is. In navolging hiervan het sy Wynand soms, maar net wanneer hy met sy beursie oopstaan, „Vati" genoem.

Vati voel 'n bietjie vererg. Hy is die enigste een wat vanaand vasgetrap het en hier beskuldig sy hom.

„Ek het my glad nie laat ompraat nie. Dis die ander wat my in die steek gelaat het. Hier is die notule. Ek het elke ding aangestip. Kyk hierdie voorstel van Willem le Roux! Kan jy jou verbeel dat Willem so 'n voorstel sal doen? En kyk wie is die sekondant! Basjan de Klerk. Ja, vrou, ek kan sien jy kan dit nie glo nie, maar hier staan dit tog genotuleer."

„Ek wonder of Giel Pieterse miskien sy rekening by Willem le Roux betaal het? Ja, dit is nooit anders nie. Nou wil Willem nie teen die man gaan nie of anders koop hy nie meer daar nie. Dis nooit anders nie. Ek gaan die ding uitvind."

„Is daardie ding van Louise Castell waar wat jy my vanmôre vertel het?"

„Natuurlik! Sal ek dan vir jou 'n leuen vertel? Reken dat hulle die ding so stil hou en dit nou al jare. Dis Willa Neethling wat die ding uitgevind het. Mnr. Castell moet glo kort-kort 'n ding terugneem winkel-toe wat sy so by Willem hulle vat. As dit by die prinsipaal se huis so aangaan, hoe kan jy nou verwag dat hy ou Giel Pieterse se kinders sal regkry? Nee, jy was weer 'n lafaard vanaand. Jy moes vasgetrap het. Ek dink ons moet vrouens op daardie komitee kry."

Met hierdie woorde, haar laaste paar skote, seil sy in na Silvia se kamer. Silvia het gedurig

hoofpyn. Beatrix sit voor haar bed in 'n leunstoel en lees 'n Engelse roman waarin die vrou van die pastorie verlief raak op die seun van die hoefsmid, eers wegloop — dan volg 'n paar hoofstukke oor die dominee se stryd snags en haar lewe saam met die seun van die hoefsmid in 'n ledekant — dan later terugkom omdat sy nie daarvan hou dat haar amant so baie uie eet nie.

„Ek weet nou!" sê Beatrix-Muti.

Silvia maak haar oë oop en skuif die Keulwater-lappie van haar slape af.

„Wat, Muti?" vra Beatrix.

„Ek gaan al die onderwysers en onderwyseresse uitnooi na 'n gesellige aand, ja, en nog 'n paar ander jongmense."

Silvia praat nie. Sy is al gewoond aan die gesellige aande wat haar moeder reël en wat gewoonlik op mislukkings uitloop, want ten spyte van al die pogings het Tewes Opperman nog nooit sy voete by hulle gesit nie. Sy weet Beatrix is verlief op Tewes Opperman.

„Vir Herman Carstens ook!" sê Bee, soos haar moeder vir haar, Beatrix, noem.

„Ja, en die Le Roux-meisies!" gil Beatrix-Muti.

„En Toets en Millie en Laetitia!" voeg Bee by met oë wat straal van vreugde.

„En Anton Celliers en John Watermeyer," sê Muti.

„O, Muti! My liewe, liewe Muti! Dan gaan ons weer 'n geselligheid gee!"

„Wat sal ons maak omtrent Antoinette Visser?"

„Moet haar nie vra nie, Muti. Sy stel haar tog net aan."

„En die nuwe onderwyser, mnr. Collin?"

„O, Muti! My liewe, liewe, *liewe* Muti!"

„Dan moet jy vir my kom help, Bee, want ek wil vanaand nog die uitnodigings uitskryf."

„Waar is Vader, Muti?"

„Hy is na sy werkswinkel."

„Moet hy dan sy lewe lank klere vir ander mense maak! Muti, waarom het jy met 'n kleremaker getrou? Jy kon tog seker beter kry?"

„Ek het nie jul kanse gehad nie, Bee. Voel jou kop niks beter nie?"

„Nee, Muti, maar dis niks nie. Draai net die lig af, dan sal ek 'n bietjie rus. Sal Muti darem sonder my kan klaarkom?"

Muti en Bee is al in die voorkamer. In hierdie huis steur hulle hulle nie baie aan Silvia nie.

Die lot is gewerp. Muti en Bee gaan weer 'n gesellige aand hou.

XIX

Onbewus van Muti en Bee se groot planne is Stefaan met heeltemal ander probleme besig.

Mnr. Castell het sy middelbare onderwysers die Dinsdagmiddag bymekaar geroep en hulle van die moeilikheid met Giel Pieterse se kinders vertel. Hier is weer 'n praktiese taak vir hulle wat hulle onderwysers noem, het die skoolhoof gesê. Daar word beweer dat die kinders se gedrag by die skool en in die koshuis swak is, dat hulle goed steel, vuil taal gebruik en slegte gewoontes het.

Hier het Stefaan die ander onderwysers weer beter leer ken.

Louis Greyling, wat hy amper nog nooit hoor praat het nie, het hom vererg, nie vir mnr. Castell nie, maar gesê dat dit „swak kinders is, baie swak van karakter". Terwyl hy dit sê, het hy nie na die ander gekyk nie, maar by die venster uit.

Tewes het nie gepraat nie.

Vorster Geldenhuys is die volgende een wat praat.

„Maar ek dink nie die kinders is so sleg nie. Hulle het my nog nooit moeite gegee nie. Org Pieterse werk mooi by my en die ander twee ken ek nie. Die komitee weet nie waarvan hulle

praat nie," sê hy en begin somaar met Tewes oor ander dinge praat.

„Dis juis die moeilikheid," gaan Karl Castell voort, „altyd 'n moeilikheid. Die kinders is nie so sleg nie, soos mnr. Geldenhuys self daar sê, maar die lede van die skoolkomitee en die koshuiskomitee en die huisvader van die koshuis dink so. Dit sal 'n slegte uitwerking op die drie kinders hê. Gou sal ons dit in die skool merk. Mnr. Greyling kla nou al. Die kinders sal gou-gou voel dat hulle verstote is en sal daarna handel. Mnr. Collin, jy is 'n nuweling. Jy sal 'n groter invloed op die kinders hê as ons. Leer hulle ken, gesels met hulle, vra hulle uit oor hul huis, die plaas en hul boerdery en kyk of jy hulle vertroue kan wen. Moedig hulle aan om tennis en voetbal te speel. Ons ander moet ook spesiale aandag aan hulle gee."

Tot Stefaan se verbasing sê Tewes nou:

„'n Onderwyser het een dag vir my gesê dat ek seker 'n lieplap sal word. Hy het niks goeds vir my voorspel nie en ek kon hom daaroor vermoor het. Ek haat hom vandag nog."

Vorster Geldenhuys sê hierop spottend:

„Broer, en jy het ook niks beter geword nie."

Maar daar is iets in Tewes se oë wat Stefaan laat wonder of Vorster hom ken. Hoe meer Stefaan van Tewes sien, hoe meer hou hy van die man. Die man lyk so onverskillig, maar het darem baie goeie eienskappe.

„In watter klas is die Org Pieterse?" vra Stefaan. „Dis vir my of ek sy naam onthou."

„Hy is in st. VIII," sê Vorster. „Jy sal hom seker al opgemerk het. Hy sit aan die binnemuur se kant, heel agter in die klas, lang hare, groot, sterk seun met newwies wat kraak as hy loop."

Stefaan lag. Dis 'n baie juiste beskrywing van die seun en hy het hom nie alleen opgemerk nie, maar hom vandag in die klas al aangespreek. Hy moet ook sê dat hy nie van hom hou nie.

Toe die ander loop, het mnr. Castell met Stefaan begin gesels terwyl hy nog daar rondraai.

Dis maar 'n plan van Karl om hom alleen te kry en so deursigtig dat die onervare Stefaan moes lag kry. Maar hy neem hom dit nie kwalik nie, het hom die eerste dag al leer liefkry.

Dit peuter hier aan 'n paar boeke, trek daar 'n laai oop en verpak hier 'n klompie vorms op die lessenaar.

„En hoe hou jy van die werk en die kinders, mnr. Collin?"

„Baie, mnr. Castell. Ek het ook 'n versoek aan u."

„Sê maar, sê maar. Ek sal maar te bly wees as ek iets kan doen."

„Mnr. Castell, ek is nog maar jonk en onervare. . . ."

„Moenie so sê nie, mnr. Collin," val Karl hom in die rede. „Jy kom nou van die universiteit en sal óns baie kan leer. Ek wens ek het 'n

kans gehad om al die ondervinding wat ek mag opgedoen het, te verruil vir jou jeug en kanse. Daar is drie periodes in die lewe van die meeste onderwysers. Die eerste skof, die môre-ure, wanneer jy vol lus en durf is; die middagskof, wanneer jy, ryp aan ondervinding, met soveel sukses kan werk; en dan die aandskof. *Ek* is nou besig met my aandskof. Dis die tyd wanneer jy verroes raak en somaar lui as jy nie oppas nie. Maar *jy*, ek wens ek was jy gewees."

So gesels Karl Castell. Hy gee jou selfvertroue en Stefaan het nou skoon vergeet dat hy 'n jong onderwyser is met net twee dae se ondervinding agter die rug.

„Mnr. Castell, ek is bly dat ek my eerste ondervinding onder u kan hê," sê hy spontaan.

„Daar is baie ander manne onder wie jy oneindig meer sou leer. Maar laat ons hoor. Wanneer kom jy 'n bietjie kuier? My vrou hou van jongmense in haar huis. Kom ons stap maar."

Die laaste paar laaie word toegestoot en hulle verlaat die gebou.

Stefaan kyk na Karl Castell en dink onwillekeurig aan Dirk Redelinghuys, hoogleraar in die Metodiek. Hoeveel teleurstellings het die twee seker nie al in hul lewe gehad nie, hoeveel keer teleurgesteld geraak in hul medemens. . . .

Stefaan se oë het al vir baie dinge oopgegaan. Die praktiese onderwys is anders as hulle hom dit voorgestel het. Hy kyk weer na Karl

Castell, die sensitiewe mond, edele gelaatstrekke, fyn hande, en hy weet dat die man nooit in die onderwys moes wees nie, dat hy edel is en dat die beuselagtige dinge wat op Meronne so vergroot word, net sy lewe sal verkort.

'n Swak hart, sê Tewes hom. 'n Sieklike man. Jy kan dit sien. Die blou lippe en swart kringe om die oë. Wat is dit wat Karl ten spyte van al die dinge nog so besiel dat hy sy hand aan die ploeg hou, altyd blymoedig is?

Die aandskof, sê mnr. Castell. Wat het al alles oor hierdie man se kop gegaan, dink Stefaan. Wat was sy ambisies aan die begin van sy loopbaan? Het dit alles voor die wind gegaan? Waarom die grys hare op 'n betreklike jong leeftyd?

Vorster sê 'n onderwyser moet 'n dik vel hê. Dit het mnr. Castell nie. Vorster Geldenhuys. Tewes Opperman. Louis Greyling. Stefaan glimlag by die gedagte aan sy kollegas.

En Karl gesels van Fanie van Ellewee en dat Stefaan tog seker eendag saam met hom na sy plaas moet gaan. Die man het 'n heerlike plaas, volop en lekker vrugte, en hy en sy vrou is tog sulke aangename mense.

Stefaan dink aan sy werk. Vanmiddag wil hy weer ouers gaan opsoek en vanaand sy werk voorberei. As dit moontlik is, wil hy vyf huisgesinne vanmiddag besoek.

XX

Daardie middag toe Stefaan Basjan de Klerk se huis nader, so teen half-ses, is hy al baie afgemat. Dis die vierde huisgesin wat hy vanmiddag na sy dag se werk besoek en hy het die afgelope anderhalf uur net gehoor hoe „slim" Klasie is en hoe juffrou vir Gert van Niekerk voortrek. Daar was geen kans om vir hulle te vertel hoe hy te werk wil gaan of om werklik onderwyssake te bespreek nie. Hy is getref deur die kleinlike jaloesie van ouers met één gemeenskaplike belang — die opvoeding van hul kinders. Ook het hy baie gehoor van die Pieterse-kinders. Hy begin al twyfel of dit reg is om so grootskeeps huisbesoek te doen en of daar nie miskien 'n bietjie waarheid in Tewes se uitlating steek, dat 'n mens net moeilikheid soek as jy die ouers besoek en dat jy hulle die slegte gewoonte nie moet aanleer nie.

Toe Stefaan by Basjan de Klerk se huis aanklop — hy het natuurlik nie geweet dat dit Basjan se huis is nie — het hy meer moed gehad. Dis 'n mooi, groot woonhuis 'n endjie van die straat af, weerskante van die huis groot vrugteboorde en voor koel bloekombome. Hierdie is natuurlik gegoede mense, mense wat jou weer moed gaan gee, moontlik jong geselskap hier wat afleiding sal verskaf.

Basjan is juis in sy studeerkamer besig om die notule van die vorige skoolraadsvergadering deur te lees. 'n Rukkie tevore het hy as kassier van die gemeente die kerkboeke bietjie nagesien.

Toets, sy tweede oudste dogter, het so pas van die plaas, *sy* plaas, af ingekom om met hom sake te reël. Sy sit nou by hom en wag ongeduldig dat hy moet klaarmaak. Sy het 'n rybroek aan, nog soos sy op die plaas aangetrek was, en die blou sy-bloese wys duidelik die spore van stof en sweet. Oom Kootjie Bester noem haar 'n mannetjie-vroumens, maar sy is nie een wat omgee nie. Sy lê nou terug in 'n leunstoel, die bene na vore uitgestrek.

Laetitia, die oudste, is op die oomblik besig om haar skildery vir laas af te rond. Sy het die skilderkuns bestudeer en bring nou oneer op die hoof van haar meester deur verwronge bome te teken, koue winterwolkies op 'n somerlandskap te pleister en haarself dan 'n individualis te noem.

Millie, die jongste dogter, klein van persoon met rooi wange, heeltemal natuurlik, is die normale persoon in die gesin. Sy kan die heerlikste tertjies bak, volgens die getuienis van tant Alie Bester, en verower haas al die pryse op die huisvlyt-tentoonstellings vir blomme en gebak.

Benewens hierdie huisgenote is daar ook nog 'n mev. De Klerk, maar niemand sien haar ooit nie. Sy is bedlêend, iets wat enige normale mens sou wees as jy in hierdie huis woon.

„Millie, daar klop iemand!" skreeu Toets uit die studeerkamer.

„Laetitia, daar klop iemand!" skreeu Millie uit die kombuis, waar sy met tertjies vir die volgende huisvlyt-byeenkoms besig is.

Mev. De Klerk lui die handklokkie in haar kamer en Basjan spring met 'n verwensing op en wil weet hoe op aarde 'n mens nou kan werk.

„Dis Millie se skuld. As sy nie die meide aaneen wegjaag nie, sal ons 'n bediende hê. Waar is die meid wat ons verlede week gehuur het?"

„Sy het haar vanmôre weggejaag," sê Basjan moedeloos. „Toets, gaan *jy* tog maar asseblief deur-toe."

„Net soos ek hier is? En sê nou dis oom Kootjie Bester?"

Toets staan op en stap kamer-toe.

Radeloos staan Basjan ook op, gaan na die agterstoep en roep vir Laetitia, maar sy is in die greep van 'n nuwe skepping van verwronge bome en koue miswolkies en nie van plan om te antwoord nie.

„Hemel tog," sê Basjan, „die kinders maak my nog mal!"

Mev. De Klerk lui weer geweldig hard, maar al wat gebeur, is dat Millie haar kamerdeur toetrek en sê: „Ma moet nou slaap."

Moedeloos stap Basjan self na die voordeur, nie deur die huis nie, maar buitekant om.

Teen dié tyd is Stefaan net van plan om maar te loop.

„A, mnr. Collin, is dit jy? Goeiemiddag, goeiemiddag. Ek is jammer dat jy so lank voor die deur moes staan, maar ek was besig en die kinders was besig en ons sit sonder bediende. Het julle in jou wêreld ook so 'n sonde met die bediendes? Foei tog, en ons arm mense is nog slegter. My vrou het eenkeer 'n dogter van Sutherland hier gehad, maar jy kon met haar niks aanrig nie. Dan wil die armmense nog hê 'n mens moet hulle help. Het jy al ooit met armmense te doen gehad, mnr. Collin?"

Basjan gaan kort-asem staan, want hulle is om die huis aan loop, en kyk Stefaan vierkant in die oë. Stefaan met sy weinig mensekennis vertrou die oubaas nie. Hy kyk selde in jou oë en dan nog kan jy hulle nie peil nie.

„Ek kom self uit 'n arm familie, mnr. De Klerk."

„En ek ook, mnr. Collin, ek ook. Foei tog! Maar jy en ek sal nie arm bly nie, so ons kan ons nie as armes reken nie. Weet jy, Basjan de Klerk het die lewe brandarm begin en ek kan vandag goed lewe. Foei tog, ons moet dankbaar wees dat ons so geseënd is. Kom ons gaan binne."

„Maar u het nou net gesê dat almal hier vandag besig is en dan wil ek u nie steur nie. Ek sal liewers 'n ander dag kom."

„Dis my kantoor hierdie," sê Basjan, maar voordat hy verder kan praat, kom 'n lang, skraal dame met loshangende stofjas uit die boord gestap en sê:

„Pa kan nie vreemde mense daar inneem nie! Gaan liewer voorkamer-toe."

„Dis my oudste dogter, Laetitia, mnr. Collin."

„Pa kon gerus die oudste maar laat staan het. Ek vrees pa gaan nog eendag sê hoe oud ek is. Middag, mnr. Collin. Jy is die nuwe onderwyser, nè?"

Sy sê dit sonder enige belangstelling. Vanaf die oomblik dat hy haar daar deur die bome sien kom het, het Stefaan niks van haar gehou nie. Hy het amper geen kennis van die lewe nie, en nog minder van meisies, maar die bietjie wat hy meen dat hy het, waarsku hom dat sy 'n oorheersende natuur het.

„Kon jy nie 'n beter plek as Meronne gekry het om jou lewe op weg te smyt nie?" Sy het dit ook nie plek nie, maar „hole" genoem.

Stefaan kan nie verstaan wat met die plek verkeerd is nie en sê dit ook.

Laetitia lag en dink in haar eentjie: „What a simpleton."

„'n Onopgevoede klomp wat net oor skape en beeste kan gesels," antwoord sy.

„My dogter is 'n skilder," sê Basjan. Hy het waarskynlik nie geweet dat daar 'n vroulike vorm is nie.

„So? Dit is interessant," antwoord Stefaan en sy oë dwaal na die stuk wit karton in haar hand en die leersakkie wat sy by haar het.

„Ek sal graag van u skilderye wil sien, mej. De Klerk."

„As 'n mens nie 'n ontwikkelde smaak het

nie, sal jy dit nie waardeer nie. Ek sal dit darem vir jou wys, maar liewer 'n ander dag," en met dié woorde stap sy by die gang in.

'n Tweede dame kom na hulle toe. Dadelik wis Stefaan dat dit sy is wat die motor Maandagmôre met die opening van die skool bestuur het. Sy het nog die rybroek en blou bloese aan, steek haar hand van ver af al uit en sê:

„Die nuwe onderwyser! Ek het jou Maandagmôre regtig jammer gekry."

Hulle groet sonder dat mnr. De Klerk hulle bekend stel. Haar hand voel lekker warm en sag in syne.

„Waarom het jy my dan jammer gekry?" vra Stefaan nog met haar hand in syne.

„Nee, somaar maar. Ek wou nie graag jy gewees het nie. Ek is nie een wat van seremonies hou nie en oortree gewoonlik al die wette van die samelewing, soos Pa vir jou kan sê. Al die oë was op jou en ek het jou jammer gekry."

Iets warms gaan deur Stefaan se liggaam. Hy begin wêrelde in hom ontdek waarvan hy vroeër nie bewus was nie. Twee keer het hy dit in die afgelope paar dae ondervind: toe hy Rina du Toit ontmoet het en nou vandag hier in mnr. De Klerk se agterplaas, daardie warm, aangename gloed wat deur sy liggaam gaan.

„Julle wag ook nie eens dat ek julle bekend stel nie. Dis my tweede dogter, Toets. . . ."

„En dit is mnr. Collin," val sy haar vader in die rede.

„As julle my sal verskoon. . . ." begin Basjan

weer, maar Toets en Stefaan buk al oor die blomme in die tuin.

„Ek het jou die môre ook opgemerk," sê Stefaan, maar sy oë is op haar ligte, donsige hare soos sy voor hom buk.

„Het jy?" vra Toets sonder om op te kyk.

Die ligte hare voor hom, die vrouefiguur so innig naby en die bloute van die lug, die swaar hygende asem van die warm dag is alles in 'n aangename verwarring rondom hom. Hy is bewus van iets liefliks wat hy vroeër nie in so 'n mate geken het nie. Toe sy weer regop kom, is haar hare en gesig naby hom. Iets sê hom om na haar hand, die ringvinger, te kyk en hy doen dit gretig, onbewus. Daar is geen ring aan haar vinger nie, en Toets, bewus van sy blik, steek haar hand weg.

„Waarvan het ons nou weer gesels?" vra Toets.

„Ek het gesê dat ek jou die Maandagmôre ook opgemerk het."

„O, ja."

Die spanning is verby. Hulle gesels weer oor ander dinge, Meronne, die plaas en waar hy gestudeer het.

Later sê sy weer:

„Sal jy saamgaan plaas-toe as ek jou eendag kom haal?"

Stefaan begryp haar nie dadelik nie, want hy het op die oomblik vergeet dat sy nie op Meronne woon nie en net saans huis-toe kom.

„Het ek jou so vreeslik verbaas? Jy hoef

nie alleen saam te gaan nie. Ek sal vir Tewes en Babs le Roux saamneem. Meer nog ook as jy wil. Ek wou jou net die plaas gewys het."

„Natuurlik sal ek saamgaan. Baie dankie, maar moet dit nie op 'n weekdag maak nie, want dan het ek nie kans nie."

„'n Saterdagvoormiddag dan, want in die namiddag speel ons tennis. Jy speel mos ook tennis, nè?"

Die son sak jonk en teer agter die ry bloekombome weg. Nie een praat nie, maar hulle kyk al twee na die weste, bewus van mekaar se nabyheid. Hulle voel so jonk en sterk met 'n wonderlike geloof in die goed wat daar in die ander een steek.

„Ek moet nou loop," sê Stefaan.

„Ja. . . ." antwoord Toets.

Maar nog bly hulle oë op die ondergaande son asof dit 'n wonder is wat hier voor hulle gebeur. 'n Aandluggie roer iewers deur die blare en Stefaan kyk weer na haar hare. Toets kyk op in sy oë en glimlag.

Toe Stefaan op die stoep van die „Good Hope"-losieshuis kom, begroet Tjix hom luid en bly. Met snaakse draaie van die lyf en fyn tjankies spring hy teen sy bene op. Stefaan gryp speels na sy neus en ore, Tjix verstaan hom verkeerd, gaan sit en steek sy regterpoot uit.

Die lawaai bring Mary May Olive, die snip, op die stoep uit en sy sê: „Jy kry vanaand nie

kos nie, mnr. Collin. Ma sê dis al kwart-oor-ag en die ander is al klaar geëet."

„Maar ek wil ook nie eet nie," antwoord Stefaan vererg. Hy moet homself keer, want hy voel baie lus om vir Mevrou 'n boodskap te stuur.

„Waai!" sê Tewes agter Mary May.

Sy bevlieg hom woedend, slaan en byt tegelyk.

„Dogtertjie," sê Tewes en hy vat haar hande saam in een van syne, „jy moes lankal 'n pak gehad het en ek is die eerste een wat dit vir jou gaan gee. Stap, en moenie weer met 'n boodskap aankom nie."

Sy wil weer iets sê, maar Tewes brul:

„Stap!"

Vir Stefaan sê hy:

„Moet jou nie daaraan steur nie. Kom eet. Ek het jou kos daar neergesit. Kom, ou kêrel. Ken ek dan nie die smarte van 'n onderwyser nie! En moet hy nog sonder kos gaan slaap ook?"

Junie Viljoen sit nog aan die tafel en pak nou uit teen Mary May en mev. De Wet. Stefaan eis dat sy die deur mag oopdraai en hoor wat hy sê.

„Vorster Geldenhuys het ons vanaand oorgevra na sy huis, Stefaan. Ek het amper gedag ons sal sonder jou moet gaan," sê Tewes.

„Maar ek kan nie vanaand uitgaan nie! Ek moet nog al my voorbereiding doen."

„Dit het ek gedag! Ek het dit vir Vorster ook gesê. Nou ja, dis nou jou saak. Ek gaan dan maar vir my aantrek."

„Ek is jammer," sê Stefaan, bang dat hy miskien onbeskof was.

„O.K., Boeta. Vorster sal net spyt wees."

Laat daardie aand sit Stefaan nog voor die oop venster. Motte lê al by die honderde dood op sy lessenaar, maar hy wil die stapel opstelle eers klaarmaak.

XXI

Die tweede week van die kwartaal het skaars begin of Stefaan het die naam onder die leerlinge gekry dat hy „slim" is. Fransie van der Westhuizen het aan die jong dogters van die dorp vertel dat hy die slimste onderwyser in die skool is. Hulle het nooit van skrander, bekwaam of intelligent gepraat nie. By hulle is daar twee grade: 'n onderwyser is slim of nie slim nie.

Nou ja, onder hulle is Stefaan Collin die heel slimste, dan volg Vorster Geldenhuys, dan Tewes, daarna mnr. Castell en oulaas Louis Greyling.

Marie Visser het snipperig haar mening as volg gelug:

„Wat! ? Ou Tewes? Ek hou nie van die man nie, maar hy kan skoolhou."

„Ag, jong," sê Fransie, „jy is somaar sweet op hom. Ou Babs le Roux grawe jou oë uit as sy dit moet hoor."

Marie Visser vererg haar bloedig. Sy is nog maar dertien, maar groot vir haar ouderdom, en is een wat as daar jong geselskap by die pastorie is, altyd om die hoeke en draaie wag, hoewel sy nog nie kan verstaan waarom nie. Sy het dikwels gehoor dat Haldemar, haar vader, dinge van mans en meisies sê wat sy nie kan verstaan nie, maar wat seker kwaad

moet wees, want dan is haar pa se gesig ernstig. Verlede week het haar pa nog vir Conrad 'n pak slae gegee omdat hy by die badkamer ingeloer het toe Antoinette daar was. Sy kan dit nie verstaan nie, maar weet dat Haldemar dit 'n groot kwaad en 'n sonde genoem het.

Fransie, die Matriek-dogter, het nou ook so iets met haar woorde bedoel, want die ander dogters het gelag.

„Nee," sê Fransie, „Baby het vir my die wonderlikste oë wat ek al gesien het."

„Baby" is Stefaan sy bynaam onder die kinders, want hy is nog jonk, die jongste van die onderwysers.

„Het hy al vir jou reg in jou oë gekyk, Fransie?" vra Sannie van Vuuren, 'n klasmaat. „Hy het nou die dag by my bank kom staan om vir my met die grammatika te help, maar ek het nie 'n woord gehoor wat hy gesê het nie. Hy moenie in jou oë kyk nie, want jy word daar en dan van jou wysie af. Was hy al by julle huis gewees, Lulu?"

Die afgelope paar dae het die groot dogters van die skool nog nie in die agtermiddag uit hulle huis geroer nie. Hulle wou daar wees wanneer hy kom besoek aflê. Lulu Bester is 'n mooi dogter, ligte hare, bloesende wange en 'n parmantige stap wat by haar mooi slanke figuur pas. Dit hinder haar dat Fransie hom eerste ontmoet het en dus 'n voorsprong bo haar het. Fransie se stiefvader is verder nog onderwyser, met die gevolg dat Stefaan seker

dikwels daar sal kom. Almal hou mos van Vorster Geldenhuys en Stefaan sal gou maats met hom wees.

„Outjie," vra Bessie Reyneke vir Lulu Bester, „het jy daardie geskiedenisvraag vir ou Baby uitgewerk? Laat ek dit kry, jong. Ek was gisteraand weer uit . . . ek moet julle tog nog vertel . . . het nie 'n steek gewerk nie."

Bessie Reyneke, 'n groot, growwe meisie, andersins nie lelik nie, kan met gesag in die skool praat. Haar invloed is verderflik, maar tog baie meer as dié van die onderwyseresse, want sy het 'n kêrel, Piet Celliers. Piet Celliers, 'n ses-en-twintigjarige man, werk in 'n garage, het self 'n rammelkas van 'n motor en aas op die groot dogters van die skool. Op die oomblik is dit Bessie Reyneke. Vanjaar is Bessie Reyneke die enigste dogter met 'n vaste kêrel en dit gee haar 'n gesag wat Fransie haar beny. Fransie is spyt dat haar stiefvader onderwyser is, daar dit baie ou buitekansies vir haar bederwe.

Die dogters sowel as die seuns is vanmôre baie begaan oor die geskiedenisvraag wat hulle moes uitwerk. Dis die eerste stuk werk wat Stefaan vir hul klas gegee het en te oordeel na wat die st. VIII-klas sê, laat hy nie met hom speel nie. Verlede week moes hulle so 'n vraag uitwerk en toe hy uitvind dat Willeman Castell dit nie gedoen het nie, het hy soos 'n ervare onderwyser te werk gegaan. Menige nuweling sou geraas het, of na skool gehou het, maar Stefaan het net gesê:

„Goed, Willeman. Miskien het jy nie 'n kans gehad nie. Bring die werk dan maar môre saam met hierdie stuk werk by."

Toe gaan hy reg voor Willeman staan en sê:

„Kêrel, as ek met jou praat, moet jy opstaan. Nou. Het jy goed verstaan? Jy het nou dubbel soveel om te doen. Probeer nou om môre sonder die werk te kom!"

Stil het hy omgedraai en terug na sy tafel gestap. Daar was 'n doodse stilte in die klas, want hulle het gevoel dat dit nie net 'n dreigement is nie, maar dat hy dit ook sal uitvoer.

Die st. VIII-kinders het hulle ook van Org Pieterse vertel. Verlede Donderdag wou hy weer sy streke uithaal. Hy het 'n manier om 'n eienaardige geluid met sy kieste te maak, het dit selfs al in mnr. Castell se klas gewaag, en Donderdag het hy dit in Stefaan se klas probeer.

Stefaan het nie 'n woord gesê nie, net stil opgestaan, na sy bank gestap, voor hom gaan staan en gevra:

„Org, probeer jy om die gek te skeer?'

Org het net so bly sit en gesê:

„Ja, Meneer."

Een hou met sy plathand teen Org se nek was genoeg om hom skoon uit die bank uit te lig. Org was spierwit, so vertel die ander, en 'n paar van die meisies het aan die huil geraak. Org het sy fratse darem nie herhaal nie.

Toe mnr. Castell hulle versoek om spesiale aandag aan Org Pieterse te gee, het Stefaan hom voorgeneem om die seun te hervorm.

Dit gaan sy eerste taak op Meronne wees. Sy plan was, het hy daardie aand besluit, om die seun met baie liefde te behandel, hom nooit te laat voel dat hy anders as die ander kinders is nie en sy vertroue te probeer wen. Maar net die volgende môre het hierdie terugslag plaasgevind. Hy was baie spyt en in sy onkunde het hy gemeen dat hy die leerling nou totaal van hom verwyder het. Dit was 'n spontane optrede van hom.

Soos dit so baie met jong onderwysers gaan, het Stefaan in sy onkunde juis die regte ding gedoen. Org wil 'n baas hê, iemand wat hom kan klap, beheer en terselfdertyd ook liefde gee.

Dit was bestem dat Stefaan die instrument sou wees wat 'n hele ommekeer in die seun se lewe sou bring.

Maandagmiddag van die derde week is Stefaan die laaste periode by die st. VIII-klas. Toe die klok lui, laat hy die leerlinge gaan en begin die boeke in die kas regpak. Ongemerk vra hy Org om hom te help. Org antwoord nie, maar begin dadelik help sonder om na die leerlinge se kant te kyk.

Niemand praat nie.

Stefaan kyk ongemerk na die deurgetrapte velskoene, die ou verslete broek en die woeste hare. Org kan 'n kranige voorspeler word, besluit hy. Die kêrel is lank en fris gebou.

„Hoe gaan dit in die koshuis aan, Org?"

„Goed, Meneer."

Die eerste poging het misluk.

„Ons moet die kas en ons klaskamer netjies probeer hou, Org."

„Ja, Meneer."

„Org, ek het bitter spyt dat ek jou verlede week so ongenadig hard geklap het."

Maar die seun praat nie. Stefaan merk dat hy agterdogtig is.

„Dis darem nie mooi van 'n seun om sy onderwyser so 'n antwoord te gee nie. Jy weet, Org, ek was 'n baie onbruikbare seun toe ek op skool was. Ek kon party onderwysers nie voor my oë verdra nie, maar dit was net dié onderwysers wat my nooit getug het nie. Ons het 'n ou mnr. De Vries gehad. . . ." en Stefaan begin hom te vertel.

Nadat Stefaan hom 'n hele klomp staaltjies uit sy skooljare vertel het, vra hy skielik:

„Org, hou die ander kinders van jou?"

Dit is te veel vir Org. Die trane kom in sy oë, maar vir niks ter wêreld sal hy nou antwoord nie, want dan gaan hy regtig huil.

„Org, ek wonder nou as jy baie hard gaan leer, voetbal speel — speel jy voetbal, Org?"

„Ek wil graag speel, maar Pa wil nie hê ek moet speel nie, Meneer."

„Ek sal hom self eendag vra. Jou pa moet dat jy voetbal speel. Ek belowe jou nou dat ek hom sal vra sodra ek hom in die hande kry."

„Meneer," val Org hom in die rede, „Pa kom aanstaande week weer in dorp-toe en dan sal ek Meneer by die skool sê as hy hier is."

Org was van plan om van daardie geleentheid

gebruik te maak om Stefaan by sy pa aan te kla, maar nou het hy sy voorneme skoon vergeet.

„Jy moenie vergeet om vir my te sê nie."

„Nee, Meneer."

„Ek wonder nou net as jy baie hard leer, die kinders by die koshuis reghelp en voetbal speel, wat mnr. Castell en die ander onderwysers gaan sê. Ek hou baie van meneer Opperman en die ander. Ek dink hulle gaan baie bly wees. Ons sê vir hulle niks nie, maar as jy nou wil, dan gaan ons twee saamwerk."

„Ja, Meneer."

Stefaan voel dat hy die leerling se vertroue gewen het en besluit om nou nie verder daaroor te praat nie.

„Maar sal jou pa die nodige geld hê om vir jou die voetbalklere en skoene te koop, Org?"

„Nee, Meneer, maar mnr. Castell koop somaar altyd vir die kinders wat nie kan betaal nie."

„Meneer Castell is seker 'n baie goeie man. *Ek* dink so."

„Ja, Meneer, hy is. Pa sê mnr. Castell het vir hom die geld vir ons losies kom gee. Daar was glo moeilikheid en hulle wou ons nie meer neem as Pa nie kan betaal nie."

Stefaan verwonder hom. Org is nou openhartig, maar hy verwonder hom amper meer oor die goedhartigheid van mnr. Castell. Tewes het hom al gesê dat die man altyd sonder geld is want hy help gedurig ander mense. Hier sien hy weer 'n geleentheid om aan Org te arbei.

„Org, ek wil hê jy moet môre na mnr. Castell gaan en dan vertel jy hom dat jou pa jou dit gesê het en sê jy wil hom net bedank vir sy goedheid. Ek weet hoe baie mnr. Castell dit sal waardeer. Sal jy dit doen?"

„Ja, Meneer. Baie dankie, Meneer, vir alles wat Meneer ook al aan my gedoen het. Meneer weet daardie klap het my baie goed gedoen. Meneer moet my maar weer 'n paar gee as ek miskien vergeet."

Dit was die begin van die vriendskap tussen Stefaan en Org Pieterse.

XXII

Vandag nog, nadat Vorster Geldenhuys al meer as vier jaar op Meronne onderwys gee, kan die mense hulle nie met die idee vereenselwig dat hy met mev. Van der Westhuizen getroud is nie. Vireers is sy 'n paar jaar ouer as Vorster en het hom nog nooit begryp nie. Hy is een wat die lewe aan die voorhare beet het, hy rol sonder 'n bekommernis deur die lewe, is allemans vriend en kan soms tot groot ergernis van Cecilia baie onverantwoordelike dinge doen. Een daarvan is dat hy net wie leef uitnooi om na hulle huis te kom. Sy word nooit vooraf geraadpleeg nie. Hy kom soms met twee, drie mans in en sê dat hulle vir ete bly. As sy antwoord dat daar nie genoeg kos in die huis is nie, dan sê hy dat hulle brood naasaan kan leen.

Vorster kan nie bra begryp dat daar mense is wat van ander nie hou nie. Dit het nog nooit so gekom dat hy iemand ontmoet van wie hy werklik nie hou nie. Kort na hul huwelik het dit hom verbaas om uit te vind hoeveel mense daar is wat Cecilia en haar dogter Fransie „nie kan verdra nie". Hy het begin wonder of daar wel iemand is van wie hulle hou, hy inkluis.

Vrygewig, openhartig, opreg en vriendelik is hy een wat altyd die goed in 'n ander een kan

raaksien. Daarom ook dat hy die een is, haas die enigste een, wat verdraagsaam met Lottie Wessels is. Hy en Tewes Opperman sou dan ook die grootste invloed van almal op Stefaan hê.

Die Dinsdagnamiddag van die derde week van die kwartaal kom Vorster so omstreeks vyfuur by Stefaan se kamer ingewaai en sê dat hy en Tewes saam met hom na sy huis moet gaan. Stefaan wou nog agter sy baie werk skuil, maar Vorster het vir alles 'n antwoord reg. Dit kan nou nie hoër of laer nie. Hulle moet saamgaan en somaar die aand by hom eet ook. Gelukkig dat Tewes alles al so goed weet — hy maak dus haastig 'n verskoning vir hulle altwee. Nou ja, dan moet hulle net vir 'n uurtjie oorkom.

„Ek het die eerste Maandagmiddag tot laat vir julle gesit en wag. Collin, man, hoekom het jy nie oorgekom nie?" vra Vorster.

Stefaan is verbaas. Hul afspraak was tog dat hy hulle na skool sou saamneem en hy self het dit skoon vergeet. Dis weer Tewes wat somaar oor ander dinge begin gesels en vir Stefaan knik om stil te bly. Stefaan sou Vorster later beter leer ken.

Toe hulle uit die losieshuis stap, fluister Tewes dat hulle eers 'n stukkie kaas behoort te eet voordat hulle loop, maar Stefaan begryp die opmerking glad nie.

Op pad na sy huis wys Vorster na 'n mooi klein huisie, netjies afgewit, met die rame hoog opgeskuiwe, waar dun gordyne van ligte kleur voor die vensters hang, en sê:

„Broer Greyling se woonstede, sy aardse tempel met hande gemaak. My geloof is dat net hy, mnr. en mev. Castell en Lottie Wessels van Meronne se mense eendag in die hemel sal wees. 'n Goeie man, die broer Greyling, Collin. Die man kan net nie met 'n geweer skiet nie."

Vorster vertel hulle nou baie beeldend hoe Louis Greyling 'n geweer hanteer. Daaruit swaai hy somaar weer na die koue winters wat 'n mens op Meronne kry.

„Collin, hier gaan jy nog vrek van die koue. . . . En dit is my huis hierdie. Ek sal maar voor stap. . . . "

In die eetkamer kry hulle vir Fransie, sy stiefdogter, voor die oop boeksak. Oral lê boeke en oefeningboeke. Stefaan merk darem dat sy nie daarmee besig is nie, maar aan lees is in 'n boek met 'n slap omslag, 'n Engelse boek, en Stefaan wonder hoe sterk die boek weer gekruie is. Vorster moes dit ook opgemerk het, want nadat Fransie by die deur uit is, sê hy:

„Dis hoe hulle vandag hul ontspanning soek. En dit help ook nie dat jy praat nie. Waar sit ons? Ek dink my studeerkamer sal nou die koelste plek wees. Cecilia! Cecilia! !" roep hy, maar dis Fransie wat antwoord gee.

„Pa weet mos Mammie is by die Le Rouxs."

Stefaan moes lag toe hulle Fransie weer later in die studeerkamer kry, haar neus diep in bogenoemde boek. Sy word weer verjaag. Hulle sit nog skaars of Vorster nooi hulle weer

na die pakkamer om sy gewere te gaan besigtig. In die agterplaas, waar hulle koes-koes onder die wasgoed op lyn moet deurloop, kom 'n lelike, bruin patryshond hulle erg vriendelik tegemoet. Stefaan moet daar en dan eers weer luister na al die voortreflike eienskappe van Kaptein. Dié bly aan opspring teen hom met modderpote en al.

Hoe die gesprek later op die onrus in Europa beland het, weet Stefaan nie. Die spanning duur daar voort en hoewel hulle hier op 'n ver afgeleë Karoodorpie sit, is dit vir Stefaan of jy die onrus hier ook voel. Jou koerant skeur jy met 'n vae, bygelowige onrus oop en jou gesprekke stuur maar aaneen soheentoe. Vorster het, toe hulle weer terug in die studeerkamer is, 'n paar bottels bier te voorskyn gehaal en elkeen sit al met die derde glas voor hom. Stefaan het eers verskoning gemaak maar so onvriendelik kan hy tog nie wees nie, het Vorster gesê.

„'n Mens het maar 'n droewe bestaan, maat, en een van die dae word jy doodgeskiet as daar dalk nie nog iets ergers met jou gebeur nie. 'n Bietjie bier sal jou nie kwaad doen nie. Het jy al ooit gedink aan al die ellende hier as hulle daar oorkant gaan oorlog maak?"

Toe begin Vorster gesels. Hy praat van die jongmense, van die kinders in die skool en Stefaan verbaas hom dat hierdie ligmis so ernstig oor die lewe dink. En hy is die vriend van die kinders. Jy kan dit aan sy woorde hoor.

„As ek in hierdie eeu moes opgroei, dan was

ek baie slegter as een van hulle. Julle het tog ook in streng, Christelike huise opgegroei. Het dit julle voorberei vir die lewe? Stefaan is seker die enigste een van ons wat nog nie deur die vlam geskroei is nie en ek wonder hoe lank hy gaan vryspring. Ek het ook so van die Opleidingskool gekom, en jy ook Tewes. . . ."

Vorster vertel hulle nou van die Calvinistiese huis waarin hy opgegroei het, van sy moeder, van hulle dominee. Stefaan luister gespanne. Dis vir hom of hy sy eie geskiedenis aanhoor.

Vorster het die lewe behoorlik toegerus ingegaan, maar hy het gou uitgevind dat die gemeenskap nie so inmekaar sit as wat sy Christelike ouers gemeen het nie.

„Ons is 'n klomp swape wat die lewe probeer begryp en voor ons hom verstaan, is ons daar uit. Laat die predikante maar preek, hulle preke help ons nie, want jy kan dié nie eens verknoei om in die lewe in te pas nie. . . ."

Stefaan soek met sy hand na die glas voor hom. Sy oë bly op Vorster gerig. Is dit ook nie sy ondervinding van die afgelope drie weke nie? Hy is bang, bang dat hy sal verander, dat hy weer eendag na die ou Stefaan sal soek, nes Vorster nou maak.

Vorster staan op.

„Voel julle ook die onrus by tye in julle, of is ek maar die enigste een? Is julle ook party dae oorbluf soos ek? Kom, kêrels, julle glase is leeg."

Toe Stefaan weer sy glas neersit, dink hy

daaraan dat hy nog nooit drie glase bier so na mekaar gedrink het nie. Vorster hou aan met gesels. Wanneer hy weer bier geskink het, weet Stefaan nie, maar hy hou aanstons die vierde skuimende glas voor sy mond.

In sy kamer dié aand neem Stefaan die besluit om nie weer na Vorster Geldenhuys te gaan nie. Daar is te baie in sy lewe wat hy wil behou.

XXIII

Die Vrydagmiddag laat na skool is Stefaan na mnr. Castell se huis. Nadat hy 'n brief aan sy moeder geskryf het, het hy weemoedig gevoel en lus geraak om na mnr. Castell te gaan. Nadat hy twee, drie keer geklop het, wou hy net weer loop toe mev. Castell na die voordeur kom en hom binnenooi.

„Ek het al vir mnr. Castell gesê ek wonder waarom jy so min hier kom. Maar jy is natuurlik baie besig. Ek hoop tog nie jy het lank gestaan en klop nie? My man is agter in die tuin besig."

Louise Castell neem hom somaar reg deur die huis en agter by die kombuis uit.

„Ek moet verskoning vra dat die huis in so 'n toestand is, maar ek is al weer sonder 'n bediende."

Stefaan moes lag kry. Sover mev. Castell loop, tel sy stukke klere van die kinders op. Teen die tyd toe sy in die kombuis kom, het sy 'n hele drag by haar.

„Die kinders swem natuurlik weer," sê sy verontskuldigend.

Karl Castell is in die hoenderhok besig om die hoenders een na die ander te vang en dan „die piep af te haal", soos Louise verduidelik. Stefaan spring in dieselfde gees by en net gou is hy hard besig om hoenders te vang en hulle

behendig vas te hou, sodat Karl die piep kan afhaal. Louise staan ook by, nog met die bondel klere in haar arms. Stefaan het hierdie twee eenvoudige mense lief. Daar in die hoenderkamp begin hy dink aan alles wat hy in die drie weke ondervind het. As hy dink aan wat Tewes hom van mev. Castell vertel het, as hy daar by hulle staan en mev. Castell se vriendelike lag sien, gaan sy hart uit na hulle. Waar is Filand, die getroue? Hy dink aan Lottie Wessels en wat sy hom vertel het, aan Rina du Toit en Vorster Geldenhuys en Haldemar Visser. In die vakansie het hy gewonder hoe Meronne is. Nou weet hy.

Hy dink aan Toets de Klerk, mnr. Basjan de Klerk se dogter, en die middag toe hy haar ontmoet het. Nou wonder hy of sy hom nog onthou. Hy was so besig dat hy haar gou weer vergeet het. Net by tye dink hy aan haar en 'n vreemde gevoel, wat hy nie liefde kan noem nie, oormeester hom dan. Dis eerder 'n gevoel van honger soos van twee geeste wat na mekaar uitroep.

„Het jy darem al 'n paar jongmense ontmoet, mnr. Collin?" vra Louise skielik.

„Nie baie nie, mevrou. Ek was al by 'n paar huisgesinne, maar net by mnr. De Klerk het ek jongmense ontmoet."

„Het jy al vir Antoinette Visser ontmoet?" vra sy weer.

„Nee, nog nie, mevrou."

Wie het hom nou die dag van Antoinette

Visser vertel? Ja, dis Tewes. Sy is seker die puik nooi van die dorp.

„Ek sal een aand 'n paar jongmense uitnooi en dan moet julle ook oorkom."

„Ek het 'n uitnodiging gekry om Dinsdagaand na mev. Van Dyk se huis te gaan. Hulle gee glo 'n gesellige aand. Die ander is ook uitgenooi," sê Stefaan, onseker omtrent mev. Van Dyk se aansien in Meronne.

Maar mev. Castell verraai niks deur haar antwoord nie.

„Dit sal baie lekker wees," is al wat sy sê.

„Vrou, ons sal die hoenders een van die dae weer moet dip," sê Karl.

Maar dis soos die ander twee dink, of liewer hoop dat Stefaan niks agtergekom het nie. Karl het Filand van die winkel af sien terugkom met die pakkie nog by hom. Sou Willem le Roux dié slag moeilikheid wil maak? Hy het tog 'n redelike versoek aan hom gestuur.

Filand kom reguit agterplaas-toe, reguit na Karl, en gewaar Stefaan te laat.

„Baas, baas Willem is net moeilik. . . ." begin hy, maar breek af en draai net daar slap om.

„Filand, sit die pakkie maar in die kombuis neer en kom help vir ons hier," beveel Karl.

„Karl. . . ." begin Louise Castell.

„Louise, ek sal môre 'n kansie hê en dan moet ons hulle maar dip," sê hy waarskuwend.

Vriendelik glimlag hy met Stefaan en vra of hy al gesien het hoe 'n mens hoenders dip.

Stefaan wil weer loop, maar daarvan wil mnr. en mev. Castell nie hoor nie. Hulle sien hom dan so min.

„Goeiemiddag," sê iemand agter hulle.

Louise Castell stap die jong dame vriendelik tegemoet en sê:

„Dag, Antoinette."

Stefaan sien dadelik dat dit dieselfde jong dame is wat hy elke Sondag in die pastoriebank opmerk. Noudat hy haar van naby sien, val dit hom op hoe skraal sy is, fyn gebou en amper so lank as mev. Castell. Die ligte hare kartel natuurlik, haar stap is nie gemaak nie en juis daarom so bekoorlik.

„Antoinette, laat ek julle bekend stel. Dis mnr. Collin, die nuwe onderwyser, soos jy seker self weet. Mnr. Collin, mej. Visser. Antoinette noem al haar vriende haar."

Stefaan wil net sy hand uitsteek toe dit hom byval dat hy 'n hoender aan die vlerke beet het. Eers wil hy dit los, kyk toe om waar Filand is, maar dis Louise wat dit by hom vat.

Antoinette lag hard. Dit werk aansteeklik. Stefaan bloos en moet toe ook maar lag.

„Dag, mej. Visser."

„Ek het gewonder of ek jou op die tennisbane nie sou raakloop nie, maar dis net verniet. Die mense sê jy is die hardwerkendste onderwyser wat hulle al ooit op Meronne gehad het. Maar ek kom jou een middag vir tennis haal. Almal moet hier tennis speel."

Dis vir hom opvallend dat sy hom nie gevra

het hoe hy van Meronne hou nie. Dis altyd die eerste vraag en dan lyk dit of die mense nie weet wat om verder te gesels nie.

Hy kyk weer 'n slag na haar gesig. Netnou was hy seker sy is nie mooi nie, maar nou wonder hy wat hom so bekoor. Nee, sy is nie mooi nie, net fyn en skoon. . . .

„Mevrou, wens my geluk!" onderbreek sy sy gedagte.

„Hoekom, Antoinette?"

„Pappie het tog uiteindelik ingegee en nou gaan ek die begin van Maart na Kaapstad. Ek werk nog net tot die end van hierdie maand. Ek sou dit nooit reggekry het nie, maar ou Piet het so mooi by Vader gesoebat. . . ."

„Antoinette, ek is bly. En wat gaan jy dié slag doen? Regtig jou nek op die renbaan breek?"

„Ek gaan onder Arnold kuns bestudeer. Dan kom ek weer terug en skilder verwronge bome in mistige weer nes Laetitia de Klerk."

„Jy gaan die skilderkuns opneem? Hoor, ek is regtig bly vir jou ontwil!"

„Maar dan is ons hier sonder jou," voeg mev. Castell by.

Antoinette sê hierop laggend dat daar niemand op Meronne is wat haar juis sal mis nie, „behalwe mnr. Castell", laat sy ondeund daarop volg.

Toe sy 'n rukkie later sê dat sy huis-toe wil gaan, bied Stefaan sy geselskap galant aan.

Mnr. en mev. Castell stap nog 'n endjie saam met hulle, Karl somaar sonder baadjie.

„Iets hinder mnr. Castell vanmiddag," sê Antoinette toe hulle weer alleen is. „Ek wonder wat dit kan wees?"

„Ek het dit ook opgemerk."

„Mnr. Collin," sê sy spontaan, „belowe my dat jy hulle dikwels sal besoek. Hulle hou so baie van jou en hulle het nie baie vriende op Meronne nie."

„Maar," sê Stefaan verbaas, „hoe is dit dan moontlik! Wie sal nie van hulle hou nie? Ek dink hulle is twee liewe mense."

„Liewe mense is reg. Mnr. Collin. . . .," sy swyg 'n oomblik asof sy onseker is en vervolg dan: „Mnr. Collin, mnr. Castell neem die plek van 'n vader by my in. Sien, my eie vader het my nooit begryp nie. Dis maar altyd so, nè? Mnr. Castell aanbid ek letterlik. Weet jy dat hy so 'n swak hart het dat hy enige oomblik daaraan kan beswyk? Maar jy hoor hom nooit kla nie. Wat hy vir hierdie plek al gedoen het, sal niemand ooit weet nie. Ek dink hy hou party dae niks van sy salaris oor nie. En tog het hy nie juis vriende nie, behalwe miskien Fanie van Ellewee, 'n klompie arm mense en Vader. Maar Vader se vriendskap. . . ." Verder praat sy nie.

Regoor die losieshuis vra sy skielik: „Mnr. Collin, wat skrywe jy Sondae so getrou in die kerk af? Tog nie Vader se preke nie?"

„Ja, mej. Visser," antwoord hy half verleë.

„Dis kostelik. Vader sal so groots as 'n kapokhaan wees as hy dit weet. Ek moet dit tog vir hom vertel."

Saam lag hulle. Dis soos twee mense wat mekaar jare al ken.

Stefaan is spyt toe hulle uiteindelik by die pastoriehekkie kom, waar agter om die hoek die jakarandas en rose so welig groei. Dit laat hom aan Antoinette en mev. Castell dink, maar hy kan hom nie met die gedagte vereenselwig dat Haldemar Visser hier woon nie

„Jy gaan tog darem inkom?" sê Antoinette teleurgesteld. „Mammie sal jou graag wil ontmoet. Kom!" sê sy en sonder dat een van hulle daarvan bewus is, vat sy sy hand wat op die hekkie rus en trek hom binne-toe.

Haldemar is by die perskebome. Dis weer sy daaglikse inspeksie. Hy weet gewoonlik as daar soveel as een perske makeer. Vanmiddag makeer daar van die mooiste perskes, wit parvie.

Stefaan dag hy sou naderkom, maar instede daarvan stap hy om die boom. Dis sy eerste besoek by die Vissers en tot sy teleurstelling vind hy die pastorie anders as wat hy hom dit voorgestel het. Hy het hom op pad soheentoe voorgestel dat Antoinette in 'n huis woon van baie sonskyn en warme hartlikheid. Maar die hoë plafon, die bruin geoliede houthoederak in die gang en die wildhorings aan die gangmure getuig van 'n bedrukte stemming, 'n eentonige eenselwigheid.

„Sit maar solank, mnr. Collin. Ek gaan gou vir Mammie roep. Jy hoef nie lank te bly nie."

Die son skyn nie in die voorkamer nie. Die veranda keer dit af. Stefaan kan die kleur van die vloermat nie agterkom nie. Later sou hy uitvind dat Haldemar die dinge gewoonlik koop, en dat Antoinette of mev. Visser geen seggenskap daarin het nie. Die klavier staan toe. In die hoek 'n hoë blomtafeltjie met wit rose in 'n blompot. Bruin kiaathoutstoele met leerkussings, bruin leerkussings. In die middel van die vertrek, reg onder die hanglamp, nog 'n tafeltjie. Daarop twee portrette in silwer rame van Haldemar en 'n jong man. Seker Piet, dink Stefaan. Langs die tafeltjie die dop van 'n yslike bergskilpad, 'n reus van 'n dier.

Toe kom mev. Visser en Antoinette binne. Stefaan dink onwillekeurig aan 'n tronk waar die inwoners binnegebring word onder begeleiding van 'n bewaarder. Net Antoinette pas nie in die rol van bewaarder nie.

„Waar is Vader?" vra Hilda Visser net nadat hulle gegroet het.

„Vader is in die tuin, Mammie," antwoord Antoinette.

„Ons het lekker dae, nè mnr. Collin?" sê Hilda Visser.

Stefaan hou van Antoinette se moeder. Sy laat hom effens aan mev. Castell dink. Hy kan voel dat sy hom wil tuismaak, maar nie weet hoe om dit te doen nie. Dis of sy gejaagd

is, of sy die gesprek wil aanhelp en nie rustig is nie.

„Hoeveel kinders het julle nou in die skool, mnr. Collin?" vra Hilda, maar sy kyk by die venster uit.

„Ek het nog nooit vir mnr. Castell gevra nie, mevrou."

„Antoinette, weet *jy* nie?"

„Nee, Mammie."

„Haldemar sê daar is nou meer as driehonderd in die Sondagskool."

Stilte volg. Stefaan staan op en sê dat dit laat word. Mev. Visser sê werktuiglik dat hy weer moet kom.

Buite is Haldemar nog by die perskebome. Om die bome stap hy met sy swart pak soos 'n winkelier wat sy ware opteken.

XXIV

Die vierde week van die eerste kwartaal het sleg begin, altans vir Stefaan. So iets kom altyd sonder 'n waarskuwing vooraf, het hy uitgevind. Toe hy die Maandagmôre aan tafel sit, was hy so ingedagte dat Tewes en Sophy Lessing aanmerkings daaroor moes maak. Sophy is in die laaste tyd baie opgeruimder, soms amper verspot, en Stefaan skryf dit toe aan die baie besoeke wat Herman Carstens, die wewenaar, by haar aflê. Babs le Roux voel weer buitengewoon bedruk. In die laaste paar dae gaan dit nie te goed met haar en Tewes nie. Laasgenoemde was Vrydag-, Saterdag- en Sondagaand by Beatrix van Dyk, Beatrix wat so baie van die jong professor op Stellenbosch gesels.

Dis dan nie 'n aangename stemming in die eetvertrek van die „Good Hope"-losieshuis nie.

Junie Viljoen was gisteraand weer onbekwaam en sit nou en brom oor die „treurige" kos. Mary May Olive, die snip, sit eintlik met haar kop skeef om elke woord op te vang. Lottie Wessels het pas vir Rina du Toit gewaarsku dat haar onverskilligheid haar net op een plek kan laat beland en Sarie Oberholzer se gesig dra duidelik die spore van 'n huilbui, iets wat sy baie dikwels kry. Hulle kan raai waarom sy gehuil het, want die vader van een van haar

leerlinge was vroeg vanmôre hier en die onderhoud het nie te goed afgeloop nie. Die arme Sarie is die een wat al die ongelukke tref. Van wat Tewes vanoggend gehoor het, het sy glo weer te veel huiswerk gegee.

Mev. De Wet, hul huismoeder, het toe hulle almal aan tafel sit, ingekom, met 'n mes op die tafel gestamp en hulle botweg gesê dat as hulle haar in die vervolg weer met die ete laat wag, hulle net so lief daarsonder kan bly.

Dit het alles meegewerk om 'n egte Maandagmôre-stemming te skep.

Junie Viljoen kan sy gemoed lug, want hy is nog half geswael, maar mev. De Wet se antwoord is dat hy sy mond moet hou, want hy is nog dronk.

„Kyk maar wat *ek* vir julle sê. As 'n week so begin, dan is ek groot moeilikheid te wagte," sê Tewes filosofies.

„Dis bygeloof," sê Lottie Wessels daarop.

„Ou kind, daar is geen verskil tussen jou geloof en my bygeloof nie. Altwee is nog oorblyfsels uit 'n donkere tydperk."

In dié stemming is hulle skool-toe. Mnr. Castell het sy eie moeilikhede en gesels vanmôre nie. Vorster Geldenhuys is inteendeel meer opgewek as ander dae en kla dat „die klomp" geen sieraad vir die onderwysberoep is nie.

Louis Greyling het weer 'n paar boeke onder sy arm vasgeknyp en skaars more gesê of hy is weg na sy klaskamer.

Stefaan sit voor die tafel in die st. VII-klas-

kamer. Hy is besig met die klasregister. Dis stil om die skool. Nu en dan kan jy Vorster hoor lag en die kinders saam met hom. Vorster is altyd in 'n opgewekte stemming. Stefaan glimlag. So tussen die werk aan die register deur dink hy aan al die bygelofies van die onderwyseresse. As 'n week sus of so begin, dan kan jy moeilikheid te wagte wees — dit volgens Tewes. As een van die dorp se maer hoenders ontydig kraai, sweer Babs dat dit daardie dag nie te goed met haar sal gaan nie. Bygelowe.

„Waar is mnr. Cassell?" vra 'n vrouestem buite.

Louis Greyling antwoord.

'n Rukkie stilte. Stefaan kan sien dat die kinders luister. Reg onder sy venster loop die vrou mnr. Castell raak en begin daar en dan lostrek.

„Mnr. Cassell, ek het net vir my man gesê hy moenie kom nie. Ek sal self kom. Ek wil vanmore weet wat miss Le Roux met my kinners te doen het. Stewie kom Vrydag huil-huil by die huis aan en sê miss Le Roux het gesê dat sy bene vuil is. Nou hier is Stewie. Ek wil hê mnr. Cassell moet na sy bene kyk en vir my sê of hulle vuil is."

Toe sy asem skep, sê Karl Castell op sy bedaarde manier dat hulle na sy kantoor moet gaan.

„Nee, ek gee nie om wie my hoor nie. Ek het 'n vreeslike man. Mnr. Cassell kan bly wees

dat hy nie vanmore gekom het nie. Stewie, kom nader lat mnr. Cassell na jou bene kan kyk. Kyk hier, dis 'n sweerplek wat hy aan sy been het en glad nie vullis nie. Nou sê my man ek moet vir mnr. Cassell vra of jy al ooit een van ons kinners vuil gesien het."

„Nee, mevrou. Maar kom ons gaan maar na die kantoor."

Aan die rigting van sy stem kan Stefaan hoor dat mnr. Castell seker al 'n paar tree in die rigting van die kantoor gevorder het. Stefaan voel ongemaklik. Jy kan elke woord hoor, die kinders giggel al en hy vrees hulle gaan netnou hard lag. Hy maak maar of hy baie besig is.

„In nog 'n ding. Floors sê vir my miss Oberholzer begin al weer aan sy kop te foeter. Ek kan nie verstaan wat sy so graag aan die kind se kop. . . ."

„Kom maar hier in, mevrou," sê Karl 'n klein bietjie skerper.

Stefaan weet nou wie hier op die stoep is — mev. Gysbert le Roux wat net hier naasaan die skool woon.

„In nog 'n ding. Die kinners sê vir my dat hulle melk by die skool moet drink. Ou Koos van Vuuren se melk. My kinners drink nie melk wat van ou Koos van Vuuren se huis kom nie. Miss Le Roux het vir hulle gesê hulle moet die melk drink. Nou sê ek. . . ."

Toe gaan die deur van mnr. Castell se kantoor agter hulle toe. Karl het dit uiteindelik reggekry om haar daar in te lok. Hy kan nou waag om

op te kyk. Die klas het blykbaar die geval al weer vergeet. Hy sou egter daardie more ook sy sonde en ergernis hê.

Die eerste periode op Maandagoggend het Stefaan voordrag by die st. VII-klas. Die gedig wat hulle veronderstel word om te ken, is „Amakeia" van A. G. Visser. Dis die keuse van die klas. Verlede week al het die seuns hul stem laat hoor teen die gedig, maar daar die dogters in die meerderheid en hulle ten gunste van die gedig is, is toe besluit dat dit die volgende gedig vir die hele klas sou wees.

Dis nou juis dié periode waarvan Stefaan nie hou nie, want seuns wil gewoonlik nie gedigte leer nie en is skaam om voor te dra.

Piet Celliers weier botweg om die gedig voor te dra. Hy noem dit 'n meisiegedig.

„Ag wat, Meneer, waarom moet ons die ou goed leer?" wil hy weet.

Baie taktvol verduidelik Stefaan dat al die pligte nie ewe aangenaam is nie en dat hulle almal op hom wag. Hoe gouer hy begin, hoe gouer sal hy klaar wees.

Dit gaan nog op 'n manier. 'n Paar van die seuns giggel, want Piet se stem is aan die breek. Nou volg 'n paar meisies en Stefaan is net mooi sat vir die seuns wat kort-kort proes van die lag, toe Gys Nel aan die beurt kom.

Stefaan het nog nooit las van die seun gehad nie. Hy weet dat Tewes en Vorster oor hom kla, maar hy het hom daar nie aan gesteur nie.

Iemand giggel. Gys hou dadelik op met

resiteer en kyk rond in die klas, rooi van woede of skaamte, Stefaan weet nie watter een van die twee dit is nie. Met die grootste gesukkel kry hy die seun so ver dat hy weer begin. Teen die tyd begin hy hom al vererg. Skaars het Gys koers gevat of Sarel Gerber, wat agter hom sit, steek hom van agter. Gys draai net daar om en gee die ander 'n deftige klap.

Dis doodstil in die klaskamer. Sonder om 'n woord te sê, staan Stefaan op, stap na Gys en gee hom 'n klap. Toe hy dit eers gedoen het, kon hy homself nie keer nie. 'n Tweede en 'n derde klap volg. Toe is daar stilte in die klas. Dis vir hom of die gedig hom nou ook walg. Maar hy laat niks merk nie en selfs die seuns sê die gedig op — jy kon dit nie voordra noem nie — sonder verdere las.

Dis 'n beginsel van Stefaan dat hy so 'n seun later weer alleen kry. Speeltyd sê hy vir Ferdinand Castell om Gys Nel vir hom te gaan roep en stap toe stafkamer-toe. Hulle is net aan tee drink toe Ferdinand terugkom en hom sê dat Gys nie by die skool is nie en dat die kinders hom huis-toe sien gaan het.

Mnr. Castell vra hom wat dan gebeur het. Stefaan vertel hulle en is 'n berisping van mnr. Castell te wagte. Karl Castell sê egter niks nie en tot sy verbasing is dit Louis Greyling wat antwoord gee.

„Die seun is 'n niksnuts. Hy probeer die gek in my klas ook skeer. Hy moet glad nie in die skool wees nie."

Nog sê Karl Castell niks nie.

„Wie is dit?" vra Babs le Roux.

„Maat, en hiermee is die storie nog nie op 'n end nie. Willem Nel laat sy kinders nie slaan nie," sê Vorster.

„Jy sal nog baie moet leer, maar dis een van die eerste lesse. Willem Nel se kinders slaan 'n mens nie," voeg hy 'n rukkie later by.

„Maar ek kan mos tog nie 'n uitsondering maak nie! Was dit een van die ander seuns, sou ek hom ook gestraf het!"

„'n Mens kan sien die broer is nog jonk in die onderwys," sê Vorster weer. „Jy sal nog al die draaie en kinkels leer ken. As jy nog lank wil onderwys gee, moet jy onthou dat jy die kind wat verknoei is, nie mag slaan nie, maar die een wat soet en onderdanig is, kan jy net soveel slaan as jy wil."

„Ek weier om dit te doen. Dan laat staan ek liewers om skool te hou," laat Stefaan hierop volg en vra Lottie om vir hom nog 'n koppie tee te skink.

„Maar jy kom gou-gou reg. As ek nie verkeerd is nie, sal Willem Nel netnou hier wees. As hy klaar met jou is, wil ek graag hoor of jy nog aan jou regverdige teorie glo," meen Tewes.

„Hy kan maak net wat hy wil, maar ek sal Gys tug as ek dink dis nodig," sê Stefaan koppig.

Toe eers praat mnr. Castell, maar sy woorde is nie as 'n berisping bedoel nie.

„Mnr. Collin, u weet seker dat u nie mag slaan nie?"

Niemand sê iets nie. Louis Greyling steun iets, maar hulle kyk nie na hom nie. Vorster Geldenhuys merk mnr. Willem Nel die eerste by die deur op en fluister iets vir mnr. Castell.

Karl stap deur-toe, maar voordat hy nog iets kan sê, is Willem Nel binne en begin lostrek.

„Castell, ek wil weet wie van jou assistente vanmôre my seun geklap het?"

„Sal ons nie maar liewer na my kantoor stap en dit daar rustig gaan bespreek nie, mnr. Nel?"

„Nee. Dis hoog tyd dat jou onderwysers die waarheid hoor. Hulle is te sleg om na hul self te kyk en nou moet hulle ander mense se kinders opvoed. En nou wil ek net vir Collin sê dat ons hom nie hier aangestel het om kinders te klap nie."

„Mnr. Nel, dit sal die saak nie verbeter as ons ons humeur verloor nie. Kan ons dit nie privaat met mnr. Collin bespreek nie? U sal tog ook nie in die publiek wil bespreek word nie. Kom ons stap. Die kinders hoor ons netnou," probeer mnr. Castell hom kalmeer.

„Ek traak nie wie my hoor nie. As die ander ouers hulle van die onderwysers laat vertrap, sal ek dit nie doen nie. Is dit Collin wat daar staan?"

„Ja," sê Stefaan en stap vorentoe.

„Is dit wat hulle vir jou op skool leer?"

„Mnr. Nel, dis 'n saak tussen u en die onderwyser alleen. Die ander het daar tog niks mee te maak nie!" probeer Karl weer.

„So? Het hulle daar niks mee te maak nie? Ek sê nou hier vir hulle dat as een van hulle weer hul hand aan een van my kinders sit, dan stap ek hof-toe. En jy ook, Castell," voeg hy by.

„Het u uself nie afgevra waarom die onderwyser Gys geklap het nie? Miskien het hy rede daartoe gehad?"

„Rede daartoe gehad? En wat se rede kan hy hê? Hy is 'n huurling, niks meer nie. Ek laat nie 'n huurling my kinders klap nie. Nou sê ek vir jou hier dat as Collin vir Gys nie verskoning vra nie, dan sal hy met my te doen kry. So 'n klein astrante huurling!"

„Dis nie mooi van u om so te gesels nie, mnr. Nel. Was hy 'n huurling, sou hy nie soveel moeite met u seun neem nie. Hy bedoel dit opreg."

„Opreg! So 'n verbrande tien pond se huurling."

Dis of die woord „huurling" Willem Nel baie bekoor. Vir hom is Stefaan en die ander niks meer nie. Soos 'n rasende stap hy uit die personeel-kamer.

„And that's that," sê Tewes tot almal se verligting.

Die klok lui weer. Dit val Stefaan by dat hy nou geskiedenis in die st. X-klas het, maar al sy lus om te werk is skoon weg. Hy het diep binne in sy siel seergekry. Mnr. Castell het die saak nooit weer met hom bespreek nie.

XXV

Die gebeurde het 'n nadelige uitwerking op Stefaan gehad. Twee jaar later kon hy terugkyk en sien hoe daardie Maandag 'n duidelike keerpunt in sy lewe was. Nou was dit nog nie sigbaar nie, maar dinge het van nou af verkeerd begin loop.

Die fout met Stefaan is dat hy jonk en onervare is, nog maar min van die lewe gesien het, en gepaard daarmee het hy nog 'n billikheidsgevoel wat buite alle afmetings gaan. Voeg daarby nog dat hy 'n eerlike, hardwerkende onderwyser is en dis te verstaan dat hy hieronder sou kwyn.

By die losieshuis het Tewes, Babs, Sophy en die ander die gebeurde met hom bespreek en getrag om hom dit in die regte lig te laat sien, maar hy het die hele dag bedruk gebly en kon nie werk nie.

Hy sou die eerste een gewees het om sy fout by mnr. Nel te erken en hom om verskoning te vra, ook vir Gys, maar wat hom seer maak is dat die ouer sy eer as onderwyser in twyfel trek.

„Man," sê Tewes vir hom die middag in die kamer, „onderwys is vol ups and downs. Meer downs as ups. Aanstaande week het almal dit al weer vergeet. Jy ook."

„Wat moet mnr. Castell van my dink? Ek hét my humeur skandelik verloor."

„Mnr. Castell is self 'n onderwyser en verstaan dit goed. Die oubaas is self teen die grond geslaan."

„Juis. Dis wat my so sleg laat voel," hou Stefaan vol.

„Die beste plan vir jou is, Collin, om Vorster se filosofie aan te neem. Hy sou die man uitgelag het."

Maar die hele saak het so baie kleintjies gehad. Daardie aand laat Basjan de Klerk hom roep.

„Foei tog! Foei! Foei! Foei! !" sê Basjan toe hulle 'n rukkie later in sy kantoor sit.

„Waarom het jy die man nie die waarheid vertel nie? Vertel vir my net mooi hoe dit gebeur het, want ek weet net wat ou Jurgens Lategan vir my daarvan by die Armkoshuis vertel het."

Nog 'n vernedering vir Stefaan. Basjan wil elke besonderheid hoor. Stefaan is onder die indruk dat mnr. De Klerk werklik bly is dat dit gebeur het.

„Ek voel baie jammer vir jou, mnr. Collin. Om te dink dat 'n ordentlike Afrikaner so 'n vernedering moet ondergaan! Foei tog ! ! Maar mnr. Castell het tog seker vir hom die waarheid vertel?"

„Maar ek sal vir jou vertel wat die moeilikheid hier is," gaan Basjan voort. „Ou Willem le Roux sit agter die hele affêre. Hy en ou

Willem Nel is swaers. Jy moet onthou, Collin, dat die hele spul hier familie van mekaar is. As jy aan die Nels raak, dan het jy aan die helfte van Meronne se mense geraak."

„Maar hoe moet 'n mens dan hier onderwys gee, mnr. De Klerk? Wil die ouers dan nie hê jy moet die tug handhaaf nie?"

„Hulle weet self nie wat hulle wil hê nie. Die ding sal voor die skoolkommissie kom en dan sal ek hulle goed sê," gaan Basjan gerusstellend voort.

Dis 'n nuwe wending, iets wat Stefaan nie verwag het nie.

„Mnr. De Klerk, ek wil u asseblief 'n groot guns vra. Kyk of u dit nie kan verhoed nie. Ek sal alles in my vermoë doen om die kwaad te herstel, ek sal na mnr. Nel gaan en hom om verskoning vra as dit nodig is, en vir sy seun ook, maar in belang van die skool, van die ander kinders moet dit nie gebeur nie. Dis nie dat ek omgee nie, maar as dit gebeur, sal my werk hier baie moeilik wees. Dit kan u tog verstaan."

„Maar die ander lede sal dit bespreek! Willem le Roux sal sy sê wil hê en niemand sal hom nou keer nie," verduidelik Basjan en voeg nog 'n slag „foei tog" by.

Stefaan kom onder die indruk dat mnr. De Klerk self graag wil hê dat die saak in die skoolkomitee bespreek moet word. Dis of hy bewus is dat Basjan hiervan gebruik wil maak om private geskille te besleg.

„Mnr. De Klerk, ek sal nou na mnr. Nel en mnr. Le Roux gaan, as dit dan hulle is wat so onverstandig is," antwoord Stefaan moedeloos.

„Nee, nee, foei tog! Moet jou nie so verneder nie, mnr. Collin. Laat hulle vir hulle 'n slag goed vasloop. Ek is al lankal lus vir hulle. Dié slag sal Willem le Roux sy rieme styfloop."

Na nog 'n kwartier is Stefaan daar weg. Hulle het nog baie gesels, al in 'n kring, tot hy vas onder die indruk gekom het dat Basjan de Klerk werklik bly is dat dit gebeur het. Hy is teleurgesteld.

Willem Nel se huis, vind Stefaan uit, is net anderkant die kerk, die eerste straat links, die tweede huis op regs. Toe hy by die platdak-huis met sy klipstoep en priëel kom, is Willem Nel juis vir Ulrich de Witt, die posmeester, die gebeurde aan vertel. Dit kon Stefaan tog te duidelik aan hul houding sien. Ulrich de Witt, die oujongkêrel, bekyk hom asof hy een of ander pre-historiese dier is. Gys sit ook eenkant, hande in die broeksakke.

Toe hy homself bekend stel, lyk almal ongemaklik. Ulrich sê dat hy nou moet loop, Gys verdwyn en mnr. Nel stap saam deur-toe.

„Jy kom my seker sien?" sê Willem Nel heeltemal vriendelik.

„Ja," antwoord Stefaan.

„Sit maar, mnr. Collin."

'n Paar woorde oor die warm weer en die kanse op reën volg eerste. Toe val Stefaan weg.

„Ek is jammer dat u vanmôre so gou weg is.

Ek erken ronduit dat ek 'n groot fout gemaak het. Ons kan nou nie aan onsself dink nie, want die toekoms van 'n jong seun is op die spel. Ek is gewillig om alles te vergeet, vir Gys om verskoning te vra, en in sy belang te handel. U is sy vader. U ken hom beter as ek. U sal die beste weet hoe ons te werk moet gaan. Sal ons hom roep?"

„Mnr. Collin, dis nie nodig nie. Die ding is nie meer in my hande nie. Ek het vanmôre met my swaer, Willem le Roux, gesels en hy het my aangeraai om 'n brief aan die sekretaris van die skoolkomitee te skryf en my klagte by hom in te dien."

„Maar ons twee kan nou na mnr. Le Roux gaan en dit saam met hom bespreek. Dis tog nie in belang van die skool as u so handel nie," probeer Stefaan.

„Ons kwessie kan ons miskien so afhandel, maar nie die ander dinge nie," sê mnr. Nel tot Stefaan se verbasing.

Gys het intussen weer ingekom en by die deur bly staan.

„Watter ander kwessie is daar dan, mnr. Nel?"

„Baie ander dinge. Ek het nou genoeg opgevreet van Karl Castell. As ons die ding nou sus, dan sal dit van kwaad tot erger gaan. Die ouers kla baie. Hier hou hy Giel Pieterse se kinders in die skool. Hulle kan maak net wat hulle wil en my kinders word geklap, left en right, en dit vir die kleinste oortreding."

„Kan ons die saak nie privaat bespreek nie?" vra Stefaan en kyk na Gys se kant toe.

„Waarom sal ons? Ek het geen geheime vir my vrou of kinders nie. Ek hoef nie dinge weg te steek soos party mense wat ek van weet nie. Mnr. Collin, jy kan die dorp van bo af tot onder deurstap en jy sal nie één kry wat soveel as die swart van hul nael teen my kan inbring nie. Ek gee nie om om vir jou te sê nie, toe jy Gys vanmôre geklap het, het jy die verkeerde man se kind geklap."

Stefaan voel vuurwarm van verontwaardiging, skaam oor die vernedering voor een van sy skoliere. Dis of iets vir hom sê dat hy liewers moet loop, maar hy wil graag alles in sy vermoë doen om die kwessie uit die wêreld te kry. Hy sal nog net die een slag probeer.

„Gys, het jy vir jou pappie vertel waarom ek jou geklap het?"

Toe word Willem Nel kwaad.

„Collin, toe jy by my deur ingekom het, het ek besluit om nie my humeur te verloor nie. Jy ken my nog nie. *Ek* sal daardie vraag antwoord. Waarom moet hy vir hom laat klap as jy te vrot is om skool te hou? Die hele spul van julle, van ou Castell af tot by Lottie Wessels, is te vrot om skool te hou. Ek het gedag toe jy kom dat dit nou beter sal gaan, maar ek sien jy is net so vrot as die ander. Maar ek sal jou sê wat ek gaan maak. Dis die raad wat swaer Willem my gegee het. Ek wou eers vir Gys uit die skool uit hou, maar nou stuur ek hom van

môre af en bewaar jou siel as jy weer jou pote aan hom sit."

Stefaan weet nie of hy gegroet het nie, maar Gys se gesig, soos hy daar by die deur bly staan het, sal hy nooit vergeet nie. Hulle voel seker lekker oor die belediging wat hulle hom aangedoen het.

Skielik is al sy lus om skool te hou, om kinders van ander mense op te voed, totaal weg. Huurlinge! En hy het eerlik probeer om die kinders aan te help. Hy sal seker altyd maar werk en hy hoop baie hard ook, maar sy siel sal nie meer in die werk wees nie. Daar in die hoofstraat van Meronne, oorkant die kerk, reg voor Dutsenski se winkel, weet hy dat Meronne se mense sy siel uitgehaal, beloer en nie weer ingesit het nie.

Naby sy losieshuis toet 'n motor lustig agter hom, iemand skreeu iets en toe hy omkyk, is dit nog net om Karl Castell se kar om die hoek te sien gaan: Karl en Louise voor, Filand en die kinders agter in.

Toe hy onder die veranda kom, merk hy die ander aan tafel. Dan is hy mos laat. Dis miskien juis goed, want hy wil tog nie eet nie.

Eers toe die lamp in sy kamer brand, weet hy wat hy vanaand graag sou wil doen. Hy sal maar die weeklikse brief aan sy moeder skryf.

XXVI

Wynand van Dyk se huis is vroeg vanmôre al in rep en roer. Nadat hy so 'n rukkie in die huis was, het hy maar liewer na die magistraatshof gestap om te kyk wat daar gaande is. Hy weet die saak teen Van Coller — Van Coller wat sy vrou en kind geslaan het — begin vanmôre. Dit sal 'n baie interessante saak wees. Herman Carstens verskyn namens Van Coller — die vrou het glo 'n advokaat van Kimberley gekry. Die hele saak sal natuurlik draai om die kwessie of Van Coller se vrou werklik saam met Du Plessis was.

Die vooruitsig van 'n interessante môre in die hof is daar. Wynand hoop heimelik dat alles haarfyn beskryf sal word.

Met Vati in die hof het Beatrix-Muti die môreskof begin. Vroeg môre is sy al in die tuin tussen die rose en dahlias, die kappertjies en frisse pronkertjies. Beatrix, haar dogter, gesels deur die voorkamervenster met haar en Silvia lê weer met 'n hoofpyn.

Bee se nousluitende oggendjapon van foulard, soos *Die Burger* dit sou stel in sy vroue-rubriek, toon haar in al haar bevalligheid. Sy kan bekostig om van 'n ander se vet te praat, want Bee sal eendag seker nooit vet word nie.

Alles is vanmôre „salig". Volgens haar sal

Beatrix-Muti vanaand salig in daardie rokkie lyk en die koek wat sy en aia Sabien gister gebak het, sal so salig smaak.

Haar praat is aangesit, die kleur van haar wange en die lang swart wimpers ook.

„Ag, Muti-Duti, waarom kan 'n mens nie altyd so gelukkig voel nie?"

„Voetsie, voetsie, voetsie! !" gesels sy met die kat wat hom heen en weer oor die sagte pels van haar kamerpantoffels krul.

„Bee, ek wonder of ek reg raai?"

„Muti-Duti kan maar raai."

„Tewes Opperman."

„My ou Moets, jy het reg geraai. Voetsie, voetsie, voetsie!" gesels sy weer met die kat.

Vanaand gee die Van Dyks hul aandpartytjie. Baie grootmoedig het Bee vir Toets de Klerk en Antoinette Visser ook gevra, maar laat eers, sodat hulle nie nog nuwe rokke kon kry nie. Natuurlik Babs le Roux ook. Toe Beatrix-Muti aan die geselligheid geraak het, was sy nog geïnteresseerd in die nuwe onderwyser, maar ná die tyd het Tewes Opperman sy verskyning gemaak. Tewes, wat eers van Queen Beatrix en haar telge gesels het, is nou 'n gereëlde besoeker daar.

Nou is dit goed. Nou kan sy vir Babs le Roux ook vra. Tien teen een sal sy nie kom nie, maar sy sal Tewes hierheen sien kom. Toe sy nog 'n skooldogter was, vier jaar gelede, was sy al verlief op Tewes. Nou kom Tewes na haar toe, Tewes Opperman!

Die res van die dag het Bee tussen die badkamer en spieëltafel gewoon, Beatrix-Muti in die voorkamer by die blomme en Silvia in die bed met 'n nat lap op haar kop en 'n pakkie Aspro voor haar bed.

Vati het in 'n volbloed-regsgeleerde ontwikkel en kon dit nie met mnr. White, die magistraat, eens raak dat dit vir Du Plessis tog wel moontlik was om daardie bepaalde dag vyftig myl van Meronne te wees en darem nog op Meronne ook nie.

Maar Vati se vakansiedag was ook gou oor.

Op die stoep onder hangende lanternliggies sit Vati en Beatrix-Muti nou en staan elkers op wanneer die gaste kom. Bee staan so 'n rapsie voor hulle en Vati het net mooi die vlak van haar kaal rug voor hom. Hy merk op dat Beatrix-Muti ook so 'n kaal rug het en hy kyk op na die lanterns waar die motte so baljaar.

Silvia sit bleek en wit by 'n ander tafel, bang dat sy vanaand weer 'n aanval sal kry. Gewoonlik kry sy 'n floute nes daar besoekers is en veral op so 'n aand. Sy beny Bee haar selfvertroue en voel net gelukkig waar mense-oë nie is nie.

„Upsy Daisy!" sê Bee toe twee jongmense by die hekkie inkom.

„Upsy Daisy jou self!" sê John Watermeyer, wat in die magistraatskantoor werk. Hy lig sy arm so effens en om mee te doen aan die pret, stap Lilla le Roux netjies op haar tone.

„Upsy Daisy!" skreeu iemand uit die straat

uit en toe maak Anton Celliers en Susie le Roux, Lilla se suster, hul verskyning by die hek.

Anton Celliers verdien nadere kennismaking. Hy werk in die bank op Meronne. 'n Kenmerk van Anton is dat as hy eers met 'n stopwoord begin, almal dit later gebruik. Eers was dit „Song of Songs", later „stoch" a la klawerjas en nou is alles „Upsy Daisy." Hy kan katte, 'n koor van hulle, presies namaak, hou van heuning-poffertjies, kan „hemels" sing en beweer dat hy nooit sal trou nie.

„Is ons eerste hier?" vra Anton.

„Julle is," sê Bee en soen vir Anton, of liewer hy soen haar. Dis nog 'n kenmerk van Anton Celliers, wat in die bank werk. Hy soen omtrent al die meisies en 'n klompie getroude vroue op Meronne ook.

Silvia sit vergete by een van die tafels. Sy wens sy kon ook opspring en „Upsy Daisy" skreeu, maar dan sal die ander dalk dink sy is van haar sinne beroof.

„En die ou kêrel, die vader van al die pret," sê Anton toe hy Wynand groet.

Hy gryp 'n papierpet en plak dit op Wynand se kop. Dit laat die ander skreeu van die lag.

„Wat is hier vanaand om te eet?" vra hy weer, storm op 'n bord koek in die voorkamer af en begin eet.

„En hy het eers nog by ons ook geëet voor hy hiernatoe gekom het!" sê Susie.

Die Le Roux-meisies aard so reg na hulle vader, Willem le Roux. Willem is groot, hulle

ook. As hulle in 'n vertrek is, is daar nie baie plek oor vir 'n ander nie. Die plek is dadelik vol. Voordat hulle besoek oor is, kan jy sweer 'n koppie tee is omgestamp of hulle het 'n tafeltjie omgeloop. Bekwaam! Baie bekwaam. Hulle almal. Daar is agt, ses seuns en twee dogters. Lilla en Susie kom altyd by jou staan en vertel wat die fout met die koek is of waarom jou rok nie mooi sit nie.

Nou al kan hulle vir Bee vertel waar die fout met die rangskikking van die tafeltjies en blomme is. Maar Bee en hulle is vriende en hulle het hierheen gekom om te „Upsy Daisy".

„Ek wil vreeslik graag die nuwe onderwyser ontmoet," sê Susie le Roux, leun teen een van die tafels en die blompot kantel binne in Silvia se skoot.

„Ekskuus, ou maat. O, ek is vreeslik, vreeslik jammer. Gelukkig is dit nie jou ou mooiste rokkie nie. Bee, kom help vir Silvia hier."

Bee hoor nie, want sy is die onderwysers aan verwelkom. Hulle is almal hier, behalwe Lottie Wessels, en soos Tewes sê, hulle moet haar tog maar verskoon, „want sy gaan vanaand die vagevuur deur oor hulle ongeregtigheid."

Voordat Bee nog katterig met Babs le Roux kon wees, daag Johan Deetlefs en Antoinette Visser op.

„Tussen ons vroumense," soos Tewes altyd sê, is almal bang vir Johan Deetlefs. Al die mans altans. Op straat het hy altyd 'n tou vroumense by hom, maar hy gee presente aan

die mans. Tewes het al 'n das van hom gekry. Maar die vent speel pragtig klavier en sing op elke partytjie „Lilies of the Valley". Nou het hy weer musiekboeke onder sy arm en kla eerste dat sy stem vanaand nie is wat dit moet wees nie.

Oulaas daag Herman Carstens en Toets de Klerk op.

Bee het met opset die mans gevra om die dames te bring, volgens haar keuse, want hulle wil „'n jolly klomp bymekaar wees en geen nonsens van nooi en kêrel nie".

Stefaan het die jong klomp skaars ontmoet of hy weet dat hy vanaand nie gelukkig gaan wees nie. Herman Carstens het langs hom gesit en nie 'n dooie woord gesê nie. 'n Stuurse man, die Herman Carstens. Stefaan het altyd gemeen dat Tewes regtig ongesout is, maar by hierdie jong klomp is hy 'n droë pruim.

Anton het al al die dorp se katte nagemaak, 'n hele bord heuning-poffertjies opgeëet en vier-en-twintig keer „Upsy Daisy" gesê.

Johan Deetlefs het „Lilies of the Valley" — hy noem dit „Vál-valley" — en 'n stroperige lied waarin alte dikwels „I love you" voorkom, gesing.

Almal geniet dit vreeslik baie. Rina du Toit is baie uitgelate met Anton Celliers, en Sophy Lessing sorg dat sy gedurig in die nabyheid van Herman Carstens is. Hy gesels nie 'n woord nie en het net een keer vir Stefaan gesê: „what a d . . . party!" Die stomme Babs le Roux

wil te kenne gee dat sy glad nie jaloers op Tewes en Bee is nie, gaan in die middel van die kamer staan en sê:

„Johan, hulle sê jy dans hemels. Bee, speel vir ons 'n stukkie dat ek kan kyk of dit waar is."

Johan Deetlefs van die „Lily of the Valley" kom tot by Babs, hou sy kelkie wyn omhoog en sê:

„Girlie, nie vanaand nie."

Dit moet seker 'n bybetekenis hê, dink Stefaan, want die ander lag en sê: „Die Johan Deetlefs darem."

Antoinette Visser kry later 'n kans om langs Stefaan te kom sit. Eers het hy gewens dat sy dit wil doen, want hy self het nie die moed om na haar te stap nie, maar nou sy so naby hom op die rusbank sit, kan hy nie dink wat om te gesels nie.

Hy glimlag en sy ook. Dan kyk hy diep, diep in haar oë en vergeet die ander skoon. Dis of sy ook nie bewus is van die lag en gepraat, van die rook en die klink van die glasies nie.

„Geniet jy dit darem . . . Stefaan?"

„O ja . . . mej. Visser. . . ."

„Ek geniet dit glad nie," sê sy en kyk weer in sy oë.

„Wanneer vertrek jy?" vra Stefaan en dis vir hom vreemd dat sy stem so rou klink.

„Vanaand oor twee weke."

Altwee bly stil. Hulle twee is miskien te ernstig. Miskien ken hulle hulself nog nie goed nie. Stefaan kyk met veragting na die pare

wat nou aan dans is. Sy moeder het hom altyd teen dié soort lewe gewaarsku. Was sy miskien verkeerd?

„Waarom vra jy, Stefaan?"

„Ekskuus?"

„Waarom vra jy wanneer ek weggaan?"

„Nee hier is so min mense wat ek ken. Hulle en ek het so min dinge gemeen. Ek verstaan jou beter as die ander. Is dit goed as 'n mens die lewe baie ernstig opneem?"

Hy is sku om haar naam te gebruik en struikel oor mej. Visser ook.

„Miskien . . . Stefaan, was daar ook al dae in jou lewe wat jy jouself afgevra het tot watter nut dit is as jy reghou? Dis of jy skielik so vreemd in die lewe is. Dis of jy 'n nietige deeltjie uitmaak in 'n kort tydjie van eeue en eeue wat oor jou gaan."

„Baie dae. Dan wonder ek of ander mense ook so voel. As ek die jongmense op Meronne gadeslaan, dan dink ek nie so nie. Ek wil my nie aanstel, of dink ek is beter as ander nie, maar die vrae kom soms by my op."

Hulle het nog baie gesels. Twee siele wat die lewe nie verstaan nie, twee siele waaroor die huilende, jagende lewe storm en dan luister hulle met angs.

Beatrix-Muti weet dat die gaste die partytjie geniet. Sy lag en gesels saam met die jong klomp. Sy meen net, en die ander stem met haar saam, dat Stefaan 'n droë pruim is, „vreeslik oninteressant en seker nie veel gewoond nie."

Silvia van Dyk verknies haar nog daaroor dat sy nie soos die ander is nie. Beatrix-Muti het haar al 'n slag byna omgestamp en gesê dat sy haar „skandalig" gedra.

Vati geniet die aand ten volle. Maar dan is dit ook 'n buitengewone dag hierdie. Eers in die hof waar Van Coller tereggestaan het, nou al die drank en Herman Carstens het drie kostelike grappe vertel. Hulle stamp mekaar elke slag aan en wil dan weet „of dit nie goed is nie".

„Upsy Daisy!" skreeu Wynand-Vati en hou die kelkie reg bo Sophy Lessing se kop.

„Upsy Daisy!" skreeu Anton Celliers terug.

Stefaan en Antoinette staan eenkant en glimlag.

XXVII

Stefaan merk in die dae wat volg dat hy nie met soveel vrug werk as in die eerste vier weke nie. Daar is 'n rusteloosheid onder die leerlinge te bespeur wat hy vroeër nie gemerk het nie. Eers wou hy weier om Gys Nel in sy klas terug te neem, maar Vorster het hom afgeraai.

„Steur jou nie aan die sleg nie. Maak of hy glad nie in jou klas is nie."

„Maar my werk en die ander leerlinge? Ek sal ook nie veel vir Gys kan leer nie. Hy sal met opset my werk verwaarloos en die ander sal agterna gaan."

„Trap hulle dan vas," sê Vorster. „Moet dan nie speletjies maak nie. Wys hulle wie baas is."

„Jy verstaan tog dat dit onbillik is. Ek sal Gys nie weer straf nie en wat van die ander nou?" vra Stefaan moedeloos.

„Broer, jy is te konsensieus," antwoord Vorster en dis vir Stefaan of hy hom dit verwyt.

Toe Stefaan ook weer die môre in die st.-VII-klaskamer kom, merk hy 'n buitengewone rusteloosheid. Die leerlinge loer om na Gys en 'n paar glimlag openlik. Gys leun agteroor, die bene na vore gestrek en lig hom net so effens toe Stefaan binnekom.

In die ander klasse is eweneens 'n gedempte opgewondenheid. Die kinders staan op, sê

môre, maar dan glimlag hulle. Stefaan voel dat hy rooi word en val somaar dadelik weg met die werk.

As hy nou een is wat so iets gou kan vergeet, sou die reaksie op die leerlinge ook baie kleiner gewees het. Omdat hy dit onthou, gekwel daaronder gaan, voel hulle dit instinkmatig. Fransie van der Westhuizen en haar garde het dit druk bespreek en tot die slotsom gekom dat Baby nou seker minder huiswerk sal gee.

„Ek wil hê hy moenie so ernstig wees nie," sê Fransie vir Bessie Reyneke en voeg by: „ek gee hom nou die dag een van my sweetste smiles en al wat hy doen is om te bloos. Vandag gaan ek wag en net as hy vir my kyk, gaan ek vir hom wink. Hou my dop, hoor!"

Toe die tentdienste. Woensdagmiddag toe hulle uit die skool uitkom, merk almal die twee tente op die plein voor die kerk en agter Dutsenski se winkel op. Die kleiner kinders is eerste soheentoe en die aand aan tafel kondig Mary May Olive aan dat die tentdienste vanaand om agtuur begin.

„O treurigheid op note!" sug Junie Viljoen by sy tafel en kyk na Lottie Wessels.

„Vir 'n ronde maand sal ons nie weer 'n steek werk uit die kinders kry nie!" sê Tewes. „Laas het hulle nog 'n maand na die tyd hulle eie dienste gehou en as jy hulle vra waar hulle werk is, sê hulle net dat daar gisteraand 'n diens was. Dan is dit weer oor en 'n mens kan weer werk.

Stefaan, gee maar liewers hierdie week geen huiswerk of leerwerk uit nie."

„Dit was glad nie so erg nie," verdedig Lottie. „My kinders was elke aand by die diens, omtrent almal van hulle, en hulle het hul werk nie verwaarloos nie."

„Watter klas het jy, Lottie?" vra Tewes wat baie goed weet.

„St. IV!"

„En jy moedig hulle aan om na spesiale dienste toe te gaan!" roep Stefaan verbaas uit.

„Dis die beste tyd om aan hulle sieltjies te arbei," is Lottie se antwoord.

„Ja," sê ou Junie Viljoen, „Mary May Olive gaan gereeld, maar ek sien nooit enige verbetering in haar nie."

Mary spring van haar tafel af op en hardloop huil-huil na die kombuis. Stefaan vrees 'n oordeel, maar tot sy verbasing kom mev. De Wet nie te voorskyn nie.

„Jy moet vir Vorster oor hierdie tentdienste hoor," sê Tewes meer om vir Lottie te terg.

„Maar ek kan nie sien waarom julle so teen die dienste gekant is nie! Ek sal dit self graag wil bywoon. Dit sal geen mens kwaad doen en seker ook nie die skoolkinders nie," waag Stefaan, daar dit sy eerlike mening is.

Dis Junie Viljoen wat antwoord gee.

„Jy sal self later uitvind. Alles wat jy sê, is waar. Maar dit werk nie hier nie. Nie op Meronne nie."

„En mnr. Castell? Wat sê hy daarvan?" wil Stefaan weet.

„Nee, die goeie ou siel gaan na elke diens. Dit kon jy ook geraai het. Gaan jy vanaand weer werk, Stefaan?" vra Tewes toe hy van die tafel af opstaan.

„Ja, ek is tot oor my ore in die werk."

Tewes, Stefaan en Lottie gaan na hul kamers. Toe Stefaan omdraai om sy deur toe te maak, merk hy dat Rina du Toit opkyk en glimlag. Dit verontrus hom 'n bietjie, want in haar geselskap is dit vir hom of sy hom beter ken as hyself, of sy van dieptes in hom weet waarvan hy nog nie gedroom het nie. Nou is dit of sy vir hom sê: „Jy sal nog verander. Jy en ek sal eendag nog saam lag oor jou erns en preutsheid nou."

Voor sy tafel is daar ook geen rus vir hom nie. Vaag verneem hy 'n vreemde stem binne in hom, wat hom roep om die lewe te ken soos Vorster Geldenhuys dit ken. Dit hinder hom dat Rina hom netnou aangekyk het asof hy 'n leerling in haar klas is, 'n onkundige seun met kort broek en lang kouse. En as jy die lewe so ken, sal jy die onrus nog by jou gewaar?

Toets de Klerk! Wat het haar oë hom belowe toe hy en sy saam oor die blomme gebuk het? Die werk voor hom is vergeet. Hy is weer in Basjan de Klerk se agterplaas. Hy voel die hygende asem van die warm dag om hom, die ligte, donsige hare is voor sy gesig. 'n Vroue-gestalte is weer so innig naby hom. Dis vir hom

vreemd en aangenaam. Dit laat hom stik. Hy hoor weer haar stem en die aand omhul hom soos toe, teer en fluisterend.

En in Rina se oë ontdek hy weer die wonder van daardie aand. Wat is dit wat hy nie verstaan nie? Wat is dit wat sy hom belowe nes of hy daarin die kennis van die lewe sal vind, of hy die wonder van sy bestaan sal ontdek?

Vreemde stemme fluister in sy siel en dis of hy die eerste maal bewus is van sy bestaan.

Hy draai die lamp dof en gaan op sy bed lê, luisterend na die stemme. Wat is dit wat hom anders maak as ander jongmense? Wat is die kennis wat Tewes, John Watermeyer, Anton Celliers en die ander besit wat hom minderwaardig laat voel?

Weer die teerheid van daardie aand en die stille genot van iemand nàby hom.

Iemand klòp aan sy deur. Hy hoor die bed kraak toe hy opstaan en saggies maak hy die deur oop, vergeet selfs om die lig helderder te draai.

„Jy het lankal daardie boek vir my belowe. . . .” begin Rina, maar bly stil toe sy sy oë sien, vreemd en teer.

Hulle praat nie. Die lig brand in die eetkamer waar Sarie Oberholzer besig is met haar werk. Maar hulle merk Sarie nie. Stefaan is net bewus van ’n honger in sy siel.

„Die boek. . . . ? Watter boek?” vra hy, maar luister na die rouheid van sy stem.

„Stefaan . . .het jy dan vergeet?”

Sy is naby hom. Dit kom die eerste in sy gedagte. Miskien wou sy so naby hom wees.

„Rina, is jy besig vanaand?" fluister hy half en toe sy nee sê, stap hulle weer na die stoep soos die ander aand.

Daar vertel hy haar van sy eensaamheid ten aanhore van Tjix, wat vas teen sy been leun. Hy vertel haar wat hy nog nie aan ander vertel het nie. Hy is bewus van Rina wat so diep in sy oë kan kyk. Tjix leun teen sy been en ingedagte vryf hy sy ore. Hy kan die wonder van die oomblik nie begryp nie. Haar ken, die oë, haar hare. . . . Dis donker op die stoep, maar in sy verbeelding sien hy haar soos sy hom dikwels laggend aankyk.

Hy ken homself nog nie. Hy verstaan nog nie die vreemde roeringe van sy siel nie. Meer wil hy van die lewe hê as net die werk van elke dag. Vir hom is die aand ineens wonderlik.

Maar toe hy praat, is dit van Antoinette Visser. Iets is in dié dae op Meronne gebore wat hy nie begryp nie. Hy voel 'n man, fris en gesond. Ja, hy vertel haar van Antoinette. En Rina, wat soveel verstandiger as hy is, verstaan dit en sê:

„O, dan is dit Antoinette. Weet jy, ek het gedag dis miskien Toets of . . . of wie weet ek."

Laggend gesels hulle saam. . . .

XXVIII

Stefaan is nie te gewild op Meronne nie. Die jong mans verstaan hom nie en die meisies van die dorp meen dat hy hoogmoedig en glad te ernstig is.

„Nee, so oud moet 'n mens darem nie voor jou tyd wees nie. Die man is al tagtig!" verklaar Susie le Roux uit een van die groot leunstoele in hul groot voorkamer.

Anton Celliers se antwoord is dat Oupa Jan Nel baie jonger van hart as hy, Stefaan Collin, is. „Dis al weer 'n onderwyser. Wat verbeel die mense hulle?" wil hy weet.

En Stefaan smag ook na geselskap. In sy eensaamheid het hy in die gewoonte geraak om party middae vir Tjix, die brak, te roep en ver in die veld te gaan stap. Liefs alleen. Dan is dit nie nodig om te gesels of te luister wat ander gesels nie. Tewes kan baie gesels en Vorster ook. Elke keer as hy by Louis Greyling se huis verbystap, wonder hy wat die man doen. Jy sien nooit iemand by sy huis nie. Sy vrou het hy nog nie eens ontmoet nie.

Toe hy eers in die gewoonte geraak het om alleen te gaan stap, het hy al meer en meer van die ander afgesterwe, al hoe meer van Meronne se mense vervreemd geraak.

Van Willem Nel se dreigement het hy niks

weer verneem nie. Later het Tewes hom vertel dat daar wel so 'n klagte by die skoolkomitee ingedien is, maar dat mnr. Castell nie daarvan wou hoor dat hy ook teenwoordig sou wees op die vergadering nie. Dit het Tewes natuurlik van Bee van Dyk gehoor.

'n Man moet jou stil hou soos Louis Greyling. Dan wonder hy dikwels of dit waar is wat Lottie Wessels hom vertel het. Dit sal hy darem nie van Greyling glo nie.

Sy lus vir werk het weer teruggekom, miskien omdat hy niks anders te doen gehad het nie.

Eers die Saterdagaand is hy na die tentdienste.

Oupa Nel, soos hy oom Jan Nel noem, staan op toe hy binnekom, groet hom hartlik en wil weet waarom hy nie al weer kom kuier het nie. Wynand Nel, sy vrou Anna, en hul kinders is ook daar. Vanaand sou hy kennis maak met 'n ander deel van Meronne se mense. Oupa Nel stel hom by hulle bekend. Groots doen hy dit. Dis of hy dit as 'n buitengewone voorreg beskou om 'n onderwyser by hulle bekend te stel.

Berend Oelof en sy vrou en die hele kleinspan is daar. Stefaan hou van die informele gees in die tent. Die twee mans wat die dienste lei, staan met die mense en gesels, kom Stefaan ook groet.

Berend Oelof, 'n reus van 'n kêrel, het 'n buitengewoon harde stem. Hy staan elke keer op as hy met Stefaan praat en sy vrou, Mieta

glimlag gedurig. Hul is armoedig gekleed, die kinders lyk koud en snuiwe aanhoudend, maar Berend lyk of hy alles in die huis te eet kry. Berend is gelukkig.

Langs hom sit mnr. en mev. Castell. Dit verbaas Stefaan glad nie, want dis of die twee juis hier pas. Willeman en Ferdinand, hul seuns, sit in die ry agter hulle.

By die tentdeur staan twee seuns die liederboekies en uitdeel. Stefaan het later verneem dat dit twee seuntjies in Lottie Wessels se klas is, Machiel van Rooyen en Danie Gerber. Hulle doen dit elke middag en elke aand en kry geen betaling daarvoor nie.

Lewies Gerber, wat die klein winkeltjie aan die anderkant van die dorp het, is hier met sy hele gesin. Hy kla oor die swak besigheid op die oomblik en oor die seer oë van sy kinders.

„Nou moet hulle by die huis bly en gee my net ergernis. Kan ek hulle nie maar stuur nie, mnr. Castell?" wil hy weet.

Dis tog Saterdagaand, maar tot sy verbasing merk Stefaan vir Junie Viljoen in die heel agterste ry op. Ou Junie kyk darem nie na sy kant toe nie. Dis of hy skaam voel.

Meer en meer mense kom.

„Ons sal nog 'n paar minute wag," sê een van die leiers en kyk op sy horlosie.

Die kêrel se gesig trek Stefaan baie. Eers val dit hom op hoe lelik hy is, maar later merk hy in die jong gesig 'n erns en tog daarby 'n kalmte wat dit aantreklik maak. Almal noem

hom somaar Hillie en Stefaan vind later uit dat sy van Hill is.

„Maar nie van die Engelse Hills nie," staan Berend Oelof op om aan Stefaan te sê.

„Hoe gaan dit tog nou met Anton Celliers?" vra die ander leier, 'n kêrel met 'n kwasserige gesig waarop die kort baard donker wys.

„Treurig," sê ou Jurgens Lategan, die Armkoshuisvader, „die man het tog weer so teruggeval in die sonde."

„Ons moet Anton persoonlik gaan besoek, Dirk," sê Hillie aan sy maat.

„Die man het laaste keer onder groot indrukke gekom en ek het nie gedink hy sal weer terugval nie. Ai! die lewe sal maar altyd 'n stryd bly, nè, broers?"

Nou begin die diens. Eers word liedere gesing. Stefaan ken nie een van hulle nie, maar die oorgrote meerderheid van die diensgangers sing hulle met gemak. Stefaan sit langs Berend Oelof en wonder hoe dit tog met ou Junie Viljoen en die liedere vaar.

Toe lees Hillie en voordat hy bid, sê hy dat iemand voorbidding vir sy vrou gevra het. Sy vrou ly aan 'n groot sonde, waarvan sy so graag verlos wil word, maar sy weet nie hoe nie.

Stefaan weet nie waarom hy nou juis aan Karl en Louise Castell dink nie. Hy en Louise Castell sit reeds met die hoof geboë, soos die meeste ander ook.

Soos hulle daar sit, begin Hillie te bid, maar eers haal hy uit die Bybel 'n paar verse aan,

Diep onder die indruk van die oomblik, sluit Stefaan sy oë ook.

„Broers, luister hier wat Hy sê: „Ek is die deur van die skape; Ek is die ware wynstok; Ek is die goeie Herder; Ek is die Lig van die wêreld. . . .”

Stefaan weet dat hier om hom vanaand iets gebeur wat hy nog nie van tevore ondervind het nie. Hy weet nie waarom hy vanaand hierheen gekom het nie, maar hy is bly dat hy hier is. Op hierdie oomblik moet hy juis aan sy moeder dink.

Buite flap die seile van die tent in die wind. Hy luister na die geluid. Dan kom daar 'n onweerstaanbare drang by hom op om die gesig van die bidder nogeens te sien.

Hillie het sy hande saamgevou, die hoof en gesig is na bo gerig en Dirk, sy maat, hou die lantern effens op.

Toe iemand in sy ry snik, moes Stefaan kyk. Louise Castell het haar gesig in die sakdoek weggesteek en mnr. Castell sit laag gebuk.

Buite flap die tentseil aanhoudend in die wind.

XXIX

„Die fout lê by ou Karl Castell," sê Willem le Roux toe hy die voordeur van sy huis oopstoot en vir swaer Willem Nel sê om binne te stap.

„Ek sê dit al jare der jare. Maar hulle sal nie na my luister nie. Wie is vandag op ons skoolkomitee? Vra net wie? Basjan de Klerk werk net saam as dit sy sak vul. Sit, swaer. Fanie van Ellewee is te yslik met Castell om ooit vir die belange van Meronne te werk. Wat ou Castell doen, is goed. Bid jou aan. Ek het gedag dat Basjan se oë begin oopgaan vandat hy gehoor het wat in die Armkoshuis aangaan. Maar dis maar weer net so geplooi."

„Ou Jurgens Lategan moes nooit koshuisvader gewees het nie," sê Willem Nel.

Willem Nel het 'n ontsaglike respek vir die swaer van hom. Die man gee hom ook al sy karweiwerk; die ware uit sy winkel teen kosprys.

Een van Willem le Roux se griewe teen die onderwysers, altans teen sommige van hulle, is dat daar nie genoeg Engels in die skool gepraat word nie en dat hulle by Abe Dutsenski koop.

Vandat hy Karl Castell se geheim agtergekom het, koop dié nou by hom. Die man kan nie anders nie. Nou moet die ander onderwysers nog by hom koop.

„En die ander?" vra Willem le Roux. „Die ander. Vat nou vir Wynand van Dyk, ons sekretaris. Die man het geen verstand nie."

Vir Willem le Roux het niemand verstand nie. Sodra jy teen 'n voorstel van hom stem, het jy geen verstand nie. Maar een keer in sy lewe is hy darem reg. Wynand kon op verstand nie aanspraak maak nie.

„Daar is ons voorsitter. Die man is te bang vir moeilikheid. Let hom maar op. Hy wil graag sy sin kry, maar daar moet nie moeilikheid wees nie. Ook weer 'n vriend van ou Castell. 'n Prinsipaal moet nie vriende in die skoolkomitee hê nie. En Herman Carstens? Nou kamtig 'n ontwikkelde man, maar hy traak hom niks met die skool nie. Flankeer rond, sê hulle vir my, met Sophy Lessing. Nou hoe moet die vroumens nou skoolhou as een van die skoolkomiteelede met haar rondflankeer! Van ou Sarel du Toit kan jy nie notisie neem nie. Die man wil net altyd hê jy moet bid oor die saak. Reg genoeg. Ek sê ook laat ons bid, want die sonde en ongeregtigheid wat by die skool aangaan, is vreeslik. Maar sal bid help? Toe ou Sarel vir die mosie moes stem, wou hy nie, want hy wou dan kamtig 'n medemens nie leed aandoen nie. Bid jou aan!"

Soos hy die saak nou uitgewerk het, is daar nie een met 'n greintjie verstand in die skoolkomitee nie. Hy is vanaand so ontsteld omdat sy mosie op die jongste skoolkomiteevergadering nie eens 'n sekondant kon kry nie. Haldemar

Visser het die mening van die skoolhoof oor die kwessie gevra. Mnr. Castell se antwoord was eenvoudig:

„Stel julle ook 'n bietjie in die onderwyser se plek. Die man is nog jonk. Hy sal nog leer. Dis die eerste keer dat dit gebeur het en ek sal persoonlik verantwoordelik wees en toesien dat dit nie weer gebeur nie. Maar waarom sal julle die man so verneder?"

„Bid jou aan! Die man is nog jonk! Ou Castell wil alles toesmeer. En waarom? Omdat hy self in die moeilikheid is. Hulle sê daardie oudste seuntjie van hom steel hot en haar. Kamtig 'n siekte, wil Vorster Geldenhuys vir my wysmaak. En ou Castell se vrou? Baie min mense weet vandag wat ék weet. Ja, Willem, ek het gedag jy sal nou regop sit. Maar ek het vir ou Castell belowe dat ek dit nie sal sê solank hy die dingetjies maar betaal nie. Ek moet betaal vir my mense se siektes. Nou moet hy ook maar vir sy mense s'n betaal. Al verskil is: my mense se siektes kan ek aan die wêreld vertel. Maar dit weet ek, Willem, dat as dit iemand anders was wat aan die siekte gely het, het hulle in die tronk beland. Toesmeer, altyd maar toesmeer. Ek weet nou waarom ou Castell altyd maar wil toesmeer."

Willem le Roux se winkel, huis, meubels, kinders, alles adem sy gees uit. Hier sit hulle in 'n groot, donker voorkamer met groot, donker, glimmende meubels, hoë vensters met lang regaf hangende swaar gordyne. Die vloer

is donker ge-olie, die yslike tapyt is donker. As jy wou luister, sou die meubels jou donker verhale kon vertel. Die lug is swaar van agterdog.

Hulle, die Le Roux-familie, dra al lankal die naam dat hulle die grootste huis en die duurste meubels op Meronne het. Sy vrou, Susie le Roux, is somaar 'n dom, astrante vrou, een van oorlede Gert Oelof se dogters, maar die verwantskap met die Oelof-familie word nie meer erken nie. Maar sy is bepaald een van ou Gert Oelof se kinders, indringerig, met 'n vervolgsugtige manie wat eie is aan al sy kinders. Selde word sy in die publiek gesien.

Haar twee dogters, Lilla en Susie, vier-en-twintig en een-en-twintig onderskeidelik, meen hulle is Meronne se voorste meisies. Hulle noem almal meisies. Volgens hulle word al die meisies van die dorp in twee klasse verdeel: dié wat nog eendag sal „val" en dié wat al „geval" het. Babs le Roux, glad nie familie van hulle nie, Sophy Lessing, Laetitia de Klerk, Rina du Toit en 'n paar ander het al „geval" volgens hulle. Ja, en Toets de Klerk ook. Beatrix van Dyk, Antoinette Visser en Susie Oberholzer gaan nog eendag „val". Die mans, behalwe hulle broers Gert en Manie, het al almal „geval".

Die verskil tussen Willem le Roux en Basjan de Klerk lê hierin. Basjan is vol gebreke, en besef dit, met die gevolg dat hy 'n ander mens nu en dan, maar ook net nu en dan, sy gebreke vergewe. Willem le Roux en sy familie het geen

gebreke en daarom vergewe hulle niemand nie. Van die dominee op die kansel tot ou Jurgens Lategan van die Armkoshuis vang „wonderlike dinge aan." Ou Willem begin gewoonlik 'n gesprek met die woorde: „Ek is 'n wonderlike man." Hy *is* ook 'n wonderlike man. Bid gereeld drie maal op 'n dag, gaan gereeld kerktoe, gee sy tiendes en is bly dat hy nie soos ander mense is nie. Hierin het hy en sy gesin nou werklik genade ontvang. Hulle is nie soos ander mense nie.

Vernuftig met die hande, die twee Le Roux-meisies. Lilla beweer dat dit hieroor is dat hulle nie so baie versoekings het nie. Susie is die een wat die versierwerk in die huis doen en dis nie *hulle* wat sê dat dit „so mooi lyk" nie. Sy kan nie verstaan dat ander meisies glad geen smaak het nie. Beatrix en Silvia het glad geen smaak nie. Antoinette en Toets ook nie. Dis in die Le Roux-familie, die smaak. Gert en Manie het dit in die vorm van dasse, sokkies en bont skoene.

Gister het hulle twee juis weer verneem dat een van die Van Vuuren-meisies „geval" het. Hulle het dit altyd gesê. Hulle het gewag daarvoor. Dit het 'n bietjie lank uitgebly, maar uiteindelik het sy tog „geval". Hulle sou dit as 'n persoonlike verkleinering gevoel het as sy nie „geval" het nie. Maar wat hulle nie kan verstaan, is dat dit met ou Giel Pretorius se seun is nie.

Nou pa en oom Willem binne oor Karl Castell

en die onderwysers aan gesels is, bespreek hulle Stefaan Collin. Die kêrel gaan ook nog eendag „val". 'n Mens kan dit aan sy oë sien. Hy weet net nie daarvan nie. Daarom is hulle so jammer vir hom. Die kêrel gaan daarin met toe oë loop. As hy tog maar met Gert en Manie wil maats maak, sal dit hom nie oorkom nie. As almal tog maar met hulle maats wil maak, sal hulle van baie dinge bewaar bly.

Willem le Roux en Willem Nel weet nou presies wat hulle moet doen as „dit" weer gebeur.

Die voorwerp van hulle gesprek is besig met opstelboeke. Vir die soveelste keer wonder hy waarom hy hierdie beroep gekies het. Hy wonder hoe mnr. Castell dit al soveel jare volhou, dat Vorster Geldenhuys nog so 'n verkwikking kan wees nadat hy so baie opdraande dae deurgemaak het. Sal hy ook eendag die geheim ontdek?

Net eenmaal word hy in sy werk onderbreek. Lottie Wessels wil net weet of hy nie saam met haar na die tentdienste toe gaan nie.

„Dirk en Hillie het so gek na jou geword. Hulle sê ek *moet* jou vanaand saambring. Dis hulle laaste aand op Meronne. En hulle kom seker nie weer gou nie."

Hy wys na die klomp opstelle en ander werk en sê:

„Jy weet ek sou graag saam met jou wou gaan. Maar ek sal buitendien tot twaalfuur

vannag moet werk. Ek kan eerlikwaar vanaand nie gaan nie. Sê baie groete aan hulle."

„O, ek is vreeslik jammer. Vanaand kry ons al die getuienisse van mense wat seën ontvang het. 'n Hele klomp kinders gaan vanaand openlik die Heer bely. Fransie van der Westhuizen sê sy gaan in die volle vergadering opstaan en 'n goeie begin maak. Jy weet sy het baie seën ontvang en kan nou 'n baie groot seën in haar huis wees. Sy is vandag gekies as een van die kinderleidsters van ons bidure."

„Fransie van der Westhuizen!" roep Stefaan verbaas uit. „En wat sê Vorster hiervan?"

Hy weet dat Vorster baie gekant is teen Lottie se metode van kinderbearbeiding.

„Vorster sal niks sê nie. Ek ken hom. Dis die ander wat so baie te sê het. Tewes, Rina en Sophy gaan vreeslik te kere. 'n Mens moet maar vir hulle bid," besluit Lottie.

Miskien het Stefaan aan sy aand in die tent gedink, want impulsief sê hy:

„Lottie, jy weet hoe besig ek is. Dis nie uit min belangstelling nie. Elke kind het my simpatie, want ek weet die hel wat 'n mens as kind deurgaan. Hou aan met jou goeie werk, Lottie. Hou aan, al kritiseer die ander jou ook."

„O, ons gaan 'n heerlike aand hê, Stefaan!" roep sy uit en voordat Stefaan weet wat gaande is, gee sy hom 'n soen en glip by sy kamer uit.

XXX

Stefaan maak nou 'n bedrywige vier weke deur, vier weke waarin baie invloede op hom inwerk. So besig is hy dat hy nouliks merk dat mnr. Castell stiller geword het. Op 'n dag is 7s. 6d. uit sy laai gesteel en hy is so verontwaardig dat hy teen die leerlinge in die personeelkamer uitvaar. Tewes wou hom nog waarsku, maar hy is so besig met sy koppie tee dat hy ook nie eens mnr. Castell se verslae gesig opmerk nie.

„Hoe gaan dit tog deesdae met jou en jou vriend Gys Nel aan?" probeer Sophy sy vlaag van verontwaardiging onderbreek.

Dis egter te laat.

„In watter klaskamer is die geld gesteel, mnr. Collin?" vra mnr. Castell.

Hy is nog nie op sy hoede nie.

„Ek sweer dis uit die st. VII-klaskamer gesteel. Daar is 'n paar van hulle wat ek nie eens met 'n ou velskoen sal vertrou nie. Het julle al opgemerk dat daar nou glad 'n ander gees in die st. X-klas heers?" vra Tewes nog as laaste poging om die saak te red.

Maar Stefaan is op stryk.

„Wat? Die st. VII-klas? Nee, hulle sal nie iets steel nie. Dit het uit die st. VIII-klaskamer. . . ."

Toe eers val dit Stefaan by wat Tewes hom

die eerste dag al vertel het. Daar is nou 'n betekenisvolle stilte. Nie een kyk na mnr. Castell nie, maar elkeen verwens Stefaan.

Louis Greyling sê op sy doodgewone manier:

„Lottie, het jy nog 'n koppie tee vir my, asseblief?"

Stefaan besluit om in die toekoms versigtiger te wees. Tot sy ontsteltenis kom mnr. Castell die middag na hom en wil hê hy moet 7s. 6d. van hom aanneem.

„Ek kan darem nie toelaat dat my staflede sulke verliese ly nie. Ek sal sleg voel as jy dit nie neem nie, mnr. Collin. Vat dit nou en ek sal dan op die saak ingaan. Is dit die eerste keer, mnr. Collin?"

„Mnr. Castell, ek voel nou werklik skaam dat ek dit ooit genoem het. Ek kan die 7s. 6d. nie neem nie. Nee, mnr. Castell," sê hy haastig toe Karl daarop aandring, „ek sal dit nooit vat nie."

„Het dit van tevore ook al gebeur?"

„Nee, nog nooit nie, mnr. Castell," jok Stefaan.

„Het die ander onderwysers ook al geld verloor?"

„Nee, nog nooit nie, mnr. Castell."

„Julle moet maar altyd vir my dadelik sê as daar geld wegraak. Die hoof weet nie altyd wat aangaan nie."

Maar dit het weer en weer gebeur. Stefaan is nie die enigste een wat die ondervinding in die volgende vier weke gehad het nie. Dit is so ge-

slepe gedoen. Later het geld ook uit die personeelkamer verdwyn.

Mnr. Castell moet nooit daarvan weet nie, word eenparig besluit. Lottie sê sy gaan van nou af gereeld vir Willeman Castell bid, en die praktiese Vorster stel voor dat hulle Willeman alleen in die hande kry en hom goed die les lees.

Dit word hul besluit. Willeman erken alles en belowe hulle onder trane dat dit nie weer sal gebeur nie. Onder trane vra hy hulle, koddig genoeg, om dit tog nie vir sy moeder te sê nie. Dan weet mnr. Castell dit natuurlik. Hy het seker met die seun gepraat.

Karl Castell het stiller en stiller geword. Dit het later 'n uitsondering geword om hom te sien glimlag of om sy ou Dodge, vol gelaai, snorkend deur die strate te hoor ry.

Een aand, omtrent tien dae na die geselligheid by mev. Van Dyk, trek Stefaan hom aan en stap na die pastorie. Hy het vanaand nie so baie werk nie en Antoinette het tog uitdruklik gesê hy moet weer kom. Die ander het hom baie gespot en Tewes het die vergelyking gemaak van 'n voël wat nie verniet sy mooi vere vertoon nie.

Maar mev. Visser sê hom met die binnekom dat Antoinette twee dae gelede haastig vertrek het. Sy sou eers 'n week by Piet oorbly en dan na die stad gaan.

Verleë sê hy dat hy dan maar weer stap. Ineens het alles nou vir hom hol en leeg geword.

By tye voel hy dat sy werk so vrugteloos is dat enige ongeskoolde man dit net so goed as hy sou kon doen en dis vir hom of die maande wat verby is, van agteruitgang in sy werk getuig. Voel Vorster en Tewes ook soms so?

Skielik kry hy lus om vanaand by Oupa Nel deur te bring, of by sy nuwe vriende, Oelof en Gerber, wat hy die aand by die tentdiens leer ken het.

Stadigaan moes sy skone ideale plek vir beuselagtige nietighede maak. Daar is die soebat by die kinders om tog die verskuldigde gelde vir hulle boeke te bring. Môre is dit weer dieselfde storie. Toe hy uitvind dat mnr. Castell al te dikwels maar self die hand in die sak steek wanneer die rekeninge te lank uitstaande bly, het hy mnr. Castell nie verder met die dinge lastig geval nie. Dikwels het hy nou, wanneer die skoolhoof hom om die boekgelde vra, maar sy hand in sy eie sak begin steek en klein bedraggies inbetaal. Soms was dit maar 2s. of 2s. 6d., maar dan moes hy opmerk hoe dié bepaalde seun darem goed gekleed gaan asof skoolrekeninge nou glad nie betaal hoef te word nie. Dis juis hierdie kinders, merk Stefaan, wat die maandelikse vertonings van die reisende bioskope bywoon. Soms moes hy tot drie keer dieselfde les behandel en dan tot die ontnugtering kom dat daar kinders is wat daar niks van weet nie. Dis ook weer die leerlinge wat vry boeke ontvang, dié wie se rekeninge deur ander betaal word.

Hy begin dink dat Tewes en die ander moontlik reg is. Die kinders, sommige altans, leer die afgelope twee weke werklik minder as voorheen. Uit die tentdienste het bidure en sangbyeenkomste onder die kinders ontstaan en veral onder die kinders van st. VI tot VIII. Oorwegend ook dogters. Hy het so 'n respek vir godsdiensoefeninge dat hy nie met die kinders wil praat nie. Tewes en Vorster, inteendeel, waai hulle daaroor somaar in die klas in.

Die laaste Saterdag voordat die skole sluit — Lottie Wessels het juis 'n agtal dogters by haar in die kamer en Stefaan het na die stoep gevlug — hou 'n motor voor die losieshuis stil.

Stefaan los vir Tjix en kyk op. Toets de Klerk klim agter die stuurwiel uit, groet vriendelik en kom nader. Dit val hom weer op hoe fris sy daar uitsien in haar rybroek en dun sy-bloese. Fyn leer-ryskoene het sy aan en hy merk hoe klein die voete is.

„Hoe lank is dit dat jy my belowe het om uit plaas-toe te kom? Gaan ek 'n bloutjie loop of gaan jy vandag saam?" vra sy en steek haar hand na hom uit nog voordat sy op die stoep klim.

„Gaan Tewes ook saam?" vra hy.

Toets lag.

„'n Mens hoor wonderlike dinge van jou, Stefaan. Nie skinderpraatjies nie. Ek bedoel hulle meen dat jy nog 'n uitsondering op die reël van vandag se jongkêrels is. Natuurlik gaan Tewes saam; Tewes en Babs."

„Nie Babs nie," sê hy haastig. „Jy moet vir Beatrix van Dyk liewers vra."

Weer lag sy.

„Stefaan, ek is 'n meisie en daarom het ek vir Babs gevra. Ons staan mos altyd bymekaar. Julle mans is eienaardig. Kyk nou! Tot jy meen ook ek moet vir Beatrix vra."

Juis toe kom Babs le Roux by die voordeur uit. Stefaan het nooit gedink dat sy mooi is nie, maar vanmôre sien hy dat sy baie aantreklik kan lyk. Wat is daar in die natuurlike Babs wat 'n mens so trek?

„Tewes slaap nog. Gaan jy na hom toe, Toets. As jy hom nooi, sal hy gaan. Dis my laaste kans," sê Babs en hy waardeer dit van haar dat sy so reguit praat.

„Gee my net vyf minute met hom alleen," sê Toets en gaan binne-toe.

Stefaan was nog nooit ongemaklik in Babs se teenwoordigheid nie. Babs laat jou altyd op jou gemak voel. Nou, op hierdie sonnige môre, voel hy lus om pad te gee of aanhoudend te gesels, sodat sy nie kan ontdek wat in hom omgaan nie. Sy voel ook nie tuis nie.

Duidelik hoor hulle Tewes gil en Toets hard lag.

Stefaan trek Tjix se ore en Babs kyk in die straat af.

„Hy gaan saam," sê Toets 'n rukkie later.

„Hoe lyk dit? Bly julle vanaand daar of wil julle terugkom?" wil sy weet.

Babs kyk na Stefaan. Hy weet hulle verwag

van hom om te sê wanneer hulle moet terugkom. Tog kan hy nie. Hy kyk voor hom toe hy antwoord.

„Ons moet maar vanaand terugkom, want ek het nog baie werk."

„Maar, Babs, jy en Tewes kan mos maar bly," meen Toets.

„Dit hang van Tewes af," antwoord Babs.

Three Oaks, mnr. De Klerk se plaas, het Toets verdoop na Die Vlei. Die drie akkerbome staan nog links van die woonhuis, maar Toets wou 'n Afrikaanse naam hê en het toe aan die vlei voor die huis gedink. Op daardie môre is daar 'n hele boel wildeëende en -ganse op die water. Tewes sê somaar met die afklimslag dat hy wildeganse gaan skiet, maar Toets antwoord:

„Nee, ou Boeta, nie op hierdie plaas nie. Hulle is my geselskap en ek wil hulle nie verwilder nie."

„Nou wat gaan ons die hele dag maak?"

Stefaan kyk na Babs en sien dat sy seerkry.

„Ons gaan jakkals jag," stel Toets voor, laat die drie daar staan en neem die motor waenhuis-toe.

Stefaan kyk na die rustigheid rondom hulle. Reg voor hulle lê die berge — hy het nooit geweet dat daar sulke mooi berge in die distrik is nie. Myle ver het hy hulle al opgemerk en gehoop dat die plaas naby hulle sou lê. Daar is ook die rivier naby die huis, dig begroei met doringbome. Nie 'n wolkie in die lug, en tog is dit nie warm nie. Hy hoor korhane agter die

huis in die koppies te kere gaan. Dan is dit hier waar Toets woon!

'n Rusbank op die stoep; rose en seringstruike voor die deur. Madeliefies en kosmos langs die paadjies. 'n Klein klipdammetjie in die tuin en op die wal sit 'n dwergmannetjie of hy die wysheid van die eeue in pag het. Springbok-, steenbok- en koedoehorings aan die muur op die stoep, en binne in die voorkamer twee jakkalsvelmatte. Die klavier staan oop.

Aia Seffie kom met tee binne. Basie en Geduld, die twee patryshonde, kom saam met haar en kies Stefaan uit. Basie kom reg voor hom op sy hurke sit en toe hy met sy hand op sy kop liggies klop, lag Basie en spring met sy voorpote op sy skoot. Toe begin die gestoei tussen Basie en Geduld.

Aia Seffie kom met 'n swepie in, en so goed ken hulle twee dit dat hulle dadelik wydom uitdrawwe. Nie te lank nie of Basie loer weer by die voorkamerdeur in.

„Ou Kiewiet het die perde al opgesaal," sê Toets. „Tewes, maak gou, jong. G'n luiheid vandag nie. Ons gaan vleis in die veld braai. Vat vir jou 'n stoel saam as jy wil."

„Ek dink ek gaan maar hier bly en 'n boek lees."

„Tewes, as jy dink jy kan ons dag so bederwe, dan maak jy 'n fout," sê Toets vererg en stap by die deur uit.

Babs volg haar en hulle twee is alleen.

„Vandag sal ek baie verklarings moet uit-

reik. Nou ja, wat nie verhelp kan word nie, kan nie verhelp word nie. Here goes," sê Tewes en stap agter hulle aan.

Drie-uur daardie middag is Stefaan en Toets die eerste maal alleen.

Babs het uiteindelik daarin geslaag om Tewes van die ander afgehok te kry. Hulle is aan terugry toe Babs en Tewes in 'n drukke gesprek raak, en toe die ander twee hulle kom kry, is hulle alleen.

Stefaan moet eerlik erken dat hy die dag baie geniet het. Toets met haar amper kinderlike opregtheid het hom die swaar laat vergeet en gou was hy weer 'n jong seun sonder sorge.

Toe hulle merk dat hulle alleen is, voel hulle skielik vreemd vir mekaar. Stefaan kyk reguit voor hom en sy sit lossies in die saal en kyk nie meer na hom toe nie. Maar hy is bewus van elke beweging van haar langs hom. Soos haar perd deur die los klippe aanstap, sien hy sonder om na haar te kyk die beweging van haar heupe, die bekoorlike wieg van haar bolyf.

Hulle sak van die koppie af en voor hulle is die ruigte van die rivier. Hy hou sy perd in om haar voor te laat ry en toe sy by hom verbykom, soek sy oë hare, maar dié is neergeslaan grond-toe.

Toe sy onder die doringboom saam met hom rus en sy mond hare gretig soek, voel hy soos 'n vreemde wat by haar rus, iemand wat hy nie ken nie. Dit oorstelp hom. Hy is bly en dankbaar oor haar nabyheid, die innige sagt-

heid van haar bors teen syne aan. Hy rus. Dis soet om so te rus. Sag streel hy haar hare en fluister dinge wat uit sy hart opborrel.

Sy oë rus in die verte. Hoe teer is die dag, hoe wonderlik innig. Hy merk dit nou eers. Sy hand soek hare en dan bring hy dit na sy mond en fluister:

„Toets."

„Ja, Stefaan?"

„Toets, ek het nie geweet dat jy my liefhet nie."

Sy luister na sy stem. Sy luister na die baie stemme binne in haar. Iets waarsku haar, maar vandag luister sy nie na die waarskuwing nie. Die oorgawe is lieflik.

„Jy sal sy liefde verloor," fluister 'n stem binne in haar. „Jy het nog elke liefde verloor, jy sal sy liefde ook verloor. Stefaan is jonk en dink dis liefde, maar jy weet beter."

Meronne se mense sê die De Klerks is ongelukkig in liefdesake. Laetitia is al dertig, Millie seker ses-en-twintig, en nog is hulle sonder kêrels. Treurige geskiedenisse party. Toets begin al aan die noodlot glo, sy begin al glo dat sy nooit gaan trou nie, dat die De Klerks werklik ongelukkig is.

Stefaan verstaan nog nie die vreemde roeringe van sy siel nie. Dit weet Toets. Maar sy luister met geslote oë en haar asem is warm teen sy wang.

„Toets, jy is so klein, so baie-baie klein. En ek het jou lief."

Waar die opslag sag en groen is, sit hulle langs mekaar. 'n Uur. Wat hy sê, fluister hy sag in haar oor en dan sluit sy haar oë. Hy soen die hare, los en donsig. Sy is 'n vrou en begryp die honger van sy liggaam. Sy weet dat hy nog nie verstaan wat met hom gebeur het nie. Eendag sal hy werklik liefhê. Vreemd kyk hy haar aan, lank en innig.

„Luister, Toets. Bring jou oor vas teen my mond dat ek dit kan fluister. Die dag daar in die tuin het ek dit nog nie verstaan nie. Toe het ek jou al liefgehad. Ek het jou wonderlik lief. Ek sal jou altyd liefhê."

Iets waarsku haar weer om haar nie aan hierdie liefde oor te gee nie. Maar sy verlang daarna met haar hele liggaam.

„Sal jy my altyd, altyd liefhê, Stefaan?"

„Ja, Toets."

Sy hande raak haar teer aan. Sag streel hy haar hare. Skielik sit hy regop, kyk haar in haar oë en sê met 'n rou stem:

„Toets, nou weet ek waarom ek party dae nie lus gehad het vir werk nie. Ek het hierdie liefde gemis, daarna verlang. Ek het so daarna verlang. Ek wou altyd graag. . . ." en hy vertel haar dinge wat diep in sy siel weggebêre was. Hy glo daaraan dat sy hom verander het. Op Meronne sal hy werk. En sy luister, luister stil.

Ineens merk hy trane in haar oë, kristalhelder, blink.

„Toets, en waarom die trane? 'n Mens huil

mos nie as jy so gelukkig is as jy en ek nie! Vertel vir my, Toets."

Hy wag, maar sy antwoord nie. Hoe het sy nie juis na so 'n liefde verlang nie. Sy wil dit nie verloor nie, wil dit nooit verloor nie. Weer vra hy haar, maar sy antwoord nie.

„Toets, sê dit maar vir my."

Hy bring sy oor tot vas teen haar mond. Hy voel haar lippe roer, maar hy hoor geen geluid nie. Dan draai sy sy mond na hare, neem sy gesig tussen haar hande en soen hom lank en innig.

„Toets, weet jy hoe lief ek jou het? Jy is so rein, so wonderlik rein."

„Ons moet ry. Die ander wag seker vir ons."

Nog bly hulle. Nog duur die wonder voort. . . .

XXXI

Stefaan verneem die Sondagmôre van Lottie Wessels dat Oupa Jan Nel die vorige dag skielik oorlede is. Die dokter meen dat dit die laat vrugte is wat hom kwaad gedoen het. Na agtuur is hulle twee toe eers oor na die Nels se huis.

Die eerste persoon wat hulle in die vroeë môre daar raakloop, is David Dutsenski. Eers later sou hulle verneem dat hy die begrafnisonkoste op hom geneem het.

Anna Nel, Wynand se vrou, huil stilweg. Anna en Wynand is baie bly dat Stefaan daar is, en so intiem is hulle daar saam dat Stefaan nie kan help om ook saam te huil nie.

„Oupa was altyd so lief vir jou, mnr. Collin."

„Ek weet, mev. Nel."

„Hy het nooit anders van jou gepraat as van *sy* seun nie."

En die kinders van Wynand kan dit nie alles verstaan nie. Hulle huil saam.

Asof dit iets doodgewoons is, sê Wynand vir hulle om saam te stap na die waenhuis om na die lyk te kyk. Anna is saam en Lottie en David Dutsenski.

Soos Oupa Nel in sy lewe was, so is hy in sy dood. Yl hare en yl baard. Stefaan mis die silwer bril op sy oë. Anna, heeltemal onbewus

daarvan, praat onnodig hard, asof sy nog onthou dat Oupa doof is.

„Sal jy omgee, mnr. Collin, om vanmiddag een van die draers te wees?" vra Anna hard en huil opnuut.

„Nee, mevrou."

Stefaan kyk weer na Oupa. Hy kan nie genoeg na hom kyk nie. Nou nog praat hy met hom, praat deur die stilte van die Sondagmôre.

„Mnr. Castell het kom vra of hy een van die draers kan wees en David hier," bedoelende dat David Dutsenski ook daarom gevra het.

Toe klink die eerste gelui.

Haldemar Visser maak die deur van sy halfdonker studeerkamer agter hom toe en sê:

„Conrad, wat vertel Marie vir my?"

„Vader, dit is nie so nie!" huil Conrad nou kliphard.

Weke lank styg Haldemar se gees al weer op na een van die skitterende hoogtepunte. Hilda Visser, Hilda met die klein, skraal postuur en groot vreemde oë, ken hom goed en merk dit van die Sondag na Antoinette se vertrek. Elke preek is 'n bietjie beter as die vorige een. Na mate sy erns toeneem, neem sy verdraagsaamheid met sy vrou en kinders af.

Nou haal hy die plakkie bo-op die stapel boeke af en vat Conrad aan sy hand.

„My kind, moenie dink omdat ek jou liefhet, sal ek jou nie tug nie. Marie vertel my dat jy 'n knaap is wat by die skool rook."

„Vader, hoe sal sy dit weet as die meisies nie by ons kant mag kom nie?"

„Stil, Conrad."

Conrad haat sy vader. Hy haat hom omdat hy so goed is. Dis nog 'n bietjie verward in sy brein, maar dis vir hom of sy pa hom kasty omdat dit vir hom lekker is. As slae jou 'n goeie mens maak, dan wens hy Haldemar kon dit ook nu en dan kry. Soms as hy alleen is, oordink hy die dinge en dan vlug hy vir sy eie gedagtes. As die weer dan op 'n dag swaar is, soos dit in die Karoo kan word, vrees hy dat 'n bliksemstraal hom sal tref omdat hy sulke sondige gedagtes het.

Nadat Haldemar hom gekasty het, gaan hy op die leunstoel sit en beveel die huilende Conrad om voor hom te kom staan.

„Conrad, jy verstaan, nè? dat dit is omdat ek jou liefhet en omdat ek nie wil hê jy moet stout wees nie. En nou, Conrad, gaan ek jou slaan oor die ander ding."

„Wat, Vader?" vra hy verslae.

„Jy is mos 'n man, sê Marie vir my, wat by die skool vertel dat dit Willeman Castell is wat die geld van die onderwysers steel."

„Marie lieg!" sê Conrad sonder om na te dink.

„En nou gaan ek vir jou eers slaan."

Later, daar agter die gewel, aan die son se kant — want die windjie byt — snik Conrad al sy wee uit.

„Ek wens hy breek sy nek ook," sê Conrad hard.

Vader het een dag vir hom vertel dat Elia sy nek gebreek het net omdat hy sy kinders nie getug het nie.

Hy sien Haldemar voor hom lê. Daar is stowwerige kolle op die swart lakense klere. Daar is altyd vetkolle op Haldemar se klere.

„Ek gaan vannag wegloop en hy kan sy ou perskes hou," sê Conrad en kyk na die enigste laat perskeboom wat Haldemar gewoonlik so goed oppas.

Stefaan het Haldemar nog nooit so hoor preek nie. Hy en Lottie is saam na die kerk. Die Sondag is vir hom lieflik vanmôre. Sy oë soek die kerk deur, eers onbewus, tot dit hom byval dat hy Toets soek. Iets liefliks gaan deur sy wese. Sy is so goed, so rein. Dit is vir hom so wonderlik dat sy hom liefhet. Sy is vanmôre nie hier nie, maar haar siel is hoog in die wye koepel van die kerk. Haar stem is in die orreltone. As die wind sy hare streel, koel en lawend, is hy onder die doringbome. Die lewe is goed; sy is goed.

Hy kyk na Karl en Louis Castell en hy begryp vanmôre meer. Hy verstaan waarom mnr. Castell so dikwels stil is, waarom hy nou so aandagtig luister.

„In het huis mijns Vaders zijn vele wooningen."

Dit is mooi; dit is goed. Dis 'n belofte vir Karl en Louise. Dit is goed vir Stefaan. Oupa Nel is vanmôre daar. Oupa Nel wat al so doof was en nog sonder 'n bril kon lees.

Nou vergewe hy Willem Nel alles. Daar sal nie meer so baie onverdraagsaamheid by hom wees nie.

Haldemar Visser voer almal mee. 'n Sabbatsrus bring hy hulle. Net Hilda en Conrad begryp hom vanmôre. Hilda weet waarom hy vanmôre so ernstig is en sy vergewe hom.

Dis of daar 'n sug deur die kerk gaan toe Haldemar amen sê. Hy het dit weer reggekry om almal diep onder die indruk van hul oortredinge te bring. Selfs Willem le Roux besef dat hy nie altyd billik teenoor Karl Castell handel nie. Haldemar het dit weer eens reggekry, Haldemar wat eers sy kinders slaan voordat hy so kan preek.

Conrad is bly dat dit verby is. Nou sal hy weer maande lank rus hê.

Voor die kerk sê Louise Castell vir Stefaan en Lottie om 'n bietjie saam met hulle te gaan. Stefaan het lus om dit te doen, daar in die deurmekaar huis 'n bietjie te rus, maar Lottie maak verskoning, want sy kuier nie graag op 'n Sondag nie.

„Ek wil met jou oor Willeman gesels," sê Louise 'n rukkie later.

Karl sê niks nie.

„Ou Berend Oelof het nog nie vanmôre die melk gestuur nie, Karl," sê mev. Castell toe hulle eers in die huis is.

Stefaan weet wie die Berend is. Dis die man wat die aand met die tentdiens elkers opgestaan het as hy met jou praat.

Hy wil net vir mev. Castell sê dat hy die melk op die stoep sien staan het, toe dit hom byval dat Louise dit gesê het as 'n voorwendsel om Karl weg te kry, om alleen met hom te wees.

„Stefaan — ek gaan jou maar Stefaan noem — ek wil hê jy moet ons met Willeman help. Karl en ek het al gewonder of ons hom nie sal wegstuur nie. Maar hoe kan ons? As jy eendag self 'n ouer is, sal jy begryp waarom ek hom onder my sorg wil hê. 'n Ouer se hart. Karl het my vertel hoe lojaal julle onderwysers teenoor hom is, hoe julle eintlik saamspan dat hy nie moet agterkom dat dit Willeman is wat die geld in die skool steel nie."

Louise Castell sê dit so bedaard.

„Ek wonder of jy vir Willeman verstaan. Hy wil dit nie doen nie. Elke slag kom huil hy by my. Julle ken hom as 'n nukkerige seun wat sy onderwysers baie moeite gee en lui is. Ek weet dit, Stefaan. Hy is baie lui en rook tog so baie. Maar hy wil nie steel nie. Stefaan, hy wil nie steel nie."

So 'n stille smart kan Stefaan nie aansien nie. Nie nou dat hy self liefhet nie. Hy voel hoe sy oë brand. As Louise tog maar wou huil, sal dit soveel makliker vir hom wees.

„Hy aanbid jou, Stefaan. Daar is in sy oë nie nog so 'n wonderlike wese as jy nie. As hy so by my kom huil, dan sê hy net wat sal mnr. Collin van hom dink as hy moet weet. Nou wil ek hê dat jy hom môre alleen moet vat en met hom praat. Sê vir hom jy weet alles en

jy verfoei hom nie. Moet hom nie verstoot nie, Stefaan. Dit help 'n mens so baie as 'n ander een weet en verstaan. Sal jy, Stefaan?"

„Ja, Mevrou."

Hy doen geen beloftes en kan op hierdie oomblik niks verder praat nie. 'n Paar dae gelede het hy begin twyfel of die onderwys so 'n hoë roeping is as wat hulle hom op kollege voorgehou het, maar nou weet hy wat hy wil doen. Hy wil Willeman help, Willeman wat nie een onderwyser kan verdra nie, Willeman wat die kleiner kinders so bully en hom so grootman hou.

Mevrou Castell! Hy wil haar deur haar seun help. En vir mnr. Castell ook. Vanmôre sien hy haar as 'n edele vrou, groots in haar gebreke, gebreke wat sy wil oorwin.

„Dankie, Stefaan."

Net die twee woorde. Vir hom is dit genoeg vergoeding.

Karl Castell kom met die melk binne. Dis vir Stefaan of hy maar al die tyd net hier om die hoek gestaan het.

„Ou Berend maak allerhande verskonings, Louise. Die kinders het dan kwansuis vanmôre vergeet. Hy was self nie daar nie, maar sal vir Japie uitvat as hy dit weer vergeet," lag Karl.

Toe Stefaan later op die stoep uitkom, sien hy die melk nog altyd daar staan. En hy is bly, bly dat mnr. Castell nie 'n leuen vertel het nie.

„Hier staan die melk," sê hy. „Dan het mnr. Oelof tweekeer melk gegee."

Saam lag hulle daaroor.

„Ek hoop tog net hy gaan die arme Japie nie slaan nie," sê mev. Castell. „Ons slaan ons kinders soms so verniet."

Terug in sy kamer kniel Stefaan voor sy bed. Hy doen dit spontaan. Dis nog so natuurlik vir hom om so iets te doen. En dan, hy het ook vanmôre vergeet om dit te doen.

XXXII

Stefaan het toe die Maandagmiddag vir Willeman ongemerk geroep en met hom gepraat. Ongelukkig was hy baie besig en kon ook nie weer die regte stemming vind nie, met die gevolg dat Willeman, wat reeds in 'n vakansie-gees was, dit nie te ernstig opgeneem het nie. Stefaan het belowe om hom te help. Hy moes net openhartig wees en vir hom kom sê wanneer hy weer terugval. Tot sy verbasing gesels Willeman daar ewe nugter oor.

„Meneer, dis somaar 'n gees wat 'n mens beetpak. Ek wil dit nie doen nie, maar as ek my kom kry, het ek dit gedoen."

Hy wou die ander onderwysers nie daarvan vertel nie, maar die middag moes Vorster nou juis vir hom wag en die twee alleen uit die klas-kamer sien kom. Hy vermoed toe die hele ding. Stefaan kon nie anders as hom sy gesprek met Willeman vertel nie.

Vorster se enigste antwoord is:

„Daardie seun is vir ons almal te slim. Stap saam met my huis-toe."

„Ek kan nie, Vorster. Mnr. Castell wil die rapporte Woensdag hê en ek het nog baie eksamen-antwoorde om na te sien."

Vorster is stil vanmiddag. Stefaan merk dit. Word Vorster dan ook partykeer neerslag-tig? is sy eerste gedagte.

„Ek wens ek was soos broer Louis Greyling. Altyd dieselfde. Nooit in die wolke en nooit in die modder nie."

„Hy is 'n wonderlike man," antwoord Stefaan.

„'n Wonderlike man, sê jy! Broer Louis is 'n wonderwerk."

Dis so 'n mooi manier wat Vorster het om die onderwysers broer te noem. Stefaan wonder wat vanmiddag skort.

Vorster bly 'n hele rukkie stil en sê toe:

„Een van die dae vang ek nog 'n onbesonne ding aan. Collin, jy moet tog goed rondkyk voor jy eendag trou."

Dan is *dit* die moeilikheid!

Maar noudat Vorster begin het, is hy van plan om enduit te gesels.

„My huis is ook nie meer 'n rusplek nie. Elke middag is daardie verpesting van 'n Lilla le Roux by my vrou. Collin, jong, jy moet tog nooit eendag 'n goeie mens word nie, nie van Lilla le Roux se soort nie. En nou het Fransie met 'n nuwe neukery begin. Elke middag kom 'n klomp van die skoolkinders soheentoe en dan sing hulle liedere tot jy byna mal is. Dit bly net „I'm happy, O so happy, I'm h-a-p-p-y." Ek het nog gedag Fransie sal regkom as sy eendag ouer word, maar nou het ek nie meer hoop vir haar nie. Wat se h-a-p-p-y is dit as 'n ander mens reeds beduiweld voel!"

Stefaan kan nie help om te lag nie. Vorster

sê dit so snaaks. Arme Vorster, dink Stefaan. Daar is ook nie baie h-a-p-p-y in *sy* huis nie.

'n Moeilike agtermiddag. Almal uit hul humeur. 'n Warm dag, baie eksamen-antwoorde, nukkerige kollegas, want hulle is almal oorwerk. Rina du Toit dreig om aanstaande kwartaal nie weer terug te kom nie.

„Ek gaan trou," sê sy en vra of Tewes nie vir haar aansoekvorms het nie.

„Gee somaar 'n dosyn of meer."

Die aand aan tafel gaan dit nie veel beter nie. Vanaf hul besoek aan „Die Vlei" verlede Saterdag het Tewes en Babs nog nie weer met mekaar gesels nie. Sophy Lessing is ook nukkerig en niemand weet waarom nie. Miskien is dit omdat Herman Carstens nie meer kom nie. Nadat hy 'n maand amper elke aand by haar was, het hy skielik opgehou.

„Die mans is ook almal eenders," sê sy. „Eers baklei hulle met jou omdat jy dan kamtig so koud is en later bly jy net so op die tak sit. Lottie, moenie vir my kyk asof ek 'n slegte mens is nie. Hou jou by jou bidure en laat staan vir my. Ek is sat vir die werk ook."

Tewes staan vererg van die tafel af op.

„Wat 'n plesierige atmosfeer! Gee my ou Vorster op so 'n aand wanneer almal uit hul humeur is. Lottie sit daar soos 'n heilige, Sarie maak nooit haar mond oop nie en Sophy sanik oor Herman. En Stefaan? Hemel, man! Stap tog die straat af en loop wees sleg vir 'n slag. Ek wens jy wil ook 'n man word van gelyke

beweginge as ons," en met 'n verwensing stap hy by die deur uit.

Die arme Sarie staan ontsteld op en toe sy by haar kamerdeur ingaan, hoor die ander haar huil.

„Wat is vanaand met Tewes verkeerd?" vra Sophy Lessing.

„Dis die sonde wat 'n mens so maak," sê Lottie.

„Lottie, ek is lankal siek van jou stories," begin Babs en vertel haar net mooi die waarheid.

Stefaan dink dat dit baie beter vir hom is om op te staan en te gaan werk. Uit sy kamervenster sien hy 'n motor stilhou. Toe dit stilhou, gaan iets aangenaams deur sy hele liggaam. Dis Toets. Hy spring haastig op en gaan na haar toe.

„Hallo!" sê hy.

„Hallo."

Hulle kyk hongerig in mekaar se oë en nes of sy bewus word van iets, laat sy haar oë sak en herhaal haar groet vaneffe.

„Is jy baie besig vanaand, Stefaan?"

„Nou maak dit nie saak nie," antwoord hy.

„Ek wou jou vanaand weer sien," sê sy en peuter selfbewus aan die stuurwiel rond.

„Ek is bly."

„As jy nie te veel werk het nie, wil ek hê ons moet oorry na Fanie van Ellewee se plaas. Ek wil vreeslik graag hê jy moet hulle ontmoet. Dis baie gawe mense."

„Ek gaan net gou die lamp doodblaas, Toets."

Dis die eerste maal dat hy haar in vrouedrag sien. Hy het nooit geweet sy is so klein en tingerig nie. Dan neem hy haar waar van haar gesig tot by haar voete. Die voete is so klein, maar werk so vernuftig met die koppelaar en remme. Die hare so lig en donsig, so ewig. Haar skoonheid bring 'n weemoed in sy hart. Dis vir hom die skoonheid van 'n lentemôre, week en teer.

Hongerig kyk hy na haar. Die honger van die ander aand is weer in hom. Dis 'n honger, ewig en onbegryplik. Hy wil haar teer aanraak soos jy die sagte fluweel van 'n mooi blom sou aanraak.

„Waaraan dink jy so ernstig, Stefaan?"

„Ek dink hoe lief ek jou het, Toets. Ek kan nie verstaan waarom jy my liefhet nie. Die mense hou nie van my nie. Op universiteit het die meisies gewoonlik met my gespot. Dit het so seer gemaak. As jy Tewes liefgekry het, sou ek dit verstaan het, maar nou is dit ek, ek, wat 'n meisie nie verstaan nie. Maar ek het jou lief. Ek wil dit aan die maan en die sterre vertel, ek fluister dit in die nag. Ek fluister dit saans sag: ‚Toets het my lief. Sy het dit self gesê. En sy is so mooi.' Weet jy hoe mooi jy is, Toets?"

Iets waarsku haar. Dis nie die gewone liefde, want Stefaan is nie 'n gewone jong man nie. Sy het hom lief, wonderlik lief, lief met die frisheid van haar liggaam, lief omdat haar liggaam aan hom behoort en teer na hom uit-

gaan. Maar net so seker weet sy ook dat hy sy liefde vir haar sal verloor. Dit sal uitwoed soos 'n kwaai veldbrand. Dis sy eerste liefde en hierin is hy nog 'n seun. Hy sal dit nie begryp nie. Dit is die tragedie, dat sy hom as vrou bemin, innig met die volle kennis van die lewe, en sy sal sy liefde verloor. Miskien duur dit 'n jaar, miskien woed dit in 'n maand uit.

„Vertel my maar hoe lief jy my het," sê Toets.

Hulle het al vergeet dat hulle na die Van Ellewees wou gaan.

Daar naby die rivier, omring van koppies waar die gras sag roer, waar die wonder deur die nag wandel, vertel hy haar. Hulle ry nie meer nie. Sy luister. Die nag luister mee. Die maan hang laag in die lug en die silwer van sy skyn lê op motor en veld. Dit lê wyd. Sy sluit haar oë en luister.

En Stefaan begryp nog nie daardie honger van sy liggaam nie.

Toe hy weer die lig in sy kamer aansteek, kyk hy vreemd in die vertrek rond. Dis vreemde voorwerpe vir hom, nes of hy uit 'n ander wêreld hier aangekom het.

Die eksamen-antwoorde wag vir hom. Koud en wesenlik wag hulle vir hom.

Half-een — hy was nog besig met die papiere — kom Tewes en Vorster daar aan, reguit na sy kamer. Toe hulle die deur oopdraai, weet Stefaan dat hulle dronk is.

„Vorster," sê Tewes, „kyk ons broer werk nog.

Is dit nie 'n goeie grap nie? Kyk, hy is met Org Pieterse se antwoorde besig."

Tewes lag. Hy lag aanhoudend. Later sak hy op die bed neer en sê: „Hier gaan jy jou siel verloor, Stefaan. Elke onderwyser verloor sy siel. Daar voor daardie tafel gaan jy dit verloor. Jy sal dit oor Org Pieterse en Willeman Castell en Conrad Visser en Japie Oelof se papiere verloor. Vorster, aanskou. Aandag! Hoof links wend! Aanskou. Nog 'n siel wat verlore gaan. Lag, Stefaan, lag, jong! Verbrands, hoekom lag jy nie?"

Tewes staan dreigend op.

„Wag," sê Vorster, „wag, wag, wag. Hy is nog jonk. Hy weet dit nog nie. Kom ons sing vir hom die lied."

„Ja," sê Tewes en hy stamp die waterbeker om, „kom ons sing vir hom die lied wat jy vir my geleer het, die lied wat Fransie vir ons geleer het, die lied wat Lottie vir Fransie geleer het. Stefaan, jy leer die lied altyd weer vir 'n ander. Jy kan dit weer vir ou Haldemar leer. Dis 'n chain hymn. . . ."

„Die lied!" sê Vorster en vat Tewes om sy nek.

Toe sing hulle. Twee siele wat moeg is. En Stefaan vind dit nie koddig nie. Hy wonder net of hy sy siel ook so gaan verloor.

„Die woorde maak geen saak nie," sê Vorster. „Jy moet die wysie hou. Jy kan jou eie woorde maak, maar aan die end moet jy dit uitspel — I'm h-a-p-p-y. Leer dit môre vir broer Louis Greyling. Nog 'n keer, Tewes."

En met die hande om mekaar se nek sing die twee die lied tot mev. De Wet op hulle afkom.

Voor ontbyt die volgende môre is Tewes weer terug in Stefaan se kamer. Hy lyk skaam. Hy trek sy kamerjas vaster om sy lyf en sê:

„Stefaan, ek hou aan om te vergeet dat jy nog maar kort skoolhou. 'n Mens raak soms moedeloos. Ek wil hê jy moet gisteraand vergeet. Ek vra nie verskoning vir my nie, maar Vorster is ongelukkig in sy huis, baie ongelukkig. Die man is al moedeloos. Jy sal mos verstaan. . . . Ek is jammer, Collin."

Tewes dink altyd aan 'n ander. Daarom hou Stefaan so baie van hom. Miskien, ja, miskien is hy ook ongelukkig.

XXXIII

Weer terug in die tuig. Weer die groot klipgebou waar jy elke môre na moet stap, die klipgebou met die hoë stoep daar bokant die dorp. Die groot vyeboom om die hoek in Berend Oelof se tuin, die vyeboom met die dik, krom stam waar die kombuis-vadoeke oor gehang word. Vanaf die hoogte 'n gesig op Wynand Nel se huis, en Basjan de Klerk en Roel van Vuuren se agterplaas. By Roel van Vuuren se huis speel altyd 'n menigte kinders, vuil met belle onder hul neus, want die winter begin. Daar by Roel se huis moet jy smôrens verby. Jy moet by Louis Greyling se huis verbygaan, die stil huis van die dorp. Lewies Gerber se kinders is weer in die skool. Hulle het nie meer seer oë nie. Babs en Sophy en Sarie moet hulle weer leer. Bessie Reyneke leer ook die kinders by die skool. Sy vertel hulle van Piet Celliers wat in die garage werk en sy hande nie kan tuishou nie. Bessie weet meer as die ander kinders. As sy op stryk is, staan daar 'n hele kasarm kinders om haar en dan vertel sy hulle. Veral op 'n Maandagmôre, want dis ná die Sondagaand.

En Jurgens Lategan se kinders is daar. Dié moet Tewes en die ander leer. Goeie weet hoe dit gebeur, maar Jurgens Lategan se kinders het die een verkoue op die ander.

Daar by die klipgebou kom hulle saam. Haldemar en Willem le Roux, Gysbert en Lewies Bester, Roel van Vuuren en Nel se kinders.

Tewes Opperman is verloof. Dit het een môre in al die koerante gestaan. Hy en Babs le Roux is verloof. Babs skel nou haar klas ook nie meer so baie uit nie en stap soggens reguit na haar klaskamer en werk daar terwyl die kinders rond ravot. Kinders wat gedurig verkoue het. Die prente word teen die muur opgehang, die naaldwerk in die kas weggesit, netjies opgevou. Sy doen haar bes noudat sy aan Tewes verloof is.

Wynand van Dyk woon nou in twee kamers wat hy van Abe Dutsenski huur. Treurig van Wynand van Dyk. Die man het al dieper en dieper in die skuld geraak sonder dat iemand iets vermoed het. Sy vrou wis daar niks van nie. Toe Wynand „snaaks" begin raak, so het die mense dit genoem, het Beatrix-Muti dinge ondersoek. Maar dit was te laat. Dis nie Abe Dutsenski alleen nie. Willem le Roux het ook 'n hand daarin. Die mense sê Basjan de Klerk ook. Hulle moes Wynand nie so baie krediet gegee het nie. Wynand is nie in staat om dinge alleen te onderneem nie en dit het Abe en Willem geweet. Toe het hy „snaaks" begin word. Eers in die huis. Daar het hy vir die ander begin preek en vertel dat dit sonde is as hulle mooi aantrek. Sulke tye sit Silvia 'n nat doek op haar kop en gaan lê. Bee gaan dan voor die klavier sit en speel, en Beatrix-Muti gaan op

die rusbank lê. Hulle steur hulle doodeenvoudig nie aan hom nie. Dit gaan weer oor. Hul huis het stiller geword.

Skielik een môre verneem Meronne dat die Van Dyks vendusie gaan hou. Hulle gaan vertrek. Bee het 'n goeie betrekking gekry en Silvia gaan by haar moeder in Kaapstad bly. Sy het altyd na 'n kans gesoek om orrellesse te neem. Wynand gaan hulle na 'n hospitaal neem, die beste in die stad.

Die dag op die vendusie het Wynand op die klavier geklim en die mense begin toespreek. Dis toe dat Beatrix-Muti verklaar het dat Wynand nou heeltemal „snaaks" word, darem net by tye.

Ag dae na hul vertrek was Wynand weer terug. Die mense het gesê dat dit Abe Dutsenski was wat hom so uitgetrek het, maar David Dutsenski het twee kamers vir hom ingerig en daar woon hy nou.

Meronne se mense kon nie verstaan hoe Beatrix hom so alleen kon laat staan nie. Meronne se mense kon baie dinge nie verstaan nie. Lilla en Susie le Roux het reguit gesê dat Beatrix en Bee seker bly is dat hulle nou van die ou verlos is, dat dit die vergelding is vir al die kwaad wat hy en sy familie aangevang het.

Stefaan het in dié dae, die dae van die tweede kwartaal, min van die Castells gesien. Dis rustige dae. 'n Mens raak gewoond aan jou werk, gewoond aan elke dag met die paadjie na die skool toe stap, gewoond aan die klagtetjies van

ouers en aan die stugheid van die leerlinge. Die opstelboeke ontvang nie meer soveel sorg nie. Stefaan raak daaraan gewoond om, as hy minder tyd tuis gespandeer het, na die swartbord te stap en hersiening te doen. Dis so handig. Die leerlinge merk niks en jy ken tog al die ou werk en hulle nie. Voor die einde van die kwartaal het hy sy les so goed geleer dat hy presies weet watter kinders hy mag slaan en watter nie. Hy het net geweet hoe om die vrae te stel. Vermoed hy dat 'n leerling die les nie voorberei het nie, dan stel hy hom geen vraag nie. Daar is ander wat gereeld leer, kinders soos Ferdinand Castell, Sannie van Vuuren en Hendrik le Roux. Klein Hendrik le Roux is baie skrander. Willem le Roux en Stefaan is nou groot vriende. Stefaan vertel Willem gereeld hoe gou Hendrik die swaarste werk snap, hoe vlug hy is en dit streel Willem. Stefaan het dit gou agtergekom. Stefaan weet nou dat jy 'n ouer se kind net moet prys en jy sal geen moeilikheid hê nie.

Hy skryf selde aan sy moeder en kom nie meer by Wynand Nel nie. Hierdie kwartaal het hy nou al drie Sondae by die losieshuis deurgebring, of in die bed of voor op die stoep by Tjix.

Dat mnr. Castell nog stiller word, merk hy nie eens meer nie.

Maar Stefaan het nog nie lui geword nie, net fyn kunsies aangeleer en omdat hy van kleins af so vreemd vir die wêreld was, het hy daar dikwels gebruik van gemaak, uit moedeloosheid.

Hy het geslepe geraak. Saam gesels hy aan tafel oor die kinders en by tye is hy weer stil, ingetoë.

Toets merk die verandering nog voordat die ander dit kan doen. Iets sê haar dat Stefaan anders is as die ander jong mense, hy wat so sensitief, so ingetoë is. Dit waarsku haar ook. Sy gaan sy liefde verloor. En omdat sy nie 'n engel is nie, wil sy dit nie verloor nie.

Fanie van Ellewee en Hannie moet haar help. Dis net die vriende wat Stefaan op hierdie tydstip nodig het. Sy plooi dit ook so dat hulle 'n uitnodiging na die plaas vir die derde lang naweek van die tweede kwartaal kry.

„Al weer vreemde mense, Toets! Jy weet tog ek hou nie van vreemde mense nie. Wie is die Fanie van Ellewee?" vra Stefaan.

Hulle moes gaan, het sy volgehou.

Wie Fanie van Ellewee en sy vrou, Hannie, die eerste keer ontmoet, is nie al te ingenome met die kennismaking nie. Hulle is mense wat jou stil ontvang. Nie die lawaaierige soort nie. Jy voel aan die begin amper asof jy daar ongewens is. Hy gaan met sy werk aan en laat dit aan jou oor om saam te stap of tuis by die vroumense te bly.

Van Ellewee is ryk. Sy familie was van die eerste dag af ryk. Al die moderne geriewe van elektrisiteit, radio en vervoer is op sy plaas. Dis trekkers en lorries en dorsmasjiene en voerkuile; merino's en swartkop-skape.

Van Ellewee is groot, frisgebou, glad nie gesellig nie en met 'n breë glimlag wat jou

elkers verbaas. Hy draai geen doekies om 'n saak nie. As hy van iemand nie hou nie, dan sê hy net aan Hannie om die mense nie weer te nooi nie.

Die eienaardige is dat hy van die eerste oomblik van hul kennismaking af van Stefaan hou.

„O, dis die man wat Dirkie en Willa so baie van praat. Hulle twee is op die dorp in die skool. Loseer by mnr. Gerrie Bester. Hulle sê hulle hou so baie van mnr. Collin."

„Maar ek ken hulle nie!" roep Stefaan verbaas uit.

„Die kinders ken darem altyd hul onderwysers. Collin, jy hoef darem nie bang te wees nie. Ons is nie van die ouers wat meen hul kinders is engele nie. Sê maar as jy nie van hulle hou nie."

„Ek ken hulle nog nie," herhaal Stefaan.

„Toets, jy weet mos waar jou kamer is. Kom, Collin," sê Fanie en stap vooruit huis-toe.

Hannie van Ellewee is met naaldwerk besig en dit val Stefaan op dat sy nie eens uitgekom het nie.

„Dis Stefaan Collin, Toets se kêrel," sê Van Ellewee, los hulle net daar en stap kamertoe.

„Ons drink netnou tee," sê Hannie.

'n Dogtertjie van nege jaar kom in, kyk na die twee en vra haar ma dan:

„Waar het Mammie my skoene gesit?"

„Groet jy my dan nie vandag nie, Willa?" vra Toets en gaan voor haar op haar hurke sit.

Stefaan kan haar nou onthou. Sy en 'n seuntjie is altyd bymekaar. Die onderwyseresse is baie lief vir haar en Babs het dikwels verklaar dat sy die enigste een met talent in haar klas is. Frisgebou, oulike kort rokkie en groot kykers waarvan die wimpers lank en swart is. „Sy gaan 'n mooi meisie word," sê Babs dikwels.

„Mnr. Collin, in hierdie huis maak elkeen net soos hy lus het," sê mev. Van Ellewee en lui die klokkie vir tee.

„My man steur hom nie veel aan sy gaste nie," vervolg sy. „Hy en Toets flenter gewoonlik op die plaas rond, maar nou sal hy dit seker nie meer kan doen nie. Die dam is klaar gebou, Toets."

„Werklik! Dan sal ons soheentoe moet gaan."

„Ja," skreeu Fanie uit een van die kamers, „ons kan môre of Sondag soheentoe gaan."

„Was dit toe nodig vir jou om die uitloop aan die rantjie se kant weg te skiet?" vra Toets kamer-toe.

„Glad nie," antwoord hy. „Jy moet sien die oulike plan wat ek gekry het. Die ingenieur wou daar eers nie van hoor nie."

Stefaan voel erg vreemd. Dis of hulle hom nie eintlik in ag neem nie. Hy sal Toets maar vra om saam met hom ná tee te gaan stap. Daar was egter geen kans daartoe nie. Maar voor die aand het hy van die Van Ellewees gehou.

„Collin," sê Van Ellewee die aand na ete, „ek is darem bly dat ek nie jy is nie. Dit moet ook maar treurig wees om op Meronne skool te

hou. Ek woon die skoolkomiteevergaderings maar selde by, maar daar is glo altyd 'n klomp klagtes. Ek kry mnr. Castell en die onderwysers werklik jammer."

„Pappie is ook so 'n ou pruttelkous," sê Toets.

„Nou nie meer nie. Ek dink hy hou nou van mnr. Castell. Jy weet jou pappie en ek sit nie langs een vuur nie," en Stefaan verbaas hom oor die man se opregtheid.

„Ek weet."

„As ek onderwyser moet wees, sal ek my plig doen en ook niks meer nie. Dit lyk vir my die ouers meen julle moet die kinders nog ná skool ook oppas. Koddig genoeg alle ouers dink hul kinders is skrander. Hoe lyk dit, Vrou, is Willa en Dirkie van ons ook nie baie skrander nie?"

„Vrede, nee, ek wil Dirkie se onderwyseres nie wees nie. Hy is darem eerste in sy klas."

„Daar het jy dit, Collin. My vrou sal julle een van die dae kom vertel dat julle nie weet hoe om skool te hou nie. Vrou, het hulle al vir Dirkie geslaan?" spot Van Ellewee.

Lank gesels hulle nog. Toets verwonder haar dat Stefaan so vrymoedig hier is. Hy vertel hulle dinge wat sy nog nie eens verneem het nie. Toe hulle twee later alleen is, sê Stefaan:

„Ek is 'n gek om my aan al die ou klein dingetjies te steur. Van Ellewee en sy vrou laat 'n mens sien hoe belaglik dit is. Nou sien ek waarom jy my hier wou hê, nè, Toets?"

Sy antwoord nie. Sy is stil vanaand. Voor die ete het hy al gemerk dat sy 'n onnatuurlike opgewektheid het. Nou besef hy hoe min hulle van mekaar weet.

„Jy is stil vanaand, Toets."

Sy antwoord nie.

„Sal jy my nie vertel nie, Toets? Die eerste dag daar op die plaas het jy ook meteens so stil geword en toe wou jy ook nie antwoord nie. Wat is dit dan, Toets?"

Nog antwoord sy nie. Skielik gaan daar 'n vlaag van beroering deur hom. Miskien dink sy hy het verander. Hy kyk weer na haar. Sy is so skoon, so wonderlik rein. Sy voorhoof is warm en hy kyk haar met brandende oë aan.

„Toets, sê maar vir my."

„Stefaan, hoekom duur geluk nooit vir altyd nie? Ek wil jou iets vertel. Moeder was seker die mooiste vrou op Meronne. Sy was opgewek, grappig en 'n lewe in die huis. Toe het dit skielik gebeur. Eers het sy swaar begin loop, dit was of sy haar bene nie kon stuur nie, en skielik het sy kwynend en bedlêend geword. Jy hou nie van Laetitia nie. Ek weet jy hou nie van haar nie. Sy was nie altyd so nie. Die mense het almal van haar gehou. Jy kon nie help om van haar te hou nie. Toe ontmoet sy vir Antonie Verster op universiteit. Later het hy hier kom skoolhou. Mnr. Castell sal jou kan vertel. Soos twee kinders was hulle gedurig saam. Wonderlik was hul liefde. Ek was nog klein, maar ek kan

Antonie nog goed onthou. Die jaar wat hulle sou trou, sterf hy. . . .”

Stefaan bly stil. Hy onthou die dag toe sy vader gesterf het, sy enigste groot droefheid tot dusver. In hierdie jaar het hy al smart gesien, die smart van ander persone. Hy besef nog nie eens dat hy juis hiervoor aan vlug is nie. Droefheid raak hom diep. Dit tas hom meer aan as ander persone. Hy wil iets sê, haar vertel dat dit anders met haar sal wees.

Hy is spyt dat sy hom dit vertel het. Dis of sy lank oor iets peins. Hy sit stil langs haar. Hy raak ingedagte. Hy dink aan mev. De Klerk, Laetitia, Louise Castell, Vorster Geldenhuys. . . . Wat sou hulle hom kon vertel het?

Sy praat weer.

„Hulle sê op Meronne dat die De Klerk-dogters ongelukkig is. Die mense glo vas daaraan. Ek begin ook al daaraan glo. . . .”

Sy bly stil. Net ’n rukkie en dan is sy weer die opgewekte Toets. Sy lag en sê:

„As dit dan ons lot is, kan ons dit seker nie help nie.”

Dan draai sy sy gesig na hare en soen hom innig, dankbaar. Die oorgawe is vir hom dierbaar. Iets tril deur haar liggaam toe sy hande haar aanraak. Die hande soek haar hongerig. Sy sluit haar oë.

„Het jy my dan so lief, Toets?”

Sy antwoord nie. Dis goed. Dis goed dat sy hom liefhet. Hongerig soek sy hande haar nog.

'n Dieper kennis word in hom gebore. Nou verstaan hy sy verlange van vroeër.

Later, by sy kamerdeur, sê sy nag. Die woord vul die lug. Dit gaan voor hom by die kamer in. Dit hang bo sy hoof toe hy in die bed lê. Nag. Wonderlike kind. Wonderlike kennis.

XXXIV

Dis Meimaand. 'n Waarskuwing van mnr. Castell om hulle tog nie in die politiek te meng nie. Vorster antwoord dat dit in elk geval te vuil is. Maar op Stefaan, wat nog jonk en onervare in die lewe is, maak daardie maand 'n indruk wat hom in sy werk strem. Sy ouers het hulle nooit aan politiek gesteur nie. Hier doen hy ander kennis op. Hier sien hy hoe gebruik gemaak word van gemene hulpmiddels om die doel te bereik. Dit hinder hom, dit is iets leliks in sy volk se karakter.

Die politiek is hier meer as die volk self, dis meer as die onderwys, meer as hulle eie bedrywe. Ondanks die skoolhoof se waarskuwing is dit in dié dae net politiek, nie van die kant van die onderwysers nie, maar die kinders is sulke kwaai politici. Die ergste van almal is Conrad Visser en Willeman Castell. Die seuns van die aparte politieke gevoelens speel nie saam nie en die kanse van die twee kandidate word druk bespreek. Dit strem die klaswerk. Tewes het een dag lelik uitgevaar en toe voel hy baie beter. Vorster ook. Vorster gesels sulke tye meer padlangs en noem sekere dinge op hul regte naam. Groot beroering toe onder die ouers. Vorster moet afgedank word. Wat hulle die ergste ontstig, is dat hy sou gesê het dat baie

ouers nie eens kos het om te eet nie en nogtans sulke kwaai kampvegters vir een of ander party is.

„Julle word ook groot met die idee dat politiek alles is in plaas dat julle ywer om nuttige burgers te word," sê hy onder aandoening.

Die onkunde van die mense verbaas Stefaan, asook die politieke hulpmiddels wat in die stryd gebruik word. Een dag het hy so byna losgetorring, maar betyds mnr. Castell se waarskuwing onthou.

Mnr. Castell sê niks. In hierdie dae sê hy byna nooit iets nie.

Met Tewes en Babs gaan dit ook nie te goed nie. Almal meen dat hulle twee nooit behoort te trou nie. Hulle baklei te veel, sê die ander. Om sake nog te vererger, verskil hulle in die politiek. Altyd die politiek. Willem le Roux en Basjan de Klerk is kwaaivriende. Roel van Vuuren en sy buurman Tys Reyneke. In sy eentjie dink Stefaan daaraan dat dit Afrikaner en Afrikaner is tussen wie die vyandskap so oplaai. Haldemar Visser word van partydigheid beskuldig. Die mense behoort beter te weet. Haldemar, soos sy vrou en kinders kan getuig, is nou op die laagste punt van die kurwe. Hy is nou hoogs tevrede dat dinge gaan soos dit gaan. Oor 'n maand sal die styging weer begin. Stadigaan sal jy die styging waarneem, dit sal opkruip tot hy een more weer vir Conrad in

die studeerkamer neem en goed kasty, en dan sal dit weer hoogte afgaan.

Nee, Haldemar is haas die enigste een wat kophou. Haldemar en Abe Dutsenski. Abe weet dis nie goed vir die besigheid nie. Willem le Roux se besigheid ly in hierdie dae en so ook Lewies Gerber s'n. Abe weet vooraf aan watter politieke party jy behoort, hy kan die dinge voel, en dan vermy hy alles wat aanstoot kan gee. Stefaan wonder in dié dae of Abe nie slimmer as al die ander is nie. 12 Mei. Stefaan is ooggetuie van 'n insident wat hom tot weemoed stem. Gysbert le Roux, wat by die „butcher" werk, soos sy vrou altyd sê, is so 'n kwaai strydros. Lewies Gerber ook — Lewies, wie se kinders gedurig seer oë het. Altwee is bejaarde manne. Vir altwee het hy respek: vir Lewies omdat hy hom die aand by die tentdienste leer ken het, en vir Gysbert omdat hy so 'n hardwerkende man is. Nie 'n lui haar op sy kop nie.

Stefaan en Tewes stap die middag saam van die skool af. Altwee is bly dat die spanning tog een van die dae sal oor wees. Toe hulle by die stembus verbystap, waar die mense dig staan, waar die tente staan, hoor hulle verskrikte uitroepe. Die mense maal nou deurmekaar, kinders beur in die kring in en kleurlinge staan haastig nader. Die lag. Dit sal Stefaan nooit vergeet nie. Hulle lag.

Toe Tewes en Stefaan ook kon sien wat gaande is, het hulle Gysbert en Lewies al weer

uitmekaar. Twee ou manne. Daar is bloed ook, sien Stefaan.

„Laat die base dit uitspook," skreeu iemand en Stefaan sien dis Sollie Kleinbooi, Sollie wat by Abe Dutsenski werk.

„Die twee het mos gebaklei!" sê Tewes toe hulle weer aanstap.

„So sien ek," antwoord Stefaan.

„Twee Afrikaners," sê Tewes.

„Ja," sê Stefaan.

Meer word nie gesê nie.

Later, maar eers toe hulle sit en koffie drink, sê Tewes:

„Ek is bly Vorster was nie by ons nie. Dit maak hom seer om so iets te sien."

En Wynand van Dyk is in dié dae heelwat erger. Daar op die plein, reg voor die kerk en langs Abe Dutsenski se winkel, spreek hy denkbeeldige gehore toe en maan hulle aan om nie hul siel te verruil vir die draf van die wêreld nie. Stefaan gaan een aand daar staan — hy was op pad na Toets — en kan nie help om te erken dat ou Wynand se woorde baie waarheid bevat nie, dat hy in sy verwarde brein besef dat die politiek oordryf word.

Hy hoor 'n aanmerking van 'n verbyganger:

„Ou Wynand is darem nou so mal soos nog nooit tevore nie."

Smorens om neënuur lui die klok. Smiddags om vieruur. Stefaan is al 'n bedrewe onderwyser. As hy 'n paar maande gelede die bande wat hom

knel, wou verbreek, is dit nou al anders. Hy is gewoond aan die tuig, hy is 'n goeie jukos.

Juniemaand. Koue winterdae. Soms helder sonskyndae en soms weer koue suidewind.

Laetitia de Klerk kry uiteindelik erkenning van die groot geeste in die land. Stefaan was een van die eerstes wat die skildery „The Blue Demon" te sien gekry het. Dis of hy deur 'n donker bril kyk. Die lug is belaai met wolke wat op hul kop staan met die yslike fondamente boontoe. Kort-been dik bome waarvan die stamme boontoe dikker loop. Vyf perde wei in 'n vlei. Die sterte is so dik dat jy die perde skaars kan sien.

Die uitspraak is dat Laetitia de Klerk tot die moderne skool behoort. Oorsee is daar nie iets wat met „The Blue Demon" vergelyk kan word nie.

Die klok lui die laaste maal. Stil hang hy hoog bo aan die balk. Die gange en kamers is verlate. Vorster gaan weer jag, die ander huistoe. Rina du Toit meen dat haar aansoek na Kalkklip aangeneem sal word. Sy pak al haar boeke en portrette in 'n groot kis en sê aan Berend Oelof om dit ná die vakansie aan te stuur. Dis te sê as sy nie weer terugkom nie.

Daardie laaste Vrydagaand het ou Junie Viljoen elke breekbare meubelstuk in sy kamer aan stukkies geslaan. Mev. De Wet gee hom kennis dat hy nie langer as die end van die maand kan bly nie. Hartroerende afskeid van die onderwysers.

Almal meen dat Junie Viljoen baie foute het, maar dat daar maar net een Junie Viljoen is.

Die veld staan wit en koud. Om die dorp troppe maer wolhaar-donkies wat die dorpsbestuur — hulle noem dit die „Village Management Board" — baie las gee.

Basjan de Klerk kry in dié dae 'n kwaai aanval van die suikersiekte. Sy vrou is nog siek en die klokkie lui gereeld in die kamer, maar niemand antwoord nie. Hulle is daaraan gewoond.

Sonder ongeval haal hulle Septembermaand. Rina du Toit is nog op Meronne. Die portrette hang weer almal. Daar is twee nuwe stoele en 'n nuwe wasbeker in Junie Viljoen se kamer. Junie is nog daar. Almal is nog daar.

Dis maande dat Stefaan laas by mnr. en mev. Castell was. Hulle is ook al oud en hy smag tog na jong geselskap. Soms hoor hy nog die ou Dodge deur die strate snork en as hy miskien naby is, dan lê Karl by die kar uit om hom te groet. Agter in die kar hou Filand die hond vas en lag met 'n oop mond, sodat die tande wit wys.

Die groot vyeboom net om die draai in Berend Oelof se agterplaas, die vyeboom net voor die agterdeur, bot al. Die kombuisvadoeke word nog oor die dik krom stam gehang. Maar daar hang nou meer dinge. Berend Oelof se vrou het weer 'n baba en nou hang die doekies aan die lote.

Vorster sê dis hoe hulle aan die lewe gehou word. Hy meen dis goed dat die arme altyd

by jou is, want dan kry die onderwysers ook werk. Stefaan vertel nou soms dinge wat Tewes en Vorster vreemd laat opkyk. Hy maak hom nie meer moeg oor ou Lewies se kinders nie. Dan is dit seer oë en dan die maag. Nou kan Jan in sy klas sit tot hy grys is. Vorster sê net een dag aan Tewes:

„Die broer raak onverskillig. Hy het ook te straf begin. Ek wonder wat mnr. Castell dink?"

Anton Celliers en Stefaan is deesdae vriende. Die jongmense van die dorp het eers niks van hom gehou nie, maar hulle sê nou hy is 'n ou sport.

Anton het al weer 'n nuwe woord onder die jong klomp ingeburger. Na ‚Upsy Daisy' het baie ander woorde gevolg. Nou is dit weer so ‚like'. Alles is so ‚like'.

„Man," sê hy een aand, „ek het van Stefaan Collin net niks gehou nie. Ek het gedag hy is 'n ou pruim" — Anton het in werklikheid 'n ander woord gebruik — „maar nou dat ek hom ken, sien ek hy is 'n ou sport. Nou steek die man tog ook so like 'n dop."

Een aand, dit was Anton Celliers se verjaardag, was hulle vier bymekaar, Stefaan, Anton, Johan Deetlefs en John Watermeyer. Daar was ander ook nog — dames van die dorp — en die feestelikheid het tot lank na middernag geduur.

Stefaan, in 'n onnatuurlik opgewekte stemming, stap nie na sy kamer toe nie, maar

reguit na Tewes s'n, skud hom aan sy skouer en beveel hom om op te staan.

„Man, loop slaap. Jy is dronk!" sê Tewes vererg en draai hom op sy ander sy.

„Tewes, ontwaak! Sit regop, man, en luister na my wyse woorde. Ou prof. Dirk Redelinghuys, professor in die Metodiek, is reg. . . ."

„Loop slaap, man, ek wil niks van hom hoor nie."

„Die man is reg," hou Stefaan vol. „Daar is nie nog so 'n edele beroep as die onderwys nie. Jy kan so baie vir die jeug doen. Hulle is so vatbaar vir goeie invloede. Jy kan hul karakters vorm. Moenie moedeloos word nie. Willeman meen nie om te steel nie. Ou Lewies Gerber se kinders, wat al-ewig seer oë of so iets het, het gemoedere soos was, waarop jy die allermooiste patrone kan graveer. Skoolhou is nie net oefeningboeke nasien en klas gee nie. Daar is nie so 'n ding nie. . . . Tewes, man, hoekom lag jy nie? Dis snaaks. Deksels, man, dis baie snaaks. . . .

„Agt maande lank het ek ou prof. Dirk Redelinghuys geglo. Nou nie meer nie. Agt maande lank was ek 'n onderwysmeul wat loflike dade uitgemaal het, elkeen volgens resep en plan. Ho! ho! dis deksels snaaks, is dit nie? Broer, jy het gisteraand gesê ons moet kaart speel. Ek wou nie. Opstelboeke. Staan nou op en ek gaan vir Rinatjie en vir Lottie en vir Sarie roep. Sarie. . . . Ja, ons gaan vir Sarie ook roep. En vir Lottietjie, die liewe Lottie

van die bidure. Sy gaan vanaand kaarte vashou. En ons speel Kolpiet. Vier swape met swart kolle. . . .”

Stefaan kan amper nie weer regkom soos hy lag nie. Tewes is nou nugter, maar ook kwaad.

„Ek dink wat Vorster nou die dag gesê het, is die waarheid. Jy verdien ’n goeie pak slae en ek gaan dit vannag vir jou gee. Jy gaan nugter, doodnugter, wees as ek hier klaar met jou is.”

Maar Tewes is verkeerd. Hy het met ’n man te doen wat hom onklaar gedrink het, een wat moeg was, so moeg dat hy ’n pak slae sou verwelkom. Toe Tewes hom in die bed het, dwing hy van hom die belofte af dat hulle nog een aand Kolpiet moet speel.

„Vier swape wat Kolpiet speel, Tewes. . . .” en hy lag dat die trane uit sy oë kom.

XXXV

Na die Oktobervakansie het Rina nie meer sinnigheid om van Meronne af weg te gaan nie. Sy en Stefaan is nou „danig", soos Meronne se mense dit uitdruk.

Lilla en Susie le Roux voorspel niks goeds vir Stefaan nie. Eers flankeer hy met Toets en nou is Rina en hy so danig dat dit 'n skande is. Hulle weet daarvan en dis 'n skandaal. Dis 'n skandaal as 'n man in 'n meisie se slaapkamer lewe. Ja, Lilla le Roux dink nie aan wat met hulle in die kamer gebeur nie, maar hoe dit sou gewees het as *sy* in die kamer was.

Dikwels bly die stapel opstelboeke in sy kamer dae lank lê. Soms sit Rina by hom as hy werk.

Augustusmaand van die Ossewajaar het oor hom gegaan sonder dat hy dit gemerk het. Baie mans het hul baard laat groei. Wynand van Dyk ook. Anton Celliers het gesê dat ou Wynand nou ook so „like" in die mode is.

Stefaan se siel is verstik in die welluste van die vreemde gode en hy sien die ontwaking van sy eie volk nie raak nie.

Toets kry hom een dag by Anton Celliers, John Watermeyer en Johan Deetlefs en sê met weemoed in haar stem:

„Stefaan, ek het nooit gedink jy sou so verander nie. Weet jy, ek het gedink die Ossewatrek

sal jou in vervoering bring. Wat is dan verkeerd, Stefaan?"

„Is jy dan ook so like een van die lede van die baardvereniging?" vra Anton spottend.

„Nee, maar die ontwaking van my volk is vir my heilig."

Dit laat Stefaan nadink, maar ook net vir die oomblik. Elke dag se werk is nou vir hom 'n ergernis. Die seuns is bang vir hom, want as een uit sy spoor trap, is daar moeilikheid.

Een Woensdag kyk die st. IX-kinders vreemd op toe hy uitvaar en sê dat hy hulle sal regslaan as ou mnr. Castell dit nie wil doen nie.

„Werk wil julle mos nie. Eers was dit die politiek en nou weer die ossewa van die môre tot die aand. Waarom laat julle nie almal jul baard groei nie? Willem, ja, jy lag, maar jy sal pragtig lyk met 'n baard. Ek sal die hele klas aanraai om vanaand na ou Wynand te gaan luister. Maar julle is ook te onnosel om te verstaan wat hy sê."

O, Stefaan is moeg. Hy het sy drome gehad, skone drome van wat hy vir die jeug wil doen, en nou dat hy sy ideaal bereik het, die ideaal om onderwyser te wees, is dit opstelle nasien, kinders van dag tot dag dieselfde dinge leer. Vir hulle leer hoe die byvoeglike naamwoord verbuig word, die dubbele ontkenning in Afrikaans, die hoofsin, bysin en newegeskikte sin, die substantief, die bywoord en die voegwoord. Dis of hy kan mal word.

Vir Rina sê hy dat hy baie lus is om een aand saam met ou Wynand op die plein te gaan preek. Sy het bang opgekyk in sy oë.

Ja, Wynand preek nog gereeld elke aand op die plein langs Abe Dutsenski se winkel. Eers het hy gereeld 'n gehoor gehad, want dit was 'n nuwigheid, maar nou merk Meronne se inwoners dit nie meer nie. Nou probeer hy die mense oortuig dat die wêreld nog voor die end van die jaar sal vergaan.

En die twis onder bure en vriende het toegeneem. Daar is dié wat baard dra en dié wat nie dra nie. Stadigaan swel die lied aan, die lied van die Ossewa. Van dorp tot dorp gaan dit. Eers Klipplaat, toe Verkeerdevlei, Opsoek, Gansfontein en daarna Meronne. Feesstemming. *Die Stem van Suid-Afrika* ruis van krans tot krans. 'n Juiglied, 'n triomftog!

En onder al die feesgesang soek Stefaan in 'n kamer wat uitsig het op Piet Beyers se pakhuisie, in 'n kamer waar pedagogiese boeke in die rakke staan en waar opstelboeke en eksamen-antwoorde rondlê, naarstig na sy siel.

Noudat baie die stem verneem, die stem van 'n volk in sy geboorte, voel hy dat daar iets met hom verkeerd is. Stefaan soek naarstig na iets wat hy nog nie begryp nie.

XXXVI

Niemand gee nou veel ag op Vorster Geldenhuys en sy gesin nie. Die Le Roux-dogters sê dis treurig soos dit met Cecilia en Vorster gesteld is, maar hulle sê dit maar van al die mense. Die stomme vrou moet van hom weggaan, meen hulle. Dis onuithoudbaar.

So breek een Sondag aan. Dis nie een van die Sondae waarop Haldemar eers vir Conrad in die donker studeerkamer neem en hom dan deftig uitlooi nie. Conrad het nou rus. Haldemar het weer een van sy laagtepunte bereik. Vanmôre krap hy een van sy ou preke uit en op die stil, heerlike sonskynmôre stap hy vóór sy gesin na die kerk. Die appelkose sal een van die dae, sê aanstaande maand, verkleur. 'n Mens wonder wat Haldemar sou sê as hy kon weet dat vanmôre die keerpunt in Vorster Geldenhuys se lewe sou kom. Met Vorster kom alles met 'n lawaai. Hierdie ondervinding tog nie. Hy besef nie eens wat met hom gebeur het nie. Wat Stefaan maande gelede in die kerk gevoel het, neem hy vanoggend waar. Dis rustig hier. Dis goed dat hy hier is. Hier is 'n plek waar Cecilia en Fransie hom nie kan bereik nie.

Toe die diens oor is, stap hy reguit na mnr. Castell se huis. Hy weet nie waarom hy dit

doen nie. Louise Castell sal verstaan. Louise Castell! Waarom is Cecilia nie soos sy nie.

„Kom binne, mnr. Geldenhuys. Dis lank dat jy laaste hier by ons was. Karl sal nou-nou hier wees. Mnr. Reyneke het hom by die kerk voorgekeer, maar hy weet dat ons Sondae vroeg eet. Sit, mnr. Geldenhuys."

„Ek het 'n bietjie oorgekom," begin Vorster en weet nie hoe hy verder sal praat nie.

„Dis gaaf," sê Louise.

„Jy weet, mnr. Geldenhuys," gaan sy voort, „ek is bly dat jy hier is. Ja, werklik. Snaaks dat ek nie eerder daaraan gedink het nie. Karl en ek praat dikwels daarvan in die laaste tyd. Dis oor mnr. Collin."

„Stefaan Collin!"

Vorster het die man al skoon vergeet. Gedurende die afgelope twee maande het dinge so sleg in sy eie huis gegaan dat hy Stefaan en die ander vergeet het.

„Karl sê Stefaan is 'n baie hardwerkende onderwyser. Ons het altwee baie lief vir hom geword. Hy is nog so 'n seun. Nou merk ons 'n verandering. Hy is nie meer so vrymoedig met ons nie en my man voel onrustig oor hom. Weet jy, mnr. Geldenhuys, ek dink dit moet swaar wees vir 'n jongmens in hierdie eeu. My man steun so baie op jou. Hy sê as dit nie vir jou was nie, en natuurlik die ander ook, het hy al lankal tou opgegooi."

Vorster val haar in die rede.

„Maar wat het *ek* dan al gedoen? Ek is nie bewus dat ek mnr. Castell al ooit gehelp het nie."

Karl kom binne en maak verskoning dat hy nie tuis was nie.

„Wat wou mnr. Reyneke hê, Karl?"

„Klagte oor mnr. Collin. . . . Ekskuus, mnr. Geldenhuys, maar dit het uitgeglip. Maar mnr. Reyneke is verkeerd. Mnr. Collin sal nie so iets aanvang nie. Ek is bly, mnr. Geldenhuys, daar is nooit klagte oor jou nie. Oor mnr. Opperman en mnr. Greyling ook nie. Vrou, het jy vir ons 'n bietjie tee?"

Karl gaan agteroor in die leunstoel sit. Dis die beweging van 'n man wat moeg is, van 'n man wat al baie jare moeg is. Vorster merk dit. Sy oë dwaal na mnr. Castell se hande en toe na sy hare. Wit hare, mooi wit hare. Die rustelose hande van 'n kunstenaar.

Karl merk sy blik en skuif ongemaklik rond.

„Dis amper die end van die kwartaal, mnr. Geldenhuys."

„Ja, mnr. Castell."

„Snaaks hoe gou die jaar omvlieg."

Sonder waarskuwing breek dit los in Vorster. Al die jare van swaarkry, hoop en werk, van nuwe begin, teleurstellings en bittere verwyte wat sy vrou hom toeslinger, alles kom hom te veel en te groot voor.

„Mnr. Castell, ek weet nie hoe jy dit hou nie. Ek weet nie. Ek raas en lag omdat ek nie meer kan nie. Ek is ongelukkig in my werk en in die

huis. Niemand weet dit seker nie, maar ek is so ongelukkig. Mnr. Castell, as jy dit weet, sal dit my miskien help. Weet u hoe ongelukkig ek in my huis is. . . .”

Vorster het sy gesig in sy hande en merk nie dat Karl stil opgestaan en die deur toegemaak het nie. Nou kom hy naas hom staan en voordat Vorster verder kan praat, lê hy sy hand op sy skouer.

„Kalm nou, Vorster. Moenie dinge sê waar jy later spyt oor sal wees nie. Dis maar een van die blou dae. My vrou sê altyd die son sal môre weer skyn. Vorster, het jy al gedink wat anderkant lê, anderkant al ons moeilikhede?”

Weer klop hy Vorster op sy skouer.

„Vorster, jy was nog altyd ’n man gewees. Jy was my nog altyd tot ’n voorbeeld. Begin weer. Dit sal jou help, dit sal my help. ’n Bietjie tee sal ons almal goed doen.”

Die eerste paar woorde is bedoel as ’n waarskuwing, nie aan Vorster nie, maar aan Louise wat by die deur inkom.

„Ek is jammer dat ek julle so lank laat wag het,” sê sy en kyk vinnig na Karl wat weer op sy stoel gaan sit.

„Jy eet vanmôre van jou vrou se tert,” vervolg Louise en maak of sy nie die beroering in Vorster se gesig merk nie. „Hier is net een vrou in die dorp wat tert kan bak en dis jou vrou, Vorster.”

Sy en Karl het altwee natuurlik-weg oorgeslaan van Meneer na Vorster. Die gesprek neem

weer sy normale gang. Dis nou mnr. Geldenhuys. Die swaar wat vanmôre soos lood op hul harte druk, vertel hulle nie vir hom nie. Selfs Filand loop stil deur die huis en praat nie.

Toe Vorster loop, bly mnr. en mev. Castell so 'n rukkie op die stoep en kyk hom agterna. Louise het haar arm in syne gehaak en dan weet Karl hoe sy voel.

„Ek is bly dat ons twee mekaar liefhet, Karl. Alles is so maklik as 'n mens mekaar liefhet."

Karl antwoord nie.

„Daar is vandag so min liefde in die wêreld," sê sy weer.

Maar hy antwoord nie. Sy gedagtes is by wat Willem le Roux hom gister gesê het. Vir die eerste keer het Willem 'n dreigement gemaak, 'n dreigement teen hom en sy vrou.

XXXVII

Oktobermaand is verby. Giel Pieterse se arme vrou is dood by die geboorte van 'n kindjie. Die mense sê dis so tragies, want Giel is tog so hulpeloos. En die man het elf kinders en die oudste een maar sewentien. Hy het toe dorp-toe getrek en in die vaal huisie bokant Adriaan Verceuil gaan woon. Ou Jurgens Lategan is maar te bly om van sy drie kinders in die koshuis ontslae te wees. Maar sy trek dorp-toe het vier kinders, wat eers op 'n plaas in die skool was, aan die dorpskool besorg. Vier armoedige kinders wat kaalvoet skool-toe kom, want Giel Pieterse is maar arm. Eens op 'n dag het almal skoene aan en niemand weet hoe hulle dit gekry het nie.

'n Dorpsverpleegster het daardie maand aangekom, 'n sekere Molly van Wyk met ronde gesig, groot oë en bloesende wange. Lilla en Susie le Roux voorspel dat Stefaan nou weer sal lewe, want daar is nie meer grasige weides vir hom op Meronne nie. Rina du Toit, soos almal weet, maak al weer hot en haar applikasie. Hul voorspelling was verkeerd, want dis Herman Carstens wat eerste daar aangehaak het. Sophy Lessing voel dit maar baie. Soos 'n getroue tog-os het sy na die juk gestap en haar intensiewer met haar werk besig gehou.

Molly van Wyk se eerste werk op Meronne, behalwe om saans met Herman uit te gaan, was om Lewies Gerber se vrou van haar agste kindjie te verlos. Lewies se ander kinders is al weer by die huis met waterpokkies, en hy skryf dit toe aan die melk wat die kinders by die skool moet drink. Al weer 'n nuwe gedoente van Karl Castell.

Babs le Roux het stiller geword en nukkerig daarby. Ou Junie Viljoen sê een dag op sy tipiese manier dat hier 'n vreemde neukery by die losieshuis is. Ou Junie gaan nog maar ou-stryk aan. In die vorige maand het mev. De Wet hom twee keer weggejaag en dan maar die volgende dag so van die nodigste meubels in die kamer teruggesit. Dis Junie Viljoen wat nou ongelukkig voel.

Die rede is nie ver te soek nie. Hy verbeel hom hy is vader oor almal in die koshuis en as vader verstaan hy Tewes en Stefaan nie meer nie.

Tewes het in die laaste twee maande nukkerig en stil geword. Hy en Babs is nie meer verloof nie. Junie merk dat hy nie meer saans uitgaan nie. Hy het slordig geword. Die kêrel was eers baie netjies op sy klere en dis of hy nou nie meer omgee nie. En sy humeur is tog so sleg. Dis weke dat Junie hom laas saam met Stefaan gesien het.

Laasgenoemde sien Junie omtrent nooit meer nie. As hy saans van sy werk af kom, is Stefaan al uit, of so nie, is Anton Celliers, wat hy

onder sy oë nie kan verdra nie, by hom in die kamer. Anton het nou weer 'n „herrie"-manie. Alles is nou net herrie. „Die herrie sal jou haal", en „hy gaan herrie maak" en „sy is 'n opregte herrie", is almal vorme en gebruike van die woord.

Junie kon nie nalaat om een aand vir Stefaan te sê nie:

„As jy met Anton Celliers hier by my kom, sal die herrie jou haal. Wat jy nodig het, is dat iemand *jou* goed opherrie."

Toe uit Junie nog 'n verwensing en stap reguit kroeg-toe. Om die waarheid te sê, Junie is diep teleurgestel in Stefaan. Hy meen dat hy hom lelik met die kêrel misgis het.

En in die skool is dit hersiening van die jaar se werk. Die ontnugtering dat hy die kinders niks geleer het nie. Hulle kan bloedweinig onthou en dit nadat hy met soveel ywer en trou maande aan hul werk bestee het. Na die eerste kwartaal van die jaar het hy die vooruitsig gehad dat die leerlinge sy vakke deeglik gaan ken, want hulle leer sy werk, soos hy meen, en hy dis dit baie aantreklik vir hulle op. As Vorster, Louis en Tewes kla dat vandag se kinders nie meer werk nie, glimlag hy in sy eentjie. Amper te laat ontdek hy dat hulle bloedweinig van sy twee vakke, Afrikaans en Geskiedenis, ken. Maar wat het dan gebeur? Al is hy nou miskien lui, vroeër het hy tog sy plig gedoen.

Na so 'n moedelose dag kom hy die volgende môre met goeie voornemens skool-toe. Dis

hersiening, ou werk op 'n nuwe manier opgedis, sleurwerk, warm dae, ontevrede ouers, kinders wat hul plig versuim, warm dae. . . . As dit tog net koeler op Meronne was!

Org Pieterse werk ook nie meer nie. Die seun het skoon verander. Vanmôre is hy in die skool sonder dat hy 'n steek werk tuis gedoen het. Stefaan wou eers niks sê nie. Hy het uitgevind dat as hy eers iets gesê het, hy homself nie kan keer nie. Maar dis uit voordat hy daaraan dink.

„Jou pa stap hier op die dorp met 'n yslike baard rond, plaas dat hy jou boeke betaal en kyk dat jy werk. Julle wil kamtig almal Afrikaners wees. Weet julle nie dat die Voortrekkers baie eerlik was en nooit iemand 'n pennie geskuld het nie? Mnr. Castell moet seker weer betaal! Dis omdat ander jul boeke betaal dat julle nie werk nie. As iemand jul skoene en klere wil betaal, sal julle seker nie wag nie. Afrikaners! Ba!"

Stefaan draai om na die bord om te begin skrywe. Hy weet darem wat agter hom aangaan. Hy weet dat hulle hul dit nie aantrek nie en hom nou maar doodeenvoudig duld omdat hulle vir hom versigtig is.

Dan maar weer werk, weer voor begin.

Die volgende dag is dit weer:

„Ek is nou siek van die hele spul. Engelssprekend kamtig! En julle kan nie eens Engels verstaan nie. Elizabeth Conradie, Sannie du Toit, Roelf Marcus, Fanie Wentzel en John

Visser. Julle weet te vertel dat julle engelssprekend is. Julle kan die taal nie eens verstaan nie. Sê liewers reguit julle is Afrikaners, maar is skaam om dit te erken. Visser, ek sweer jou naam is Jan, maar nou is dit skielik John. Maak dit John Fischer, Stephen Wentzel en Susan du Toit. Te sleg om vir julle eie opvoeding te betaal, maar Engelse wil julle wees. Weet julle nie dat hulle gewoonlik hul skulde betaal nie?"

„Meneer," sê Roelf Marcus, 'n seun van twyfelagtige afkoms, „my pa het gesê as Meneer weer so praat, moet ek opstaan en sê Meneer is 'n huurling en word betaal om vir ons te leer. . . ."

Verder kom hy nie. Roelf het nou met iemand te doen wat moeg is, geestelik moeg. Al die mooi huise van kaarte het rondom hom ingetuimel. Hy het op universiteit onder die waan verkeer dat onderwys die hoogste roeping is, en die werklikheid het hom heeltemal dronkgeslaan, totaal verbyster. Hy was ook nie bewus van die voos plekke in sy eie lewe nie en van idealis het hy sinicus geword. Roelf het met iemand te doen wat lelike dinge in homself ontdek het en nou kwyn hy nog daaronder, is nog nie mans genoeg om op te staan nie.

Toe hy klaar met die seun is — die ander het intussen verskrik bly sit — stap hy na mnr. Castell se kantoor en sê hom wat gebeur het. Karl kyk nie op nie. 'n Teleurgestelde uit-

drukking trek oor sy gesig, maar Stefaan merk dit nie.

„Meneer Collin, dis vir my swaar om die dinge te sê. Die ouers het billike klagtes. Maak jy nie ook soms 'n fout nie? Jy sal sake nie regkry deur oorhaastige optrede en kritiek nie. Ek is jammer om jou te sê dat jy vanmôre verkeerd gehandel het."

„Dan is u nie tevrede met my optrede nie!" sê Stefaan skoon deur die wind.

„Dis vir my swaar om dit te sê, maar ek is nie."

„Maar . . . dan moet ek bedank!"

„Dis nie nodig nie, mnr. Collin. Kom vanmiddag na my huis en ek sal jou sê waarom dit nie nodig is nie."

Dis 'n verslae Stefaan wat die deur agter hom toetrek. Netnou was hy kwaad, maar nou voel hy klein, nou dat mnr. Castell ontevrede is. Snaaks, hy dink nie nou aan mnr. Castell nie, maar aan mev. Castell, daardie stil, skraal vroutjie. Sal sy ook teleurgestel wees? Amper draai hy weer om om mnr. Castell te versoek om dit nie aan haar te sê nie. Maar hy moet mans genoeg wees om sy vernedering te dra.

Sonder 'n besluit vooraf doen Stefaan daardie dag 'n ding wat die keerpunt in sy onderwysloopbaan beteken. Toe hy hom kom kry, staan hy by Roelf Marcus se bank en vra hom om verskoning vir sy gedrag van netnou.

„Roelf, ons twee is saam hier in die skool. Ek is hier om jou 'n begin in die lewe te gee.

Jy is hier om te leer en om jou vir die lewe voor te berei. Dit was nie reg van my om jou so 'n behandeling te gee nie, om jou so te verneder nie. Dit was ook nie reg van jou om so 'n houding te openbaar nie. Ek is jammer, ou seun."

Die klas sit verskrik. Nie een roer nie. Hulle is kinders en daarom ken hulle Stefaan. Hulle ken sy swakhede, maar ook sy goeie hoedanighede. Die kennis wat hy van homself in die afgelope nege maande opgedoen het, het hulle van die eerste week af gehad. As Stefaan kalm en besadig is, weet hulle, sal hy nie met hom laat speel nie. Dis Org Pieterse wat in die klaskamer agterbly toe die klok speeltyd lui.

„Meneer," sê hy, „Meneer het al baie vir my beteken. Ek wil net graag vir Meneer sê dat Meneer op my kan reken. Dis goed dat Meneer vanmôre met Roelf afgereken het en dis goed dat Meneer verskoning gevra het."

Selfbewus stap hy so skeef-skeef na die deur.

„Dankie, Org. Org, moenie loop nie. Ek wil jou graag 'n vraag vra."

„Ja, Meneer?" vra Org gretig en bly.

„Jy hoef nie bang te wees om 'n eerlike antwoord te gee nie. Ek vra jou nou die vraag soos een man vir 'n ander. Het die kinders vertroue in my? Kan ek 'n meester vir hulle wees?"

„Ja, Meneer. O ja, Meneer. Meneer, mag ek iets sê?"

„Asseblief, Org. Jy weet ons gesels nou nie soos onderwyser en leerling nie."

„Meneer, ek weet nie. Ons het almal aan die begin gesê dat Meneer kwaai is, maar dat Meneer vir ons kan leer. Maar Meneer het in die laaste paar maande verander en ons is spyt."

„Ek weet, Org, ek weet, en ek is ook jammer."

Toe Org Pieterse by die deur uitstap, oorweldig iets Stefaan. Die groot seun met sy kaal bene en hoë kap-stewels het snare in sy siel geroer wat die ander nie kon raak nie. Hy het nog vertroue in Stefaan.

Moedeloos gaan hy agter die lessenaar sit en dit voel of daar lood op sy hart druk. En daar gaan dinge deur sy gedagte wat hom aandoenlik maak.

Iemand kom in. Dis Karl Castell. Maar Stefaan se gemoed is so vol dat hy nie wil opkyk nie.

„Stefaan, ou seun, ek verstaan. Ek was ook 'n jong onderwyser. Ek wou ook die wêreld in een dag regkry. Daar gaan wonderlike dinge deur 'n mens se siel, nè? Ek kry nou nog teleurstellings en dan dink ek aan Vorster. Jy weet Vorster is 'n wonderlike man. So vol gebreke en so goed. Kom, ons gaan 'n koppie tee drink."

„Gaan Meneer maar. Ek wil net so 'n oomblikkie hier wag."

Stefaan glimlag toe Karl die deur van die klaskamer toetrek.

Dink Karl dan altyd net aan 'n ander? Hy is bly dat die deur toe is.

XXXVIII

Of Willem le Roux werklik van plan was om sy dreigement teen Karl Castell uit te voer, weet niemand nie. Hy het darem openlik daarvan gesels. Sy dogters het daarvan gepraat. Dis darem 'n skande dat die prinsipaal se vrou aan so 'n siekte ly. Karl Castell sê mos dis 'n siekte. Nou ja, dis 'n lelike siekte as jy jou hande van 'n ander mens se goed nie kan afhou nie. Filand, so word beweer, kan snaakse dinge vertel as hy maar net wil. Daardie pakkies wat hy so heen en weer dra, is almal dinge wat Louise Castell uit die winkel gevat het. Eers het Willem le Roux dit teruggeneem, maar nou weier hy. Waarom sal hy? Elke mens moet tog iets vir jou siekte betaal.

Dis in hierdie dae dat Karl vir Basjan beter leer ken het. Basjan de Klerk het een dag vir Karl laat verstaan dat Willem le Roux nie 'n mooi houding inneem nie.

Basjan het sy eie moeilikhede. Dis nie 'n maklike ding om so 'n sieklike vrou te hê nie. Dis nou al die agste jaar dat sy die bed moet hou en hy kan merk dat die verlamming by die dag toeneem.

Skielik het hy moeg geword vir die stryd wat hy te voer het. Willem le Roux, Karl Castell, Haldemar Visser en ander kan nou maar hul

gang gaan. 'n Mens word moeg van al die stryd, moeg as dit nie te goed in jou eie huis gaan nie.

Saans staan hy nog onder die groot peperboom naby die Armkoshuis. Dis al 'n tweede natuur by hom. Hy voel seker dat die vreeslikste ongeregtigheid saans daar plaasvind, plaasvind agter ou Jurgens Lategan se rug.

Toets kom nie meer so gereeld dorp-toe nie. Hy verstaan Toets nie meer nie. Hy wonder of hy Toets ooit verstaan het. So peins hy in die klein stoepkamertjie wat hy sy kantoor noem en drink sy soet sopie. Die kind gaan nie eens meer haar ma groet wanneer sy dorp-toe kom nie. Sy het so onverskillig geword. . . . Arme Toets! Hy wonder wat skort dat sy nooit 'n vryer kan hou nie. Net 'n maand en dis alles verby.

Nou die dag het sy vir hom gesê: „Wat die . . . lewe 'n mens voor!" Ja, sy het 'n vloekwoord gebruik.

Hy is ook al moeg. . . .

Begin November. Vanaand staan Basjan de Klerk langer onder die peperboom as ander aande. Dis 'n bewolkte aand en hy kan nie veel sien nie, maar tog staan hy wag, want hy voel seker dat daar vanaand meer onheile gaan plaasvind as ander aande. Soos hy hier staan, kan hy ou Wynand van Dyk hoor preek. Hy weet dat Wynand seker alleen langs die karlamp staan en die einde van die aarde voorspel. Wynand word nou by die dag erger. Sy jongste

voorspelling is dat die aarde die dag as die ossewaens Pretoria bereik, sal vergaan.

Wat Basjan verwag het, weet hy self nie, maar hy is vanaand ooggetuie van 'n lelike voorval. Links van hom is Willem le Roux se winkel en dis vir hom of hy glas hoor breek. Eers dag hy dis by die koshuis en toe later weer dat dit die kwaaddoeners is wat vanaand so vroeg met hul streke begin. Toe hy die voorval net mooi vergeet het, sien hy 'n dowwe lig vir 'n oomblik in die winkel. Skielik is dit weer donker. Wolke drywe haastig bo, pak digter saam en neem die laaste bietjie lig weg.

„Vader ons," en „foei tog" sê Basjan en stap suutjies nader. Dis seker 'n paar van die koshuiskinders, seker ou Willem van Tonder se kinders en die Pieterse.

Lewenloos staan hy naas die rooi petrolpomp. Lank hoef hy nie te wag nie. Toe hy weer sien, staan iemand naby hom op die stoep met 'n groot drag goed onder sy arm. Die seun luister ook. Basjan kan sien dat dit 'n seun is. Versigtig klim hy van die stoep af en loop teen Basjan vas, seker met die bedoeling om eers agter die pomp te skuil. Dis 'n tevrede Basjan wat met die seun aan die arm terugstap na sy huis. Eienaardig genoeg, die seun het hom nie juis teëgesit nie, want toe hy hom met altwee hande beetpak, het die seun net geskrik en aan die huil gegaan.

Basjan dink hy weet wie die seun is. Die deur

word agter hulle gesluit, 'n vuurhoutjie getrek en die seun begin weer huil.

„Willeman!" sê Basjan en gaan uitasem sit. „Bring die pak hiernatoe."

Op hierdie oomblik is dit Basjan wat nie weet wat om te sê nie. Hy vat die goiingsak aan die onderpunte en begin uitskud.

„Foei tog!" sê Basjan.

Hy kan sy nuuskierigheid nie bedwing nie. Hy buk vooroor en krap met sy regterhand deur die rommel van lekkers, horlosies, sakmesse en vislyn.

„So!" sê Basjan.

Om die waarheid te sê, hy weet nie wat om nou te doen nie. Dit het hom 'n bietjie van stryk gebring dat dit Karl Castell se seun is. Ses maande gelede sou hy bly gewees het, maar nou is daar geen vervolgsug meer by hom nie.

„Waarom het jy dit gedoen, Willeman?"

Voordat Willeman kan antwoord, begin Basjan met 'n lang preek oor hoeveel droefheid hy nou sy ouers aangedoen het en hoe 'n verskriklike sonde dit is om jou hande aan 'n ander man se goed te sit.

'n Uur later sluit Basjan die deur oop en stuur Willeman huis-toe en gaan 'n rukkie later self die goed onder die grootste peerboom in sy tuin begrawe. Hy weet nie waarom hy dit doen nie, maar vanaand kan hy dit nie oor sy hart kry om die seun aan die gereg oor te gee nie. Hy kan beswaarlik met Karl daaroor gesels.

Die volgende môre is Meronne in rep en roer. Iemand het by Willem le Roux se winkel ingebreek en honderd pond gesteel — so gaan die verhaal — en toe hulle hoor dat Willeman Castell verdwyn het, is dit hy wat dit gedoen het en toe groei die som aan tot twee-honderd-en-vyftig pond. 'n Uur later gaan 'n tweede berig deur die dorp. Lottie Wessels is nie meer op Meronne nie. Lottie Wessels het ook skoon verdwyn.

Mev. Ben de Wet lag net vanmôre. Sy het weduwee geword in haar beste jare en hierdie gebeurde is 'n soort vergoeding vir die gevoelige verlies. Vanmôre bring sy self die ontbyt in. In die ruim eetkamer met die hoë groen geverfde mure en regop meubels vertoon sy nog groot, die kunstande te opvallend.

„Ek sal mej. Wessels graag vanmôre wil sien. En wat van al die biduurkringe wat sy gestig het? Het *julle* nou ooit kon dink dat sy met 'n kêrel sal verdwyn. En nogal met Piet Celliers, wat nie 'n pennie het nie! Die rofste kêrel op die hele Meronne. Hy sal haar na 'n week net so los. Ek wonder of sy mal is!"

Ou Junie Viljoen brom: „As meer vrouens tog maar wil man vat."

„En nou dat dit gebeur het, kan ek baie dingetjies verstaan. Die goed wat sy al vir my vertel het! Die vroumens is nooit reg nie!" lag mev. De Wet en voeg nog 'n twyfelagtige grap by.

„Verbrands!" sê Tewes onverwags. „Kan julle die arme Lottie Wessels nie laat staan nie!"

Dis nou al maande dat Tewes in hierdie bui is. Stefaan het darem die geheim ontdek. Na die dood van sy vader het sy moeder sonder 'n bloue duit agtergebly. Sy het 'n groot gesin en hy is die enigste broodwinner. Dit verklaar vir Stefaan waarom hy nie meer so goed gekleed is nie. Nadat hy sy verlowing met Babs le Roux gebreek het, het hy geleidelik meer en meer traak-my-nie-agtig geword. Maar dis per ongeluk dat Stefaan dit agtergekom het.

„Het julle ooit geweet dat sy en Piet Celliers danig was?" vra Sophy Lessing.

Hulle beweer dat Sophy nou genees is van haar verliefdheid en dat sy weer die goeie onderwyseres is van vroeër. Sy het net eenmaal gesê dat Herman Carstens net weer sy voete by haar moet sit as hy 'n ding wil sien.

Sarie Oberholzer sê niks nie. Die ander gaan met hul ete aan. Sophy het eintlik met Stefaan gepraat, maar hy voel nie lus om te antwoord nie.

„Een aand het sy vertel dat sy by die biduur was, maar ek het die volgende môre uitgevind dat sy glad nie daar was nie," vervolg Sophy.

„En so bid-bid het sy aan 'n kêrel gekom," sê Junie Viljoen. „Julle moet dit ook probeer."

„Dit bewys net vir my dat die sogenaamde goeie mense nie juis goed is nie," sê Babs le Roux.

„Kan julle die vroumens nie laat staan nie!" skreeu Tewes en vou sy servet haastig op.

„Ek wonder of mnr. Castell vir mev. Greyling of vir mev. Geldenhuys sal vra om haar klas te neem?"

Ja, Meronne is in rep en roer.

En toe Haldemar Visser besig is om sy vroeë perskes 'n bietjie deur te voel, kom Willem le Roux daar aan met die versoek dat hulle vanaand 'n spesiale skoolkomiteevergadering moet hou. Haldemar wil nog teëkap, want hy het weer die laagste punt van die kurwe bereik, maar Willem hou vol dat hy nie gaan rus voordat sake reggekom het nie.

Agtuur daardie môre hou die ou Dodge duskant Niertjiekop, vyftien myl van die dorp af, stil en Filand sê:

„Daar stap die kleinbaas. Oubaas, ons hoef nie verder te soek nie."

En heeltemal onverklaarbaar vir Karl gaan Filand aan die huil.

XXXIX

Met Vorster gaan dit deesdae ook nie te goed nie.

Cecilia Geldenhuys vind die toestand nou onuithoudbaar. Sy was vas van plan dat sy en Vorster maar moet skei, toe sy die ontdekking maak dat hy nie 'n pennie besit nie. Hy is nie een wat sy sake aan haar vertel nie. Toe sy hom daaroor stormloop, kom hy met alles voor die dag. Dis nou al jare dat hy vir ou Berend Oelof gereeld twee pond tien in die maand gee. Maar waarom? Hy weet self nie, maar ou Berend is so behoeftig en hy het so 'n groot huisgesin.

„Ja, maar dis net twee pond tien en jy kry twee-en-veertig pond in die maand," wil Cecilia weet.

Hy laat vir Willa Neethling ook leer. Dis sy belofte aan ou Frans en 'n mediese kursus is maar duur.

„Vrou, ek is eerlik met jou. Ek het jou vroeër nie die dinge vertel nie, maar ek sien nou dis nie die regte ding nie. Ons lewe ook maar volop."

„Dan is die stories van jou en die Willa Neethling tog waar. Watter verpligting het jy dan teenoor Willa?"

„Niks, Vrou."

„Nou ja, dan stop jy nou daarmee. Hier sit ek vir my en inkort en jy gee jou geld present weg. Ek gaan net vandag na Herman Carstens en hy sal vir my moet sê wat ek moet doen. Jy kan vir my nie onderhou nie en nou sal ons mekaar moet verstaan. Van vandag af wil ek 'n voorskot van twintig pond in die maand hê."

„Vrou, waar moet ek dit vandaan kry?"

„Twintig pond in die maand en nie 'n pennie minder nie!" en met dié woorde ruk sy die deur agter haar toe met die voorneme om na Lilla le Roux te loop.

Vorster gaan ingedagte in sy studeerkamer agter die lessenaar sit. Daar is 'n stapel oefeningboeke. Daar is altyd oefeningboeke. Sy oë soek die boeke op die rak deur, onrustig skuif hy rond. Hy glimlag toe hy aan Louise Castell dink. Louise en Karl het nog vertroue in hom. . . .

Met 'n sug neem hy die eerste oefeningboek op.

Daardie middag in November kry Stefaan skielik lus om 'n bietjie na Louis Greyling se huis te gaan. Dis of daar iets is wat hom hinder, hom nog ongelukkig maak. Nou dink hy daaraan dat hy al tien maande op Meronne is en nog ken hy mev. Greyling nie. Hy was nog nie eens in hul huis nie.

Toe hy al naby is, merk hy nog geen lewe daar nie. Die lang smal rame is onder opgeskuif en sagte liggroen gordyne beweeg liggies saam met die somerwindjie. Die roosbome voor die

deur is netjies gesnoei en hy wonder of dit Louis se handewerk is.

Hy moes drie maal klop. 'n Meidjie kom die deur oopmaak, nooi hom nie in nie, maar sus maar die huilende baba op haar heup. Hy vorder uiteindelik sover dat sy verstaan dat hy mnr. of mev. Greyling graag wil sien. Dis nog stil in die huis.

„Die baas is in die study," sê sy botweg en sit die kind, wat hom aan Stefaan verwonder, op die ander heup.

Met 'n gestoei — jy kan dit nie anders noem nie — beland Stefaan later in die studeerkamer en toe nog voel hy ontuis, want daar kry hy vir Louis aan die slaap op 'n divan.

Mev. Greyling bring later koffie in. Die gesprek wil maar nie vorder nie. Stefaan haal aan van die gebeurde van verlede nag en die verdwyning van Lottie Wessels, maar selfs dit maak hul tonge nie los nie. Louis rook maar.

Mev. Greyling — Stefaan het die mooi vrou al dikwels op straat opgemerk — probeer haar bes om die gesels aan die gang te hou.

Iets sê vir Stefaan dat sy besoek nie te welkom is nie. Mev. Greyling het ná die koffie weer verdwyn.

„Ek het eintlik net kom kennis maak. Jy weet, ek het nog nie eens jou vrou ontmoet nie."

„Ja," sê Louis.

Hier is 'n geheim, dink Stefaan. Jy kan dit aan die stilte van die huis merk. Die man hier

voor hom, skraal en benig, is 'n onbekende in Meronne. Jy sien hom nooit nie. Alleen stap hy skool-toe en alleen, nadat hy lank by die skool vertoef het, weer huis-toe.

„Ek sien jy het self baie korreksiewerk," sê Stefaan.

„Ja," sê Louis. „Party is nog by die skool. Wat ek nie daar klaarkry nie, bring ek maar huis-toe."

„Hoe lank is jy al op Meronne, mnr. Greyling?"

„Sewe jaar en drie maande. Eintlik vier. Ek het die Juliemaand hier begin."

En toe begin hy vertel, van sy eerste jare, van die kinders wat by hom in die klas was, van die baie teleurstellings wat hy gehad het en van die kinders wat vandag goeie betrekkings beklee.

Stefaan luister. Nou voel hy nie meer ontuis nie. Hy is bly dat hy hier is. Dis so rustig. Dis of hy hier kan rus na die dag se werk.

Mev. Greyling het weer 'n slag kom inkyk en vriendelik geglimlag en daarna het hy haar met die kindjie hoor gesels. Toe hy iets van die kind sê, het Louis se gesig verander en Stefaan moes elke frats van die klein man aanhoor.

Hulle gaan nooit uit nie, sê Louis. Sy vrou hou nie daarvan nie en hy ook nie. Dan is hy ook te besig.

Later het hy Stefaan sy tuin gaan wys. Op sy hurke gaan hy by die akkertjies sit en dis of hy elke plant by name ken. Mevrou het weer

gekom en laggend gesê dat Louis 'n ou koffiekan is.

„Kom weer," sê mev. Greyling op die stoep 'n halfuur later. Louis staan naas haar met skouers wat hang soos dié van een wat baie moeg is. Agter hulle staan Fytjie met die baba op die heup.

Kom weer. Stefaan is spyt dat hy nie lankal hierheen gekom het nie.

Die aand kry Haldemar Basjan weer onder die boom naby die Armkoshuis. Haldemar Visser wil op die oomblik graag in vrede gelaat word en wou voor die vergadering nie met iemand praat nie. Hy ken Basjan goed en weet hoe die kêrel hom weer sal verheug in Karl Castell se leed. Tot sy verbasing sê Basjan:

„Ons moet Willem le Roux vanaand nie sy sin gee nie. Hy is Karl aan vervolg net of die man nie genoeg moeilikhede het nie. Ek weet."

Verbaas kyk Haldemar na Basjan.

„Broer, ek is bly."

Die lig val op hulle twee toe hulle die deur van die vergadersaal oopmaak. Binne sit Karl kop onderstebo, maar hy kyk op toe hulle binnekom.

Basjan glimlag en sê vriendelik naand.

Tewes Opperman wou hulle nie sê waar hy heengaan nie. Babs le Roux maak of sy niks merk nie. Sy is spyt dat sy in die laaste tyd so onvriendelik teenoor hom was. Sy dink dat sy hom nou begin begryp. Laat hom maar eers begaan en hy sal later wel weer na haar terugkom. Die ander gaan kamer-toe en dis nog net

sy en Rina du Toit wat in die eetkamer oorbly. Rina sit met die Onderwysgaset voor haar, 'n skryfblok en 'n koevert vol getuigskrifte. Rina maak al weer applikasie.

Tewes voel 'n bietjie vererg dat hy hom bekommer oor Willeman Castell. Die hele dag dink hy al oor mev. en mnr. Castell. Die seun was vandag nie in die skool nie. Mnr. Castell het nie met een van hulle gesels nie. Niemand het die vrymoedigheid gehad om met hom te praat nie. Hy het ook nie 'n woord oor Lottie Wessels gesê nie. Snaaks dat die twee dinge so saam moes val. Hy kan nie begryp dat sy met Piet Celliers sou wegloop nie. Toe moes hy vandag 'n aanmerking van een van die kinders in die st. X-kamer hoor.

Lulu Bester, die snip, het aan Bessie Reyneke gesê: „En toe, Ou, jy laat Lottie Wessels die kêrel voor jou neus kom wegvat. Ek het nie geweet ou Lottie het soveel go in haar nie. Wat gaan nou van haar biduur word?"

Dit was Fransie van der Westhuizen, Vorster se stiefdogter, wat hierop antwoord gee:

„Skaam julle om so te praat. As 'n mens eers weet hoe sleg jy self is, praat jy nie van 'n ander nie."

Vorster is seker bly dat sy so verander het.

Hy klop aan. Filand maak die deur oop.

„Baas Karl is weg na die skoolkomiteevergadering, Baas, en die nooi lê 'n bietjie."

Tewes glimlag. Oorlams. Filand weet ook al van skoolkomiteevergaderings. Hy wou net

loop toe mev. Castell hom roep en vra om te bly. Hy moet maar inkom.

Filand stap voor en steek die lig in die sitkamer aan. Vanaand is dit nog meer deurmekaar daar as ander dae. Filand vat 'n bondel goed saam uit een van die stoele en sê vir Tewes om maar te sit.

Mev. Castell kom 'n rukkie later binne en Tewes kan dadelik sien dat sy 'n swaar dag deurgemaak het.

„Sit, mnr. Opperman. Ek is bly dat jy hier is. Ek het gewens een van julle wil kom."

Hy verbaas hom dat sy so moedig is. Haar lippe bewe, maar sy huil nie. Tewes praat nie. Hy weet eintlik nie wat hy hier kom maak het nie.

„Dit het toe gebeur," sê mev. Castell.

Nog praat hy nie.

„Ek dink aan Karl. Vanmiddag vroeg het mnr. le Roux 'n brief aan hom gestuur en hom gevra om te bedank. Sy gesin is nie 'n voorbeeld vir die skool nie. Karl hou nie skool vir die paar sjielings wat hy kry nie. Hy sal nooit bedank nie. Hy meen dat hy hier 'n taak het en hy mag nie terugstaan nie."

„Ek weet, Mevrou," sê Tewes.

„Ek het al gedink as hy nie meer vir my het nie, sal sy werk soveel makliker wees."

Sy sê dit kalm. Tewes kyk haastig op, want daar is 'n vermoede by hom dat hy weet wat sy bedoel.

Louise Castell glimlag.

„Jy hoef nie bang te wees nie. Ek sal dit nie doen nie, Tewes. Jy sal ook so voel as jy saam met hom woon."

'n Rukkie later:

„Hy het besluit om Willeman weg te stuur Ambagskool-toe."

Toe kon Tewes nie meer stilbly nie.

„Mevrou, is dit dan nodig? Waarom nie na 'n ander skool nie? Ons het seker ons plig versuim en by 'n nuwe skool is dit weer vir hom 'n nuwe begin."

„Dis Karl se besluit en hy besluit nooit haastig nie. Hy verwyt hom dat hy dit nie al eerder gedoen het nie. Tewes, en dis nie Willeman se skuld nie."

Sy sê dit so moedig dat hy hom skaars kan bedwing.

„En dan kan ek niks doen nie!"

„Niks, Tewes. Maar ek is bly dat jy gekom het. Ek voel reeds baie beter. Ek sien ons vriende het ons nie verlaat nie."

Tjix draf Tewes luidrugtig tegemoet. Die hondjie bly al voor hom en teen sy bene op. Met een armveeg stamp hy hom van hom af weg en dis die tjank wat Stefaan uit sy kamer laat storm. Sy eerste gedagte is dat Tewes miskien die aand in 'n kroeg deurgebring het.

„Waar was jy, Tewes?" vra Stefaan en stap in sy kamer in. Tewes volg hom, maar bly by die deur staan.

„Regverdige. . . . !" en Tewes los 'n yslike knoop.

Verbaas kyk Stefaan op. Wat sou met die man verkeerd wees?

„Ja, hier sit jy soos 'n skynheilige," gaan Tewes voort. „Wat het jy al vir die kinders gedoen van jy op Meronne is? Wat behalwe uitskel? Ek word so vies as 'n mens so regverdig is dat jy nie eens 'n ander kan help nie."

„Maar wat het ek dan gedoen, Tewes?"

„Die fout is dat jy niks gedoen het nie. Willeman het jou aanbid en jy was die enigste man wat hom kon help. En wat het jy gedoen? Ja, nou kan jy maar gaan. Gaan lê by die Castells en vertel hulle hoe vreeslik jammer jy is dat jy nie iets vir Willeman gedoen het nie. Jy weet seker nie dat mev. Castell een dag vir my gesê het dat sy so bly is dat *jy* nou vir hom gaan help nie. *Jy* het dit belowe. Maar jou beloftes beteken net soveel," en Tewes klap met sy vingers in verontwaardiging.

Skielik bedwing hy homself en gaan eenkant op die bed sit.

„Ek is jammer, Stefaan. Ek is maar net teleurgestel met myself. Ek het nie een woord bedoel wat ek gesê het nie. Verskoon, ou maat. Ek was by mev. Castell. Dis al."

Net so skielik staan hy op en stap by die kamer uit.

Verslae sit Stefaan voor sy tafel onder die lamplig. Eers mnr. Castell en nou Tewes. Vandag het hy aan Louis Greyling se houding ook gemerk dat sy geselskap nie gewens is nie. Die treurigste is dat hy homself al verwyt van

laksheid in sy baie pligte, onverskilligheid teenoor die kinders en 'n gees van oordeel. Tewes is reg. Hy is 'n regverdige, skynheilige, selftevredene.

Hy lê die potlood op die tafel neer en kyk ingedagte voor hom uit. Toe gaan die dae so een vir een voor hom verby. Sy aankoms hier, die ontvangs van mnr. en mev. Castell, sy ywer die eerste tydjie, sy kennismaking met die ouers, sy ideale. Die dae van afval, ontrouheid, luiheid. Met skaamte dink hy aan Toets wat hom vertrou het. Mnr. Castell het hom vertrou, ja, selfs ou Junie Viljoen.

Haastig kyk hy op sy horlosie. Tienuur. Mnr. Castell is seker nog wakker. Daar en dan besluit hy om na hom te gaan, hom alles te vertel. . . . Willeman het mev. Castell aan hom afgegee. Hy kyk in die kamer rond na die ou bekende voorwerpe. Daar is sy boeke, die opstelboeke, die Bybel wat sy moeder hom gegee het. . . . Voor hom op die lessenaar lê 'n boek wat Lottie hom een dag gegee het. Tewes het nog daarmee gespot en hy ook. ‚How to Succeed in the Christian Life.' Nou voel hy nie lus vir spot nie. Sy lewe hierdie jaar walg hom.

Dis nog nie te laat nie. Hy sal na mnr. Castell gaan. Karl Castell sal verstaan.

Karl nooi hom binne. Hy het juis net teruggekom van die skoolkomiteevergadering.

„Sit, Stefaan."

Oorkant hom gaan Karl Castell sit. Stefaan

is eers skaam om op te kyk, maar toe mnr. Castell nie praat nie, waag hy dit. Karl sit met sy kop vooroorgebuig en die sensitiewe hande rus voor hom op die leuning van die stoel.

Ineens vra hy:

„Is jy ook moeg, Stefaan?"

„Moeg, mnr. Castell? Om die waarheid te sê, ek is 'n bietjie moeg."

Ernstig begin Karl praat, eers soos een wat oor 'n saak peins, wat met homself redeneer.

„'n Mens word so moeg op die duur. Reg genoeg, die onderwys is 'n edele roeping. Daar is seker nie edeler nie. Dis wat jou aan die gang hou. Dis nie vir 'n jaar nie. Dis nou, en volgende jaar en die jaar daarop. Dieselfde dinge, dieselfde werk. Die kinders begryp jou eerlike bedoelings nie, die ouers breek af waar jy probeer opbou. Jy het te hard gewerk, Stefaan."

Hy kyk op en glimlag vriendelik. Stefaan bedwing homself moeilik.

„Mnr. Castell, en ek het help afbreek. Dis waaroor ek vanaand so sleg voel. Ek het help afbreek. . . ."

„Nooit selfverwyte nie, Stefaan! Daarmee wen 'n mens niks nie. Begin weer. Gaan voor jou klas staan en sê vir jouself: ‚Dis nie vir vandag of môre of oormôre nie. Dis vir die jare wat kom. Dis vir die tyd wanneer die seuns en dogters ou mense is. Dis al wat my aan die gang hou, die gedagte dat ons vir die toekoms werk. Dis vir hulle, vir hul kinders,

vir jou volk, vir jou God.' Glo jy dat Hy jou geroep het, Stefaan?"

Karl vra dit so natuurlik. Dis vir hom niks buitengewoons nie. Dis soos hy lewe en werk. Miskien het Stefaan nog nie so daaraan gedink nie. Die hande rus op sy gekruiste bene. Stefaan kyk weer na hulle. Karl glimlag en herhaal sy vraag.

„Ja," sê hy en laat sy kop sak.

„Nou ja, dan gaan ons nie meer twyfel nie. Wat verby is, is verby. Maar wat voorlê, moet nog kom. Dit gaan ons moedig inwag, jy en ek en Tewes en Vorster. . . . Vorster is 'n man wat al baie teleurstellings gehad het. . . ."

Rustig vertel hy. Met die hande beduie hy en die oë glimlag vriendelik. 'n Uur gesels hulle en in die uur vertel hy Stefaan van die kommer in Basjan se huis, van die arme Gerber wat so sukkel, van Tewes se vader wat hy goed geken het, maar niks van sy eie leed nie.

Skielik vra Karl: „Het jy geweet dat Antoinette al terug is? Nee? 'n Liewe dogter, die Antoinette. Sy was vanmiddag hier by ons."

Stefaan voel 'n vreemde gewaarwording deur hom gaan. Antoinette terug, Antoinette weer hier. . . .

XL

Daar is nog net twee skoolweke van die jaar oor. Stefaan voel nou eers lus vir sy werk. Hy is haastig dat die nuwe jaar weer moet begin. Die st. VIII- en X-klas is met hul eksamens besig en die res van die skool skryf ook.

Hulle is almal in die personeelkamer bymekaar. Darem nie almal nie, aangesien Lottie Wessels, nou Celliers, makeer. Cecilia Geldenhuys neem haar werk waar en hoewel die onderwyseresse eers verontwaardig was hieroor, voel hulle nou nie meer so erg ontevrede nie. Cecilia het baie verander.

Dis nog die ou Vorster, maar darem ook nie dieselfde man nie. Hy is nog vol lewe en lus, gesels van die jagtog op hande, maar jy voel dat diep binne-in iets geskeur het. Sy lag kan die leerlinge daar op die speelterrein hoor, sy lag is nog steeds aansteeklik.

Rina du Toit is toe aangestel op Ten Bosch, 'n dorpie in die Boland. Sy verlaat hulle aan die end van die jaar. Haar oë bly vanmore op Stefaan, volg hom rond in die personeelkamer. Noudat sy hulle moet verlaat, is sy spyt, want die verandering wat sy in Stefaan merk, geval haar.

„Rina," sê Vorster, „vertel vir hulle daar op

Ten Bosch hoe 'n gawe onderwyser ek is. Ek wil ook Boland-toe sukkel."

Sy lag, maar dis met Stefaan wat sy praat.

„Stefaan, jy het mos ook een dag gesê dat jy graag in die Boland wil wees. Het jy nog lus?"

„Ek het lief geword vir Meronne en sy mense. Ek wil eers 'n paar jaar hier bly."

„Rina," sê mnr. Castell, „moenie al my staatmakers afrokkel nie. As hulle weggaan, hou ek op met skoolhou."

Almal lag. Hulle is bewus van die leegheid in die man se hart. Hy is stil en het in 'n maand verouder. Van Willeman praat hy nooit nie, maar een in sy personeel weet darem hoe hy voel. Vorster het hom een dag in sy kantoor betrap met 'n oop brief voor hom, 'n brief van Willeman. Toe het hy ook nie gekla nie, net vertel dat Louise die seun mis, dat hy so jammer vir haar het.

„Hulle sê Silvia van Dyk het haar pa kom haal. Ek het altyd gesê dis 'n skande dat sy mense hom hier laat staan het. Sy sê mev. Van Dyk se gesondheid is ook so sleg in die laaste tyd," sê Sophy Lessing, wat in die laaste paar weke haas nooit praat nie.

Die mense fluister dat Herman Carstens en die verpleegster van die dorp, Mollie met die popgesig en rooi wange, in Desember gaan trou. In November het hy nog met Sophy rond geflankeer tot die mense later allerhande dinge gesê het. Die Le Roux-dogters het natuurlik

die meeste te sê gehad. Volgens hulle het Sophy ook al „geval", en sy is die enigste van wie hulle dit nie verwag het nie.

„Dan het Dominee nou sy hulpprediker mos verloor," meen Vorster. „Weet julle mense dat ek party aande aandagtig na hom staan en luister het en dan stig die man se preke my nogal."

Niemand dink dat Vorster dit ernstig bedoel nie. Selfs mnr. Castell lag. Vorster is die een wat altyd die grappe maak en nou het hy dit weer so komieklik gesê.

„Voor ons weer begin, het ek 'n aangename afkondiging om te doen. Julle weet mos dat alle jong onderwysers eers op 'n jaar proef aangestel word en dan moet die skoolraad weer die aanstelling bekragtig."

Almal se oë is op Stefaan. Hy bloos en hoop maar dat die ander dit nie merk nie. Maar Vorster lag luidrugtig, slaan hom op sy skouer en wil weet of hulle dit gaan vier.

„Gisteraand het die skoolkomitee sy vaste aanstelling by die skoolraad aanbeveel en ek is bly om te sê dat dit eenparig is. Ek dink ek spreek die gevoelens van die hele personeel uit as ek die skoolkomitee gelukwens met sy besluit. Ons wil mnr. Collin ook gelukwens en die hoop uitspreek dat hy jare hier gaan bly. Die onderwys is nie 'n beroep waar hulle jou op die hande dra nie, maar dis 'n heerlike werk, soos mnr. Collin seker ook al ondervind het. Van harte geluk, mnr. Collin."

Hulle omsingel hom. Rina sê sy wil 'n soen hê en dit laat hom weer opnuut bloos. Tewes skreeu „borsel" en in 'n kits het Vorster hom oor die teetafel getrek en die ander slaan lustig. Rina kry haar soen. Die ander wil weet waarom hy so partydig is. Dis net Sarie Oberholzer wat skaam eenkant bly staan.

Stefaan voel dat hy weer een van hulle is.

Die agtermiddag stap hy oor na Abe Dutsenski se winkel om sy rekening te gaan betaal en loop twee vreemdelinge raak. Altans, hy dag dis vreemdelinge, maar die twee loop hom vriendelik tegemoet en wil weet hoe dit met hom gaan.

Die een, 'n man met 'n kwasterige gesig, druk sy hand dat die trane amper in sy oë kom. Die ander is 'n langer kêrel met ruie hare wat tot laag op sy voorkop groei.

„Stefaan, ons is weer hier. Dit was nie ons bedoeling om hier aan te kom nie, maar nou dat ons hier is, gaan ons 'n paar dae oorbly. En hoe gaan dit nog met al die liewe vriende?"

Stefaan weet nog nie wie die twee mans is nie, daarom antwoord hy ontwykend.

„Dit sal heerlik wees om weer 'n paar dae by julle te bly," sê die man met die kwasterige gesig.

„Is dit nie treurig van Lottie Wessels nie?" wil die ander een weet.

Toe val dit Stefaan by wie hulle is. Sy oë dwaal na die plein oorkant die kerk en naas Dutsenski se winkel. Daar staan die twee tente ook.

„Kom jy vanaand na ons diens?" wil Hill weet.

„Nou weet ek wie julle is! Ek het julle eers glad nie geken nie. Ja, ek sal kom."

„Goed. Bring ander ook saam. Ons kom nou van mnr. Castell af en dit was heerlik om saam met hom en sy vrou te wees. Die diens begin vanaand om kwart-oor-agt."

Die wind het al die heel dag onplesierig gewaai. Bokant die skool deur die sandlaagte staan die stofwolke kort-kort. Eers het dit na reën gelyk, maar die wind is alles aan wegdrywe. Kort voordat hy na die diens gaan, val 'n paar groot druppels en toe is dit weer drukkend en stil. Hy vertoef 'n oomblik om te kyk wat die weer se plan is en loop eers toe dit al stikdonker is. Buite rumoer die wind nog en hy wonder of die tent vanaand gaan hou.

Toe hy by die tentdeur buk om in te gaan, gee klein Machiel van Rooyen vir hom 'n liederbundel. Hy en Danie Gerber staan weer by die ingang nes die ander keer.

Hy glimlag. Ou Berend Oelof staan weer op om met Hill te praat, terwyl sy vrou beteuterd bly sit, toegewoel in 'n tjalie. 'n Gewoonte van Berend om so op te staan wanneer hy praat. Lewies Gerber, Danie se pa, is daar met sy hele gesin. Die kinders is darem weer in die skool. Hy is vir mnr. Castell aan verduidelik dat hy hulle nooit uit die skool sal hou as daar nie 'n goeie rede voor is nie. Dit hoor Stefaan alles so terloops.

„Ja, mnr. Castell, ek sê vir die vrou: Laat dit nou maar swaar gaan met ons as dit dan moet. Die Dutsenski's sal my winkeltjie wil toesluit as hulle kan, maar ek sê: solank as daar nog 'n kind van my is, moet hy in die skool bly. Die vrou wil hulle party dae by die huis hou, maar ek is hulle vader en ek kan dit nie toelaat nie."

Die lantern op die tafel dwing om uit te waai, maar as dit te kwaai gaan, spring ou Berend Oelof by en hou sy hand, groot en eelterig, voor die vlam.

„Ons hou nog aan met die bidure, Hillie," sê Berend van die tafel se kant af. „Dit gaan daarmee ook soos met die lantern hier: wil kort-kort net doodgaan, maar daar het darem nog 'n paar van Samaria tot aan die Jordaan oorgebly."

Wat Berend daarmee bedoel, is nie heeltemal helder nie. Hillie lag en die ander kêrel kyk 'n slag by die opening uit of daar nog mense kom. Die seile klap ongenadig hard. Weer val daar 'n paar druppels. Stefaan het langs Fransie van der Westhuizen en 'n paar van die skoolkinders ingeskuiwe. Aandagtig betrag hy almal. Watter verwagtings koester die klompie mense hier bymekaar? Wat is daar so vreemd op hulle gesigte?"

„Die mense het oral baie seën ontvang," sê Hill aan mnr. Castell.

Berend staan weer op. . . .

Toe kom Antoinette Visser in, Antoinette en Conrad, haar broertjie. Hillie stap haar eerste tegemoet, groet haar vriendelik. Hulle is

waarskynlik ou bekendes. Daarna stap sy reguit na mnr. en mev. Castell. Toe sien sy hom. Antoinette sê hardop „Stefaan!" en kom reguit na hom toe. Stefaan staan op, neem haar hand in syne — weer merk hy hoe klein die hand is — en onbewus van Berend, wat ook opstaan, soek hulle mekaar se oë gretig.

„Jy het nie 'n druppel verander nie!" sê Stefaan.

„En jy?" vra sy.

„Ons moet maar begin," sê Hillie, neem die lantern in sy hand en hou dit bokant sy kop.

„As die lig 'n bietjie flou is, moet die liewe vriende maar verskoon. Die lig wat ons darem vanaand hier wil bring, is nie so dof as hierdie een nie."

Die diens begin. Links van Stefaan sit Fransie van der Westhuizen en regs langs hom Antoinette Visser. Maar sy kyk nie na hom nie, die oë is strak op Hillie en die man langs hom.

Hulle sing. Stefaan sou drie maande tevore nie kon glo dat hy so gestig kan word deur 'n eenvoudige diens nie. Die wind het skielik gaan lê. Die lied wat hulle sing, laat hom aan Vorster dink. Vorster het dit een aand ook gesing, maar toe was dit 'n moeë Vorster. Antoinette het 'n boekie, maar sy sing saam met hom uit syne. Hulle sit naby mekaar en in eerbied merk hy die sagte donsigheid van haar hare, die ligte blos op haar wange. Saam sing hulle die lied wat Vorster een aand gesing het.

Die stoele kraak. Hulle leun vooroor in gebed. Hillie gaan voor. Hy is bly dat hulle weer hier is, dat hulle weer by hul vriende is. Hy dink aan een van hulle wat vanaand nie hier is nie, een wat eers so 'n troue dienares van die Heer was. Stefaan moes sy oë oopmaak. Langs Hillie staan sy maat met 'n glimlag van groot vrede op sy gelaat, die lantern hou hy in sy regterhand, die gesig na boontoe gerig. Hillie bid vir 'n vader wat onlangs so swaar beproef is, maar hy is bly dat die vader die Heer vanaand wil dank, nou al dank vir die oorwinning wat Hy hom belowe het. 'n Moeder wat die Heer wil dank, nie omdat sy al verlos is van die mag van die sonde nie, maar omdat sy in die geloof na Hom opsien en weet dat sy verlos sal word.

Stefaan sluit weer sy oë. Hy het die glimlag op die biddende man se gelaat gesien, die sug hier agter hom gehoor, hier waar mnr. en mev. Castell sit. Dis vir hom mooi en goed dat hulle aan die dinge glo, dat hul geloof so eenvoudig en opreg is.

Toe sug hy diep en buig laag voor iets wat hy nie begryp nie, maar wat wonderlik en skoon is.

En die wind het gaan lê, die donkerte het op Meronne toegesak, maar daar op die plein waar ou Wynand van Dyk gewoonlik gepreek het, brand 'n lantern in 'n tent. Almal buig vooroor voor iets wat hulle nie begryp nie. Dis net ou Berend Oelof wat staan, want hulle praat met sy Meester.

XLI

Haldemar Visser het so pas sy preek vir Sondag voltooi. Dis 'n preek soos selfs hy nog nooit opgestel het nie. Hilda Visser kon raai dat hy homself gaan oortref, want so onmoontlik was hy nog nooit nie. Dis net Marie wat nu en dan 'n vriendelike woord van hom hoor. Antoinette het nie eens 'n vriendelike ontvangs van hom gekry nie. Hulle twee kan nie klaarkom nie. Maar Antoinette is al verstandiger en bly net stil. Hilda Visser vrees weer vir Conrad. Vanmôre het die skoolrapport gekom en hoewel hy twee plekke hoër staan, is sy punte minder as verlede kwartaal. Mnr. Opperman het op die rapport geskryf dat Conrad lui is. Haldemar het al twee keer verneem of hy nog nie terug is nie. Dis donker en stil en doods in die pastorie. As Sondag eers verby is, sal Haldemar vriendelik en sag wees, weer Haldemar soos sy hom vroeër geken het. Net hy en Antoinette kom nie klaar nie.

Haldemar voel uitgeput. Dis ook nie die preek wat hom so uitgeput het nie. Sy oë val op die velle papier voor hom. „En Hy het 'n sweep van toutjies gevleg," sy teks vir Sondag. Dan sal sy stryd weer verby wees, Sondag sal dit verby wees en hy sal weer rus hê. Hilda weet dit nie, ook nie Piet of Antoinette nie. Hy dink Conrad gaan sy geheim eendag agterkom.

Conrad aard na hom, ja baie meer as die ander kinders.

'n Jaar is al weer om. Nog 'n jaar nader aan sy graf. Dan moet hy al die mooi en goeie dinge hier agterlaat. Hy het homself nog nooit met die gedagte bedrieg dat hy daar beter sal pas as hier nie. Dis 'n kindervrees wat hom bly aankleef het, die vrees vir die dood, die aaklige, koue dood.

Haldemar staan op, maak die papiere bymekaar, sit dit in die regterhandse laai en loop uit die halfdonker studeerkamer in die sonlig in. Op die klipstoep bly hy staan met 'n gemoed vol vrae. Die dominee van die dorp. Hy verwonder hom nie meer oor Lottie Wessels se handelwyse nie. Daar is iets in die sonskyn en die lewe wat hy vrees, iets in die kilheid van die kerk, die bloei van die bome, die val van die blare. In hierdie rasende stroom wat die mense die lewe noem, is hy ook, hy, Haldemar Visser, die sterke, die swakke, die stil man, die rasende vader.

„Middag, Vader," sê Conrad bang. Hy het juis agter om die huis gesluip in die hoop dat Haldemar nog in die studeerkamer is, dat hy hom nie moet gewaar nie.

„Middag, Conrad. Kom saam met my na die studeerkamer, my seun."

Conrad se oë is gevestig op die verslete swart baadjie, blink van agter, die swart pantoffels, skeef getrap en lelik gebars.

„Conrad, ek het jou rapport vanmiddag gelees."

„Ja, Vader."

„Waarom is jy altyd vir my bang, Conrad?"

Die seun antwoord nie.

„Conrad, jou moeder dink ek gaan jou slaan. Gaan na haar en sê Vader het dit nie gedoen nie. Gaan nou, Conrad."

Conrad trek die deur agter hom toe en Haldemar is weer alleen.

Die klokkie lui met gereelde tussenpose, maar niemand steur hom daaraan nie. Die klokkie lui nou al agt jaar lank en hulle is gewoond daaraan.

Basjan de Klerk sit met sy voete in 'n voetbad met warm water en mostert. Hy roep beurtelings op Laetitia en Millie, maar kry geen antwoord nie. Agt jaar ken hy nie meer 'n vrou nie en agt jaar staan hy al saans onder die boom by die koshuis in die hoop dat daar iets gaan gebeur.

Die klokkie lui weer, hard, aanhoudend. Dan moet hy weer loop.

„Ag ja!" sug hy. „Wêreld! Wie sal dan vir my help?"

In die kamer is dit donker, maar hy weet waar die bed staan, die tafeltjie met die waterkraffie, die stelletjie in die middel van die kamer, die stoel met die oop Bybel daarop.

„Basjan, help my. Ek gaan sterwe. Ek weet dit. Help my dat ek regop sit."

„Willa, jy sê dit elke dag. Elke dag moet ek jou regop help."

„Basjan, leef my kinders nog?"

„Ja, Willa."

„Ek wil hê jy moet vir ds. Visser gaan roep. Die slag *moet* jy hom gaan roep, of jy sal jou dit altyd verwyt."

Die kamerdeur word toegetrek. Die klokkie lui, dié slag nie so dringend nie, maar tog lui hy in die stil huis, die grootste huis op Meronne, en die klanke sterf weg tussen die bome, sag en groen, sterf weg by die rose waar Stefaan en Toets sag gefluister het op die eerste dag van hul kennismaking.

Willem le Roux is bly dat hy so geseënd is. Dis vir hom waarlik of die seën hom agtervolg. Op hierdie plek van ongeregtigheid waar hy woon, kan hy getuig dat sy huisgesin skoon en onberispelik staan te midde van sonde en bederf. Nie een van sy kinders het hom nog droefheid aangedoen nie en die geregtigheid sal uiteindelik segevier. Karl Castell het vir die oomblik gewen, maar op langerlaas sal die geregtigheid oorwin.

As die mense hier moet weet van die pakkies wat Filand heen en weer moet dra tussen die winkel en Karl Castell se huis, sal hulle seker hul hande van verbasing saamslaan.

Filand weet daarvan. 'n Swart skepsel wat minder bevoorreg is as die blanke, weet daarvan. Skaam die mense hulle nie! Skaam hulle hulle

nie om hier te bly woon as hul seun in 'n verbeterhuis is nie, want wat is 'n ambagskool nou beter as dit?

Willem le Roux haal 'n tiensjielingnoot uit sy binnesak, vou dit oop, toe weer toe en gooi dit in die Sendingbussie wat op die rak staan. Weekliks gooi hy soveel in. Dis sy offer aan sy eie fatsoenlikheid.

In hierdie laaste week van die skooljaar bring Karl Castell die meeste van sy tyd in sy studeerkamer deur. Die deur staan gewoonlik oop, want hy sien graag vir Louise terwyl sy daar in die huis rond werk, afgesien nog van die onrus oor haar wat hy in die laaste tyd ondervind.

Sy studeerkamer is nie sy heiligdom alleen nie. Al die orige portrette, ou familie-erfstukke, huisrommelary, ou nommers van tydskrifte, half klaargemaakte kussings, wat ook nooit voltooi sal word nie, is hier in die studeerkamer. Vergete eksamen-antwoorde, boordjies wat hy weke gelede afgehaal het — hy kan nie met 'n boordjie om sy nek werk nie — stapels boeke wat handelsreisigers aan hom afgesmeer, maar wat hy nie eens oopgemaak het nie, lê oral rond. Maar hier is hy gelukkig, soos tewens oral in sy huis.

Hier wag hy op iets, hy weet nie eintlik wat nie. Filand staan dikwels hoed in die hand voor sy lessenaar en dan beraadslaag hulle saam oor gewigtige dinge. Hier bid hy saam met Louise

vir sy twee kinders en hier kom ouers by hom geld leen.

„Louise, 'n brief van Willeman."

Sy kom binne en sit 'n stapel eksamen-antwoorde opsy en ontdek daaronder drie boordjies met dasse wat sy eens op 'n tyd naarstig gesoek het.

Mnr. Castell lees hardop.

Dit gaan nog goed met hom en hy hoop om dieselfde van hulle te hoor. Sy kamermaat het 'n kissie droëvrugte van die huis gekry en hy het hom weer vertel van die lekker wilds-biltong wat hulle by die huis het. Kan hulle vir hom 'n bietjie aanstuur? Mnr. Lotriet, die skoolhoof, sê dat hy so baie aanleg vir houtwerk het en hy is vir Vader 'n boekrak aan maak. Mnr. Lotriet sê hy ken vir Moeder. Hulle was glo saam op skool. Hulle moet elke Sondag almal kerk-toe gaan en kry saans net stroop en brood. Vader moet nie vergeet om sy treingeld te stuur nie.

Louise Castell huil maar stilweg dat Karl dit nie moet agterkom nie.

„Ons moenie verdrietig wees nie. Hy is een van die dae weer by ons, Louise. Dis goed dat hy by bekende mense is," sê Karl self aangedaan.

„Die arme kind. Hy is een wat reeds nie van stroop hou nie," huil sy nou kliphard.

„Ek dink aan die ander kinders wat daar is en miskien nie eens meer ouers het nie."

Hier kry Vorster Geldenhuys hulle. Toe Filand hom inbring — hulle het hom nie hoor

klop nie — wou hy alles aan mnr. Castell vertel, hoe sy vrou uiteindelik weg van hom is, en dat hy hul raad wil hê. Lilla le Roux het haar die geld gegee en gesê dat as Vorster dit nie wil teruggee nie, hy dit maar kan hou. Nou verander hy egter sy plan en vertel hulle van sy voorgenome jagtog. Dit het in duie geval, want Fransie sal dan alleen by die huis wees, maar hiervan vertel hy hulle nie.

Mev. Castell raai later sy geheim en toe kon sy haar nie bedwing nie. Maar Vorster maak of dit 'n kleinigheid is en verseker haar dat sy weer sal terugkom. Dis sy skuld, alles sy skuld.

„En die skool? Haar klas nou? Dis net so onverantwoordelik as Cecilia is."

Vorster sê dit met 'n glimlag soos een wat verstaan. Louise glimlag ook.

Karl Castell sê:

„Moenie vir jou daaroor bekommer nie. Ons vra mev. Greyling vir die paar dae. Dis tog nog net 'n paar dae."

Mev. Castell stel 'n koppie warm tee voor, vind te laat uit dat hulle geen melk in die huis het nie en stuur Karl oor na ou Berend Oelof.

Twee siele het mekaar gevind. Dis goed dat dit so is. Dis goed, want in die pastorie is daar nie veel liefde nie.

Dis nou al die derde middag dat hulle hier in die veld is. Hier is dit stil.

Daar word nie gepraat nie. Stefaan verstaan nou die honger en die rustelose soek van die

afgelope paar maande. Teer en eerbiedig raak hy haar hand aan, eerbiedig soos 'n heilige Maria se voete sou aanraak.

Nou begryp hy meer dinge. Hy weet nou van die baie, baie jare wat voorlê, wanneer hy voor sy klas sal staan, jare waarin terugslae sal kom, maar ook jare waarin hy met Antoinette se hulp 'n ware opvoeder kan wees. Miskien sal hy ook versekerd kan terugkyk, soos mnr. Castell dit nou kan doen.

En omdat hy jonk is en lief het, is hy vol vertroue.

Lief het. . . . Hy lees dit in haar oë ook wanneer sy hom so wonderlik aankyk asof sy iets baie reins ontdek het. Die wonder is in die lug, in die sug van die wind deur die somerblare hoog deur die bome, hoog waar dit eerbiedig is. Haar oë kyk af in syne waar hy met sy hoof in haar skoot rus, haar oë soek syne, sy hare, sy mond en dan weet sy dat sy ook lief het.

Hulle wandel saam. Sy vertel hom van Haldemar, maar daar is geen verwyt in haar stem nie. Sy hand is in hare terwyl hy haar van Toets en Rina vertel. Dan soek haar oë die verte, die blou van die verte en in haar oë is ook die diepte en die verte van die lug.

By die pastoriehekkie draal hulle. Roos en angelier, blou koringblommetjies en asters is fris van die aandkoelte. Sy pluk vir hom 'n koringblommetjie en hulle fluister vir mekaar, niksbeduidende dinge, maar vir hulle twee van groot belang.

„Vanaand gaan ek baie werk, Antoinette. Ek wou dit nie vir jou sê nie, maar ek begin nou al met aanstaande jaar se werk. Ek wens dit is al aanstaande jaar."

„Dan kom jy nie vanaand nie?" vra sy.

„Nee, vanaand gaan ek werk. Oormôre sluit die skool en ek wil my werk vanaand klaar hê."

Sy stap saam met hom terug tot by die hekkie.

„Nag, Antoinette."

„Nag, Stefaan."

„Nag, Antoinette."

Nog draal hy. Die wonder het vir hulle ook geskied.

XLII

Die laaste dag van die skooljaar. Soos gebruiklik kom Vorster eers na die losieshuis en daarvandaan stap hulle almal saam na die skool.

Stefaan het vroeg opgestaan en is juis buite op die stoep met Tjix aan speel toe Vorster aankom. Vorster lag vanmôre soos 'n skoolkind. Die ronde, gladde gesig blink vanmôre en dis of hy nog minder hare het as ander dae.

„Broer, wees bly met my. Dis die laaste dag. Aandag! Aanstaande week stap ek met die mauser deur die veld. Aanstaande week hoor ek nie meer van Org Pieterse, Gys Nel, Piet Gerber, Danie Oelof. . . ."

„Dirk van Vuuren, Floors le Roux, Roel Bester, Hendrik Vermeulen. . . ." val Stefaan hom in die rede.

„Genoeg," sê Vorster. „Aanstaande week hoor ek die springbokke snuif en nie meer die kinders nie."

Vorster lag met nét so 'n mond. Hy steek sy tong uit, 'n gewoonte van hom.

„Waar is die ander? Ek sê ons moet almal vanmôre in gelid na broer Louis Greyling se huis marsjeer, vir hom voor aan die spits stel, veldkommandant, en dan deurwandel ons die dorp."

Sy manier van praat. Vorster is glad te sku om so iets te doen, maar vanmôre gaan hy rumoerig te kere.

„Hulle sê vir my dat Lottie Wessels en Piet Celliers terug is van hul honeymoon. Lottie moet saamgaan skool-toe. Ons moet almal daar wees. Maar eers gaan ons na ou Willem le Roux se huis om vir Lilla en Susie te wys hoe Lottie lyk as sy ‚geval' het. . . ."

Vorster kan nie verder praat nie. Hy is vanmôre niks meer as 'n skoolseun aan die end van 'n kwartaal nie.

„Wat is vanmore aan die gang?" wil Tewes deur sy kamervenster weet.

„Broer, trek jou aan, verslind die eier en luister na belangrike aankondigings," sê Vorster gemaak-ernstig.

Teen dié tyd is die onderwyseresse ook op die stoep en wil weet wat vanmôre met Vorster aan die gang is. Hy lag en skerts en die ander val met sy luim in. Toe hulle aan tafel sit, sit hy wydsbeen oor een van die stoele en filosofeer oor die onderwys.

„Stefaan, broer, laat die ander vir jou sê net wat hulle wil, maar 'n onderwyser leef net vir die rooi papiertjie wat hy aan die end van elke maand kry. Kyk na almal se gesigte vanmôre. Is daar een wat bedruk is? Nie een nie. Kyk broer Tewes se gesig. Dit glim van voldoening. Steek jou eie hand in jou boesem en sê vir my of dit nie waar is nie."

„As Vorster so mal is, dan het hy iets onder sy

baadjie wat 'n ander nie van weet nie," sê Tewes.

„En jy is reg, broer," antwoord Vorster. „Dit kos jou en Stefaan elkeen tien sjielings. Vir die dames goedkoper. Vyf sjielings elk. Ons begin. Hier is my tien sjielings. Uit met die note. Kom, broer, kom," sê hy aan Tewes.

„Waarom? Maak jy geld vir die vakansie bymekaar?"

„Ek sal julle sê, maar eers as elkeen se bydrae op die tafel lê," is Vorster se antwoord.

En so speels maan hy elkeen aan tot die nodige bedrag op die tafel lê. Elke bydrae wat te voorskyn kom, ontvang 'n vaderlike seën van Vorster, woorde wat hy kies na die geaardheid van elkeen. Hy gaan so luidrugtig te kere dat mev. De Wet ook later deur die kombuisdeur inloer.

„Die seënende hand sal vet gemaak word! Broer Louis sal sy tien sjielings ook moet stort. Ek verklaar broer Louis as kommodoor."

„En nou wil ons weet waarom ons die geld moes stort," val Tewes hom in die rede.

„'n Redelike versoek. Mnr. Castell is vandag vyf-en-twintig jaar hoof van Meronne se skool. Vyf-en-twintig jaar! Weet julle hoe lank dit is? Ek sweer nie een nie. Stefaan, jy is nog maar een-en-twintig jaar. Sit nog vier jaar by en dan dink jy terug aan elkeen van daardie vyf-en-twintig jaar. Hierdie een jaar van onderwys van jou het tweehonderd skooldae en in daardie tweehonderd dae het jy jou Moses

leer ken. Vermenigvuldig dit met vyf-en-twintig en jy kry vyfduisend. Vyfduisend dae het mnr. Castell soet en suur deurgemaak op Meronne. Weet julle wat vyfduisend is?"

Vorster is nou mooi op stryk. Wanneer hy van mnr. Castell gesels, hou hy beswaarlik weer op. In sy oë is mnr. Castell volmaak. Om die regte waarheid te sê, hy is aan oefen wat om vanmôre te sê as hulle almal in die personeelkamer bymekaar is en hy die present aan mnr. Castell oorhandig. Tuis het hy ook al geoefen, daarom is hy so op stryk.

„Mev. Castell het dit verlede maand vir my gesê. Vyf-en-twintig jaar! En is hier een op Meronne wat dit waardeer of wat vanmôre na die skool sal kom om vir hom dankie te sê? Ek sê vir julle, nie een nie! Skoppe sal hy kry, ja. Klagtes. Troppe! Hulle sal sê hy is al oud en moet aftree. Willem le Roux, die ou ——, sal jou sê hoe sleg ou Castell is en hoe slim sy Floorsie is. . . . Ek raak sommer aan vloek. . . ."

Sonder meer trek hy ook los. Vorster weet hoe om dit te doen.

„En wat het jy toe gekoop?" wil Sophy weet.

Maar dit wil hy nie sê nie. Hulle kan wag tot almal eers bymekaar is. Nou moet hulle in gelid na broer Louis se huis marsjeer. Die skaam Sarie Oberholzer wil daarvan nie hoor nie, maar toe Vorster dreig om haar anders nog die deegroller of 'n besem in die hand te gee, willig sy in om voor langs hom te stap.

Die ander val in met sy luim, die mense op straat staan om die gedoente gade te slaan en die Armkoshuiskinders leun teen die draad tot die optog om die hoek verdwyn.

„Die simbool wat die onderwysers op hul wapen moet sit, as hulle so iets het," sê Vorster vir die skaam Sarie en wys na die kinderdoekies wat in ou Berend Oelof se agterplaas wapper. „Leuse: Hoop vir die toekoms."

Sarie bloos en toe moet Vorster nou gaan staan en dit vir die ander ook vertel.

Voor Louis Greyling se huis roep hy halt en beveel Louis om buitentoe te kom. Dis stil in die hoë regop huis, maar dit ontmoedig hom nie. Weer 'n slag bulder hy sy bevel.

Mev. Greyling verskyn op die stoep, kort op haar hakke die kleinmeid met die baba op haar heup. Vorster het sy hoed soos 'n veldkornet getoon en sy lag openlik daarvoor. Vorster het geen erg daaraan nie.

„Kommodoor Louis Greyling! Ons wil hom hê. Groet jou man en sê hom vaarwel. Nogeens. Kommodoor Louis Greyling!"

Louis kom uit, groet sy vrou ewe sedig, soen die baba en wil aanstap asof niks gebeur het nie. Stefaan glimlag toe hy merk dat Louis die boeke onder die regterarm vasgeknyp het.

Vorster, nie links nie, beveel die ander om Louis te volg en soos watter majoor snou hy hulle woorde toe. Louis stap vooraan asof daar niemand agter hom is nie. Die ander is

nou al in Vorster se stemming. Dis die laaste dag van die jaar.

Jare lank sou Stefaan hierdie môre onthou. Dit sou ingebrand staan in sy geheue, meer as in dié van die ander. Agter hulle, op die stoep, wuif mev. Greyling hulle 'n laaste groet toe en vooraan stap Louis, die stille, met die boeke onder die arm vasgeknyp. Langs hulle stap Vorster en gee die pas aan tot groot vermaak van die klonkies en kinders. Later is dit 'n hele stoet.

Toe hulle by Willem le Roux se winkel verbygaan, moes Stefaan lag. Die verbasing op sy gesig sou enigeen laat lag het. Ses-voet-vier Willem le Roux staan op die stoep waar die jong die velle uittel en sy mond hang behoorlik oop.

Vorster lag en soos gewoonlik steek hy nog sy tong ook uit.

Net toe hulle die draai omgaan, daar naby Wynand Nel se huis, sien hulle 'n ander stoet van die bodorp se kant af kom. Vooraan stap Mita le Roux, Gysbert le Roux, die man wat by die ,butcher' werk, se vrou, en 'n paar tree agter haar die kinders, Silvia, Lulu, Gysie, Dirk, Stewie, Floors en Bekka. Haar moue is tot bokant die elmboë opgerol en die voorskootpunt het sy in die regterhand. Agter haar kinders volg nog van die skoolkinders, 'n hele stoet.

„Die vyandelike leër," sê Vorster laggend. „Broer Louis, jy moet nie 'n duim wyk nie.

Dis grofgeskut, maar ons is al te naby. Die vyand kan nie van ou Bertha gebruik maak nie."

Eers nou merk hulle die kinders op Wynand Nel se stoep.

Daar is baie. Hulle vul die gang en die stoep. Mita le Roux peil reg op die huis af, druk die skoolkinders uit die pad uit en verdwyn tussen hulle in die gang in.

„Dît en die Loch Ness-monster sal julle nie weer sien nie," sê Vorster.

Juis toe verskyn ds. Haldemar Visser en Wynand Nel op die stoep. Die kinders gee eerbiedig pad. Die dominee merk hulle en kom reguit na Vorster toe. Louis Greyling gee nie veel ag op die gebeure nie en is al goed op pad skool-toe.

„Ons is swaar beproef, mnr. Geldenhuys. Ek het die treurige tyding vir julle dat mnr. Castell nou net beswyk het."

„Wat! Mnr. Castell! Maar dis onmoontlik, Dominee. Dis onmoontlik! Ek was nog gisteraand by hom!"

„Ja, broer, so kortstondig is ons lewe."

„Hoe het dit gebeur?" vra Tewes.

Nou dat die ander verslae staan, is dit of hy die leiding op hom neem.

„Een van Mita le Roux se kinders het hom voor my hekkie sien inmekaar sak. Sy het dadelik vir my kom roep," sê Wynand Nel en hy vee sy oë met sy sakdoek af.

„Dit het ook nie lank geduur nie. Ek sou sê vyf minute," vervolg hy.

Soos in 'n droom sien Stefaan hoe hy weer sy oë afvee. Toe besef hy eers waarom die man huil. Dis 'n vriend, 'n broer, 'n vader wat beswyk het. Stefaan sien hulle twee weer langs mekaar in die tent sit. Karl Castell, die nederige, met sy hoof so laag gebuig. Berend Oelof is daar en Lewies Gerber, Roel van Vuuren en Krisjan Bester. Daar tussen die armes het hy altyd gesit.

Vorster staan verslae. Vorster begryp nie wat gebeur het nie. Van die skool se kant sien hulle Louis Greyling weer aankom. Vorster het nog die bamboeskierie in sy hand, want soos hy netnou gesê het, 'n majoor moet tog 'n stok ook hê.

Dis weer Tewes wat praat.

„En mev. Castell? Weet sy al?"

„Nog nie. Ek het juis skool-toe gekom toe ek die tyding kry. Dis tien minute gelede. Sy sal nog nie weet nie. Ek dink ons moet mev. Greyling vra om die tyding vir haar te bring."

Haldemar kyk voor hom op die grond. Vorster het so skielik in sy oë gekyk of hy begryp.

„Dis nie nodig nie. Ek sal die tyding vir haar bring," sê Tewes.

„Ek stap saam," sê Vorster en tog wens hy dat dit nie nodig is nie.

Stefaan sê niks, maar stap ook saam. Dis vir hom begryplik dat net Rina du Toit van die meisies saamstap.

Die dorp lyk so stil. Dis of almal in hul huis ingevlug het. Willem le Roux is nie eens meer

op die winkelstoep nie. Berend Oelof se huis is stil; stil ook is dit by Louis Greyling.

Dutsenski se winkel. Die plein, die kerk, die poskantoor, waar Ulrich de Witt agter die koper-traliewerk geweldig hard op die briewe stamp. Koos Bester se huis, links die magistraatskantoor en dan die sinkdak-huis met die reguit stoep en die groen verandapale. Die groen geverfde blikke op die houtstellasie en die varings in die draadmandjies wat van die veranda afhang.

Die houthekkie by die kliptreetjies staan nog oop. Tewes gaan voor. Vorster bly by hom. Rina en Stefaan is agter.

Tewes klop aan. Die voordeur staan oop. Dis so stil in die huis. Stefaan merk dit soos een in 'n droom. Die huis is stil. Tewes klop weer. Iewers loop iemand. Dis of daar 'n sug deur die huis gaan.

Duidelik hoor hulle iemand snik. Vorster wil weer omdraai, maar toe kom Filand deur-toe. Filand loop krom en het sy hoed in sy hand.

„Die nooi?" vra Tewes. „Weet sy al?"

„Ja, Baas, nôi Louise weet. Sy en kleinbaas Ferdinand is in die kamer, die Baas se kamer."

Toe huil Filand hard.

Tewes wil iets sê, maar weet nie wat nie. Hy word yskoud toe hy Louise Castell in die gang opmerk.

Hulle gaan binne uit respek vir haar. Nou hoef sy hulle nie in te nooi nie. Niemand praat nie.

Skielik breek iets in haar en sy bars in trane uit. Heel natuurlik is dit na Vorster dat sy in hierdie oomblik gaan.

Maar net 'n oomblik. Toe droog sy haar trane, glimlag en nooi hulle om te sit.

„Hy was so goed gewees," sê sy.

Iets sê Tewes om nie te praat nie, nou liewers niks te sê nie.

„Ek is bly dat julle hom geken het. Ek is bly dat hy vir julle gehad het."

„Dit was te veel vir hom. Gisteraand laat het hy nog lê en gesels oor Willeman. Willeman kom vanmôre en dit het hom so opgewonde gemaak."

Sy glimlag en draai haar na Vorster toe:

„Jy weet, Vorster, hy het so uitgesien na vanmôre. Hy het in sy eenvoud gedink dat julle sal onthou dat hy nou vyf-en-twintig jaar hier onderwys gee. Vorster en Tewes sal onthou, het hy gesê."

Stefaan dink aan die tien sjielings wat elkeen so in pret op die tafel gesit het. Waarom sê Vorster nie dat hulle daaraan gedink het nie?

Stefaan weet nie wat hy verwag het nie, maar hy verbaas hom dat Louise Castell so kalm oor die dinge gesels, so kalm asof sy dit nog nie begryp nie. Wonderlike dinge gaan in sy siel om. Hier het hy die eerste môre gesit, met die brief van Karl Castell in sy binnesak. . . .

„Karl het die onderwys so op sy hart gedra. Niemand op Meronne weet nie, maar met my

het hy gesels. Hy het net vir sy skool geleef. . . .”

Dis Vorster wat haar in die rede val. Stefaan kyk onthuts na hom. Dis vir hom of Vorster ’n heiligdom skend.

„En hy moes onder ’n klomp skynheilige mense werk wat hom nie kon waardeer nie. Ek voel lus om hulle dit te sê. Vir hulle te vertel wie hy was en wat hy vir hul kinders gedoen het. . . .”

Skielik hou hy op en gaan by die venster staan met sy gesig weg van die ander.

„Vorster,” sê Louise verbaas, „maar die mense was so lief vir hom! Ou Berend en Roelf en Lewies en al die ander. Hy het dit altyd gesê.”

„Ek is jammer, mevrou. Dis net die gemis wat my so laat praat. . . .”

„’n Koppie tee sal ons almal goed doen. . . .”

„Nee, dankie, mevrou,” sê Tewes haastig, „ons moet skool-toe.”

Sy gaan saam stoep-toe. Stefaan sien nie meer vir Filand nie. Dan onthou hy die pakkies wat die troue Filand heen en weer moes dra en daar is ’n versugting by hom dat Louise Castell nooit moet verstaan wat vanmôre gebeur het nie.

Tewes sê: „As daar iets is wat ons kan doen, moet u ons seker laat weet.”

„Dankie, Tewes. Baie dankie vir jul liefde. Karl sou dit gewaardeer het. Daar is iets wat jy vir my kan doen, Tewes. Willeman kom met die elfuur-trein. . . .”

Verder kon sy nie praat nie.

„Ek sal hom ontmoet, mevrou."

Niemand praat nie. Louise bly ingedagte op die stoep staan en kyk hulle agterna. Skielik draai Vorster om en stap terug na haar. Die ander hoor dat hy sê:

„Mevrou, ons wou dit vir hom vanmôre by die skool gee. Hou dit as 'n aandenking van hom. Die horlosie sou hy gewaardeer het."

„Dankie, Vorster."

Dan kraak die gruis onder sy voete soos hy haastig wegstap.

Dis weer dieselfde paadjie terug skool-toe, die paadjie wat Karl Castell soveel jare gestap het. Regs nou die magistraatskantoor, dan Koos Bester se huis met die leiklip-stoep en veranda-prieel, die poskantoor, die plein, Dutsenski se winkel. Dan die draai. Hier het Karl kort-pad al 'n voetpaadjie uitgeloop. Willem le Roux se winkel, Berend Oelof se huis met die adamsvye-boom in die agterplaas behang met vadoeke en kinderdoeke, want by Berend is daar altyd 'n kleintjie. Roel van Vuuren se huis links, Wynand Nel se huis regs, die huis waar Karl Castell nou rus. Dan die breë reguit straat met die kweperheining aan jou linkerkant en Wynand Nel se hawerland aan jou regterkant. Die laaste huis voordat jy by die skool kom, dié van ou Gysbert le Roux, Gysbert wat by die „butcher" werk. Daar is ook altyd kinders en kleintjies, miskien in navolging van die baie kinders by die skool. Die hekkie lê oop en die

hoenders krap in die mis rond by Willem le Roux se wa wat daar stilgehou het.

Nog praat niemand nie. Dis Vorster se plig, as eerste assistent, om die skool vandag waar te neem. In al die jare wat hy hier onderwys gee, was mnr. Castell nie een dag afwesig nie. Hy weet dis sy plig, maar hy kan dit nie doen nie. Die kinders maar vroeg huis-toe stuur. . . .

Karl Castell se kantoor staan oop. Asof dit 'n heiligdom is, waag hy nie daarin nie. Later, onder die besef dat daar baie vorms op hom wag, stap hy in. Die reuse-eikehoutlessenaar staan dwars voor die venster, 'n folio met half-voltooide vorms voor die inkpotrakkie op die lessenaar, stomme getuies van arbeid hier in stilte verrig. Die vorms half-voltooi in die netjiese handskrif van mnr. Castell, moet nou deur hom voltooi word. Sommige is al voltooi, het vandag se datum en is deur Karl Castell onderteken. Seker gister al. 'n Stapel rapporte op die lessenaar, klaar onderteken en reg vir uitreiking.

Iemand klop. Die posjong met die briewe vir die skool, private briewe, skoolbriewe, vorms, 'n duisternis van hulle wat voltooi moet word. 'n Kalender vir die volgende jaar waarop die begin en einde van elke kwartaal en die vakansie-dae aangegee word.

Skielik kyk hy op. Wat maak hy in hierdie kantoor? Sal mnr. Castell nooit weer 'n rapport onderteken, nooit weer die skool open en sluit, sal hulle nooit weer die stem van hul raadgewer

en vriend hoor nie? 'n Vreemde in hierdie kantoor, 'n vreemde agter hierdie lessenaar, nog dieselfde skool, dieselfde ouers se kinders maar nooit meer Karl Castell nie!

Nou eers merk hy die brief aan hom geadresseer in die bekende handskrif. Hy skeur die koevert gretig oop en lees en onder die lees raak sy gemoed so vol dat hy die deur toestoot.

Cecilia skryf dat sy terugkom. Mnr. Castell het aan haar geskryf en nadat sy sy brief gelees het, het sy besluit om terug te kom.

Karl Castell. Nog teenwoordig in die kantoor. Sy gees het 'n nalatenskap verseker in die skool en in die dorp.

Iemand klop. Haastig vou Vorster die brief op, woel met sy sakdoek en toe hy dit veilig ag, vra hy die persoon om in te kom.

Ds. Haldemar Visser. Miskien dink Vorster nie daaraan nie, maar die kinders moet asseblief tuis sê die begrafnis is môre-agtermiddag om vieruur.

Uit respek vir Vorster se gevoelens trek Haldemar die kantoordeur weer toe.

Môre om vieruur. . . . Dis toe dat Vorster begryp. Dis of mnr. Castell vir hom hierin ook 'n boodskap nalaat. Vir hom is dit môre vieruur, maar die werk gaan voort. Dis hy en Tewes en die ander wat met die werk moet voortgaan.

Ingedagte trek hy die vorms nader, skroef sy pen oop en begin aan die vorms.

Die hele dag deur is daar by Stefaan net een begeerte en dis om Antoinette te sien — Antoinette wat Karl Castell so goed geken en hom haar tweede vader genoem het. En hy is bly dat hy hom met sy werk versoen het voordat Antoinette teruggekom het en voor mnr. Castell se dood.

In die tuin kry hy haar, daar by die angeliere, rose en koringblommetjies. Antoinette in wit. Sy voel klein, want sy was by Louise Castell gewees, Louise, die moedige, Louise wat nie eens begryp wat gebeur het nie. Dis toe dat sy haar in wit aangetrek het, die eer aan sy nagedagtenis, hy wat net aan ander en nooit aan homself gedink het nie.

„Kom in, Stefaan."

Hulle praat nie onmiddellik nie, tog weet elkeen wat in die ander se gedagte omgaan.

„Ek was vanmiddag by mnr. Le Roux se winkel, Stefaan."

„Ja?"

„Vorster Geldenhuys was ook toevallig daar."

„Vorster!"

„Ja, Vorster Geldenhuys. Willem le Roux het natuurlik gemaak of hy mnr. Castell se beste vriend was. Hy wys ons gou-gou die krans waarmee Lilla en Susie besig is. 'n Krans vir mnr. Castell, en hulle het hom 'n huurling genoem! Maar hy het van die naam gehou, dit het hy my een dag self gesê. Dit was darem te veel vir Vorster."

Sy bly stil. Stefaan merk Haldemar tussen die vrugtebome op. Haldemar in sy swart pak. . . .

„Willem vertel ons van so 'n gawe man en goeie onderwyser wat hy ken en wat gaan aansoek doen. Iemand, sê hy, wat die skool gaan regruk. Maar wat help dit dat ons praat. Hulle het Karl Castell nooit verstaan nie. Stefaan, ek is bly dat jy hom geken het."

Sy vlug haastig binne-toe. Stefaan verstaan. Hy het vanmore al verstaan. Dis hy en Vorster en die ander, en die man wat kom, wat met die werk moet voortgaan. Aanstaande jaar, die jaar daarop. . . . Ingedagte volg hy Antoinette in die huis in. . . .

Babs le Roux en Tewes is aan inpak. Sy gaan saam met hom na sy moeder se huis. Tewes het haar meteens begryp, begryp dat sy ook moeg is, nes hy. Moeg nes Sophy en Wynand van Dyk en Lottie en Haldemar. Moeg, maar ook moedig. Karl het begryp en daarom het hy liefgehad. Sy kennis. Hy het liefgehad en vergeef. . . .

Vorster en Fransie is die huis aan skoonmaak. Hy gaan nie meer jag nie, miskien later. Nou verwag hulle vir Cecilia. Na haar telegram kan hulle haar enige dag verwag. Miskien as sy inwillig, kan hy en Willeman en Ferdinand darem nog gaan jag. Filand ook. Louise kan intussen by Cecilia en Fransie bly. Filand is die regte man in die veld. . . .

Die kerkklok slaan. Werktuiglik tel Vorster. Toe begin hy en Fransie van Karl Castell gesels. Karl Castell, Karl en Louise. . . .